

# PHAROS



## AFRIKAANSE WOORDELYS & SPELREËLS

---

10<sup>de</sup> OMVATTEND HERBEWERKTE UITGAWE



## ORIËNTASIE

1. Die WOORDELYS is **nie** 'n volledige lys van alle bestaande Afrikaanse woorde nie. Dit is ook nie 'n woordeboek nie en moet dus nie as een gebruik of beskou word nie.
2. Die primêre oogmerk van die WOORDELYS is om spelleiding te gee, en dit moet dus in samehang met die SPELREËLS gebruik word. Vir dié doel word die voorbeelde wat ter illustrasie by reëls gebruik word, in die WOORDELYS saam met die toepaslike reëlverwysing(s) aangebied. 'n Reëlnommer bestaan uit die hoofstuknommer gevolg deur die volgnummer van die reël, byvoorbeeld 5.1. Indien daar na 'n bepaalde opmerking by 'n reël verwys word, volg die opmerkingnummer ná die reëlnommer, byvoorbeeld 5.1 (a).
3. In gevalle van samestellings wat 'n eienaamelement bevat, word slegs die voorkeurvorm in die WOORDELYS aangebied. Waar daar origens bloot skryfwysewisseling in 'n samestelling kan voorkom, word nie alle skryfwysevariante noodwendig aangebied nie.
4. By byvoeglike naamwoorde wat volkome reëlmatige trappe van vergelyking met -er en -ste neem, word die trappe van vergelyking nie in die WOORDELYS aangebied nie.
5. Sinonieme word nie as *of*-vorme aangebied nie, behalwe in die geval van inkortings en woordpare wat 'n sterk vormlike ooreenkoms toon, byvoorbeeld *kreupelboom of kreupelhout*, *mitrale klep of myterklep*.
6. By afleidings van eiename, uitgesonderd geografiese name en taalbenamings, word meestal slegs die kleinletterskryfwyse as verstekvorm aangebied. Dit staan gebruikers egter natuurlik vry om, indien hulle dit verkies of indien die konteks dit vereis, in sulke gevalle 'n hoofletter te gebruik.
7. By natuurwetenskaplike terme met die agtervoegsels -ied naas -ide, en -ien naas -ine word wisselvorme erken. Die voorkeurvorm is dié met -ied en -ien vir die enkelvoudsvorm en -iede en -iene vir die meervoudsvorm. Van hierdie soort gevalle word slegs die voorkeurvorm in die WOORDELYS aangebied.
8. Vakname (behalwe as die vaknaam 'n taalbenaming is) word in die WOORDELYS slegs met 'n kleinletter aangebied.
9. In die WOORDELYS kom talle gevalle van skeibare werkwoorde met 'n oorwegend figuurlike betekenis voor, byvoorbeeld *skeefloop (planne wat skeefloop)*. Daarteenoor is daar los geskrewe parallelle vorme met 'n letterlike betekenis, byvoorbeeld *skeef loop ('n wiel wat skeef loop)*, waar *skeef* 'n bywoord is en nie 'n deeltjie of partikel van 'n skeibare werkwoord nie. In baie gevalle kan so 'n onderskeid egter nie sonder meer gemaak word nie, byvoorbeeld *misloop* en *mis loop*, *fynbesnaar(d)* en *fyn besnaar(d)*. In sulke gevalle word *of* albei wisselvorme *of* slegs die gebruiklikste vorm aangebied, maar dit word nie as 'n fout beskou as 'n skrywer vas skryf wat ander los skryf of omgekeerd nie. Gebruikers kan hulle telkens deur die betekenis van die betrokke werkwoordsvorm laat lei.

(Vervolg agter)



# **Afrikaanse woordelys en spelreëls**









*Die SA Akademie vir  
Wetenskap en Kuns*

# **Afrikaanse woordelys en spelreëls**

saamgestel deur die Taalkommissie  
van die  
SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR  
WETENSKAP EN KUNS  
in opdrag van die Akademie en die  
Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans van die  
PAN-SUID-AFRIKAANSE TAALRAAD

Met tegniese samewerking van CText

*Tiende, verbeterde en omvattend herbewerkte uitgawe, 2009*





Uitgegee deur Pharos Woordeboeke,  
'n druknaam van NB-Uitgewers,  
Heerengracht 80, Kaapstad  
Kopiereg © 2009 Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Tiende, verbeterde en omvattend herbewerkte uitgawe 2009  
Eerste druk 2009

Alle regte voorbehou.  
Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike verlot  
van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur  
enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy  
deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur  
enige ander stelsel van inligtingsbewaring en -ontsluiting

Omslagontwerp deur Flame Design  
Tipografie en setwerk deur Nazli Jacobs  
Gedruk en gebind deur Mills Litho,  
Maitland, Kaapstad, Suid-Afrika

ISBN 978-1-86890-095-4



Hierdie boek is gepubliseer in die jaar waarin die Suid-Afrikaanse Akademie vir  
Wetenskap en Kuns sy honderdste bestaansjaar vier.



## Erkennings

'n Woord van besondere dank word gerig aan **Die Dagbreek Trust** en **Het Jan Marais Nasionale Fonds** (Stellenbosch), wat oor 'n lang tydperk finansiële steun aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns verleen het en daardeur hierdie tiende uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* moontlik gemaak het.

Insgelyks word die **Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad** bedank vir sy finansiële steun. Die Taalkommissie van die SA Akademie dien ook as Tegniese Komitee vir Standaardisering van die **Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans** van PanSAT.



Die hoogste waardering word betuig teenoor die personeel van die **Sentrum vir Teks-tegnologie** (CTexT) van die **Noordwes-Universiteit** (Potchefstroomkampus), wat gehelp het met die ontwikkeling van rekenaarprogrammatuur vir die Taalkommissie en ook ander rekenaarmatige hulp verleen het by die voorbereiding van hierdie uitgawe.



Besondere dank word uitgespreek teenoor die **Universiteit van Pretoria** vir dié instelling se finansiële steun vir hierdie besondere uitgawe van die AWS.



Die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns spreek hiermee ook sy hoogste waardering uit teenoor die Taalkommissie, wat met deskundigheid en groot persoonlike opoffering as 'n Gideonsbende 'n reusetaak verrig en byna sewe jaar aan hierdie publikasie gewerk het.

Prof. Hennie van Coller (Voorsitter van die Akademieraad)  
Prof. Jacques van der Elst (Hoof Uitvoerende Beamppte, SA Akademie)



## Inhoud

Erkennings	v
Voorwoord	ix
Wenke vir gebruikers	xiii
Toeligting	xv
Werkwyse	xxiii
Grondbeginsels van die Afrikaanse spelling	xxvi
Die Spelreëls: Reëls vir spelling en skryfwyse	xxviii
1. Afbreek van woorde	1
2. Afkappingsteken	7
3. Afkortings	12
4. Akuutteken	23
5. Deelteken	25
6. Diftonge	30
7. Getalle, syfers en simbole	31
8. Gravisteken	43
9. Hoof- en kleinletters	44
10. Kappie	58
11. Konsonante	60
12. Koppeltekens	74
13. Meervoudsvorme	99
14. Skryfwyse – los en vas	111
15. Verkleiningsvorme	147
16. Vokale	152
17. Wisseling en subkategorieë	160
18. Woorde van vreemde herkoms	174
Die Woordelys	185
Die Afkortingslys	471
Lys buitelandse geografiese name met afleidings	522
Transliterasietabel	546
Omgangsafrikaans	550
Terminologielys	554
Indeks	577





## Voorwoord

Hierdie tiende, verbeterde uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (AWS) verskyn sowat sewe jaar ná die negende, volledig hersiene uitgawe van 2002 en maak deel uit van die eeufeesviering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

In die relatief kort tydsverloop tussen die twee uitgawes is die verfyning van die spelreëls voortgesit, maar terwyl die negende uitgawe die spelreëls as uitgangspunt geneem het, het die bewerking van hierdie tiende uitgawe veral die woordelys as vertrekpunt geneem. Die resultaat is 'n baie hefter samehang tussen die spelreëls en die aangebode woorde in die lys.

### *Bewerking van die Woordelys*

Die WOORDELYS is aansienlik herbewerk en bevat, soos gewoonlik, talle nuwe lemmas. Daar is byvoorbeeld 'n seleksie van hoofsaaklik geloofs- en kultuurverwante woorde van Maleise en Arabiese herkoms geneem uit die skryftaal van Moslem-Afrikaanssprekendes. Waar die Taalkommissie dit nodig geag het, is dié woorde vir ander Afrikaanssprekendes toegankliker gemaak deur die byvoeging van kort, verklarende toeligting. Insgelyks is byvoorbeeld terme uit die rekenaaromgewing ter wille van erkenning opgeneem omdat die gebruik van persoonlike rekenaars so algemeen in die hedendaagse lewe is.

Op grond van deskundige kommentaar wat op die vorige uitgawe ontvang is, asook die behoefte by gebruikers aan meer besliste leiding, het die Taalkommissie probeer om die aantal wisselvorme in die WOORDELYS te verminder deur sover moontlik voorkeur- of verstekvorme aan te dui. Besluite van hierdie aard is grotendeels geneem aan die hand van die drie korpusse wat in die afdeling WERKWYSE hieronder genoem word.

Deur op groot skaal van elektroniese hulpmiddels gebruik te maak, is daar ook gepoog om vergelykbare lemmas op konsekwente wyse te hanteer. Hiervoor is spesiaal ontwerpte programmatuur gebruik (kyk eweneens WERKWYSE hieronder). Terselfder tyd is daar ook baie aandag gegee aan die uitbreiding van woordsoortelike paradigmas sonder om dit blindelings af te dwing.

Benewens die toevoeging van nuwe woorde tot die WOORDELYS het die Taalkommissie ook heelparty woorde geskrap, onder meer omdat hulle as verouderd of (tans) nie as standaardvorme beskou word nie, of omdat hulle reeds in ander vaktegniese bronne opgeneem is. Kyk ook WENKE VIR GEBRUIKERS hieronder.

'n Belangrike vernuwing is dat alle voorbeelde wat in die SPELREËLS gebruik word om reëls te illustreer en wat wel in die WOORDELYS aangebied word (nie alle voorbeeldmateriaal kan sinvol in so 'n woordelys opgeneem word nie), nou in die WOORDELYS 'n kruisverwysing na die toepaslike reël(s) kry. Dié reëlverwysing verskyn meestal ná die betrokke artikel en bestaan uit slegs die tweeledige reëlnummer (byvoorbeeld 14.6) of, indien 'n opmerking by die reël ter sake is, die reëlnummer plus die opmerkingnummer (byvoorbeeld 14.6 (a)). Dié vernuwing is ingevoer omdat soveel gebruikers die AWS as 'n kitsnaslaanbron gebruik om gou die korrekte spelling of skryfwyse van

'n woord te kontroleer en nie noodwendig die onderliggende spelreël naslaan nie. Deur die vermelding van die betrokke reëlnummer in sulke gevalle is daar gepoog om die samehang van spelreël en spelling te beklemtoon.

Die WOORDELYS is nie 'n volledige opgawe van alle leksikale items in die woorde-skat van Afrikaans nie, en kan dit nooit wees nie. Deur die byvoeging van die reëlver-wysings wil die Taalkommissie gebruikers aanmoedig om die reëls te raadpleeg om juis die gevalle wat nie in die WOORDELYS opgeneem is nie, ook korrek te spel of te skryf.

Hoewel die lys Omgangsafrikaanse woorde en uitdrukkings wat in die vorige uit-gawe verskyn het, nooit deel van die WOORDELYS uitgemaak het nie, kan hier tog ver-meld word dat dié lys Omgangsafrikaans nie weer in hierdie uitgawe verskyn nie. Slegs kort spel- en skryfriglyne word verstrek, soos hieronder (kyk 6. OMGANGSAFRI-KAANS) genoem word.

### **Die Spelreëls**

Die intensiewe werk aan die WOORDELYS het ook vereis dat daar indringend aandag gegee word aan die spelreëls self, wat meegebring het dat sekere leemtes daarin aan die lig gekom het. Sekere reëls is dus verder verfyn en gepresiseer. Die opvallendste wysigings, soos hieronder sal blyk, is aan die reëls oor hoof- en kleinletters en die skryfwyse van meerledige binne- en buitelandse geografiese name aangebring.

### **Taalverandering en die AWS**

Dit is bloot natuurlik dat die woordeskat en uitspraak van 'n dinamiese taal soos Afrikaans gedurig sal verander. Hierdie veranderings word weerspieël in die wyse waarop veral die spelsisteem van Afrikaans sedert die verskyning van die eerste uit-gawe van die AWS in 1917 deur die jare aangepas is. Die sesde uitgawe (1953) het gesê: "Hierdie druk . . . verskil aansienlik van die vorige uitgawes, hoewel die spel-lingbeleid en grondbeginsels feitlik ongewysig gebly het." Die sewende uitgawe (1964) het gesê: "Dit geld ook van hierdie druk" (lees: uitgawe), en het 'n hele aantal redes vir die "aansienlike verskil" gegee. In die agtste uitgawe (1991) – wat 27 jaar ná die sewende uitgawe verskyn het – is die "aansienlike verskil" vergeleke met die ander uitgawes voortgesit. Redes wat hiervoor aangevoer is, was onder meer dat daar ná die verskyning van die sewende uitgawe geen dringende behoefte aan 'n spoedige nuwe hersiening was nie, dat daar in die tussentyd heelwat tyd bestee is aan die bewerking van die *Lys klassieke eiename* (1984) in Afrikaans, dat opeenvolgende geslagte se steeds vernuwend insigte op 'n verantwoordelike wyse in 'n nuwe uitgawe verwerk moes word en dat die breë aanpak van die hersiene uitgawe "besonder tydrowend" was. Vir die negende uitgawe (2002) "is daar indringend aandag gegee aan die verfyning en vereenvoudiging van die spelreëls". Wat hierbo oor die vier voorafgaande uitgawes gesê is, geld ook hierdie uitgawe, en wel binne die volgende raamwerk:



### **Grondbeginsels**

Die grondbeginsels van die Afrikaanse spelling is in die 2002-uitgawe effens anders geformuleer as in die 1991-uitgawe, hoewel die strekking daarvan deur al die jare nog dieselfde is. Die 2002-formulering is in hierdie uitgawe behou.

### **Spelreëls**

Die SPELREËLS, asook die reëls met betrekking tot die gebruik van afkortings in Afrikaans, is in baie opsigte dieselfde as wat dit in die negende uitgawe was. Die praktyk en die toetsing van die WOORDELYS-lemmas aan die betrokke reëls het egter sekere leemtes aan die lig gebring, wat in hierdie uitgawe gevul word. Die opvallendste verskil kom voor in hoofstuk 9 (HOOF- EN KLEINLETTERS). Die reëls oot hoofletters is naamlik drasties ingekort en vereenvoudig, enersyds omdat hooflettergebruik dikwels bloot 'n stylkwestie behels en nie grammatiese dwingendheid nie, en andersyds omdat die stilistiese tendense van hooflettergebruik in Afrikaans (en Engels) die afgelopen tyd heelwat verander het. In enkele soorte gevalle waar die reëls 'n keuse tussen hoof- en kleinletters toelaat, is slegs die kleinlettervorm as verstek opgeneem, en dit staan die gebruiker dus steeds vry om hoofletters te gebruik indien hy of sy dit verkies.

In hierdie uitgawe word die onderskeid tussen enersyds **spelling** (dit wil sê voorskrifte of reëls wat betrekking het op die wyse waarop woorde in 'n taal gespel word) en andersyds **skryfwyse** (dit wil sê die wyse waarop woorde in 'n taal los van of vas aan mekaar geskryf word) gehandhaaf; laasgenoemde aspek word ook in 'n afsonderlike hoofstuk (hoofstuk 14: SKRYFWYSE – LOS EN VAS) behandel.

### **Die AWS as gebruikersvriendelike bron**

Die nuwe uiteensetting van reëls en die ordening van afdelings of hoofstukke wat in die vorige uitgawe ingevoer is in 'n poging om die AWS 'n gebruikersvriendeliker bron te maak en naslaan te vergemaklik, is in hierdie uitgawe behou. Dit behels byvoorbeeld die **alfabetisering van hoofstukopskrifte**, die **korter formulering van die reëls** en toeligting met illustrerende voorbeelde, die nommering van reëls in **numeriese volgorde** – elke nommer bestaan uit die betrokke hoofstuknommer plus 'n volgnummer – en die reeds vermelde **reëlverwysings in die WOORDELYS**.

### **Medewerkers**

Die werk van die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns duur reeds bykans 'n eeu lank sonder onderbreking voort. Die Taalkommissie wat vir hierdie uitgawe verantwoordelik was, sou dit nie kon doen sonder die bydrae van elke lid wat sedert die instelling van die Taalkommissie byna 'n eeu gelede daarin gedien het nie. Die Taalkommissie spreek dus sy dankbaarheid teenoor elkeen van sy voorgangers uit.

In soms moeilike omstandighede kon die Taalkommissie ook altyd op die onvoor-

waardelike steun van die Akademieraad en die personeel van Engelenburghuis staatmaak. Met besondere waardering vermeld ons veral die name van die huidige hoofuitvoerende beampte, prof. Jacques van der Elst, en me. Linda Brink.

Die Taalkommissie dien ook as Tegniese Komitee vir Standaardisering van die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans (NTLA) van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT). PanSAT word in die besonder bedank vir die finansiële ondersteuning tydens die hersieningsvergaderings.

'n Besondere woord van dank word ook gerig aan die personeel van die Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT) van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit vir hulle vriendelike, gewillige en uiters kundige hulp met die ontwikkeling van doelgemaakte rekenaarprogrammatuur vir en ander rekenaarmatige hulp aan die Taalkommissie, en met projekbestuur tydens die voorbereiding van hierdie uitgawe.

Die Taalkommissie spreek sy hoogste waardering uit vir die bydraes, oor 'n korter of langer tyd, deur die volgende oudlede sedert die 2002-uitgawe:

Prof. W.A.M. Carstens, prof. A.E. Coetzee, dr. A.F. Prinsloo en mnr. E.O. Saal.

Die huidige Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns is:

Prof. E.F. Kotzé (Voorsitter)(Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth)

Mnr. J.D. McLachlan (Ondervoorsitter)(Taalpraktisyn, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)

Dr. F.J. Lombard (Sekretaris) (Leksikograaf, Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal, Stellenbosch)

Dr. M. Alberts (Terminoloog, PanSAT, Pretoria)

Prof. J. Anker (Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie, Wellington-kampus)

Me. M. du Plessis (Taalpraktisyn, Kaapstad)

Prof. A.N. Otto (Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth)

Prof. G.B. van Huyssteen (WNNR en CTexT, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Junie 2009

## Wenke vir gebruikers

Soos die vorige twee uitgawes bevat hierdie tiende uitgawe van die *Afrikaanse woorde-lys en spelreëls* (AWS) ook die afdelings TOELIGTING en WENKE VIR GEBRUIKERS. Aanwysings oor hoe om die AWS te gebruik en te interpreteer, word daarin vervat; enige gebruiker sal baat vind daarby om dié afdelings te bestudeer. Die INDEKS verleen deur middel van trefwoorde gerieflike toegang tot die SPELREËLS.

In die TOELIGTING word 'n aanduiding gegee van wat 'n gebruiker in die SPELREËLS en in die WOORDELYS kan verwag. In die TERMINOLOGIËLS word bepaalde terme omskryf wat in die AWS voorkom en dalk die begrip van 'n reël kan bemoeilik. **Dié woord-omskrywings weerspieël slegs die betekenis-toepassings soos in die AWS gebruik.** In die INDEKS aan die einde van die boek word probeer om met behulp van trefwoorde inligting te gee wat die opspoor van reëls makliker sal maak. Die reëlverwysings wat in die WOORDELYS aangegee word by lemmas wat as voorbeelde in die SPELREËLS gebruik is, sal ook help om die spelreëls vir gebruikers toegankliker te maak.

By elke uitgawe van die AWS het opeenvolgende Taalkommissies probeer om deur die opname of skraping van bepaalde woorde en vorme die norme te erken waarvolgens daardie geslag taalgebruikers sulke woorde en vorme as gebruiklik en as standaard beoordeel het. Dit het meegebring dat die norme telkens effens verskuif het. Die **skraping** van sekere wisselvorme wat in van die vorige uitgawes as volwaardige ekwivalente beskou is, asook die **opname** van bepaalde wisselspellings wat as 'n groter "verafrikaansing" van die spelling gesien kan word, word veral deur hierdie siening en benadering geraak. Hier het die huidige Taalkommissie geen nuwe rigting ingeslaan nie, maar bloot verder op die pad geloop wat vorige Taalkommissies gevolg het. Wat wel anders is, is dat hierdie uitgawe meestal slegs die voorkeur- of verstekvorme van sekere soorte wisselvorme wat in die SPELREËLS toegelaat word, in die WOORDELYS aanbied.

Die Taalkommissie het ook aangesluit by sy voorgangers deur in 'n aantal gevalle 'n sekere vryheid ten opsigte van spel- en skryfwyse toe te laat. Hier kan genoem word die opsionele spelling van vakwoorde wat op *-ide* en *-ine* of *-ied* en *-ien* kan uitgaan, soos *okside* of *oksied*, *vitamine* of *vitamien*, en die opsionele skryfwyse van die tipe

hoof mediese beampte *naas* hoof- mediese beampte

en van samestellings met 'n eienaamelement, soos

die Bloemfonteinmuseum *of* die Bloemfontein-museum *of* die Bloemfontein-Museum *of* die Bloemfontein Museum.

**Gebruikers moet daarop let dat in baie gevalle waar 'n wisseling in die SPELREËLS toegelaat word, meestal slegs die voorkeurvorm in die WOORDELYS aangebied word.** Dit bly dus van belang om sowel die SPELREËLS as die WOORDELYS te raadpleeg.



By byvoeglike naamwoorde wat volkome reëlmatig **trappe van vergelyking** neem – dit wil sê wat sonder enige spellingverandering bloot **-er** en **-ste** neem – word die trappe van vergelyking **nie** aangebied nie.

Dit lê nie op die terrein van die Taalkommissie om binnelandse plekname te bereël en in die WOORDELYS op te neem nie. Tog is daar 'n aantal geografiese name waarby veral skryfwyseprobleme voorkom wat ten nouste met die spel- en skryfstelsel van Afrikaans saamhang en ook op soortgelyke buitelandse geografiese name van toepassing is. Hieroor bevat die AWS dus reëls as 'n riglyn vir gebruikers. Die spelling van **binnelandse** geografiese name is die domein van die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name en word in publikasies soos *Amptelike plekname van die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika* (Staatsdrukker 1978), die aanvullende publikasies daarna en die *Staatskoerant* gepubliseer. In hierdie opsig is daar tans samewerking tussen die Raad en die Taalkommissie ten einde 'n eenvormige benadering te verseker. Wat wel op die terrein van die Taalkommissie lê, is afleidings van die name wat die Raad registreer, en in enkele probleemgevalle word sulke afleidings in die WOORDELYS opgeneem.

Die Afrikaanse weergawe van **buitelandse** geografiese name val wel binne die bevoegdheid van die Taalkommissie, en om aan gebruikers leiding hieroor te gee, is 'n LYS BUITELANDSE GEOGRAFIESE NAME MET AFLEIDINGS agter in die AWS opgeneem.

Wat persoonseiename betref, gee die AWS leiding oor die tradisionele of aanbevole skryfwyse van tipies Afrikaanse voorname, vanne en byname, byvoorbeeld oor die gebruik van koppeltekens en hoofletters. Persoonseiename word in die reël egter nie in die WOORDELYS opgeneem nie.

In die loop van die teks word die terme **reël** en **opmerking** gereeld gebruik. Met **reël** word bedoel die voorskrif wat gevolg moet word om 'n bepaalde woord of verbinding op die regte manier te skryf of te spel. Met **opmerking** word bedoel toeliggende kommentaar oor moontlike uitsonderings op 'n reël of addisionele inligting oor die toepassing van die reël. Die opmerkings bevat ook heel dikwels kruisverwysings na verbandhoudende reëls.

In ooreenstemming met algemene gebruik in taalkundige publikasies gebruik die AWS ook die asterisk (\*) direk voor sekere vorme om aan te dui dat hulle nie binne die algemeen aanvaarde norme van Standaardafrikaans aanvaarbaar is nie.

Die kategorieë waarin die spelreëls tradisioneel georden word, word in hierdie uitgawe steeds alfabeties volgens hoofstukopskrif aangebied. Ten einde naslaanbaarheid en bekendheid met reëls en dus met die vindplek van reëls te bevorder, is die volgorde (en dus die nommers) van die hoofstukke onveranderd behou en is reël-nommers so min moontlik gewysig.

## Toeligting

Hierdie tiende uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (AWS) bevat weer die drie tradisionele afdelings, te wete die spelreël- en skryfwysegedeelte (die bereëling van afkortinggebruik is hierby inbegrepe), die woordelysgedeelte en 'n afkortingslys. Daarbenewens word 'n lys geografiese name (met afleidings) en 'n tabel vir transliterasie van die Cyrilliese alfabet ingesluit, asook 'n kort afdeling met riglyne oor die skryf van Omgangsafrikaans. Ten slotte volg 'n TERMINOLOGIELYS, wat terme verklaar soos dit in die AWS gebruik word, en 'n INDEKS.

### 1. Die Spelreëls: Reëls vir spelling en skryfwyse

Hierdie afdeling bevat die amptelike spelreëls van Standaardafrikaans wat deur die Taalkommissie opgestel en deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en deur die Tegniese Komitee vir Standaardisering van die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans van PanSAT goedgekeur is. In hierdie uitgawe word die spelreëls alfabeties volgens hoofstukopskrif aangebied. Onder elke alfabeties gerangskikte kategorie word die spelreëls numeries georden (telkens met die hoofstuknommer plus 'n volgnummer: reël 1.1, reël 1.2, reël 1.3, ensovoorts). Die SPELREËLS word voorafgegaan deur 'n afdeling waarin die drie grondbeginsels van die Afrikaanse spelling gestel en verduidelik word. Alhoewel die grondbeginsels en die spelreëls anders mag lyk as in ouer uitgawes van die AWS, geld hierdie veranderinge eintlik net die formulering en die aanbieding, en nie die inhoud nie. Die spelling en skryfwyse van Standaardafrikaans word steeds deur dieselfde grondbeginsels bepaal.

In die SPELREËLS word die bespreking van sowel die grondbeginsels as die spelreëls toegelig met 'n verskeidenheid voorbeelde ter illustrasie van die toepassing van die betrokke grondbeginsel of reël. In die meeste gevalle (nie alle voorbeelde kan vir naslaandoeleindes sinvol in die WOORDELYS opgeneem word nie) word dié voorbeelde ook in die WOORDELYS aangebied, tesame met 'n kruisverwysing na die betrokke reël. Deurdat die betrokke reël op voorbeelde toegepas word en die voorbeelde in die WOORDELYS weer terugverwys na die reël, word gebruikers van die AWS gehelp om self die reëls te kan toepas op soortgelyke vorme wat nie in die AWS verskyn nie.

Die keuse tussen *los* en *vas* skryf is een van die algemeenste probleme wat gebruikers van Afrikaans ondervind. Daarom word daar in die spelreëlgedeelte voorsiening gemaak vir 'n hoofstuk oor die skryfwyse van woorde waarin *los* en *vas* skryf bereël word. In die betrokke gedeelte word daarop gewys dat daar soms meer as een korrekte skryfwyse kan wees, byvoorbeeld:

*ek self of ekself*  
*swaar kry of swaarkry*  
*tuis gemaakte of tuisgemaakte*  
*volmaak beheerde of volmaakbeheerde*

By sulke tipes woorde word daar soms op 'n voorkeurvorm gewys, maar die Taalkommissie stel dan ook 'n mate van vryheid van skryfwyse voor. Wanneer slegs die voorkeurvorm in die WOORDELYS aangebied word, word die gebruiker telkens in 'n opmerking by die reël daarop attent gemaak.

In die SPELREÛLS word daar by sekere gevalle fonetiese tekens gebruik met die oog op verdere gebruiksleiding. Ter wille van duidelikheid word die tekens wat gebruik word, hieronder in lysvorm gegee met toeliggende voorbeelde by elke teken. Die fonetiese teken stel die klankwaarde voor van die vet gedrukte letter(s) in die voorbeeldwoord:

[b] botter	[ʃ] sjieling, brosjure	[ɛi] bedjie
[c] kies, stoeltjie	[t] tafel	[æ] werk, skêr
[d] dief	[tʃ] tjek	[ə] bid, bedaar
[dʒ] gentleman	[ts] tsetse	[ə:] wîe
[f] fiets, vra	[v] water	[i] lied, basilika, mier
[g] berge, gholf	[w] dwaal	[o] skoot, vermoor
[h] hulle	[x] gaaf, gee, chaos, berg	[œu] trou
[j] julle	[z] zoem	[œy] druiwe
[k] koop	[a] kat	[oi] strooi
[l] lastig	[a:] maan, laning	[ɔ] kom, môre
[m] meel	[ai] aitsa	[ɔi] toing
[n] nader	[a:i] draai	[ø] beneuk, neurie
[ŋ] rank, sing	[e] weet, veer	[œ] stut
[ŋ] handjie	[eu] leeu	[œ:] brûe
[p] pos	[øi] ry, dein	[u] soet
[r] rook	[ɛ] vet	[u:] loer
[s] sag	[ɛ:] sê, hê	[y] minuut, uur

Die Taalkommissie is daarvan bewus dat daar groot variasie voorkom in die wyse waarop Afrikaanse woorde uitgespreek word (byvoorbeeld genasaleerde teenoor ongenasaleerde vokale). Die uitspraak van die woorde hierbo word as voorbeelde gebruik om die groots moontlike verspreiding van spraakklanke in Afrikaans weer te gee.

## 2. Die Woordelys

Daar word ten sterkste beklemtoon dat die WOORDELYS nie 'n woordeboek is nie en dat die Taalkommissie gevolglik nie probeer om 'n verteenwoordigende versameling woordeskattelemente van Afrikaans daarin te gee nie. Dat 'n bepaalde woord nie in die WOORDELYS verskyn nie, is dus hoegenaamd geen bewys dat hy nie bestaan of dat sy bestaansreg nie erken word nie. Woorde wat wel in die WOORDELYS opgeneem is, word egter beskou as deel van die Standaardafrikaanse woordeskat.

Die Taalkommissie het veral drie oorwegings 'n rol laat speel by die keuse van woorde vir opname in die WOORDELYS.

- ❑ Woorde is opgeneem as hulle vermoedelik **spellingprobleme** bied. Hierdie motivering vir opname sluit aan by die belangrikste funksie van die AWS, naamlik om op spellinggebied leiding te gee.
 

Aangesien nie alle Afrikaanse woorde in die WOORDELYS opgeneem kan word nie, word leidinggewende voorbeelde gegee. Waar 'n gebruiker 'n spesifieke probleemwoord nie in die WOORDELYS vind nie, moet hy of sy vasstel of daar nie elders 'n woord van dieselfde tipe opgeneem is wat as leidinggewende voorbeeld kan dien nie. Daar is byvoorbeeld nie 'n lemma **vyfdegraads** in die WOORDELYS nie. 'n Gebruiker wat spelling- of skryfwyseprobleme met dié woord ondervind, kan na soortgelyke woorde in die WOORDELYS gaan soek en byvoorbeeld by **eerstegraads** of **tweedegraads** die nodige leiding kry.
- ❑ Woorde is ter wille van **erkenning** opgeneem. In hierdie verband is daar gesteun op die algemene gebruik.
- ❑ **Komplekse woorde**, veral samestellings en afleidings, is opgeneem ter aanduiding van die resultate van sekere woordvormingsprosesse.

### *Verskillende skryfwyses*

In die SPELREËLS word daar telkens gewys op die moontlikheid van verskillende skryfwyses, byvoorbeeld by woorde wat sowel los as vas geskryf kan word. In die geval van 'n blote skryfwysewisseling word alle variante nie noodwendig in die WOORDELYS aangebied nie. Dit impliseer nie dat die ongelyste vorm(e), onaanvaarbaar is nie. So is daar by eenaamverbindings telkens verskillende skryfwysemoontlikhede, byvoorbeeld:

die Hertzogprys *of* die Hertzog-Prys *of* die Hertzog-prys *of* die Hertzog Prys  
die Bloemfonteinmuseum *of* die Bloemfontein-Museum *of* die Bloemfontein-  
museum *of* die Bloemfontein Museum

In die WOORDELYS word sulke eenaamverbindings deurgaans as een woord vas geskryf, byvoorbeeld **die Hertzogprys**, **die Bloemfonteinmuseum**. In sulke gevalle moet gebruikers die SPELREËLS raadpleeg vir die verskillende skryfwysemoontlikhede.

Variasie is 'n kenmerk van elke natuurlike taal, byvoorbeeld in die sin dat verbandhoudende vorme met dieselfde betekenis kan voorkom. Hierdie wisseling vind ook neerslag in die skryftaal en gevolglik kom daar **wisselvorme** voor. Die benadering om standaardtaalvorme te erken, het ook betrekking op wisselvorme. Anders as in die geval van skryfwysewisseling waar alle variante nie in die WOORDELYS aangebied word nie, byvoorbeeld **die Hertzogprys**, **die Bloemfonteinmuseum**, word wisselvorme in die WOORDELYS telkens as 'n woordpaar aangebied en deur *of* geskei, byvoorbeeld:

individu *of* indiwidu



Indien nie opsigtelik nabyliggend nie, word die inskrywing alfabeties herhaal, byvoorbeeld:

karaveel *of* karveel  
 karveel *of* karaveel

Hierdie *of*-inskrywingswyse dui aan dat die lede van so 'n wisselvormpaar na betekenis en gebruik as gelykwaardig beskou en erken word. Gebruikers moet egter daarop let dat, ter wille van ruimtebesparing of die bevestiging van 'n voorkeurvorm, nie alle wisselvorme wat in die SPELREËLS toegelaat word, in die WOORDELYS aangebied word nie. Wanneer slegs 'n voorkeurvorm aangebied word, word dié feit by opmerking in die reëls vermeld. Die Taalkommissie se standpunt oor wisselvorme word in die hoofstuk WISSELING EN SUBKATEGORIEË verder uiteengesit.

Die gebruik van *of*-vorme in die WOORDELYS kom soms by skryfwysevariante voor, byvoorbeeld:

hoër liggend *of* hoërliggend

maar die algemeenste voorkoms daarvan is ten opsigte van wisselvorme. Dié *of*-vorme geld óf die lemma as geheel, byvoorbeeld:

hoekaai *of* hokaai *of* hookhaai (*tw.*)

óf slegs die morfologiese gegewens van 'n bepaalde lemma, byvoorbeeld:

inwyding, -e *of* -s  
 ervare; -ner *of* meer -, -nste *of* mees -e

### **Morfologiese wisselvorme**

In baie gevalle behels wisselvormlemmas verskillende morfologiese aanbieding, byvoorbeeld:

geëmansipeer, -de; -der, -dste, *of* geëmansipeerd, -e; -er, -ste

Daarnaas kan albei lede van 'n wisselvormlemmapaar dieselfde morfologiese bewerking neem, byvoorbeeld:

inkoopprys *of* inkoopsprys, -e

Morfologiese wisselvorme kom ook voor as onderskeid tussen die optrede en die nie-optrede van 'n bepaalde morfeem, byvoorbeeld die morfeem **ge-** by voltooidedeelwoorde. Sulke wisselvorme word soos volg aangebied:

hanteer, – *of* ge-

Let egter daarop dat die onderskeie morfologiese wisselvorme nie altyd dieselfde semantiese of gevoelswaarde verteenwoordig nie, byvoorbeeld by *vader*, **-e of -s**.

### *Doeblette*

In teenstelling met wisselvorme word **doeblette** apart van mekaar opgeneem. Hulle verskil soveel van mekaar in betekenis, gevoelswaarde en maatskaplike waardering dat hulle as aparte lemmas behandel word. Soms word by albei of by een van die doeblette toeligting gegee, byvoorbeeld:

aardig, **-e**  
 arig (*ongesteld; onvriendelik*), **-e**

### *Sinonieme*

**Sinonieme** word in die reël nie as *of*-vorme ingeskryf nie. 'n Uitsondering hierop is inkortingsgevalle soos **selfoon of sellulêre telefoon of seltelefoon of sellulêre foon, ..fone, of sellulêr, -e**, en gevalle soos **kreupelboom of kreupelhout, mitrale klep of myterklep**, wat sterk vormlike ooreenkomste vertoon.

Die Taalkommissie vestig egter die aandag daarop dat sinonieme wat apart opgeneem is, nie op 'n voorkeur vir die een of die ander dui nie. Waar slegs een lid van 'n sinoniempaar opgeneem is, moet dit ook nie noodwendig gesien word as 'n waardeoordeel oor die nieopgenome vorm nie. Dat byvoorbeeld **konstitusie** opgeneem word, maar nie **grondwet** nie, beteken dus hoegenaamd nie dat die Taalkommissie laasgenoemde vorm nie erken nie.

### *Inligtingstipes*

Vir die doeltreffende gebruik van die **WOORDELYS** is dit nodig om vertrouwd te wees met die verskillende inligtingstipes wat in dié lys aangebied word.

Die lemmas in die **WOORDELYS** word alfabeties gerangskik, in baie gevalle met bykomende inligting toegevoeg. Die bykomende inligting is van morfologiese, woordsoortelike of toeligtende aard. By selfstandige naamwoorde wat 'n meervoudsvorm het, word die meervoudsvorm aangedui. Let egter op dat **'n meervoudsvorm, of, waarvan toepassing, albei meervoudsvorme, nie noodwendig in alle betekenistoe-passings of kontekste gebruiklik is nie**.

By werkwoorde word inligting oor die verlede tydsvorm gegee.

Die moontlike verbuigingsuitgange van byvoeglike naamwoorde asook die trappe van vergelyking word gegee, maar wanneer trappe van vergelyking **in alle opsigte reëlmatig is** (dit wil sê wat sonder enige spellingverandering bloot **-er** en **-ste** neem), word dit **nie aangebied nie**. Soos reeds genoem, beteken die nievermelding van trappe van vergelyking nie noodwendig dat die betrokke byvoeglike naamwoord nie gradeerbaar is nie. Intensiewe en intensiefverwante byvoeglike naamwoorde kan dikwels trappe van vergelyking kry, alhoewel dit nie altyd in die **WOORDELYS** aangedui word nie. Voorbeelde van sulke byvoeglike naamwoorde wat trappe van vergelyking kan neem, maar dit nie in die **WOORDELYS** kry nie, is:

borriegeel; borriegeler, borriegeelste  
hondmak; hondmakker, hondmakste  
snelgroeïend; snelgroeïender, snelgroeïendste, *of* snel groeïend; sneller  
groeïend, snels groeïend

In sommige gevalle – dit wil sê wanneer byvoorbeeld die selfstandige en byvoeglike naamwoord, asook onderskeidelik die meervouds- en verbuigingsuitgang, presies dieselfde is – word die woordsoorte van 'n lemma duidelikheidshalwe tussen hakies verstrek, byvoorbeeld:

**mesties** (*s.nw.; b.nw.*), -e

Die toeliggende aantekeninge is tweërlei van aard. Enersyds bied dit betekenisleiding, byvoorbeeld:

**dooier** *of* **door** (*van 'n eier*)  
**hoeseer** (*in watter mate*)

Andersyds gee dit inligting oor die konteks waarbinne 'n bepaalde lemma optree ter verduideliking van die korrekte en tipiese gebruik van daardie lemma, byvoorbeeld:

**verbode** (*– vrug/geskrifte*)

Daar moet weer beklemtoon word dat die AWS nie 'n verklarende woordeboek is nie en derhalwe word sulke toeliggende aantekeninge slegs selektief aangebied wanneer dit na die oordeel van die Taalkommissie nodig of wenslik is.

### 3. Die Afkortingslys

Die derde hoofafdeling van die AWS bevat 'n verteenwoordigende lys afkortings met hulle volvorme. Die bereëling van en toeligting by die gebruik van afkortings in Afrikaans word, soos in die vorige uitgawe van die AWS, nie onmiddellik voor die lys afkortings verstrek nie, maar volgens die alfabetiese ordeningsbeginsel in die SPELREËLS geplaas. Die Taalkommissie wil dit beklemtoon dat hierdie bereëling betrekking het op die algemeen erkende afkortings van Afrikaans en toegepas is op die gegewe lys afkortings. Dit staan individue of organisasies vry om, naas die algemeen erkende afkortings, hulle eie huishoudelike afkortings te skep en te gebruik sonder om op die Taalkommissie se bereëling ag te slaan. Sulke afkortings moet egter nie vir algemene gebruik aangewend word nie.

Die AFKORTINGSLYS bevat ook afkortings van vakname. Die Taalkommissie het van-tevore reeds besluit om alle vakname (behalwe taalname as vakname) in die WOORDE-

LYS slegs met kleinletters aan te bied. Dieselfde beginsel word ook in die AFKORTINGSLYS toegepas deurdat sowel die volvorme as die afkortings van vakname net met kleinletters gegee word, byvoorbeeld:

**anat.** anatomie; anatomies(e)

**biol.** biologie; biologies(e)

#### 4. Lys buitelandse geografiese name met afleidings

Soos die negende uitgawe, bevat hierdie uitgawe 'n lys buitelandse geografiese name, plus die attributiewe byvoeglike naamwoorde en persoonsname wat daarvan afgelei word. Dit is uiteraard nie 'n omvattende lys nie, maar bevat wel die name van byvoorbeeld lande, streke, provinsies, hoofstede en dergelike, asook enkele topografiese name, wat om politieke, kulturele, historiese en handelsredes vir Afrikaans van belang is. Hoewel sommige geografiese name in die afgelope dekade of twee verander is, het die spelling of skryfwyse van die verouderde name steeds vir hedendaagse skrywers waarde en is dit dus naas die nuwe name of spellings behou. Sulke name is nie in die lys gemerk nie en dit berus derhalwe by die skrywer om te besluit watter naam of spelling vir die betrokke stuk gepas is.

By sommige van dié name is dit nie sonder meer moontlik om in Afrikaans afleidings te vorm nie, en dan beveel die Taalkommissie aan dat 'n samestelling gevorm of 'n omskrywing gebruik word. Dit word met (O) aangedui. By van die minder bekende name is afleidings waarskynlik moontlik, maar nie bekend of gebruiklik nie. In sulke gevalle het die Taalkommissie soms wel afleidings voorgestel, maar die tyd sal moet leer of dit ingang vind.

#### 5. Transliterasietabel

Ter wille van diegene wat name uit die Cyrilliese alfabet moet translitereer, word 'n tabel van die hoof- en kleinletters van daardie alfabet, die ekwivalente daarvan in die Romeinse alfabet en voorbeelde van transliterasies verstrek.

#### 6. Omgangsafrikaans

Riglyne vir die hantering van woorde uit die omgangstaal word agter in hierdie uitgawe in 'n kort bylae behandel. Omgangstaal kan uiteraard nie soos standaardtaal bereël word nie, en derhalwe word hier slegs breë kategorieë as riglyne gegee vir skrywers wat sulke woorde of uitdrukkings wil gebruik. Die behandeling daarvan in die AWS impliseer egter gegensins dat die Taalkommissie die gebruik daarvan wil be-

vorder of te kenne wil gee dat sulke woorde of uitdrukkings as Standaardafrikaans beskou (kan) word nie.

## **7. Terminologielys**

Die TERMINOLOGIELYS wat in hierdie uitgawe opgeneem is (kyk bladsy 554), bevat omskrywings van terme wat in die AWS gebruik word. **Dit weerspieël egter slegs die betekenistoepassings soos dit in die AWS gebruik word.**

## Werkwyse

Sedert die tweede AWS verskyn het, werk die opeenvolgende Taalkommissies altyd met 'n oorgeërfde woordelys wat die kern van die volgende woordelys uitmaak. Dié woordelys word telkens bygewerk deur sommige inskrywings te skrap, ander te wysig en nuwes by te voeg. Die uitgangspunt by die bewerking van die WOORDELYS vir hierdie uitgawe was deurgaans dat die woorde wat in die WOORDELYS opgeneem word, sover moontlik aan die volgende maatstawwe moet voldoen:

- ❑ Dit moet Standaardafrikaans wees.
- ❑ Dit moet, in die algemeen, hedendaagse Afrikaans wees of waarskynlik kan voorkom in Standaardafrikaanse publikasies wat (nog) deur die huidige geslag Afrikaanssprekendes gelees en gebruik word.
- ❑ Dit moet, in die lig van die gebruik van standaardtaal vir hoër funksies, die gebruik deur die Afrikaanse taalgemeenskap in sulke funksies weerspieël.
- ❑ Dit moet moontlik spellingprobleme vir gebruikers inhou.
- ❑ Die erkenning daarvan as deel van Standaardafrikaans is nodig.
- ❑ Opname is wenslik ter wille van paradigmatische volledigheid.

Soos nog altyd in die verlede, het die Taalkommissie sy opdrag met betrekking tot die standaardisering van Afrikaans steeds vertolk aan die hand van nie net die vraag na **hoe** gespel moet word nie, maar ook na **wat** gespel moet word.

Vir hierdie tiende uitgawe het die Taalkommissie, sover dit die WOORDELYS betref, veral aan die volgende aspekte daarvan aandag gegee:

- ❑ Die skraping van lemmas wat, na die oordeel van die Taalkommissie—
  - verouderde vorme verteenwoordig en nie juis meer in hedendaagse Standaardafrikaans gebruiklik is nie;
  - dermate gespesialiseerd is dat dit eerder in vakspesifieke publikasies tuis hoort;
  - dermate in die kernwoordeskat van Afrikaans gevestig is dat nóg spelling nóg erkenning problematies is;
  - bloot herhalings was wat weens hulle alfabetiese nabyheid nie werklik nodig was nie.
- ❑ Die opname van nuwe woorde op grond van—
  - navrae wat die Taalkommissie of individuele lede ontvang;
  - politieke, maatskaplike, wetenskaplike, tegnologiese en dergelike ontwikkelinge;
  - versoeke en voorstelle deur vakspesialiste, taalpraktisyns en dergelike ter erkenning van terme, veral wanneer terme 'n redelike frekwensie in die alledaagse lewe het.
- ❑ Paradigmatiese uitbreidings ten einde die optrede van basisse of stamme in verskillende funksies te illustreer.
- ❑ Die wysiging of aanpassing van bestaande lemmas en artikels.



Ten einde bogenoemde te vermag op 'n grondslag wat sover moontlik wetenskaplik verantwoordbaar is, het die Taalkommissie gesteun op drie korpusse, naamlik (i) een van meer as 50 miljoen woorde wat uit verskeie uiteenlopende standaardtaalbronne spesiaal vir die Taalkommissie saamgestel is (die TK-korpus); (ii) die *Elektroniese WAT (A–Q)* en die kaartjiewersameling van die Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal; en (iii) die elektroniese argiewe van Media24. Hierdie korpusse is veral gebruik om sommige besluite en keuses van die Taalkommissie te verifieer. Die korpusgebaseerde benadering was egter selde die enigste maatstaf. In gevalle waar die Taalkommissie op grond van die huidige spel- en skryfstelsel van Standaardafrikaans nie 'n bepaalde vorm kon regverdig nie, is die vorm aanvaar wat na die oordeel van die Taalkommissie, ná toetsing aan die spelreëls en behoorlike beredenering, die suiwerste is. Die korpusgebaseerde werkswyse sal in toekomstige uitgawes van die AWS waarskynlik verder uitgebrei en verfyn kon word.

Die Sentrum vir Tekstegnologie (CTeXt) van die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit het spesiale programmatuur vir die Taalkommissie ontwikkel om die bewerking van die WOORDELYS te vergemaklik en konsekwente hantering van vergelykbare lemmas of aspekte van inskrywings te bevorder. Dié program is aan die TK-korpus gekoppel en vertoon outomaties onder meer die frekwensietelling van die woord waaraan gewerk word.

Dit is so dat die meeste gebruikers toegang tot die AWS verkry via die WOORDELYS, en nie via die SPELREËLS nie. Tog is kennis van die onderliggende spelreël vir die nougesette gebruiker belangrik, omdat die WOORDELYS 'n beperkte bron is – nie alle woorde in Standaardafrikaans kan immers daarin vervat word nie. Om hierdie werklikheid te verreken, is heelwat aandag bestee aan die hantering of aanbieding van lemmas en artikels. Binne die tydsbeperkings waaraan die Taalkommissie altyd onderhewig is, is 'n poging aangewend om konsekwente hantering van artikels te bewerkstellig, en daar is ook aandag gegee daaraan om artikels minder dig te maak. So byvoorbeeld is die graderingsuitgange wat volkome reëlmatig is, soos hierbo vermeld, uit artikels verwyder, word sekere wisselvorme wat wel in die SPELREËLS erken word, nie in die WOORDELYS aangebied nie, en is onnodige alfabetiese herhalings verwyder.

Die belangrikste wyse waarop gebruikers egter aangemoedig word om die betrokke reël(s) ook te raadpleeg, is deur by alle voorbeelde wat in die SPELREËLS die praktiese toepassing van die reël illustreer, 'n verwysing na die toepaslike reël of reëls in die WOORDELYS aan te bring.

Ten slotte moet weer daarop gewys word dat die AWS 'n unieke naslaanbron is, omdat dit nóg 'n verklarende woordeboek nóg 'n gewone woorde- of termlys nóg 'n grammatika is. Dit bevat elemente van al drie hierdie soorte bronne. Die WOORDELYS verskaf wel betekenis- of gebruikstoeligting by sekere lemmas, maar kan en wil dit nie by alle lemmas doen nie. Dit verskil van gewone woorde- of termlyste deurdat morfologiese inligting, waar nodig en moontlik, verstrekkend word. Die AWS is grotendeels beperk tot hedendaagse skriftelike, formele Standaardafrikaans en bereël slegs die ortografiese konvensies van Standaardafrikaans. Gevolglik is die AWS veral gemoeid met

die standaardisering van die leksikon van Standaardafrikaans en spreek hy hom selde oor ander aspekte van grammatika of idioom uit. Dit is dus sowel normatief as voorskriftelik, want dit moet 'n gesaghebbende naslaanbron wees wat die spelling, skryfwyse en algemene aanvaarbaarheid van die woordeskatelmente van Standaardafrikaans betref.

Die norme en voorskrifte wat die AWS stel, kan egter nooit los staan van die sogenaamde spraakmakende gemeenskap nie. Dié norme en voorskrifte moet voorts ook nie net vir die deskundige taalkundige wetenskaplik verantwoordbaar wees nie, maar ook vir die (minder of meer) ingeligte gebruiker toeganklik en aanneemlik wees en 'n duidelike verband toon met hoe hy of sy die taalwerklikheid van Standaardafrikaans ervaar.

Dit is dus altyd vir die Taalkommissie noodsaaklik om 'n goue middeweg te vind tussen enersyds voorskrif en normering (soos wat taalgebruikers dikwels van hom verwag), en andersyds beskrywing en navolging (soos wat die taalkundige dikwels van hom verwag). Daar moet dus 'n ewewig gehandhaaf word tussen wat vir die gemiddelde ingeligte gebruiker verstaanbaar en aanneemlik is, en wat vir die taalkundige aanneemlik en wetenskaplik verantwoordbaar is.

Om op hierdie goue middeweg koers te hou, verg dat die Taalkommissie hom nie net op die objektief meetbare kan verlaat nie. Die kumulatiewe kennis, insig en ervaring van die individuele lede wat uit 'n verskeidenheid vakterreine kom en in komitee saamwerk, is wesenlik vir en onmisbaar in die werk van die Taalkommissie sover dit die AWS aangaan.

# Grondbeginsels van die Afrikaanse spelling

## 1. Uiteensetting van die grondbeginsels

### ORIËNTASIE

Die grondbeginsels wat hier uiteengesit word, sluit ten nouste aan by die behandeling daarvan in vorige uitgawes van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Wesenlik word dieselfde beginsels sedert 1917 toegepas.

Die drie grondbeginsels is:

- A. Die huidige spelling en skryfwyse van woorde word in hoë mate bepaal deur die **tradisie** waarvolgens Standaardafrikaans gespél en geskryf word.
- B. Die spelling van Afrikaans in die AWS is gebaseer op die **klankstelsel** van **Standaardafrikaans**.
- C. Vormlik verwante woorde word, sover moontlik, **gelykvormig** gespél.

## 2. Toeligting

By die erkenning van 'n bepaalde vorm as Standaardafrikaans speel algemene aanvaarding, gebruik, frekwensie en geografiese en maatskaplike verspreiding 'n belangrike rol. Dit geld nie net die erkenning van die spelling en skryfwyse van leksikale vorme nie, maar ook van uitspraak-, morfologiese en sintaktiese vorme en die betekenis van woorde.

- (1) Die Afrikaanse spelling sluit aan by dié van Nederlands. Hoewel byvoorbeeld die letters **ei** naas **y** en **f** naas **v** in Afrikaans nie presies dieselfde klankwaarde as in Nederlands verteenwoordig nie, is die onderskeid in die Afrikaanse spelling behou, soos hieronder geïllustreer:

<b>ei</b>	<b>y</b>	<b>f</b>	<b>v</b>
lei	ly	fel	vel
peil	pyl	fier	vier
reis	rys	fonds	vonds
veil	vyl	fors	vors
wei	wy	frank	vrank

Hierdie sistematiese ooreenkoms met die Nederlandse spelling is vandag deel van die Afrikaanse tradisie (grondbeginsel A). So het sekere spelvorme in Afrikaans gevestig geraak, byvoorbeeld **hede** (maar **hedendaags**), **beperk** (maar

- beperktheid), benodig (maar benodigde, benodig(d)hede), en bejeën, koeël, reën, spieël, voël, en so meer.
- (2) Die beginsel van **gelykvormigheid** word aan die hand van enkele voorbeelde verder geïllustreer. Daar is geen verskil tussen die slotklanke van **land** en **kant** nie. In albei gevalle is dit [t]. Ons skryf egter **land** (en nie \*lant nie) ter wille van gelykvormigheid in die spelling van **land**, **lande**, **landelik**. Insgelyks skryf ons **skaduwee** en **senuwee** (en nie \*skadewee en \*senewee nie) ter wille van vorme soos **oorskadu** en **ontsenu**. Hierdie beginsels het ook betrekking op die spelling van samestellings. In die uitspraak hoor ons **han-doe** en **gra-saad**. Ons spel sulke woorde egter ooreenkomstig die spelling van die samestellende dele; dus **handdoek** (**hand-** plus **-doek**), **grassaad** (**gras-** plus **-saad**).
- (3) In sekere sin vul die verskillende grondbeginsels mekaar aan, maar in ander opsigte is hulle strydig met mekaar. Hieronder word ter illustrasie enkele voorbeelde gegee.

Die kappie word op grond van grondbeginsel B eenvormig geskryf by die weergawe van [ɛ:] in geslote lettergrepe wat op 'n enkele konsonantletter eindig. By die skryf van **vêr** word daar op grond van die Afrikaanse spellingtradisie (grondbeginsel A) egter ook 'n wisselvorm **ver** erken. Alhoewel **vrou**, **mevrou**, **jonkvrou** en ander verwante vorme met 'n **v** gespel word om die klank [f] weer te gee, word die gelykvormigheidsbeginsel (grondbeginsel C) op grond van die Afrikaanse spellingtradisie nie in **juffrou** toegepas nie.

By die skryf van **kwaad** – **kwater** word grondbeginsel C (die gelykvormigheidsbeginsel) nie toegepas nie en word **kwater** volgens grondbeginsel B (spelling volgens die klankstelsel) gespel.

Ons spel **land** met 'n **d** volgens grondbeginsel C. Dit gee nie net reëlmaat aan die spelling nie; dit weerspieël ook 'n reël in die Afrikaanse klankstelsel (grondbeginsel B): as 'n basis uitgaan op 'n stemhebbende [b], [d] of [v], word dit stemloos aan die einde van 'n woord (of sillabe/lettergreep) uitgespreek: [p], [t] of [f].

Ons skryf wel

**land** [lant] – **lande** [landə] en  
**rob** [rɔp] – **robbe** [rɔbə]

maar nie

\*groew [xruf] –groewe [xruvə] of  
\*dow [dɔf] – dowwe [dɔvə] nie,

want dit is deel van die Afrikaanse spellingtradisie dat 'n woord nie met 'n slot-w gespel word nie.

# **Die Spelreëls**

Reëls vir spelling en skryfwyse

# 1. AFBREEK VAN WOORDE

## ORIËNTASIE

In geskrewe, getikte of gedrukte tekste is daar soms te min plek in 'n reël oor om nog 'n volledige woord te laat inpas. So 'n woord moet by voorkeur volledig na die volgende reël geskuif word. Die woord mag egter afgebreek word volgens die onderstaande reëls.

- ❑ Hoewel afbreking in drukwerk meestal outomaties deur rekenaar-programme beheer word, word leiding hier gegee oor die korrekte afbreekstelsel.
- ❑ Waar hieronder gepraat word van *vokaalletters* of *diftonge*, word bedoel 'die lettertekens wat vokale of diftonge voorstel'.
- ❑ Aangesien die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* op die skriftelike vorm van die taal fokus, is die uitgangspunt in die onderstaande reëls die lettergreep, en nie die sillabe of klankgreep nie.



## OPMERKING

By die aanduiding van hoe woorddele aan die einde van reëls afgebreek kan word, word die term *lettergreep* eerder as *klankgreep* gebruik (soos in die 1964-uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*). In daardie uitgawe is naamlik aangedui dat woorde geskei kan word volgens betekenisvolle dele (byvoorbeeld *boek-sak*, *man-lik*, *rig-lyne*) of lettergrepe (byvoorbeeld *e-pi-de-mie*, *hor-lo-sie*, *in-te-res-sant*). In die 1991-uitgawe is van die standpunt uitgegaan dat woorde volgens sillabes (dus klankgrepe) geskei moet word, omdat die korrekte uitspraak voorrang geniet. Omdat spelreëls primêr betrekking het op skriftelike probleme vir taalgebruikers opgelewer het, is daar besluit om betekenisvolle dele en lettergrepe weereens die norm vir skeiding te maak.

### REËL 1.1

'n Eenlettergrepige woord word nie aan die einde van 'n reël afgebreek nie.

#### korrek

leeus  
maer  
skreeu  
Spaans  
steeg

#### verkeerd

\*leeu-s  
\*ma-er  
\*skre-eu  
\*Spa-ans  
\*ste-eg

**REÛL 1.2** Indien 'n meerlettergrepige woord aan die einde van 'n reël afgebreek word, word die koppelteken op daardie reël geplaas en word die woord op die volgende reël voltooi.

### *Voorbeeld*

Die kapitaalmark het gister ook positief gereageer op die nuus dat die wisselkoers van die rand 'n dramatiese ommekeer gemaak het. Die Suid-Afrikaanse geldeenheid het gisteroggend, nadat die wisselkoers aanvanklik skerp verswak het, skielik met 7c verstewig en vir die res van die dag die hoër vlakke gehandhaaf. Ontleders sê die feit dat Anglo-American sy belang in Lonrho vergroot, behoort nie op die kort termyn 'n invloed op die maatskappy se verdienste te hê nie.



### **OPMERKING**

Vir die skryfwyse van gevalle soos *beëdig* en *koöpteer*, kyk reëls 1.7 en 5.5.

**REÛL 1.3** Woorde moet by voorkeur volgens betekenisvolle dele afgebreek word.

bio-chemie	her-enig
bio-kineties	kinder-klere
dis-krediet	nooiens-van
eien-aardig	reken-skap
eks-avonturier	ver-stewig
eks-man	voet-stappe



### **OPMERKINGS**

(a) Hierdie reël geld egter slegs waar betekenisvolle dele met die grense van lettergrepe ooreenstem. Afbrekinge soos die volgende is dus verkeerd:

\*voetstapp-e

(b) Kyk ook die opmerking in die *ORIËNTASIE* oor die skeiding volgens betekenisvolle dele.

**REÛL 1.4** Benewens afbreking volgens betekenisvolle dele word woorde volgens verdeling in lettergrepe afgebreek.

be-sproei-ing  
ge-sel-se-ry  
han-de-ling  
hui-ge-laar  
klui-se-naar

leeu-e-aan-deel  
mel-ke-ry  
tran-sak-sie  
va-naand  
vrien-din

**OPMERKING**

Kyk ook reël 1.3.

**REËL 1.5**

By die afbreek van woorde volgens lettergrepe moet herkenbaarheid en interpreteerbaarheid steeds in aanmerking geneem word.

Volgens hierdie reël is die afbrekings in die linkerkantse kolom hieronder beter as dié in die regterkantse kolom:

be-deling  
bio-chemie  
ellen-dig  
her-enig  
kinder-klere  
leeue-aandeel  
nooiens-van  
orang-oetang  
oran-je

*eerder as*  
*eerder as*  
*eerder as*  
*eerder as*  
*eerder as*  
*eerder as*  
*eerder as*  
*eerder as*  
*eerder as*

bede-ling  
bioche-mie  
el-lendig  
here-nig  
kin-derklere  
leeu-eaandeel  
nooi-ensvan  
o-rangoetang  
o-ranje

**OPMERKING**

Kyk ook reël 1.3.

**REËL 1.6**

Indien vokaalletters en diftonge langs mekaar in verskillende lettergrepe staan, word daar afgebreek tussen die letters wat die vokaal of diftong en die daaropvolgende diftong of vokaal voorstel.

**vokaalletter + diftong**

ge-uiter  
ski-uitrusting  
smee-yster

**diftong + vokaalletter**

besproei-ing  
bou-er  
trou-album

**vokaalletter + vokaalletter**

dra-er  
re-aksie  
spi-oen

**diftong + diftong**

koei-uier  
makou-eier  
skroei-yster



**REËL 1.7** Indien afbreking aan die einde van 'n reël plaasvind voor 'n vokaalletter wat normaalweg 'n deelteken by die lettergreepskeiding sou kry as gevolg van die opeenvolging van vokaalletters, is 'n deelteken aan die begin van die volgende reël opsioneel.

Volgens hierdie reël kan beide die volgende afbrekings gebruik word:

be-	<i>of</i>	be-
edig		ëdig
finansi-	<i>of</i>	finansi-
ele		ële
ge-	<i>of</i>	ge-
interesseer		ïnteresseer
ko-	<i>of</i>	ko-
opteer		öpteer



#### OPMERKING

Kyk ook reël 5.8.

**REËL 1.8** Indien drie konsonantletters langs mekaar tussen vokaalletters staan en die eerste konsonantletter 'n **s** is, kan daar voor of ná die **s** afgebreek word.

dis-trik	<i>of</i>	di-strik
frus-treer	<i>of</i>	fru-streer
indus-trieel	<i>of</i>	indu-strieel
manus-krip	<i>of</i>	manu-skrip
Sans-krit	<i>of</i>	San-skrit
sekwes-trasie	<i>of</i>	sekwe-strasie



#### OPMERKINGS

- Hoewel daar op meer as een plek afgebreek kan word, is sommige afbrekings verkieslik bo ander: **indus-trieel** is byvoorbeeld verkieslik bo **indu-strieel**. Gebruikers wat twyfel, kan hulle in sulke gevalle deur die uitspraak laat lei. Kyk ook reël 1.5.
- Woorde met **eks-** as eerste deel word slegs ná **eks-** afgebreek, byvoorbeeld **eks-pressie**, **eks-periment**, **eks-plisiet**, behalwe wanneer **eks-** gevolg word deur 'n vokaalletter, byvoorbeeld **eksamen**, **ek-segeet**, **ek-soties**. Dit geld **nie** wanneer **eks-** in die betekenis van 'voormalige, oud-' gebruik word nie. Kyk ook reël 12.28.

**REËL 1.9** Indien 'n kombinasie van twee verskillende konsonantletters waarvan die tweede 'n **l** of 'n **r** is, tussen vokaalletters voorkom, word daar voor dié konsonantletters afgebreek.

- ❑ ba-klei, bi-blioteek, di-plomaat, hemo-globien, kamoe-fleer
- ❑ a-dresseer, de-kreet, fa-briek, fi-brositis, hi-draat, ka-trol, neu-traal, para-frase, pa-trys, pro-gram, re-frein, ru-briek

 **OPMERKING**

Dit geld **nie** wanneer so 'n letterkombinasie by die verbindingspunt in samestellings voorkom nie, byvoorbeeld **dek-riet**, **los-loop**, **weg-laai**, **wek-roep**.

**REËL 1.10** Indien twee identiese konsonantletters langs mekaar tussen vokaalletters staan, word daar tussen hulle afgebreek.

bak-ke, bal-lerina, Boed-dhis *of* boed-dhis, bor-rel, Brus-sel, chauf-feur, debat-teer, interes-sant, kop-pie, mon-nik, potpour-ri

 **OPMERKING**

Kyk ook reëls 11.23 tot 11.30.

**REËL 1.11** Indien **n** en **g** langs mekaar voorkom, word daar altyd tussen hulle afgebreek, al is daar verskillende uitspraakmoontlikhede van hierdie letterkombinasie.

an-gora, An-glisisme *of* an-glisisme, en-gel, hon-ger, in-gewande, lan-ger, on-geluk, wan-gedrag, win-gerd

 **OPMERKINGS**

- (a) Dit geld nie wanneer **ng** in 'n samestelling voorkom en daar volgens reël 1.3 afgebreek moet word nie, byvoorbeeld **bang-broek**, **lang-tand**, **vang-gat**. Let ook op gevalle soos **lang-saam**.
- (b) Hierdie reël het die gelykvormigheidsbeginsel (Grondbeginsel C) as basis. Kyk paragraaf 2(2) van GRONDBEGINSELS VAN DIE AFRIKAANSE SPELLING.

**REËL 1.12** Indien 'n **s** en 'n **j** wat langs mekaar staan, tot verskillende woorddele behoort en dus normaalweg apart uitgespreek word, word daar tussen die twee afgebreek.

as-jas, dis-junk, plaas-japie

 **OPMERKINGS**

Kyk ook reël 1.13.

**REÛL 1.13** Indien 'n **s** en 'n **j** as die klank [ʃ] uitgespreek word, word daar nie tussen hulle afgebreek nie.

blan-sjeer, Bol-sjewiek *of* bol-sjewiek, bro-sjure, ka-sjet, kasj-mier, ma-sjien



**OPMERKING**

Kyk ook reël 1.12.

**REÛL 1.14** Indien die stam van 'n woord op **d** of **t** eindig en die verkleinwoord gevorm word deur die toevoeging van **-jie**, word daar altyd tussen die **d** of **t** en die **-jie** afgebreek.

- beeld-jie, boud-jie, koord-jie, land-jie
- koerant-jie, lat-jie



**OPMERKINGS**

- (a) Indien die herkoms van so 'n stam as woord onduidelik is en die stam met **d** of **t** nie 'n erkende woord in Afrikaans vorm nie, word daar voor die **d** of **t** plus **-jie** geskei, byvoorbeeld **baa-djie**, **bie-tjie**.
- (b) Kyk ook reël 15.4.

**REÛL 1.15** Indien die stam van 'n woord nie op **d** of **t** eindig nie en die verkleining deur die toevoeging van **-tjie** gevorm word, word daar altyd voor die **-tjie** afgebreek.

haan-tjie, koor-tjie, steel-tjie, vou-tjie



**OPMERKING**

Kyk ook reël 15.6.

**REÛL 1.16** As **x** tussen vokaalleters staan, word daar ná die **x** afgebreek.

Alex-is, baux-iet, pirox-een, Tex-as

## 2. AFKAPPINGSTEKEN

### ORIËNTASIE

Die afkappingstekene staan ook bekend as die **apostroof**. Let op die korrekte vorm van die afkappingstekene, naamlik ' of ', en nie ' nie.

#### REËL 2.1

Die afkappingstekene word gebruik by meervoudsvorme op **-s** en die verkleiningsvorme van naamwoorde wat op die vokaalleters **i**, **o** en **u** eindig.

- alkali's, Israeli's – Israeli'tjie, Mimi's – Mimi'tjie, Nigrini's – Nigrini'tjie, okapi's – okapi'tjie
- farao's, foto's – foto'tjie, Hugo's – Hugo'tjie, Ovambo's – Ovambo'tjie, quid pro quo's, radio's – radio'tjie, rodeo's, video's – video'tjie
- individu's – individu'tjie, Lulu's – Lulu'tjie, skadu's – skadu'tjie

#### REËL 2.2

Die afkappingstekene word nie gebruik by meervoudsvorme op **-s** en verkleiningsvorme van naamwoorde wat op **i** of **u** eindig as die **i** of **u** deel van 'n diftong is nie.

- buitjie, essaais *of* essais, footjie, koetjie, laaitjie, Masais, vleitjie
- koutjie, leeus – leeutjie, miaaus – miaautjie, sprees – spreetjie

#### REËL 2.3

Die afkappingstekene word nie gebruik by meervoudsvorme op **-s** en verkleiningsvorme van naamwoorde wat op **u** eindig as die **u** voorafgegaan word deur 'n vokaalletter, maar nie deel van 'n diftong is nie.

keus *of* keue – keutjie, milieus, niveaus

#### REËL 2.4

Die afkappingstekene word nie gebruik by meervoudsvorme op **-s** en verkleiningsvorme van naamwoorde wat op **oo**, **uu** of **ee** eindig nie.

- karootjie (*soort bossie*), Naidoos – Naidootjie, Vosloos – Voslootjie
- kafees – kafeetjie, komitees – komiteetjie, Marees – Mareetjie, Schoombees – Schoombeetjie

**REËL 2.5** Die afkappingsteken word nie gebruik by meervoudsvorme op **-s** en verkleiningsvorme van naamwoorde wat op 'n vokaalletter met 'n diakritiese teken eindig nie.

- ❑ Andrés, attachés, clichétjje, Fouchés, Naudétjje
- ❑ gorétjje, hoerês, ieternagôtjje, relês

**REËL 2.6** Die afkappingsteken word nie gebruik by meervoudsvorme op **-s** en verkleiningsvorme van naamwoorde wat op **y** of **ie** eindig nie.

- ❑ Barrys – Barrytjje, Findlays, Garys – Garytjje, Henrys – Henrytjje, Kays, Rays – Raytjje
- ❑ Bentleys, De la Reys – De la Reytjje, Vreys
- ❑ bisleys, cockneys – cockneytjje
- ❑ cowboys – cowboytjje
- ❑ dandytjje, dries – drietjje, Gies, ladytjje, martini-henrytjje, nies – nietjje, wallabies – wallabetjje, whiskeytjje *of* whiskytjje
- ❑ essays – essaytjje
- ❑ Gloys, Roys – Roytjje, Toys
- ❑ hierjys – hierjytjje

**REËL 2.7** Die afkappingsteken word gebruik by meervoudsvorme op **-s** en verkleiningsvorme van naamwoorde wat eindig op 'n lank uitgespreekte **a** ('n [a:]-klank wat met slegs een **a** gespel word) wat die hoofklem dra.

hoera's, ja's – ja'tjje, karba's – karba'tjje, ma's – ma'tjje, peetpa's, Van Breda's – Van Breda'tjje



#### OPMERKINGS

- (a) Die stam wat die kern van 'n samestelling is, behou gewoonlik die spelling en woordboumoontlikhede wat hy as selfstandige woord het. Daarom kry die meervoudsvorm van **peetpa**, wat 'n samestelling van **peet-** + **-pa** is, 'n afkappings-**s**: **peetpa's**. **Oupa** word egter nie as 'n samestelling (**ou-** + **-pa**) beskou nie en dus is die meervoud **oupas**. Kyk ook opmerking (b).
- (b) As 'n woord wel op 'n **a** eindig, maar dié klank nie lank uitgespreek word nie en nie die hoofklem in die woord dra nie, word daar nie 'n afkappingsteken ná die **a** gebruik nie, byvoorbeeld **dramas** – **dramatjje**, **oupas** – **oupatjje**, **temas** – **tematjje**.
- (c) Kyk ook reël 13.7, veral opmerking (e).

**REËL 2.8** Die afkappingsteken word gebruik by die meervoudsvorme op **-e** en die verkleiningsvorme van selfstandige naamwoorde wat eindig op 'n **e** wat nie uitgespreek word nie.

- |  |                             |
|--|-----------------------------|
| <input type="checkbox"/> barrage'e of barrages | dépêche'e of dépêches       |
| cache'e of caches                              | faïence'e of faïences       |
| caprice'e of caprices                          | fiche'e of fiches           |
| collage'e of collages                          | garage'e of garages         |
| concierge'e of concierges                      | mikrofiche'e of mikrofiches |
| crèche'e of crèches                            | séance'e of séances         |
| <input type="checkbox"/> crèche – crèche'ie    | garage – garage'ie          |

 **OPMERKINGS**

- (a) Kyk ook reël 13.8.
- (b) Vir meervoude op **-s**, kyk ook reël 13.5.
- (c) Hoewel die **e** in sulke gevalle in die enkelvoud nie uitgespreek word nie, gebeur dit wel wanneer die **-s**-meervoudsuitgang gekies word.

**REËL 2.9** Die afkappingsteken word gebruik by die meervouds- en verkleiningsvorme van eiename wat eindig op **e** of **(r)s** wat nie uitgespreek word nie en waarvan die meervoud met onderskeidelik **e** of **s** gevorm word.

- Terblanche'e – Terblanche'ie
- Cecile's – Cecile'tjie, Estelle's of Estelle'e – Estelle'tjie
- Celliers's – Celliers'tjie, De Villiers's – De Villiers'tjie (*uitspraak: De Viljee*), Du Plessis's – Du Plessis'tjie, Marais's – Marais'tjie
- Louis's – Louis'tjie

 **OPMERKINGS**

- (a) As die slot-**s** van 'n van soos **De Villiers** of **Viviers** wel uitgespreek word, is die meervouds- en verkleiningsvorm sonder 'n afkappingsteken, byvoorbeeld: **De Villierse** – **De Villiersie**, **Vivierse** – **Viviersie**. Kyk ook reël 15.13, veral opmerking (a).
- (b) Kyk ook reëls 13.8 en 13.27.

**REËL 2.10** Die afkappingsteken word nie gebruik by die meervouds- en verkleiningsvorme van eiename wat eindig op **t**, **x** of **z** wat nie uitgespreek word nie.

- Du Toits – Du Toitjie

- ❑ De Roubaixs – De Roubaixtjie, Le Rouxs – Le Rouxtjie, Tredoux – Tredouxtjie
- ❑ Du Preezs – Du Preeztjie

**OPMERKING**

Kyk ook reël 13.28.

**REËL 2.11**

Die afkappingsteken word gebruik by die meervouds- en verkleiningsvorme van afkortings waarvan die letters afsonderlik uitgespreek word en by afkortings van grade en diplomas.

- ❑ b.v.p.'s, H.O.D.'s – H.O.D.'tjie of HOD's – HOD'tjie
- ❑ AK's, BMW's – BMW'tjie, CY's, KVV'tjie, OTM'e of OTM's, TV's – TV'tjie
- ❑ B.Ed.'s of BEd's, B.Mus.'e of BMus'e of Mus.B.'s of MusB's, B.Sc. Agric.'s of BScAgric's

**OPMERKING**

Kyk ook reëls 3.16 tot 3.18.

**REËL 2.12**

Die afkappingsteken word gebruik by die meervouds- en verkleiningsvorme van letters.

- ❑ a's – a'tjie, b's – b'tjie, l'e of l's – l'etjie, o's – o'tjie, z'e of z's – z'tjie
- ❑ A's, M'e of M's – M'etjie, R'e of R's – R'etjie
- ❑ á's – á'tjie, ê'e of ê's – ê'tjie, ï's – ï'tjie, ô's – ô'tjie

**OPMERKING**

- (a) Kyk ook **diakritiese tekens** in die TERMINOLOGIEÏLS.
- (b) Dié reël geld ook letteragtige simbole, byvoorbeeld B's – B'tjie, l'e – l'tjie.
- (c) Kyk ook reël 13.9.

**REËL 2.13**

Die afkappingsteken word gebruik by die meervouds- en verkleiningsvorme van syfers en getalle.

1'e of 1's – 1'etjie, 3'e of 3's – 3'tjie, 8'e of 8's – 8'ie, 9's – 9'tjie, 10'e of 10's – 10'tjie, 35's, VI'e – VI'ie, vii's – vii'tjie, 1990's

**OPMERKING**

- (a) Kyk ook reël 13.9.
- (b) Dié reël geld ook ander simbole, byvoorbeeld +e – +'ie, \*\*e – \*\*tjie.

**REËL 2.14** Die afkappingstekens word gebruik by die meervouds- en verkleiningsvorme van soortname wat deur of met behulp van syfers en getalle aangedui word.

F16's, gr. 12's, gr. 11'tjie, .303's, .22's – .22'tjie, 747's, st. 8's



**OPMERKING**

Kyk ook reël 13.9.

**REËL 2.15** Die afkappingstekens word tradisioneel in sekere gevalle gebruik om aan te dui dat een of meer klanke in 'n woord of woorde nie uitgespreek word nie.

g'n (vir *geen*), 'k (vir *ek*, soos in 'k weet nie, 'k glo hom nie), 'n (as *verswakking van die ouer lidwoordvorm een*), 's (vir *is*, soos in *hy's*, *daar's*), s'n of s'ne (vroer *syn of syne*), 't (vir *het*, soos in *hy't*, of as *verswakking van die ouer voornaamwoord of lidwoord het*, soos in *as't of as 't ware*, *hy is aan't of aan 't oes*)



**OPMERKINGS**

- Tradisioneel word by onder andere *als* (naas *alles*), *dis* (naas *dit is*) en *tru* (naas *terug*) geen afkappingstekens gebruik nie.
- 's en 't word vas aan die voorafgaande woord geskryf as hulle 'n verswakking is van onderskeidelik die werkwoorde *is* en *het*, byvoorbeeld: *hy's hier*, *sy't griep*.
- 't as verswakking van die ou Nederlandse voornaamwoord of lidwoord *het* word tradisioneel los van of vas aan die voorafgaande woord geskryf, byvoorbeeld: *aan't oes of aan 't oes*, *as't ware of as 't ware*.
- Kyk ook reël 9.3.

**REËL 2.16** Die afkappingstekens word by enkele tussenwerpsels gebruik.

b'r, h'n-'n, 'm, 'm-'m, 'n-'n



**OPMERKING**

Kyk reëls 12.16 en 16.21.

**REËL 2.17** Die afkappingstekens word gebruik in woorde van vreemde herkoms in hulle oorspronklike spelvorm.

- Kidd's Beach, 's-Gravenhage, St. Michael's
- gentlemen's agreement
- all' unisono, c'est la vie, hors d'oeuvre, raison d'être



### 3. AFKORTINGS

#### ORIËNTASIE

'n Eksemplariese lys afkortings begin op bladsy 471. Die reëls vir die algemeen erkende afkortings van Afrikaans, wat hieronder bespreek word, word in daardie lys gebruik.

- Die AFKORTINGSLYS bevat heelparty afkortings van eiename, veral die name van instansies, maar meestal nie die afkortings van die name van private maatskappye en politieke partye nie.
- Sommige afkortings in hierdie lys verwys na instansies of begrippe wat óf nie meer bestaan nie óf van naam verander het, byvoorbeeld EVKOM, YSKOR en ZARP. Sulke "historiese" afkortings het egter steeds inligtingswaarde vir die taalgebruiker, omdat die sake waarna hulle verwys, nog in tekste, histories of literêr, vermeld word.
- Hoewel daar op Afrikaanse afkortings gekonsentreer is, het die Taalkommissie dit goedgedink om ook afkortings uit verskeie ander tale in te sluit wat dikwels in Afrikaanse gebruikverband voorkom.

Voordat die afkortingsreëls bespreek word, word hieronder eers enkele *riglyne* by die gebruik van afkortings verskaf om die konteks aan te dui waarbinne die afkortings in Afrikaans gebruik word.

#### ➔ Riglyne by die gebruik van afkortings

1. As algemene riglyn geld dat slegs algemeen erkende afkortings gebruik word. (Kyk egter die laaste paragraaf hieronder.) Afkortings soos die volgende is dus nie vir algemene gebruik aanvaarbaar nie:

*\*h.d. of \*h/d (hierdie), \*id. (indien), \*mis. (miskien), \*moont. (moontlik), \*munis. (munisipaliteit), \*naaml. (naamlik), \*Ned. of \*Ned. (Nederlands), \*onbeskr. (onbeskryflik)*

2. Sommige afkortings word normaalweg nie as deel van 'n sin gebruik nie, maar slegs as opskrifte bo kolomme, as deel van lyste, by die korreksie van drukproewe, as titel voor 'n eienaam, in 'n eienaam, in 'n bibliografie, en dergelike:

*bl. (bladsy), dt. (debiet), hl. (hoofletter), it. (item), kt. (krediet), NP (nuwe paragraaf), tab. (tabel), vb. (voorbeeld)*

Om hierdie rede is die afkortings in sinne soos die volgende nie aanvaarbaar nie:

Hy het 'n \*dt. van R1000.  
 Die volgende \*it. was 'n violsolo.  
 Ek het twee \*vbe. van hierdie verskynsel gevind.  
 Sy het net die eerste \*bl. van die boek gelees.  
 Die eerste \*tab. bevat die belangrikste gegewens.  
 In elke \*NP word 'n nuwe gesigspunt gebring.



### OPMERKINGS

- (a) Sommige afkortings word normaalweg slegs in woordgroepe saam met eiename gebruik:

dr. (*dokter, doktor*) Smit, mev. (*mevrouw*) Marais, mnr. (*meneer*) Theron

In sinne soos die volgende is dié tipe afkortings nie aanvaarbaar nie:

Sy wil weet waar die \*dr. se spreekkamer is.

“Stuur vir \*mev. die pasteitjies.”

“Het jy dié \*mnr. al gehelp?”

- (b) Sommige afkortings word normaalweg slegs in woordgroepe saam met getalle gebruik:

bl. (*bladsy*) 3, hfst. (*hoofstuk*) 7, no. of nr. (*nommer*) 10,

par. (*paragraaf*) 2

In sinne soos die volgende is dié tipe afkortings nie aanvaarbaar nie:

Boaan die \*bl. is daar 'n drukfout.

Sy het die \*hfst. oor afkortings gelees.

Die \*nr. op die kaartjie was verkeerd.

Hierdie \*par. vat die saak goed saam.

- (c) Hierdie riglyn geld ook SI-simbole. Kyk opmerking (a) by reël 7.1.
3. Die gebruik van die afkorting moet binne 'n spesifieke betekenis-konteks begryp word: d.i. is wel die afkorting vir 'dit is', maar dan in die betekenis van 'dit wil sê'. Die gebruik van die afkorting in die volgende sinne is dus verkeerd:

\*D.i. die eerste keer dat ek dit so goed uiteengesit gesien het.  
Ek weet \*d.i. nie die waarheid nie.

Net so word **bpk.** gebruik as aanduiding van 'n tipe maatskappy: **Vasvathandelaars (Edms.) Bpk.**, maar nie soos in die volgende sin nie:

Dieretaal is baie \*bpk. vergeleke met menslike taal.

Die afkorting **afl.** word as onder andere 'n tegniese term in die taalkunde gebruik. Om dit dus soos volg te gebruik, is nie aanvaarbaar nie:

Hulle gaan sirkus toe om 'n bietjie \*afl. te kry.

4. 'n Sin word nie met 'n afkorting begin nie:

\*S.i. is my stelling verkeerd.

\*D.w.s. die man het gelieg.

\*T.o.v. jou opmerking het ek niks verder om te verduidelik nie.



#### OPMERKING

Uitsonderings op hierdie riglyn is tipes soos die volgende:

Dr. Gouws het u gebel.

Mnr. Hauptfleisch wil u graag spreek.

K.b.a.-bestellings kry onmiddellik aandag.

B.v.p.-beslissings is altyd lastig.

B.A.-studente (of BA-studente) kan hulle vir die B.A.Hons. (of BAHons) inskryf.

5. 'n Opeenvolging van afkortings in 'n sin, soos in die volgende gevalle, is swak styl en word nie aanbeveel nie:

Ek stem \*n.a.v. \*o.m. die volgende voorbeelde daarvoor.

Daar is \*t.o.v. \*eg. \*par. geen beswaar nie.

6. Dit staan enige individu of organisasie vry om individuele of huishoudelike, dit wil sê nie-erkende, afkortings vir eie gebruik aan te wend. Slegs algemeen erkende vorme is egter vir formele en/of breë gebruik aanvaarbaar. Die huishoudelike vorme is nie vir algemene, openbare kommunikasie gepas nie.

'n Beperkte lys afkortings word ná die WoordeLys gegee. Die reëls vir die gebruik van afkortings in Afrikaans word hieronder bespreek.

## ➔ **Woorde en name**

### **REËL 3.1**

Woorde kan afgekort word deur die volle eerste (soms plus tweede, en soms ook derde) lettergreep plus die eerste letter(s) van die daaropvolgende lettergreep of lettergrepe te gebruik.

- ❑ **aanb.** (*aanbod*), **aanvr.** (*aanvraag*), **abs.** (*absoluut*), **advt.** (*adverteerder; advertensie*), **bot.** (*botanie; botanies(e)*), **chem.** (*chemie; chemies(e)*), **Dan.** (*Daniël*), **dies.** (*dieselfde*), **Febr. of Feb.** (*Februarie*), **Gen.** (*Genesis*), **impf.** (*imperfektum*), **instr.** (*instrument*), **Jan.** (*Januarie*), **konst.** (*konstabel*), **lugv.** (*lugvaart*)
- ❑ **aanget.** (*aangeteken(de)*), **elektr.** (*elektries(e)*), **geïll.** (*geïllustreer(de)*)
- ❑ **elektron.** (*elektronika; elektronies(e)*), **fisiol.** (*fisiologie; fisiologies(e)*)



### **OPMERKING**

Daar is ook enkele gevalle waar die slotletter(s) van die betrokke woord deel van die afkorting uitmaak, byvoorbeeld **adjt.** (*adjutant*), **dept.** (*departement*), **gebrs.** (*gebroeders*).

### **REËL 3.2**

Woorde kan afgekort word deur middel van die eerste letter(s) van die woord, of deur middel van die eerste letters van een of meer lettergrepe van die woord.

- ❑ **a.** (*aan; annum; artikel*), **b.** (*baie*), **d.** (*dogter*), **D.** (*Duits(e)*)
- ❑ **br.** (*breedte; broer*), **Chr.** (*Christus*), **kw.** (*kwartaal; kwartier*)
- ❑ **as.** (*aanstaande*), **bg.** (*bogenoemde*), **bls.** (*balansstaat*), **bst.** (*bo-staande*), **hst.** (*hoofstad*), **kl.** (*kleinletter*), **Mnl.** (*Middelnederlands*)



### **OPMERKING**

In 'n beperkte aantal gevalle word die eerste en die laaste letter van die eerste lettergreep plus die eerste letter(s) van die daaropvolgende lettergreep vir die afkorting gebruik, byvoorbeeld **hfs.** (*hoofsaaklik*), **hfst.** (*hoofstuk*).

**REÛL 3.3** Woorde kan afgekort word deur middel van die eerste en laaste letter(s) van die woord, met soms ook die eerste letter(s) van lettergrepe tussenin.

- ❑ bk. (*bank; boek*), bro. (*bruto*), dt. (*debiet*), Kie. (*Kompanjie*), Mrt. (*Maart*)
- ❑ dnr. (*dienaar*), dra. (*doktoranda*), drs. (*doktorandus*), Edms. (*Eien-doms*), kdr. (*kommandeur*), mnr. (*meneer*)

### ➔ **Woordgroepe en name**

**REÛL 3.4** Woordgroepe kan afgekort word deur middel van die beginletter(s) van al die (of sommige van die) woorde waaruit die woordgroep bestaan.

a.g.v. ( <i>as gevolg van</i> )	m.b.t. ( <i>met betrekking tot</i> )
b.b.a. ( <i>betaling by aflewering</i> )	n.a.v. ( <i>na aanleiding van</i> )
d.m.v. ( <i>deur middel van</i> )	o.a. ( <i>onder andere</i> )
e.d.m. ( <i>en dies meer</i> )	o.m. ( <i>onder meer</i> )
i.p.v. ( <i>in plaas van</i> )	s.nw. ( <i>selfstandige naamwoord</i> )
m.a.w. ( <i>met ander woorde</i> )	t.o.v. ( <i>ten opsigte van</i> )

### 👉 **OPMERKINGS**

- (a) In sekere gevalle word woordgroepe (net soos woorde) afgekort volgens lettergrepe plus die beginletters van lettergrepe, byvoorbeeld **antw.bet.** (*antwoord betaal(d)*).
- (b) Wanneer 'n woordgroep (byvoorbeeld **as gevolg van**) afgekort word, word aanbeveel dat die afkorting sonder spasies geskryf word met 'n punt ná elke letter (of groep letters) wat 'n woord voorstel. Dit voorkom onsinnige bousels soos **om** in plaas van die bedoelde **o.m.** (*onder meer*). Dit beteken ook dat een of twee punte in plaas van onderskeidelik die vereiste twee of drie, byvoorbeeld \***o.m** in plaas van **o.m.** of \***n.a.v** in plaas van **n.a.v.**, onaanvaarbaar is.

**REÛL 3.5** Name van instansies (of name van lede van instansies) kan afgekort word deur middel van die beginletter(s) van die woorde of stamme waaruit die naam bestaan.

**KJA** (*Kerkjeugaksie*), **LP** (*Lid van die Parlement*), **PU vir CHO** (*Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys*), **SADOU** (*Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie*), **SARVU** (*Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie*)

 **OPMERKINGS**

- (a) **Let Wel:** Hierdie tipe afkortings word by voorkeur sonder punte geskryf, en spasies word nie in plaas van punte gebruik nie. Kyk ook reël 3.13.
- (b) Die name van instansies word dikwels op 'n *ad hoc*-manier verkort, waardeur daar dan gewoonlik akronieme tot stand kom, soos **NAKOS** of **Nakos** (*Navorsingskomitee vir Onderwysstrukture*), **PanSAT** (*Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad*), **SARVU** of **Sarvu** (*Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie*).
- (c) Waar toepaslik word die volvorme van die name van instansies in die AFKORTINGSLYS aangegee soos hulle volgens wet geregistreer is.

**REËL 3.6**

Voorname word afgekort deur middel van die eerste letter van die naam, of die eerste lettergreep plus die eerste letter van die volgende lettergreep van die naam.

- D.F. Malherbe, H.J.J.M. van der Merwe, N.P.v.W. Louw
- S. Ign. Mocke, Abr. H. Jonker, Jac. J. Muller

 **OPMERKING**

Vir die gebruik van punte by die afkorting van voorname, kyk ook reël 3.13.

**REËL 3.7**

Tradisioneel word punte by afkortings gebruik.

bv., d.w.s., ens., t.o.v.

 **OPMERKING**

Kyk opmerking (a) by reël 3.5, asook reëls 3.8, 3.9, 3.10 en 3.13 vir uitsonderings.

**REËL 3.8**

By afkortings van die name van grade, diplomas en sertifikate is punte opsioneel.

**BA** of **B.A.** (*Baccalaureus Artium*), **BBibl** of **B.Bibl.** (*Baccalaureus Bibliothecologiae*), **BMus(Ed)** of **B.Mus.(Ed.)** (*Baccalaureus Musicae (Educationis)*), **HOD** of **H.O.D.** (*Hoër Onderwysdiploma*), **MCom** of **M.Com.** (*Magister Commercii*), **NGOS** of **N.G.O.S.** (*Nagraadse Gevorderde Onderwysertifikaat*)

 **OPMERKING**

In die AFKORTINGSLYS word **slegs die puntlose vorm aangebied.**

**REÛL 3.9** By afkortings wat net uit hoofletters bestaan, is punte opsioneel.

HOD of H.O.D. (*Hoër Onderwysdiploma*), HPK of H.P.K. (*hoofposkantoor*), IK of I.K. (*intelligensiekwasiënt*), MIV of M.I.V. (*menslike immuniteitsgebreksvirus*), NNS of N.N.S. (*Nasionale Navorsingstigting*), RAU of R.A.U. (*Randse Afrikaanse Universiteit*)



**OPMERKINGS**

- (a) Kyk ook reël 3.10.
- (b) In die AFKORTINGSGLYS word **slegs die puntlose vorm aangebied**.
- (c) Spasies word nie in plaas van punte gebruik nie.

**REÛL 3.10** Geen punte word geskryf by afkortings van name wat as akronieme gebruik word nie.

KONTRALESA of Kontralesa (*Kongres van Tradisionele Leiers van Suid-Afrika*), KRUIK of Kruik (*Kaaplandse Raad vir Uitvoerende Kunste*), NOKSA of Noksa (*Nasionale Olimpiese Komitee van Suid-Afrika*), PanSAT (*Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad*), SABEK of Sabek (*Suid-Afrikaanse Besigheidskamer*), SADOU of Sadou (*Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie*)

**REÛL 3.11** Hoofletters sonder punte word gebruik by letternaamwoorde vir die name van stelsels, prosesse, produkte, apparate, prosedures, mediese begrippe, materiale, veranderlikes en konstantes, en vir sommige nie-vaktegnyse begrippe en ampsbenamings waarvan die volvorm gewoonlik in kleinletters geskryf word.

AWA (*agterwiel aandrywing; alwiel aandrywing*), BD (*bloeddruk*), BTW (*belasting op toegevoegde waarde*), EKG (*elektrokardiogram*), GGD (*grootste gemene deler*), GR (*geoktrooieerde rekenmeester*), LBS (*lopende betaalstelsel*), MV (*motorvervoer*), PMG (*posmeester-generaal*), PP (*pakketpos*), PR (*persoonlike rekenaar*), PVA (*polivinielalkohol*)



**OPMERKINGS**

- (a) Kyk ook reël 3.14.
- (b) Die metode om by afgeleide woorde die eerste letter van die stamwoord as afkortingsletter te gebruik, word nie aanbeveel nie, byvoorbeeld \*GMP in plaas van GGP vir **geneties gemodifiseerde produk**.

**REËL 3.12** Geen punt met afkortingswaarde word geskryf by die simbole van die SI (*Système International d'Unités*) nie.

C (*coulomb*), cm (*sentimeter*), g (*gram*), GJ (*gigajoule*), kg (*kilogram*), km (*kilometer*), l (*liter*), ml (*milliliter*), V (*volt*), W (*watt*)



#### OPMERKINGS

- (a) Vir die gebruik van punte by hierdie soort gevalle, kyk ook reël 7.13.
- (b) Vir die gebruik van afkortings en volvorme saam met simbole, kyk opmerking (a) by reël 7.1, en opmerkings (e), (f) en (g) by reël 7.17.

**REËL 3.13** Voorletters en afkortings van niesaamgestelde titels kan met of sonder punte geskryf word.

dr. P.J. Mostert *of* dr PJ Mostert (*dokter/doktor Mostert*)  
 me. H.Z. van Vuuren *of* me HZ van Vuuren (*mejuffrou/mevrou Van Vuuren*)  
 mej. Z. Slabber *of* mej Z Slabber (*mejuffrou Slabber*)  
 mnr. J. van Wyk *of* mnr J van Wyk (*meneer Van Wyk*)  
 prof. P.J. Naudé *of* prof PJ Naudé (*professor Naudé*)



#### OPMERKINGS

- (a) As die afkortings van voorname sonder punte gebruik word, word spasies nie in plaas van die punte gebruik nie.
- (b) Die vorm *me. of me* (meervoudsvorm *mes. of mes of mee. of mee*), die titel vir 'n vroulike persoon sonder aanduiding van huwelikstaats, is nie 'n gewone afkorting nie omdat dit nie 'n volvorm het nie. Kyk ook reëls 3.16 en 3.17.
- (c) Let op die skryfwyse van afkortings van saamgestelde titels, byvoorbeeld *genl.maj. Smit, asst.komm. Sithole*.

**REËL 3.14** Koppeltekens word nie in afkortings gebruik nie, maar wel in samestellings wat bestaan uit 'n afkorting plus 'n volle woord.

B.A.-student *of* BA-student, b.v.p.-beslissing, k.b.a.-betaling,  
 PVA-afwerking, TV-advertensie, ww.-funksie



#### OPMERKINGS

- (a) 'n Koppelteken word by uitsondering in 'n afkorting gebruik wanneer die betrokke volvorm met 'n deelteken of 'n koppelteken geskryf kan word, byvoorbeeld *koëf. of ko-ef.* (*koëffisiënt of ko-effisiënt*), *koop. of ko-op.* (*koöperasie of ko-operasie; koöperatief*



- of *ko-operatief* (.*tiewe*)). Let insgelyks op die skryfwyse van toevallige verbindings soos **BTW-nr.** en **ID-nr.**
- (b) Die afkortings van die name van organisasies, liggame of persone wat konvensioneel (by wet of andersins) benoem word, word met hoofletters en sonder punte geskryf. Wanneer 'n saamgestelde afkorting uit twee sulke elemente bestaan, word dit met 'n koppelteken vas geskryf, byvoorbeeld **ANC-LP**, **DA-LPW**.
  - (c) Vir die skryfwyse van samestellings en afleidings met elemente soos **IK**, **PVA**, **TV**, **WVK**, kyk ook reëls 12.8 tot 12.10.
  - (d) Let op dat gevalle soos **NG predikant** of **SA kabinet**, soos hulle volvorme **Nederduitse Gereformeerde predikant** en **Suid-Afrikaanse kabinet**, nie samestellings is nie. Daar word dus geen koppelteken tussen die afkorting en die soortnaam geskryf nie.
  - (e) Let op die skryfwyse van gevalle met **3D**. Indien die volvorm van **3D** as 'driedimensionele' verstaan word, is die skryfwyse byvoorbeeld **3D fliek**, maar as die volvorm as 'driedimensie-' verstaan word, is die skryfwyse byvoorbeeld **3D-fliek**.

**REËL 3.15** Die ampersand (&) kan vir **en** voor of in afkortings gebruik word.

Olivier en Kie. of Olivier & Kie., O. en M. of O. & M. of O&M (*organisasie en metodes*)

## ➔ Meervoudsvorme

**REËL 3.16** Die afkorting van meervoudsvorme geskied deur 'n **e** of 'n **s**, in ooreenstemming met die normale meervoudsuitgang van die onafgekorte woord, by die afkorting van die enkelvoudsvorm te voeg.

depte. (*departemente*), drs. (*doktors; dokters*), hfste. (*hoofstukke*), mnre. (*menere*), opms. (*opmerkings*)



### OPMERKING

'n Alternatiewe metode word deur reël 3.17 gedek.

**REËL 3.17** Die afkorting van meervoudsvorme kan geskied deur die slotletter van die enkelvoudsvorm te verdubbel.

dr. (*doktore of doktors; dokters*), hll. (*hoofletters*), kll. (*kleinletters*), mejj. (*mejuffroue*), mevv. (*mevroue*), mnrr. (*menere*), parr. (*paragrawe*), proff. (*professore*), sekrr. (*sekretarisse*)

**OPMERKING**

'n Alternatiewe metode word deur reël 3.16 gedek.

**REËL 3.18**

Die meervoudsvorme van hoofletterakronieme en letternaamwoorde word gevorm deur 'e of 's by die enkelvoudsvorm van die hoofletterakroniem of letternaamwoord te voeg.

- ❑ PIN'e of PIN's (*persoonlike identifikasienommers*)
- ❑ k.o.'s (*kandidaatoffisiere*), s.g.'s (*soortelike gewigte*)
- ❑ ID's (*identiteitsdokumente*), LP's (*Lede van die Parlement*), LUR'e (*Lede van die Uitvoerende Raad*), NRO's (*nieregeringsorganisasies*), OTM'e of OTM's (*outomatiese tellermasjiene*), PHS'e (*private hand-sentrales*), SDR'e of SDR's (*streekdiensterade*)
- ❑ BA's of B.A.'s (*Baccalaureus Artiums*), HOD's of H.O.D.'s (*Hoër Onderwysdiplomas*)

**OPMERKING**

Die keuse tussen 'e en 's word deur die meervoudsvorm van die alfabetnaam van die laaste letter bepaal en nie deur dié van die woord wat afgekort word nie. In sommige gevalle is albei meervoudsuitgange dus moontlik, soos by OTM hierbo, want ons praat van **emme** of **ems**.

**REËL 3.19**

Enkele vreemde meervoudsvorme (uit Latyn of Grieks) word afgekort deur die eerste en laaste letter van die woord in sy meervoudsvorm te skryf, of deur die laaste letter van die meervoudsvorm by die afkorting van die enkelvoudsvorm te voeg.

di. (*domini – meervoud van dominus 'dominee'*), maksa. (*maksima – meervoud van maksimum*), mina. (*minima*)

**Rangtelwoorde****REËL 3.20**

Rangtelwoorde kan afgekort word óf met die syfer plus **de** of **ste** (volgens die vereiste van die volvorm) óf met 'n syfer plus **e**, ongeag of die volvorm op **-de** of **-ste** eindig.

- ❑ 10de of 10e, 19de of 19e
- ❑ 21ste of 21e, 100ste of 100e

**OPMERKINGS**

(a) Geen spasie word tussen die syfer en die **de**, **ste** of **e** gelaat nie.

- (b) Vir die skryfwyse van straatname met rangtelwoorde, soos 5de Laan en 26ste Straat, kyk reëls 9.15, 14.34 en 14.35.

### **elektroniese in internetverband**

**REËL 3.21** In internet- en rekenaarverband word die afkorting **e**, vir die volvorm **elektroniese**, met 'n koppelteken vas aan die bybehorende selfstandige naamwoord geskryf.

- e-aankope, e-adres, e-bankwese, e-boek, e-handel, e-inkopies, e-leer, e-pos, e-posadres of e-pos-adres, e-regering

#### **OPMERKINGS**

- (a) Hierdie reël, wat in ooreenstemming met internasionale gebruik is, geld ondanks opmerking (d) by reël 3.14.
- (b) Aan sinsbegin word die **e** 'n hoofletter, byvoorbeeld:

E-pos is deesdae 'n algemene vorm van kommunikasie.

## 4. AKUUTTEKEN

### ORIËNTASIE

Die akuutteken (´) word in Afrikaans net op vokaalleters en diftonge geplaas.

#### REËL 4.1

Die akuutteken word in bepaalde gevalle gebruik om betekenisonder-skeid en woordsoortverskil by andersins identiese woorde aan te dui.

dié *teenoor* die (Ek kan dié/die man nie verstaan nie.)

ná *teenoor* na (Die polisie het 'n intensiewe ondersoek gedoen ná/na die voorval.)



### OPMERKINGS

- (a) Die akuutteken word nie gebruik wanneer sulke akuutdraende woorde in samestellings voorkom nie, byvoorbeeld *diegene*, *na-graads*. Om tradisionele redes word *diékant* egter ook met 'n akuut-aksent geskryf.
- (b) Die akuutteken kan ook by geleentheid en volgens keuse gebruik word om betekenis- of woordsoortverskil aan te dui, byvoorbeeld *ál teenoor al* (Hy het ál/al sy werk gedoen.); *nóú teenoor nou* (Die voormalige vyande het nóú/nou saamgewerk.); *omtrént teenoor omtrent* (Ná die klimtog was ons omtrént/omtrent disnis.)

#### REËL 4.2

Die akuutteken word gebruik om beklemtoning aan te dui.

- bóg, ék, fýn, húlle, kán, níks
- én . . . én, nóg . . . nóg, óf . . . óf
- déúr, dúúr, één, kóéi, kóúd, kráái, láát, móét, móói, néé, ongelóóflik
- dié, héilig, hiér, lúi
- kóéël, réén, spiéël



### OPMERKINGS

- (a) Die akuutteken word nie op 'n **i** geplaas as dit saam met 'n ander vokaalletter voorkom nie, byvoorbeeld *lúi*, maar sodra die **i** die enigste vokaalletter is, kan dit beklemtoon word, byvoorbeeld *dít*, *wíl*, *wít*.
- (b) Kyk ook reël 4.4.

**REËL 4.3** Die akuutteken as beklemtoningsteken verdring nie 'n ander diakritiese teken wat 'n spellingvereiste is nie.

- dié, héilig, hiér, lúi
- kóéël, réën, spiéël

**REËL 4.4** Die akuutteken word gebruik in woorde van vreemde herkoms in hul oorspronklike spelvorm.

attaché, auto-da-fé *of* auto-de-fé, cliché, détente, née, négligé, procédé, séance



#### OPMERKINGS

- (a) Kyk ook die hoofstukke GRAVISTEKEN en WOORDE VAN VREEMDE HERKOMS.
- (b) Sommige leenwoorde word met die akuutteken en sommige met die gravisteken geskryf omdat daar gehou word by die spelvorm van die taal waaraan die woord ontleen is.

**REËL 4.5** Die akuutteken word gebruik in sommige eiename van vreemde (hoofsaaklik Franse) herkoms in hulle oorspronklike spelvorm.

- Asunción, Mahé
- Cronjé, Esmé, Fouché, Kotzé, Maré, Naudé, René



#### OPMERKINGS

- (a) Die akuutteken word soms in kombinasie met die gravisteken gebruik, soos byvoorbeeld *Hélène*, *Thérèse*.
- (b) Sommige van dié eiename word met die akuutteken en sommige met die gravisteken, of albei, geskryf omdat daar gehou word by die spelvorm van die taal waaraan die woord ontleen is.
- (c) Kyk ook die hoofstukke GRAVISTEKEN en WOORDE VAN VREEMDE HERKOMS.

## 5. DEELTEKEN

### ORIËNTASIE

Die deelteken (◌̣) word in Afrikaans net in sekere omstandighede op vokaalletters geplaas. Dié teken het verskillende gebruike in die Afrikaanse spelling, wat hieronder kortliks uiteengesit word.

#### REËL 5.1

Die deelteken word in sommige Afrikaanse simplekse en afleidings gebruik waarin daar twee of meer aangrensende vokaalletters voorkom wat tot verskillende lettergrepe behoort en wat uitgespreek sou kon word asof hulle tot dieselfde lettergreep behoort, en dan dui die deelteken die begin van 'n nuwe lettergreep aan.

- ❑ argeoloë, beëdig, beëindig, beleë, drieërlei, Europeër, floëem, geëien, geëis, geëksamineer, geëkskommunikeer, geëkskuseer, geëmansipeer, geëmigreer, geënt, geërg, geleë, genoeë, goël, poëem, priële, reliëf, silhoeët, tatoeëer, trofeë, vermoë, vlieër, voël
- ❑ altruïs, beïnvloed, geïllumineer, geïn, geïnterneer, heroïen, Hindoeïsme of hindoeïsme, mosaïek, naïef, paranoïes, promiskuiteit, ruïne
- ❑ breë (*naas breed en breër*), moeë (*naas moeg en moeër*), seë (*naas see*)
- ❑ geünifiseer, reünie



### OPMERKINGS

- (a) Wanneer twee **i's** in 'n woord langs mekaar staan en een van die twee **i's** tot 'n affiks behoort, kry die tweede **i** nie 'n deelteken nie, byvoorbeeld **antiinflammatories**, **kopiis**, **pollioon**. Dit geld ook ander gevalle van werkwoordstam + **-ing**, soos **draaiing**, **vloeiing**, asook gevalle soos **fraiing**, **toiings**. Wanneer twee **i's** in 'n samestelling langs mekaar staan en onderskeidelik tot die twee stamme behoort, byvoorbeeld **Israëli-immigrant**, **ski-instrukteur**, kan 'n kop-pelteken tussen die twee **i's** geskryf word.
- (b) Ter wille van tradisie, of omdat daar geen uitspraakprobleme bestaan nie, word die deelteken nie in gevalle soos die onderstaande gebruik nie, selfs al behoort die betrokke aangrensende vokaalletters tot verskillende lettergrepe:

dae, eien, geneentheid (*naas geneë*), geolie, geuiter, geykte, jeens, verleentheid (*naas verleë*), weens

- (c) Die deelteken word om historiese redes in gevalle soos die onderstaande gebruik, selfs al is dit moontlik om die aangrensende voakkalletters uit te spreek asof hulle deel van een lettergreep vorm:

bejeën, hiërargie, hiërogliewe, koeël, leër (landmag; *naas hy staan op 'n leer*), reël, reëling (*naas reling*), reën, seël, seën, seëvier, spieël, teël (*naas teel*)

- (d) In bepaalde gevalle onderskei die deelteken betekenis, byvoorbeeld:

gereelde *naas gereëld*, hoe *naas hoë*, leer *naas leër*, seel *naas seël*

- (e) By woorde wat op 'n **a** eindig, kan die uitgang **-agtig** met 'n deelteken of met 'n koppelteken daaraan verbind word, byvoorbeeld:

kobraagtig *of* kobra-agtig, sebraagtig *of* sebra-agtig

In die Woordeleks word **slegs die deeltekenmoontlikheid as voorkeurvorm aangebied**.

**REÛL 5.2** Die deelteken word nie gebruik by woorde wat op **-ieel**, **-ieer** of **-ieet** eindig nie.

- essensieel, finansieel, kommersieel, offisieel, seremonieel, substansieel
- differensieer, kopieer, lisensieer, oktrooier, parodieer, spasier, subsidieer
- dieet



#### OPMERKINGS

- (a) Kyk reël 5.3.  
 (b) Let egter op die spelling van **spieël**; kyk opmerking (c) by reël 5.1.

**REÛL 5.3** Die deelteken word gebruik by verboë of afgeleide vorme van woorde wat op **-ieel**, **-ieer** of **-ieet** eindig.

- essensiële, finansiële, kommersiële, offisiële, seremoniële, substansiële
- differensiering, kopiëring, lisensiering, oktrooiering, parodiëring, spasiering, subsidiëring
- diëte

**OPMERKING**

Kyk ook reëls 5.2 en 5.4.

**REËL 5.4**

Die deelteken word nie gebruik wanneer 'n **a** of 'n **o** voorafgegaan word deur 'n **e**, **i**, of **u** wat tot 'n ander lettergreep behoort nie.

- beantwoord, sakeadres; boereorkes, geolie
- biaksiaal, diagnose; biologie, diode
- aktuaris, dualiteit; duo, virtuose

**REËL 5.5**

By **afleidings** waar 'n opeenvolging van vokaalletters voorkom en reël 5.1 geld, word die deelteken vir skeiding tussen die woorddele gebruik. Die koppelteken word egter by **samestellings** gebruik waar so 'n opeenvolging van vokaalletters tussen die samestellende woorde voorkom.

beëdig *maar* studie-eenheid  
 droë *maar* foto-einde  
 geëien *maar* toe-eien

**REËL 5.6**

'n Deelteken of 'n koppelteken word gebruik in verbindings waar 'n opeenvolging van vokaalletters verkeerd gelees kan word en voorvoegsels van Klassieke herkoms betrokke is.

- biëlektries *of* bi-elektries  
 biëmbrionies *of* bi-embrionies  
 diëlektries *of* di-elektries  
 koëffisiënt *of* ko-effisiënt  
 koöperasie *of* ko-operasie  
 preëksistensie *of* pre-eksistensie  
 preüniversitêr *of* pre-universitêr  
 reïnkarnasie *of* re-inkarnasie  
 triënnale *of* tri-ennale
- infraäkoesties *of* infra-akoesties  
 kontraäktief *of* kontra-aktief  
 mikroörganisme *of* mikro-organisme  
 psigoörganies *of* psigo-organies  
 radioöpaak *of* radio-opaak
- gastroënteritis *of* gastro-enteritis  
 poliëtileen *of* poli-etileen  
 sosioëkonomies *of* sosio-ekonomies





## OPMERKINGS

- (a) In bogenoemde gevalle word **slegs die spelling met die deelteken as voorkeurvorm in die WOORDELYS aangebied**. Hoewel woorde soos **koöperasie** en **koëffisiënt** volgens bostaande reël ook met 'n koppelteken geskryf kan word, moet 'n koppelteken nie gebruik word indien die betrokke woord in 'n samestelling voorkom en die gebruik van die koppelteken daartoe lei dat die samestelling verwarrend is of vreemd voorkom nie, byvoorbeeld:  
\*mielieko-operasie of \*nuttigheidsko-effisiënt
- (b) Kyk opmerking (b) by reël 12.2.
- (c) Let daarop dat sommige van hierdie voorvoegsels presies soos selfstandige woorde lyk, byvoorbeeld:

foto- (lig) *teenoor* foto (kiekie)

radio- (straling) *teenoor* radio (send- of ontvangstoestel)

Indien 'n komplekse woord gevorm word met behulp van so 'n selfstandige woord en daar 'n opeenvolging van vokaalletters is wat verkeerd geles kan word, word slegs 'n koppelteken vir die skeiding van die woorddele gebruik, byvoorbeeld:

slegs foto-uitstalling maar fotoëlektries *of* foto-elektries  
slegs radio-ontvangs maar radioïsootoop *of* radio-isotoop

Kyk ook reël 12.2.

## REÛL 5.7

Ná 'n vokaalletter met 'n diakritiese teken aan die einde van 'n lettergreep kry die vokaalletter aan die begin van die volgende lettergreep geen deelteken nie.

blaséerig, lêer, lêerig, rûe, sôe, wîe

## REÛL 5.8

Indien 'n deelteken in 'n woord voorkom en daardie woord word aan die einde van 'n reël afgebreek direk voor die letter waarop die deelteken voorkom, is die deelteken aan die begin van die volgende reël opsioneel.

be-  
edig

*of*

be-  
ëdig

ge-  
interesseer

*of*

ge-  
interesseer

ko-  
opteer

*of*

ko-  
öpteer

**OPMERKING**

Kyk ook reël 1.7.

**REËL 5.9**

Die verbinding **ae** kry in eg Afrikaanse woorde geen deelteken nie, hetsy dit as een of as twee lettergrepe uitgespreek word.

behae, dae, hael, maer, plae, swael, swaer

**OPMERKINGS**

- (a) Die Griekse stam **aër** word tradisioneel wel **aë** geskryf, byvoorbeeld in **aërobies**, **aërodinamika**, **aërogeen**, **aërogram**, **aërojel**, **aëroliet**, **aëroskoop**, **aërosol**.
- (b) Vir komplekse woorde met 'n eerste lid van Klassieke herkoms, byvoorbeeld **dodekaëder** of **dodeka-eder**, kyk ook reëls 5.6 en 12.2.

**REËL 5.10**

Die meervoudsvorme van woorde wat in die enkelvoud op **ee**, **i** (wat nie deel van 'n diftong is nie), **ie** of **oe** eindig en meervoudsvorme met **e** kry, word met onderskeidelik **eë**, **ië**, **ieë** en **oeë** gespel.

- fee – feë, see – seë
- alkali – alkalië (of alkali's)
- chemikalie – chemikalieë, genie – genieë, knie – knieë
- wynproe – wynproeë

**OPMERKING**

Kyk ook reël 13.10.

## 6. DIFTONGE

### ORIËNTASIE

'n Diftong (ook **tweeklank** genoem) is 'n opeenvolging van twee verskillende vokaalklanke wat sonder enige onderbreking uitgespreek word, byvoorbeeld [ɛi] soos in **rys**, [œy] soos in **huis**, [œu] soos in **gebou**, [a:i] soos in **laai**, [oi] soos in **prooi**, [eu] soos in **leeu**. Twee vokaalletters wat langs mekaar staan, verteenwoordig nie noodwendig 'n diftong nie. So byvoorbeeld is die **oo** in **poot** (uitgespreek as [pɔt]), die **ie** in **riet**, die **oe** in **voet**, die **eu** in **deur** en die **uu** in **vuur** 'n monoftong of eenklank, terwyl die **ou** van **vrou** wel 'n diftong is en uitgespreek word as [œu].

Die spelling van diftonge lewer min probleme op, en daar is slegs een diftong, naamlik [ɛi], wat op verskillende maniere gespreek kan word.

### REÛL 6.1

Om tradisionele redes word die diftong [ɛi] soms deur **ei** en soms deur **y** weergegee.

brei, lei, steil, wei *teenoor* bry, ly, styl, wy



### OPMERKINGS

- (a) Kyk grondbeginsel A en die toeligting in paragraaf 2(1) van die afdeling GRONDBEGINSELS VAN DIE AFRIKAANSE SPELLING vir die agtergrond van hierdie reël.
- (b) Diftonge het nie noodwendig 'n duidelike skrifbeeld nie, byvoorbeeld die gevalle **tameletjie** of **bedjie**, wat elkeen die diftong **ei** ([ɛi]) het wat nie in die skrifbeeld waarneembaar is nie.

## 7. GETALLE, SYFERS EN SIMBOLE

### ORIËNTASIE

Die reëls in hierdie hoofstuk gee leiding oor die skryfwyse van sowel woorde as woordgroepe waarin getalle, syfers en simbole as komponente van soortname optree.

#### REËL 7.1

Indien 'n syfer, getal, letter, afkorting of simbool in 'n samestelling of afleiding voorkom, word dit met 'n koppelteken aan die res van die samestelling of afleiding verbind.

- |  |  |
|--|--|
| □ A4-formaat                               | 7-sitplekvoertuig                          |
| B-mol                                      | 7 x 2,5 m-balke                            |
| B-mol-klarinet                             | 7° 10' 20"-hoek                            |
| B <sup>b</sup> -klarinet                   | 9 mm-parabellum                            |
| C <sup>#</sup> -majeur                     | 10 kg-sakke ( <i>sakke van 10 kg elk</i> ) |
| C <sup>#</sup> -mineur                     | -13 °C-lesing                              |
| di-n-butieleter                            | 30%-afwyking                               |
| g-benseenheksachloried                     | 70c-seël                                   |
| N-metielasetamied                          | 100 m-wedloop                              |
| R100-noot                                  | 145 m <sup>2</sup> -woonstel               |
| trans-2-buteen                             | 1 799 cm <sup>3</sup> -enjin               |
| 2 mm-ruitglas                              | <sup>3</sup> / <sub>4</sub> -maat          |
| 3-maandebetaalplan                         | <sup>9</sup> / <sub>16</sub> -moersleutel  |
| 4-wielaangedrewe                           | <sup>1</sup> / <sub>128</sub> -noot        |
| 5 ℓ-bottels ( <i>bottels van 5 ℓ elk</i> ) | £10-noot                                   |
| 5 °C-styging                               | α-ritme                                    |
| 6 m x 75 mm x 50 mm-balk                   | Ω-teken                                    |
| □ 6-erig ( <i>"Jou 5 lyk so 6-erig."</i> ) | 14-jarige                                  |
| 12-delige                                  | Δ-agtige ( <i>driehoekagtige</i> )         |



### OPMERKINGS

- (a) Sommige kombinasies van 'n getal en 'n SI-simbool met 'n maatnaam kan in die meervoud dubbelsinnig wees, hoewel die konteks waarin so 'n samestelling gebruik word, in die meeste gevalle die betekenis duidelik sal maak. Tog kan byvoorbeeld **50 ℓ-bottels** beteken 'vyftig bottels van een liter elk' of 'n onbepaalde aantal bottels van vyftig liter elk'. Indien die syfer die getal sake aandui wat deur die maatnaam benoem word, moet die SI-simbool **nie** gebruik word nie, maar wel sy volwoordekwivalent, byvoorbeeld

50 literbottels of 2,5 meterlengtes. Samestellings soos  $\ell$ -bottels, m-lengtes of kg-sakke in sinsverbande soos Dit word in \* $\ell$ -bottels/\*m-lengtes/\*kg-sakke verpak moet dus nie geskryf word nie. Indien syfers en simbole egter om watter rede ook al gebruik móet word, kan dubbelsinnigheid vermy word deur byvoorbeeld te skryf 50 1  $\ell$ -bottels, of 2,5 1 m-lengtes of 100 1 kg-sakke. Let op dat daar nie (soos by syfer plus SI-simbool) 'n wetlike beletsel is op die gebruik van die koppelteken tussen 'n syfer en die voluit-geskrewe metrieke eenheid nie. Kyk die ORIËNTASIE voor reël 7.10. Indien die **simbool** nie gebruik word nie, word 50 literbottels of 50 1-literbottels of 50 eenliterbottels dus geskryf vir die betekenis 'vyftig bottels van een liter elk', terwyl 50-literbottels geskryf word vir die betekenis 'n onbepaalde aantal bottels van vyftig liter elk'. Vir die gebruik van spasies by SI-simbole, kyk reëls 7.16 en 7.17.

- (b) Samestellings met 'n syfer of simbool, of 'n syfer plus simbool, as eerste lid en 'n eienaam as tweede lid, word met 'n koppelteken tussen die lede geskryf omdat die verbindings as soortname optree:

1,8  $\ell$ -Honda  
 9 mm-CZ (vuurwapen)  
 4x4-Land Rover  
 34A-Playtex

Kyk ook reël 14.12.

- (c) Die korrekte SI-simbool vir *kubieke sentimeter* is  $\text{cm}^3$ . In die motorwêreld en soortgelyke gebruiksfere kom **cc** egter nog in die omgang voor.
- (d) Hoewel temperatuur aanduiding in grade Fahrenheit nie binne die SI-stelsel val nie, word aanbeveel dat dieselfde skryfwyse as by grade Celsius eenvormigheidshalwe gevolg word, byvoorbeeld:

98 °F  
 -2 °F

- (e) Daar word geen spasie gelaat tussen die teken vir 'n geldeenheid en die syfer nie, byvoorbeeld:

R192,35	f31,46
56c	£216
\$12	17p
91¢	€100

Vir die gebruik van skeidingstekens in gevalle soos dié, kyk opmerking (a) by reël 7.4.

- (f) Wanneer bedrae in tabel- of kolomvorm geskryf word, moet daar ook nie 'n spasie tussen die geldeenheidteken en die syfers gelaat word nie, byvoorbeeld:

Wenslik				Nie-wenslik
R		R		
1 234	R1 234	1 234,65	R1 234,65	R 1 234
365	R365	365,51	R365,51	R 365
89 321	R89 321	89 321,00	R89 321,00	R 89 321
45	R45	45,97	R45,97	R 45

Let op dat daar soms, ter wille van ruimtebesparing in byvoorbeeld kolomme of koerantopskrifte, afkortingsmetodes gebruik word wanneer groot bedrae ter sprake is. Boaan 'n kolom kan byvoorbeeld staan R'000 of R(000), Rm of R'000 000 of R(000 000), of Rmjd om aan te dui dat die syfers in onderskeidelik duisende, miljoene of miljarde gelees moet word. (In sekere finansiële kringe word die spasies hier ook soms weggelaat om moontlike bedrog te vermy.) Insgelyks kan 'n koerantopskrif byvoorbeeld R10m of R10mjd sê, in plaas van onderskeidelik R10 000 000 of R10 miljoen en R10 000 000 000 of R10 miljard.

- (g) Opeenvolgende syfers of simbole wat na bepaalde atome in 'n chemiese verbinding verwys, word deur kommas (sonder spasies) geskei, byvoorbeeld:

2,3-dimetiel-2-buteen                      dihidro-2,2,4-trimetielkinolien  
2-metiel-1,3-butadien                      N,N-diëtiel-1-butaaniamien

- (h) Waar die oksidasiegetal van 'n chemiese element vermeld word, word dié getal in Romeinse syfers, tussen hakies, direk ná (dit wil sê sonder 'n spasie tussenin) die elementnaam of elementsimbool geskryf, byvoorbeeld:

tin(IV) of Sn(IV), yster(III) of Fe(III)

In gevalle waar die elementnaam of elementsimbool en die oksidasiegetal saam as voorbepaling optree by 'n samestelling wat 'n

chemiese verbinding benoem, word die oksidasiegetal ook vas geskryf aan die woorddeel, byvoorbeeld:

koper(II)sulfaat, kwik(I)jodiedpresipitaat, tin(IV)chloried,  
yster(III)hidroksied

Let egter daarop dat in gevalle waar die laaste woorddeel nie deel van die naam van 'n chemiese verbinding is nie, 'n koppelteken ná die tweede hakie van die oksidasiegetal geskryf word, byvoorbeeld **Fe(II)-kompleks**, **koper(II)-ioon**.

- (i) Vir die skryfwyse van rangtelwoorde, byvoorbeeld **tienduisendste**, as syfer plus agtervoegsel, kyk reël 3.20.
- (j) Vir die skryfwyse van die verkleiningsvorme van letters, syfers, getalle en simbole, byvoorbeeld **e'tjie**, **VI'ie**, kyk reëls 2.12 en 2.13.
- (k) Vir die skryfwyse van die meervoudsvorme van syfers, getalle en simbole, byvoorbeeld **3'e** of **3's**, **VI'e**, kyk reëls 2.12 en 2.13.
- (l) Vir die gebruik van hoofletters ná syfers en getalle, kyk reël 9.2.
- (m) Kyk ook reël 12.9.

**REÛL 7.2**

Indien die bepaler van 'n samestelling bestaan uit 'n woord of afkorting gevolg deur 'n syfer of simbool, word die woord of afkorting in die bepaler los van die syfer of simbool geskryf.

**Korrek**

art. 21-maatskappy  
gr. 11-groep  
graad 1-leerling  
klas 16E-lokomotief  
o. 15A-span  
o. 19-span  
st. 6-klas  
sub B-onderwyseres  
tipe A-persoonlikheid  
vitamien E-tekort

**Verkeerd**

\*art.-21-maatskappy  
\*gr.-11-groep  
\*graad-1-leerling  
\*klas-16E-lokomotief  
\*o.-15A-span  
\*o.-19-span  
\*st.-6-klas  
\*sub-B-onderwyseres  
\*tipe-A-persoonlikheid  
\*vitamien-E-tekort

**OPMERKING**

Kyk ook reëls 12.8, 12.9 en 14.26.

**REÛL 7.3**

Indien 'n maatnaamwoord wat byvoorbeeld gewig, hoeveelheid of omvang aandui (soos **koppie**), deur 'n massanaamwoord (byvoorbeeld **water**) gevolg word, word dié twee woorde los van mekaar geskryf.

3½ koppie suiker (*maar 'n 3½-koppiesuikerresep*)  
 5 ℓ water (*maar 'n 5 ℓ-waterkan*)  
 2 teelepels hoesstroop (*maar 'n 2-teelepeldosis hoesstroop*)  
 3 min. rustyd (*maar 'n 3-min.-maaltyd*)  
 5 druppels vanielje (*maar 'n 5-druppelbuisie*)  
 2 vinger(s) brandewyn (*maar 'n 2-vingerdop brandewyn*)  
 11 895 t vrugte (*maar 'n 11 895 t-vrugte-oes*)

**OPMERKING**

Vir die gebruik van 'n koppelteken ter wille van leesbaarheid, kyk reëls 12.1 en 12.5.

**Die desimaalteken by getalle****REËL 7.4**

In Suid-Afrika is die komma die enigste wetlik erkende desimaalteken wat vir alle getalle gebruik word.

16,7 kg	318,55 kW
1,8 ℓ	R22,75

**OPMERKINGS**

- (a) Hierdie reël geld ook geldbedrae, byvoorbeeld R192,35. In die praktyk word daar by bedrae egter dikwels 'n ander skeidings-teken gebruik, byvoorbeeld R192.35 of R192-35 of R192=35. Kyk ook opmerking (e) by reël 7.1.
- (b) In sekere lande (byvoorbeeld die VSA en Brittanje), in sekere rekenaartoepassings en in sekere niemetrieke stelsels word die punt as desimaalteken gebruik. Om historiese, kommersiële en ander redes kom hierdie punt dus ook in Suid-Afrika voor, byvoorbeeld:

.22-Walther	.303-geweer
28.2-modem	Audi 2.6

- (c) Kyk ook die ORIENTASIE voor reël 7.10.

**REËL 7.5**

By getalle kleiner as 1 moet 'n nul die desimaalteken voorafgaan.

Korrek	Verkeerd
0,9 m	*,9 m
0,125 kg	*,125 kg
R0,25	*R,25
0,5c	*,5c



**REÛL 7.6**

Indien daar in getalle meer as drie syfers links óf regs van die desimaalteken is, word die syfers ter wille van leesbaarheid deur spasies (nie kommas nie) in groepe van drie verdeel, getel vanaf die desimaalteken.

1 725 352,648 901 km<sup>2</sup> grond  
 1 985 617 t steenkool  
 176,802 9 hektaar  
 €0,126 7 (*R1 verhandel teen –*)  
 R9 776,00  
 1 432,77 kℓ water  
 37 611,7 kWh

**Numeriese skryfwyse van die datum en tyd****REÛL 7.7**

Die datum word by voorkeur met agt syfers aangedui in die volgorde jaar (vier syfers), maand (twee syfers) en dag (twee syfers). Dié syfergroepe word deur 'n horisontale strepie van mekaar geskei.

1998-01-05 vir 5 Januarie 1998  
 2009-11-25 vir 25 November 2009

**OPMERKINGS**

- (a) Daar is hoegenaamd geen beletsel op die gebruik van die patroon **24 Junie 2009** nie, 'n skryfwyse wat veral nuttig is as die dagnaam ook gegee word, byvoorbeeld **Woensdag 24 Junie 2009**.
- (b) Sommige vorms, byvoorbeeld tjekevorms, vereis dat die datum in die volgorde dag-maand-jaar geskryf word, byvoorbeeld **3/6/09** of **3/6/2009** of **03/06/2009** en **22/10/09** of **22/10/2009**. Om praktiese redes word hierdie skryfwyse steeds toegelaat tot tyd en wyl sulke vorms by die aanvaarde skryfwyse aangepas is.

**REÛL 7.8**

Die tyd van die dag word altyd met minstens vier syfers aangedui in die volgorde uur (twee syfers) en minuut (twee syfers). Dié syfergroepe word deur 'n dubbelpunt (:) van mekaar geskei.

03:15 vir kwart oor drie die oggend  
 16:35 vir vyf-en-twintig voor vyf die middag  
 12:00 vir twaalfuur middag  
 24:00 vir middernag

**OPMERKINGS**

- (a) Deur 'n 24-uurstelsel (numeriese tydsaanduiding) te gebruik, verval die aanduiding van **voormiddag (vm.)** of **namiddag (nm.)**. Tydsaanduidings soos **3.15 vm.** of **3.35 nm.** is verouderd.
- (b) Die gebruik van 'n **h** in plaas van 'n dubbelpunt as skeier in numeriese tydsaanduiding (byvoorbeeld **\*03h15**, **\*16h35**) is nie korrek nie.
- (c) Niemand is verplig om (in sinsverband) numeriese tydsaanduiding te gebruik nie.
- (d) Die volgende aanduidings van datum en tyd (byvoorbeeld in kennisgewings, op agendas, en dergelike) is almal korrek:

... op Maandag 16 September 2008 om 09:00 ...  
 ... om 09:00 op Maandag 16 September 2008 ...  
 ... 09:00 Maandag 16 September 2008 ...  
 ... Maandag 16 September 2008 09:00 ...  
 ... 09:00 2008-09-16 ...  
 ... om 09:00 op 2008-09-16 ...  
 ... 2008-09-16 09:00 ...  
 ... op 16 September 2008 om 09:00 ...  
 ... om 09:00 op 16 September 2008 ...  
 ... 16 September 2008 09:00 ...  
 ... 09:00 16 September 2008 ...

Gebruikers word aangeraai om die vorm te gebruik wat vir hulle stilisties bevredigend is of wat die konteks die beste pas.

**REËL 7.9**

Indien uur, minuut en sekonde as tydstopaanduiding aangegee word, word minstens ses syfers in die volgorde uur (twee syfers), minuut (twee syfers) en sekonde (twee syfers) gebruik. Dié syfergroepe word deur 'n dubbelpunt (:) van mekaar geskei.

13:03:55 vir drie minute en vyf-en-vyftig sekondes oor een die middag  
 04:31:27 vir een-en-dertig minute en sewe-en-twintig sekondes ná vier die oggend

**OPMERKINGS**

- (a) Let op die skryftradisie by tydsduuraanduiding:
- Hy het die Comrades-wedloop in 9:34:45 afgelê.  
 Sy het die marathon in 6:36:21 voltooi.  
 Die 800 m-wedren is in 'n tyd van 1:45,2 gewen.
- (b) Vir die skryfwyse van hooftelwoorde met **en**, kyk reël 14.42.

## ➔ Metrieke simbole

### ORIËNTASIE

Die spelling en skryfwyse van die simbole wat metrieke eenhede voorstel, word gereël deur die “Measurement Units and Measurement Standards Act, 2006” (Wet No. 18 van 2006; nie in Afrikaans afgekondig nie). Ingevolge dié Wet word alle regulasies uitgevaardig kragtens die Wet op Meeteenhede en Nasionale Meetstandaarde, 1973 (Wet No. 76 van 1973), en die Wysigingswet op Meeteenhede en Nasionale Meetstandaarde, 1998 (Wet No. 24 van 1998), geag kragtens die 2006-wet uitgevaardig te wees. Hierdie wette magtig die betrokke minister om by kennisgewing in die *Staatskoerant* voor te skryf watter eenhede in Suid-Afrika gebruik mag word en hoe hierdie eenhede en hulle simbole gebruik moet word.

Die reëls hieronder vir die spel- en skryfwyse van simbole wat metrieke eenhede voorstel, is geneem en aangepas uit die volgende bron:

Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde. 1992. *Die Internasionale Metrieke Stelsel (SI): Handleiding tot die gebruik van die SI in Suid-Afrika*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde. (M 33a: 1992.)

Die reëls wat in die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* opgeneem word, dek nie alle aspekte van die spel- en skryfwyse van simbole in die Wet, die Handleiding of kennisgewings wat in die *Staatskoerant* verskyn het nie. Gebruikers wat meer spesifieke inligting verlang, moet hierdie publikasies raadpleeg, asook ander publikasies waarin die nasionale en internasionale riglyne vir die spel- en skryfwyse van simbole op spesifieke vakgebiede (soos die chemie en die fisika) uiteengesit word.

Wanneer voorgeskryf of aanbeveel, word in Afrikaans, waar moontlik, die internasionaal aanvaarde skryfwyses van die Internasionale Standaardorganisasie gevolg.

Tekens soos *m*, *s* en  $\Omega$  wat metrieke eenhede – hier onderskeidelik **meter**, **sekonde** en **ohm** – voorstel, staan bekend as **simbole** en *nie* as **afkortings** nie.

### REÛL 7.10 SI-simbole word romein (nie kursief nie) geskryf.

Korrek	Verkeerd
m	* <i>m</i>
Hz	* <i>Hz</i>
cm <sup>3</sup>	* <i>cm</i> <sup>3</sup>

 **OPMERKINGS**

- (a) Hierdie wetlike voorskrif geld in alle gevalle, selfs waar die ander gewens in ander lettertipes is, soos in opskrifte, byvoorbeeld *Die m as simbool vir meter*.
- (b) Vir die skryfwyse van die simbool vir liter, kyk reël 7.12.

**REËL 7.11** SI-simbole word gewoonlik met kleinletters geskryf.

100 m  
75 mm  
45 kg  
1 599 cm<sup>3</sup>

 **OPMERKINGS**

- (a) Die uitsondering op hierdie wetlike voorskrif is simbole waarvan die eenheidsnaam van eiename afgelei is, soos **A** vir ampère, **Hz** vir hertz en **W** vir watt, en die simbole vir sekere woorddele wat bepaalde waardes voorstel, soos **M** vir mega-, **P** vir peta- en **G** vir giga-. Raadpleeg die AFKORTINGSLSY hieroor.
- (b) Met inagneming van opmerking (a) geld hierdie wetlike voorskrif in alle gevalle, selfs waar die SI-simbole saam met ander woorde verskyn wat in hoof- of kleinletters is, byvoorbeeld **EENHEDE UITGEDRUK IN Hz**
- (c) Vir die skryfwyse van die simbool vir liter, kyk reël 7.12.
- (d) Kyk ook opmerkings (a) en (c) by riglyn 2 van *Riglyne by die gebruik van afkortings* in die hoofstuk AFKORTINGS.

**REËL 7.12** Die internasionale SI-simbool vir liter is 'n kleinletter-l. Omdat die kleinletter-l in tik- en drukwerk met die syfer 1 verwar kan word, word die simbool ℓ oorwegend gebruik.

5 l wyn  
5 ℓ wyn

**REËL 7.13** 'n SI-simbool word nie deur 'n punt gevolg nie, behalwe as dit aan die einde van 'n sin voorkom.

Korrek	Verkeerd
m	*m.
W	*W.
°C	*°C.
km	*km.

**OPMERKING**

Kyk ook reël 3.12.

**REËL 7.14**

Indien die volvorm van 'n SI-eenheid, byvoorbeeld **meter**, 'n woorddeel vooraan kry, byvoorbeeld **milli-** in **millimeter**, word die saamgestelde simbool sonder spasie, punt of ander skeidingstekens geskryf.

mm vir millimeter

Mg vir megagram

mg vir milligram

pF vir pikofarad

MA vir mega-ampère of megampère

MΩ vir megaohm of megohm

**Korrekt**

50 mm

10 Mg

**Verkeerd**

\*50 m-m / \*50 m m / \*50 m.m / \*50 m.m.

\*10 M-g / \*10 M g / \*10 M.g / \*10 M.g.

**OPMERKING**

Vir die wetlike voorskrifte oor hoof- en kleinletters, kyk die **ORIENTASIE** by *Metriekke simbole*, asook reëls 7.10 en 7.11.

**REËL 7.15**

SI-simbole saam met spesifieke eenheidsaanduidings kry nie meervoude nie.

2 m plastiekpyp

7 ℓ metielalkohol

**OPMERKING**

Ondanks hierdie wetlike voorskrif kom meervoudsvorme van SI-eenhede (nie in simboolvorm nie) in die omgangstaal wel voor, veral saam met onbepaalde hoeveelhedaanduiding, byvoorbeeld:

Ek het kilogramme gewig aangesit dié vakansie.

Haar rok was van meters en meters egte sy.

Hulle hardloop soggens meer as tien kilo's voor werk.

Dit geld ook vir nie-SI-eenhede soos myl, parsek, pint, ton, byvoorbeeld:

Die huis is tien myl van die see af.

6,5 ligjare is gelyk aan twee parsek.

Versoening is nog myle ver/vêr.  
Die sterswerm is duisende parseks van die son af.

**OPMERKING**

Kyk ook reël 13.30.

**REËL 7.16**

Indien 'n getal voor 'n SI-simbool geskryf word, word 'n spatie tussen die getal en die simbool gelaat.

Korrek	Verkeerd
160 mm	*160mm
50 kg	*50kg
30 MW	*30MW

**OPMERKING**

Dit is 'n wetlike voorskrif.

**REËL 7.17**

Indien 'n kombinasie van 'n getal en 'n SI-simbool met 'n ander woord verbind, word die spatie tussen die getal en die simbool behou.

- ❑ 5 °C-styging  
50 kg-sakke ('sakke van 50 kg elk')
- ❑ 1 499 cm<sup>3</sup>-enjin  
15 A-sekering
- ❑ 3,5 m materiaal  
750 ml koeldrank  
1 360 km<sup>2</sup> grond  
320 Nm wringkrag

**OPMERKINGS**

- (a) Dit is 'n wetlike voorskrif.
- (b) Kyk ook opmerking (a) by reël 7.1.
- (c) Kyk ook reël 12.8.
- (d) Vir die skryfwyse van niemetrieke simbole, kyk ook reëls 7.1 tot 7.3.
- (e) Dit is wenslik dat die korrekte SI-simbool eerder as ander afkortings gebruik word, byvoorbeeld:

Wenslik	Niewenslik
m <sup>2</sup>	*vk. m
120 km/h	*120 kpu / *120 km.p.u. / *120 km/u
cm <sup>3</sup>	*cc / *kub. cm

- (f) Dit is nie wenslik om SI-simbole, afkortings en volvorme saam te gebruik nie, byvoorbeeld:

**Wenslik**

$m^2$  *of* vierkante meter

$M\ell$  *of* megaliter

literbottels

meter dik mure

**Niewenslik**

\*vk. meter / \*vk. m / \*meter<sup>2</sup>

\*M-liter / \*mega- $\ell$ -

\* $\ell$ -bottels

\*m dik mure

- (g) In gevalle van verwarring tussen die getalsaanduiding by die samestelling en die syfer wat deel van die samestelling uitmaak, byvoorbeeld **10 200  $\ell$ -houers** of **48 m-stawe**, kan so 'n verwarring op verskillende maniere voorkom word, byvoorbeeld:

10 houers van 200  $\ell$  (elk) *of* 10 x 200  $\ell$ -houers (byvoorbeeld op 'n faktuur, in tenderdokumente, en dergelike) *of* tien 200  $\ell$ -houers

48 eenmeterstawe *of* 48 een meter lange stawe *of* 48 x 1 m-stawe *of* 48 stawe van 1 m (elk)

Kyk ook opmerking (f) hierbo en opmerking (a) by reël 7.1.

## 8. GRAVISTEKEN

### ORIËNTASIE

Die gravisteken (˘) word in Afrikaans net op vokaalletters geplaas.

**REËL 8.1** Die gravisteken word in enkele algemeen gebruiklike Afrikaanse woorde gebruik om die uitspraak [ɛ] van die letter **e** aan te dui.

appèl, dè, hè, nè



### OPMERKING

Hoewel dié vier woorde tradisioneel die enigste tipies Afrikaanse woorde is wat altyd met 'n gravisteken gespel word, staan dit 'n gebruiker vry om 'n gravisteken te gebruik om, soos by **appel** teenoor **appèl**, te onderskei tussen **gesel** en **gesèl**, **kartel** en **kartèl**, en dergelike.

**REËL 8.2** Die gravisteken word gebruik in leenwoorde van vreemde herkoms in hulle oorspronklike spelvorm.

barrière, crèche, pietà of piëta, première, vis-à-vis



### OPMERKINGS

- (a) Kyk ook die hoofstukke AKUUTTEKEN en WOORDE VAN VREEMDE HERKOMS.
- (b) Sommige leenwoorde word met die akuutteken en sommige met die gravisteken, of albei, geskryf omdat daar gehou word by die spelvorm van die taal waaraan die woord ontleen is.

**REËL 8.3** Die gravisteken word gebruik in sommige eiename van vreemde (hoofsaaklik Franse) herkoms in hulle oorspronklike spelvorm.

- ❑ Adèle, Eugène
- ❑ Pietà (die beeldhouwerk)



### OPMERKINGS

- (a) Die akuutteken word soms in kombinasie met die gravisteken gebruik, soos byvoorbeeld **Hélène**, **Thérèse**.
- (b) Sommige van dié eiename word met die akuutteken en sommige met die gravisteken, of albei, geskryf omdat daar gehou word by die spelvorm van die taal waaraan hulle ontleen is.
- (c) Kyk ook die hoofstukke AKUUTTEKEN en WOORDE VAN VREEMDE HERKOMS.



## 9. HOOF- EN KLEINLETTERS

### ORIËNTASIE

Die gebruik van hoof- en kleinletters berus grotendeels op konvensie en word dikwels ook bepaal deur stylvoorskrifte of -vereistes wat vir individuele gebruikers of groepe gebruikers geld. Voorts moet gebruikers ook die konvensies wat vir bepaalde dissiplines geld, in ag neem. Gebruikers word aangeraai om altyd 'n konsekwente en verantwoordbare beleid oor die gebruik van hoof- en kleinletters te gebruik.

Hieronder word die belangrikste beginsels en riglyne wat altyd in Afrikaans gevolg behoort te word, uiteengesit.

- ❑ Let op dat daar in hierdie hoofstuk net een skryfwyse van eenaamverbindings aangedui word, naamlik die vaste vorm. Vir ander skryfwyses, kyk reëls 14.6 tot 14.12.

### ➔ Sinsbegin

#### REÛL 9.1

Die eerste woord van 'n sin (ook van 'n aanhefvorm en van 'n sin sonder 'n werkwoord) begin met 'n hoofletter, behalwe as die sin met 'n syfer, getal of simbool begin.

- ❑ Die skool begin binnekort.  
Baie mense het geslaap, maar sommige was wakker.  
Ek weet nie.  
Hulle gaan verloor! Die span is te swak.  
Gister het die goudprys slegs matig gestyg.  
Wie was by die huis? Die huismense? Of iemand anders?
- ❑ Beste Johan  
My liewe Ernst  
Liefste Lien  
Meneer  
Dr. Swart  
Geagte dr. Swart  
Geagte Professor
- ❑ 20 tennisspelers het op Wimbledon gaan speel.  
[ɛ] is 'n fonetiese teken.  
β-strale kan dodelik wees.  
pH is die aanduiding van suurheid of alkaliniteit.  
U-draaitekens word hier opgerig.

**OPMERKINGS**

- (a) Kyk ook reëls 9.4 en 9.5.  
 (b) In die geval van 'n sin wat met 'n syfer, getal of simbool begin, geld die reël nie indien die daaropvolgende woord om ander redes met 'n hoofletter geskryf word nie:

30 Fiat-trekkers is aan beginnerboere geskenk.

20 Suid-Afrikaanse atlete gaan oorsee deelneem.

**REËL 9.2**

As die eerste woord van 'n sin met 'n afkappingsteken begin (byvoorbeeld by die onbepaalde lidwoord), word dié woord met 'n kleinletter geskryf en kry die daaropvolgende woord 'n hoofletter, tensy die daaropvolgende element 'n syfer, getal, kleinletter of simbool is.

- 'n Groot skare was by die sokker.  
'n Motor is gekaap.  
'k Sal, so lank ek lewe, my psalme vrolik toewy aan sy lof.  
't Is 'n troos dat Hy die onreg wreek.

*maar*

- 'n 4x4 is noodsaaklik vir die tog.  
'n [ij]-klank word dikwels met die letters **ie** weergegee.  
'n q kom nie aan die einde van 'n Afrikaanse woord voor nie.  
'n ? is onvanpas by indirekte vrae.

**OPMERKINGS**

- (a) Kyk ook die ORIËNTASIE VOOR reël 2.1.  
 (b) Kyk ook reël 2.15.

**Eiename****REËL 9.3**

Woorde wat as eiename optree, begin gewoonlik met 'n hoofletter.

- Arnold, Gertruida, Jan-Hendrik, Nina-Marie
- De Villiers, Esterhuizen, Marais, Van der Merwe
- Blink Hanna, Kleinjan, Rooi Koos, Sarie Grootlieg
- Athena, Nimrod, Zeus
- Australiër, Griekwa, Kelt, Khoi
- Afrikaans, Engels, Suid-Sotho
- Hoofstraat, Kerkstraat, Juliesstraat
- Anglo-Boereoorlog, Tweede Wêreldoorlog
- Dinsdag, Vrydag

- ❑ April, Desember
- ❑ Alexander die Grote, Elizabeth die Tweede, Filips die Skone, Modjadji die Reënkoningin
- ❑ Gatjjeponner, Rooinek, Tukkie
- ❑ Klaas Vakie, Koning Leeu, Liewe Heksie, Sneeuwitjie
- ❑ Divali, Goeie Vrydag, Kersfees, Labarang, Ramadaan



### OPMERKINGS

- (a) Let op die verskillende tipes eiename: vanne, voorname (dit sluit vanne in wat as voorname optree), byname, toename (dit wil sê name wat 'n beskrywende element bygevoeg kry), name van bevolkingsgroepe, taalbenamings, geografiese name, straatname, geologiese tydperke, maand- en dagname, name vir geskiedkundige gebeurtenisse, ensovoorts.
- (b) Tradisioneel Afrikaanse vanne wat uit meer as een los geskrewe deel bestaan, begin met 'n kleinletter indien dit op 'n voornaam of voorletter volg, byvoorbeeld:
- ❑ Petrus de Villiers (P. de Villiers), Karlien du Toit (K. du Toit), Nicole le Grange (N. le Grange), Petra von Wielligh (P. von Wielligh)
  - ❑ Sarel de la Rey (S. de la Rey), Gertruida van den Heever (G. van den Heever), Koos van der Merwe (J. van der Merwe), Estelle van der Westhuizen (E. van der Westhuizen)
- (c) Kyk egter reëls 9.7 (veral opmerking (a)), 9.18 en 9.25.



### Aanhef- en aanspreekvorme

#### REÛL 9.4

Aanhelvorme sonder 'n daaropvolgende eiennaam begin met 'n hoofletter.

- ❑ Liewe Ma, My liewe Ma  
Beste Oom, My beste Oom  
Aan Ouma en Oupa, Aan my liefste Oupa en Ouma
- ❑ Beste Mejuffrou  
Geagte Meneer/Dame/Mevrou  
Waarde Heer/Dominee  
Geagte Generaal/Professor/Doktor/Dokter



### OPMERKING

Waar sulke vorme nie as aanspreekvorme gebruik word nie, word dit met 'n kleinletter geskryf, byvoorbeeld:

Ek moet die professor môre gaan spreek.  
 Die firma het mnr. Botha gestuur.  
 Die hoof het mnr. J. van den Berg opdrag gegee om die vergadering  
 namens die skool by te woon.  
 Die eerste toespraak op die kongres is deur mnr. Van den Berg  
 gelewer.

**REËL 9.5**

Indien 'n eienaam in 'n aanspreek- of aanhefvorm bygevoeg word, begin die aanspreek- of aanhefvorm met 'n kleinletter.

- ❑ Goeiemôre, tannie Viljoen!  
 Môre, oom Piet!  
 Stem u hiermee saam, professor Van der Merwe?
- ❑ Liewe tannie Viljoen  
 Liewe tannie Van der Westhuizen  
 Beste mev. De Villiers  
 Beste mevrou De Villiers  
 Beste mnr. Van der Merwe  
 Geagte me. Sithole  
 Geagte prof. Van der Merwe  
 Geagte dr. Van Rensburg  
 Geagte ds. Marais  
 Geagte pres. Smit  
 Geagte president Smit  
 Waarde prof. Odendal

**REËL 9.6**

Die dele van sekere geformaliseerde aanspreekvorme van hoogwaardigheidsbeksleërs begin met 'n hoofletter.

U Edelagbare, U Edele, U Eksellensie, U Heiligheid, U Hoogheid,  
 U Majesteit

**OPMERKINGS**

- (a) By adressering (op 'n koevert) verander die voornaamwoord U na Haar/Sy, maar dit behou die hoofletter, byvoorbeeld:

Haar Edele regter Snyman  
 Haar Eksellensie die Ambassadeur van Swede  
 Haar Majesteit die Koningin  
 Haar Majesteit koningin Elizabeth  
 Sy Eksellensie die Hoë Kommissaris  
 Sy Heiligheid die Pous

Sy Heiligheid pous Benedictus  
 Sy Hoogheid die Prins van Wallis

(b) Let op die meervoudsvorm **Hulle**, byvoorbeeld:

Hulle Eksellensies, Hulle Majesteite

## ➡ Dier- en plantname

**REËL 9.7** Die gewone benaminge van plante en diere begin met kleinletters.

- ❑ akkerboom, alg, bloekom, jakobregop, kikoejoe, outeniekwageel-  
hout, perske, protea, roos, sampioen
- ❑ adder, duif, eland, erdwurm, geelslang, jakkals, knopiespinnekop,  
komododraak, kriek, olifant, platanna, rooiroman, silwervos, snoek,  
vlermuis

### 👉 OPMERKING

- (a) Hierdie reël geld ook indien so 'n naam 'n samestelling is waarvan die eerste lid 'n eienaam is – ongeag of dit 'n geografiese, plek-, persoons-, etniese of ander eienaam is, hetsy verbleek al dan nie – byvoorbeeld **gaboenadder**, **hartmannbergkwagga**, **pietretiefbroodboom**, **sederbergghwarrie**, **tahitikastaiing**, **zambezihaai**. Indien die afgeleide vorm van veral geografiese eiename egter gebruik word, word die gebruiklike hoofletter by die afleiding behou, byvoorbeeld **Kaapse kanferfoelie**, **Rhodesiese katjiepiering**, **Spaanse makriel**, **Transvaalse wurmslang**. Indien 'n persoonseienaam met die setel **se** aan 'n soortnaam verbind (met of sonder koppeltekens) en so die gewone plant- of diernaam vorm, word die hoofletter van die persoonseienaam behou, byvoorbeeld **Geoffroy se saalneusvlermuis**, **Moses-se-kierie**. Let op dat daar in bepaalde vakgebiede tradisioneel in sekere gevalle ook ander skryfwyses voorkom, byvoorbeeld **Major Mitchell-kaketoe**, **Père David-hert**, **Prins van Wallisheide**. Kyk ook reël 9.25.
- (b) Let op dat benamings van diererasse, kultivars, plantvariëteite en dergelike ook met 'n hoofletter kan begin, byvoorbeeld **jersey of Jersey**, **cabernet of Cabernet**, **hubbardpampoen of Hubbardpampoen**. In die **WOORDELS** word sulke name **slegs met 'n kleinletter aangebied**. Kyk ook reël 14.50, veral opmerking (b).

**REËL 9.8**

By taksonomiese benamings begin genusname en hoër klassifikasies tradisioneel met 'n hoofletter, terwyl spesiename en laer klassifikasies met 'n kleinletter begin.

In die verbinding *Loxodonta africana* (die Afrikaanse olifant) is *Loxodonta* die genusnaam en begin dit dus met 'n hoofletter, terwyl *africana* die spesienaam is en dus met 'n kleinletter begin. Ander voorbeelde is die volgende:

**Hoër klassifikasie**

- Crassulaceae, Ericaceae, Solanaceae
- Dikhuidiges, Koudbloediges, Krustaseë, Lelieagtiges
- Brassica, Damaliscus, Encephalartos, Medicago

**Laer klassifikasie**

- (*Brassica*) oleracea var. acephala, (*Damaliscus*) dorcas subsp. phillipsi, (*Encephalartos*) natalensis, (*Medicago*) nigra

## ➔ Soortname as eiename

**ORIËNTASIE**

Daar het in die jongste tyd 'n groot mate van vryheid oor hooflettergebruik in hierdie soort gevalle ontwikkel. Gebruikers moet hulle deur 'n bepaalde konteks en die verskil tussen algemene en spesifieke verwysing laat lei. Tradisie of bepaalde stylvoorskrifte kan ook 'n rol speel.

**REËL 9.9**

Soortname wat as eiename optree, kry aanvangshoofletters (behalwe lidwoorde en voorsetsels).

- Nuwe Testament, Odusseia
- Grondwet, Wet op Arbeidsverhoudinge
- Departement van Buitelandse Sake, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- Afrikaanse Hoër Seunskool, Sekondêre Skool Eersterus, Suid-Afrikaanse Kernenergiekorporasie
- Grieks-Ortodokse Kerk, Verenigende Gereformeerde Kerk
- Kommissie vir Waarheid en Versoening, Staande Komitee oor Openbare Rekeninge
- Kreupelsorgvereniging, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
- Arbeidersparty, Christen-Demokratiese Unie

- Administrasiegebou, Uniegebou
- Hoëveld, Langeberge
- Melkweg, Suiderkruis
- Slag van Magersfontein, Tweede Wêreldoorlog, Vrede van Vereniging
- Hervorming, Jaar van die Kind, Middeleeue, Nasionale Hartweek
- Derde Wêreld, Nuwe Wêreld, die Ooste, die Weste, Noordpool, Suidpool

### ➔ Eiename as soortname

#### REÛL 9.10

Eiename wat as soortname optree, behou gewoonlik die hoofletters van hulle eienaamekwivalente.

- Volkswagens, Corollas, 'n dop Klipdrif, 'n koekie Lux, 'n rolletjie Kodak, ses Stuyvesants
- drie Claerhouts, 'n stel Van Wyk Louws, sewe Oscars



#### OPMERKING

Let op benamings soos *brie*, *camembert*, *hanepoot*, *port*, *sjampanje*, wat ook op eiename berus maar waar die gebruik van 'n hoofletter opsioneel is. Kyk ook reël 9.9.

### ➔ Taalbenamings en verwante verskynsels

#### REÛL 9.11

Taalbenamings begin met 'n hoofletter.

- Afrikaans, Engels, Hebreeus, Tswana, Xhosa, Zoeloe *of* Zulu
- Hoogduits, Laagmaleis, Omgangsafrikaans, Standaardafrikaans, Sypaadjieafrikaans
- Nieu-afrikaans *of* Nieu-Afrikaans, Suid-Sotho, Wes-Germaans



#### OPMERKINGS

(a) In 'n saamgestelde taalbenaming wat sonder 'n koppelteken vas geskryf word, begin slegs die samestelling met 'n hoofletter en nie ook die basiese taalbenaming nie, byvoorbeeld *Beginners-xhosa*, *Geselsafrikaans*, *Koerantafrikaans*, *Laagmaleis*, *Matriek-duits*, *Monnikelatyn*, *Pidginengels*. Vir besonderhede oor die skryfwyse van taalbenamings wat sonder 'n koppelteken vas geskryf word, kyk reëls 14.13 tot 14.18.

- (b) Byvoeglike naamwoorde wat van taalbenamings afgelei is, behou die hoofletter(s) van die taalbenaming, byvoorbeeld **die Afrikaanse verhaalkuns, die vrou is Afrikaans**. Wanneer 'n attributiewe byvoeglike naamwoord nie van 'n taalbenaming gevorm kan word nie, tree die taalbenaming as eerste lid van 'n samestelling op, byvoorbeeld **Xhosaspreker**. Kyk ook reël 9.12.
- (c) Die name van die amptelike Suid-Afrikaanse tale (behalwe Afrikaans en Engels) word in Afrikaans soos volg geskryf:

**Ndebele, Noord-Sotho, Suid-Sotho, Swati of Swazi, Tsonga, Tswana, Venda, Xhosa, Zulu of Zoeloe**

Die name van dié tale word in die onderskeie tale self egter soos volg geskryf:

isiNdebele (IsiNdebele aan sinsbegin), Sesotho sa Leboa, Sesotho, Siswati, Xitsonga, Setswana, Tshivenda, isiXhosa (IsiXhosa aan sinsbegin), isiZulu (IsiZulu aan sinsbegin)

Kyk ook reël 18.9.

Vir verdere besonderhede oor die skryfwyse van taalbenamings, kyk reëls 14.13 tot 14.23.

- (d) Vir die skryfwyse van koppeltekenvorme soos **pro-Russies**, kyk reëls 9.12 en 12.13.

### REËL 9.12

By byvoeglike naamwoorde wat met voorvoegsels van Klassieke herkoms, soos **anti-** en **pro-**, van taalbenamings afgelei is, begin die taalbenaming met 'n hoofletter ná die koppelteken wat die voorvoegsel aan die taalbenaming verbind.

- anti-Engels, anti-Russies
- pro-Afrikaans, pro-Russies



### OPMERKING

Kyk ook reël 12.13.



## ➔ Geografiese name

**REÛL 9.13** By meerledige geografiese name, hetsy los of met 'n koppelteken vas geskryf, begin elke deel van die naam met 'n hoofletter.

- Nabye Ooste, Persiese Golf, Stille Oseaan, Verre Ooste
- Agter-Indië, Klein-Asië, Nieu-Siberië, Saoedi-Arabië, Tsjeggo-Slowakye
- Bela-Bela, Riebeek-Kasteel, Schweizer-Reneke
- Groot-Brittanje, Klein-Karoo, Warm-Bokkeveld
- Middel-Europa, Midde-Ooste



### OPMERKING

Vir verdere besonderhede oor hierdie tipe geografiese name, kyk reëls 12.29 tot 12.33.

**REÛL 9.14** Indien rigting in 'n naam aangedui word, begin die rigtingkomponent ook met 'n hoofletter.

- Aliwal-Noord, Gauteng-Noord, Somerset-Wes, Wes-Afrika; Suidwestelike Distrikte
- Noord-Dakota, Noord-Orkade, Oos-Europa, Suid-Afrika, Suid-Amerika, Suid-Sandwicheilande, Wes-Australië



### OPMERKINGS

(a) Hierdie reël geld ook saamgestelde rigtingkomponente, byvoorbeeld:

Noordoos-Europa, Noordwes-Australië, Suidoos-Pretoria, Suidwes-Afrika

(b) Let op die gebruik van die koppelteken in sulke gevalle. Kyk ook reëls 12.29 en 12.32.

(c) Kyk ook reël 14.22.

**REÛL 9.15** By straatname wat met 'n syfer begin, begin die tweede deel (dit wil sê Laan, Straat, ensovoorts) met 'n hoofletter.

5de Laan of 5e Laan, 26ste Straat of 26e Straat



### OPMERKINGS

(a) Vir die skryfwyse van straatname waarin rangtelwoorde voorkom, kyk reël 14.34 en 14.35.

(b) Vir die afkorting van rangtelwoorde, kyk reël 3.20.

## ➔ Geldeenhede

**REËL 9.16** Die name van geldeenhede begin met 'n kleinletter.

- ❑ dollar, euro, frank, jen, pond, rand



### OPMERKING

Hierdie reël geld selfs al is die afkorting of simbool daarvoor 'n hoofletter.

## ➔ Geologiese benamings

**REËL 9.17** Die name van geologiese tydperke en formasies, asook afleidings daarvan, begin met 'n hoofletter.

- ❑ Eoseen, Eoseens, Jura, Jurassies, Mesosoïes, Pleistoseen
- ❑ Steentyd, Ystertydperk
- ❑ Bosveldstollingskompleks, Kaap-Supergroep *of* Kaapsupergroep
- ❑ Prekambrium *of* Voorkambrium, Prekambries *of* Voorkambries



### OPMERKING

Kyk ook reël 9.12.

**REËL 9.18** Die name van gesteentes en minerale begin met 'n kleinletter, ook dié afgelei van 'n persoons- of geografiese naam.

- ❑ adinool, ghoetiet, graniet, ignumbriet, kanadiet, labradoriet, namibium, thomsoniet
- ❑ chroom, kalsium, plutonium, stronsium

## ➔ Afleidings van eiename

**REËL 9.19** Afgeleide byvoeglike en selfstandige naamwoorde van eiename, uitgesonderd geografiese eiename en taalbenamings, kan met 'n hoofletter of 'n kleinletter begin.

- ❑ Bybels *of* bybels (*b.nw.*)  
Dantesk *of* dantesk  
Gregoriaans *of* gregoriaans  
Hertzogiet *of* hertzogiet

Johanneïes *of* johanneïes  
 Mefistofelies *of* mefistofelies  
 Mosaïes *of* mosaïes  
 Talmoedies *of* talmoedies  
 □ Dominikaan *of* dominikaan  
 Franciskaner *of* franciskaner  
 Jesuïet *of* jesuïet



### OPMERKINGS

- (a) Waar sulke name in die Woordeleys verskyn, word **slegs die skryfwyse met 'n kleinletter aangebied**.
- (b) By 'n spesifieke verwysing na sekere instellings kry die afgeleide persoonsnaam by voorkeur gewoonlik 'n hoofletter, byvoorbeeld **Ds. Postma is 'n Gereformeerde** (dit wil sê 'lid van die Gereformeerde Kerk') *of* **Die Dreyers is Hervormers** (dit wil sê 'lede van die Hervormde Kerk'). Daarteenoor kan hierdie woorde ook 'n algemene verwysing wees, byvoorbeeld **Die Dreyers is hervormers** (dit wil sê 'mense wat hulle beywer vir hervorming, verandering') en dan word dit met 'n kleinletter geskryf.
- (c) Wanneer 'n afgeleide vorm van 'n eienaam met 'n kleinletter geskryf kan word en deel van 'n samestelling vorm, kan die samestelling met 'n hoof- of kleinletter begin, byvoorbeeld **Benediktyneklooster** *of* **benediktyneklooster**.

### REÛL 9.20

Afleidings op -is, -isme, -istiek en -isties wat uit eiename gevorm is, kan met 'n hoofletter of 'n kleinletter begin.

- Boeddhis *of* boeddhis, Germanis *of* germanis, Grekis *of* grekis *of* Gresis *of* gresis, Hellenis *of* hellenis, Hispanis *of* hispanis, Latinis *of* latinis, Romanis *of* romanis
- Anglisme *of* anglisme, anti-Semitisme *of* antisemitisme, Boeddhisme *of* boeddhisme, Calvinisme *of* calvinisme, Germanisme *of* germanisme, Latinisme *of* latinisme, Lutheranisme *of* lutheranisme
- Germanistiek *of* germanistiek, Neerlandistiek *of* neerlandistiek
- Anglisties *of* anglisties, Germanisties *of* germanisties, Latinisties *of* latinisties



### OPMERKINGS

- (a) Waar sulke name in die Woordeleys verskyn, word **slegs die skryfwyse met 'n kleinletter aangebied**.
- (b) Eenvormigheidshalwe kan vorme soos die volgende ook met 'n hoofletter of 'n kleinletter begin:

Hebraïkus *of* hebraïkus, Neerlandikus *of* neerlandikus

**REËL 9.21**

Byvoeglike en selfstandige naamwoorde wat van 'n taalbenaming of 'n geografiese naam afgelei is, uitgesonderd afleidings op **-is**, **-isme**, **-istiek** en **-isties**, behou die hoofletter(s) van die taalbenaming of geografiese naam.

- ❑ Gautenger, KwaZulu-Nataller, Noordwester, Noorweër, Suid-Afrikaner, Vrystater
- ❑ Brits, Kongolees, Saoedi-Arabies, Skandinawies
- ❑ Alpins, Anglo-Amerikaans, Niloties

**OPMERKING**

Wanneer so 'n byvoeglike naamwoord saam met 'n soortnaam 'n woordgroep vorm, begin die tweede deel van die woordgroep met 'n kleinletter, byvoorbeeld:

Belgiese sjokolade, Britse vorstegesin, Duitse masels, Engelse sout, Kaapse wyn, Switserse knipmes

**REËL 9.22**

Indien byvoeglike naamwoorde wat van eiename of ander hoofletterwoorde afgelei is, deur die Afrikaanse voorvoegsel **on-** voorafgegaan word, word die voorvoegsel sonder 'n koppelteken vas aan die res van die woord geskryf en begin die gedeelte ná die voorvoegsel met 'n kleinletter.

onafrikaans, onboeddhisties, onbybels, onskandinawies

**REËL 9.23**

Werkwoorde wat op eiename (insluitende geografiese name) of taalbenamings berus of daarvan afgelei is, begin met 'n kleinletter.

- ❑ amerikaniseer – geamerikaniseer, boikot – geboikot, google – gegoogle, mesmeriseer – gemesmeriseer, pasteuriseer – gepasteuriseer, russifiseer – gerussifiseer, xerox – gexerox
- ❑ latiniseer, ontengels, verafrikaans, verfrans, verwesters

**REËL 9.24**

Indien byvoeglike en selfstandige naamwoorde met behulp van voorvoegsels soos **on-**, **ont-** en **ver-** en/of agtervoegsels soos **-asie**, **-ing** en **-iseer** afgelei word van 'n werkwoord wat op 'n eiename berus, word die voor- en/of agtervoegsels sonder 'n koppelteken vas aan die stam geskryf en begin die eienamelement met 'n kleinletter.

- ❑ geontstaliniseerde, herverfransing, verafrikaanse
- ❑ afrikanisasie, afrikanisering, anglisering

## ➔ Eienaamverbleking

### REÛL 9.25

'n Eienaamverbleking, met inbegrip van 'n nieletterlik of figuurlik gebruikte soortnaam wat op 'n eienaam berus, begin gewoonlik met 'n kleinletter.

- |   |                |  |
|---|----------------|--|
| ❑ adonis ( <i>aantreklike man</i> )                     | <i>teenoor</i> | Adonis ( <i>mitologiese persoons-eienaam</i> )       |
| amasone ( <i>strydbare vrou</i> )                       | <i>teenoor</i> | Amasone ( <i>mitologiese persoonseienaam</i> )       |
| bosbou ( <i>aanplant van bosse</i> )                    | <i>teenoor</i> | Bosbou ( <i>departementsnaam</i> )                   |
| japie ( <i>agterlike persoon</i> )                      | <i>teenoor</i> | Japie ( <i>persoonseienaam</i> )                     |
| klaas ( <i>kneg, ondergeskikte</i> )                    | <i>teenoor</i> | Klaas ( <i>persoonseienaam</i> )                     |
| mefistofeles ( <i>iemand met 'n duiwelse voorkoms</i> ) | <i>teenoor</i> | Mefistofeles ( <i>legendariese persoonseienaam</i> ) |
| nimrod ( <i>dapper jagter</i> )                         | <i>teenoor</i> | Nimrod ( <i>mitologiese persoons-eienaam</i> )       |
| quisling ( <i>verraaier</i> )                           | <i>teenoor</i> | Quisling ( <i>persoonseienaam</i> )                  |
| waterloo ( <i>Dit was haar –</i> )                      | <i>teenoor</i> | Waterloo ( <i>geografiese naam</i> )                 |
- ❑ 'n blinkstefaans, 'n boetebessie, 'n jandooi, 'n jansalie, 'n plaasjapie  
 ❑ braille, cutex, diesel (*brandstof, enjin*), mauser *of* mouser, maxim *of* meksim, primus, vaseline

### ☞ OPMERKINGS

- (a) Wanneer sulke eienaamverblekings in die WOORDELYS verskyn, word **slegs die skryfwyse met 'n kleinletter aangebied**.
- (b) Omdat eienaamverbleking 'n proses is, is dit nie altyd moontlik om presies te bepaal of 'n eienaam reeds dermate verbleek het dat die verband met die persoon op wie of die saak waarop dit oorspronklik betrekking het, heeltemal vervaag het en die betrokke eienaam dus met 'n kleinletter moet begin nie, byvoorbeeld **Hy word beskou as die hitler/Hitler van Afrika**. In sulke gevalle moet dit nie as 'n skryffout beskou word as 'n gebruiker 'n hoofletter gebruik waar 'n ander 'n kleinletter sou gebruik nie. Daar word egter aanbeveel dat indien 'n eienaamverbleking wel met 'n aanvangskleinletter geskryf word, afleidings daarvan en samestellings daarmee eweneens met 'n kleinletter moet begin, en omgekeerd.
- ❑ Berlitzmetode *of* berlitzmetode  
 Evasgeslag *of* evasgeslag  
 Fröbelskool *of* fröbelskool

Gideonsbende *of* gideonsbende  
 Montessorimetode *of* montessorimetode  
 Morsekode *of* morsekode

- ❑ achillies *of* agillies, areopagies, caligulaans *of* kaligulaans
- (c) Enkele handelsmerke word so dikwels as soortname gebruik dat die oorspronklike verwysing na die produkbenaming vervaag het en die benaming nou 'n generiese verwysingsfunksie het. So kan **Kleenex** *of* **kleenex** byvoorbeeld vir enige snesie gebruik word en **Tippex** *of* **tippex** vir enige korrigeervloeistof. Soms word sulke handelsnaamverblekings ook as werkwoorde gebruik, byvoorbeeld **cutex** – **gecutex**, **uittippex** – **uitgetippex**, **xerox** – **gexerox**. Kyk ook reël 9.23.
- (d) Hoewel die eienaamelement in samestellings soos **brusselslof** en **downsindroom** met 'n hoof- of kleinletter geskryf kan word, behou die eienaamelement die hoofletter wanneer dit in 'n woordgroep voorkom, byvoorbeeld **Brusselse lof**, **Down se sindroom**. Kyk ook die opmerking by reël 9.21.
- (e) Op sekere gespesialiseerde terreine, byvoorbeeld die geologie of die tekstielwese, word eiename en afleidings van eiename dikwels as soortname gebruik, wat dan nie met 'n hoofletter begin nie, byvoorbeeld **burberry**, **derbyriffel**, **thomsoniet**. Kyk ook reël 9.18.

## ➔ Afkortings

### REËL 9.26

Indien die volvorm van 'n woord wat afgekort word, met 'n hoofletter begin, begin die afkorting van die woord ook met 'n hoofletter.

- ❑ Apr. (*April*), Belg. (*België, Belgies(e)*), D. (*Duits(e)*), Hd. (*Hoogduits(e)*), Herv. (*Hervormd(e)*), Jes. (*Jesaja*), Kie. (*Kompanjie*), Me. (*Middel-eeue*), Mnl. (*Middelnederlands*), Vr. (*Vrydag*)
- ❑ H.Eks. (*Haar Eksellensie*), S.Ed. (*Sy Edele*)

### ☞ OPMERKINGS

- (a) Die omgekeerde van hierdie reël is egter nie noodwendig waar nie, aangesien afkortings dikwels hoofletters gebruik, terwyl hulle vorme met kleinletters geskryf word, byvoorbeeld **BTW** – **belasting op toegevoegde waarde**, **TG** – **transformasionele grammatika**.
- (b) Ander aspekte van die gebruik van die hoofletter by afkortings word in die hoofstuk **AFKORTINGS** bespreek.

# 10. KAPPIE

## ORIËNTASIE

Die kappie (^) word in Afrikaans op vokaalletters geplaas om die klank wat gewoonlik deur daardie vokaalletter voorgestel word, te verleng. Die kappie kom ook in sommige leenwoorde voor.

### REÛL 10.1

Indien 'n **e**, **i**, **o** of **u** in 'n oop lettergreep voorkom, dui die kappie op so 'n vokaalletter aan dat dit 'n bepaalde gerekte of lang klankwaarde het.

- affêre**, **bêre**, **nêrens**, **tersiêre**, **wêreld**
- sê**, **hê**
- wiê**
- aikôna** of **haikôna**, **gô**, **ietermagô**, **môre**, **sôe**, **sôre**, **trôe**
- brûe**, **rûe**, **rûens**



### OPMERKINGS

- (a) Geen kappie word gebruik in gevalle waar die **o** (dit wil sê die [ɔ]- of [ɔ:]-klank) in 'n geslote lettergreep voorkom nie, byvoorbeeld **bord**, **pond**, **word**.
- (b) Geen kappie word gebruik in gevalle waar die **o** ([ɔ]) deel van 'n diftong uitmaak nie, byvoorbeeld:

**boikot**, **borzoi**, **goiing**, **hoipolloi**, **joiner**, **poinsettia**, **toiings**

- (c) Vir die spelling van woorde soos **aikôna** of **aikona**, kyk die opmerking by reël 18.23.

### REÛL 10.2

Wanneer **e** in 'n geslote lettergreep voorkom wat op 'n enkele konsonantletter eindig, word die kappie op die **e** gebruik indien die klank die waarde [ɛ:] of [æ:] het en lank uitgespreek word.

**kês**, **miljardêr**, **miljoenêr**, **sekondêr**, **skêr**, **solitêr**, **tjêr-tjêr**, **utilitêr**, **vulgêr**



### OPMERKINGS

- (a) Indien 'n geslote lettergreep met **e** ([ɛ(:)]- of [æ(:)]-klank) op meer as een konsonantletter eindig, soos in **mens**, **rens**, **wens**, **kerk**, **komers**, **stert** en **perd**, word die kappie nie gebruik nie.
- (b) Afgeleide vorme van woorde sonder 'n kappie soos **dié** in (a) behou die spelling sonder kappie, byvoorbeeld **verwerdig**, **regverdig**,

**perde, sterte, komberse.** Kyk grondbeginsel C in die afdeling  
GRONDBEGINSELS VAN DIE AFRIKAANSE SPELLING.

(c) Ter wille van die tradisie word **ver** naas **vër** erken.

**REËL 10.3** Die kappie word gebruik in woorde van vreemde herkoms in hulle  
oorspronklike spelvorm.

*crêpe-de-chine, dépêche, maître d'hôtel, mêlée, tête-à-tête*



# 11. KONSONANTE

## ORIËNTASIE

In Afrikaans lewer die weergawe van konsonante op skrif normaalweg nie groot probleme op nie. In onderstaande reëls word die aandag slegs op die volgende drie gebiede gevestig:

- Die gelykvormigheidsbeginsel in spelling ten spyte van verskil in uitspraak
- Die vraag wanneer die voltooidde deelwoord op **-te** of **-de** uitgaan
- Die verdubbeling van konsonantletters tussen vokaalleters

Vir die klankwaardes wat die fonetiese tekens voorstel, kyk onder TOELIGTING voorin hierdie boek.

## ➔ Spellingkwessies by die gebruik van **b**, **d** en **t**

### REÛL 11.1

Die letter **b** aan die einde van 'n lettergreep word volgens die beginsel van gelykvormigheid altyd as **b** in die spelling van afgeleide en verboë woorde behou, al word dit daar as [p] uitgespreek.



### OPMERKINGS

- (a) Die werking van hierdie reël blyk uit gevalle waar 'n stam dieselfde gespel word (en dus herkenbaar bly), al verskil die uitspraak van die **b** vanweë sy posisie aan die begin of die einde van 'n lettergreep, byvoorbeeld:

skubagtig [skœp'ax'tœx], maar skubberig [skœ'bœ'rœx]  
 robvleis [rœp'flœis], maar robbe [rœ'bœ]  
 gerubs [xe'rœps], maar gerubyn [xe'ry'bœin]

- (b) Die beginsel van gelykvormigheid geld ook in enkele gevalle waar die verkleiningsvorm van 'n woord wat op 'n **b** eindig, op [p] uitgaan, byvoorbeeld:

snobpie [snœ'pi], klubpie [klœ'pi]

### REÛL 11.2

Die letter **d** aan die einde van 'n lettergreep word volgens die beginsel van gelykvormigheid altyd as **d** in die spelling van afgeleide en verboë woorde behou, al word dit daar as [t] uitgespreek.



### OPMERKINGS

- (a) Die werking van hierdie reël blyk uit gevalle waar 'n stam dieselfde

gespel word (en dus herkenbaar bly), al verskil die uitspraak van die **d** vanweë sy posisie aan die begin of die einde van 'n lettergreep, byvoorbeeld:

moordanklag [mort'a:ŋ'klax], *maar* moordend [mor'dənt]  
 daad [da:t] *en* daadwerklik [da:t'værk'lək], *maar* dade [da:'də]  
*en* dader [da:'dər]  
 verbreed [fər'bret] *en* breedste [bret'stə], *maar* verbreding  
 [fər'bre'dəŋ]  
 hibried [hi'brit], *maar* hibriede [hi'bri'də] *en* hibridiseer [hi'bri'di'ser]

- (b) Die beginsel van gelykvormigheid geld ook in enkele gevalle waar die persoonsnaam afgelei van 'n geografiese naam wat op **d** eindig, op [tər] uitgaan, byvoorbeeld:

Grahamstadter [xramstətər]  
 Madridter [madrətər]

Kyk ook reël 11.3.

- (c) Uitsonderings op hierdie reël is die vergelykende trap van **kwaad**, naamlik **kwater**, en afleidings wat op -(e)nis eindig, soos in **verbintenis** (*maar* verbind, verbonde) en **beeltenis** (*maar* beeld, verbeelding).
- (d) Hoewel daar by woorde soos **voorberei** en **verbly** om taahistoriese redes 'n **d** aan die einde van die stam weggeval het, word hierdie **d** behou in afgeleide en verboë vorme soos **blydskap**, **verblydend**, **voorbereiding**, **voorbereidsels**.

### REËL 11.3

Afleidings van plekname wat op -stad eindig en inwoners aandui, word met 'n bykomstige **t** gespeel om die uitspraak weer te gee.

Goudstad – Goudstadter  
 Grahamstad – Grahamstadter  
 Kokstad – Kokstadter



### OPMERKING

Kyk opmerking (b) by reël 11.2.

### REËL 11.4

Ná **l**, **n** en **r** in woorde soos **helder**, **kinders** en **perde** word die **d** altyd in die spelling behou, al word dit dikwels nie uitgespreek nie.

- kelder**, **solder**
- ander**, **hoenders**, **onderwyser**, **skinderbek**
- daardie**, **hierdie**

**REËL 11.5** Voltooide deelwoorde in werkwoordfunksie word altyd sonder **d** aan die einde gespel, behalwe as die grondwoord reeds op **d** eindig.

- ❑ Jan het **geslaag** (*teenoor geslaagde* optrede)  
Die kamers moet **opgeruim** word (*teenoor opgeruimde* kamers)  
Die onderwyser het die kinders **besiel** met sy entoesiasme (*teenoor 'n besielde* leier)  
Die buit is gisteroggend **verdeel** (*teenoor verdeelde* lojaliteit)
- ❑ Die pad is verlede jaar **verbreed**  
Daar word **gebid**



### OPMERKINGS

(a) Voltooide deelwoorde wat as byvoeglike naamwoorde of as bywoorde gebruik word, kan in die volgende twee groepe verdeel word:

- ❑ 'n Groep wat nooit sonder die slot-**d** gespel word nie, byvoorbeeld:

bedoord	gemiddeld	ongetwyfeld
bejaard	gereeld	opgeruimd ( <i>vrolik</i> )
bemiddeld	getroud ( <i>gehuud</i> )	verbeurd
benard	gewild	verbouereerd
benoud	gewoond	verdeeld ( <i>nie eenstemmig</i> )
bereid ( <i>gewillig</i> )	ingewikkeld	verguld
beroemd	ongedeerd	verkeerd
berooid	ongehoord	vermaard
beskroomd	( <i>buitensporig</i> )	vervaard
gediend	ongemanierd	verveeld
gehuud	ongesteld	
gemaniëreerd		

- ❑ 'n Groep wat met óf sonder die slot-**d** gespel kan word, omdat albei vorme voorkom, byvoorbeeld:

bedroef( <b>d</b> )	gejaag( <b>d</b> )	halfgeskool( <b>d</b> )
beleef( <b>d</b> )	gekleef( <b>d</b> )	ongenooi( <b>d</b> )
bemin( <b>d</b> )	geoefen( <b>d</b> )	uitgesonder( <b>d</b> )
beskaaf( <b>d</b> )	geslaag( <b>d</b> )	verstrooi( <b>d</b> )
beskimmel( <b>d</b> )	gestem( <b>d</b> )	verwaai( <b>d</b> )
beswaar( <b>d</b> )	gestrem( <b>d</b> )	verwyder( <b>d</b> )
geblom( <b>d</b> )	getitel( <b>d</b> )	

- (b) By sekere komplekse woorde is bykomende skryfwyses moontlik, byvoorbeeld **fynbesnaar(d)** of fyn **besnaar(d)**. Van hierdie soort gevalle word **net die voorkeurvorm in die Woordeleks aangebied**.
- (c) Kyk reël 11.7, asook reëls 17.10 en 17.11.

## ➔ Voltooidedeelwoorde op **-te** of **-de**

### ORIËNTASIE

Voltooidedeelwoorde word dikwels as attributiewe byvoeglike naamwoorde gebruik en kry dan altyd 'n **e** aan die einde, byvoorbeeld die **verlamde** man.

**REËL 11.6** Voltooidedeelwoorde wat op **k** of **p** eindig, kry **-te** in attributiewe funksie.

- bedekte**, **geykte**, **versteekte**
- gelapte**, **verlepte**, **versuipte**

**REËL 11.7** Voltooidedeelwoorde wat op **f**, **g** of **s** eindig, kry **-te** of **-de** in attributiewe funksie.

- gehefte** of **gehefde**, **gestyfte** of **gestyfdde**
- ingelegte** of **ingelegde**, **ingeligte** of **ingeligde**
- vereiste** of **vereisde**, **veryste** of **verysde**
- verafrikaanste** of **verafrikaansde**, **verduitsste** of **verduitsde**, **verengelste** of **verengelsde**

### ☞ OPMERKINGS

- (a) Sommige vorme met óf **-te** óf **-de** het so gevestig geraak dat die wisselvorm vreemd aandoen en nie algemeen gebruik word nie, byvoorbeeld **bedroefte** teenoor **bedroefde**, **gedugde** teenoor **gedugte**. In sulke gevalle word **slegs die gebruiklikste vorme in die Woordeleks aangebied**.
- (b) Kyk ook reël 17.19.

**REËL 11.8** Vorme op **-heid** wat afgelei is van voltooidedeelwoorde wat op **f**, **g** of **s** eindig, word óf met **d** óf met **t** gespel.

- gestyfdheid** of **gestyftheid**, **versufdheid** of **versuftheid**
- gehegdheid** of **gehegtheid**, **gematigdheid** of **gematigtheid**
- begrensdheid** of **begrenstheid**, **ongewensdheid** of **ongewenstheid**

**OPMERKINGS**

- (a) Sommige vorme met óf **-theid** óf **-heid** het so gevestig geraak dat die wisselvorm vreemd aandoen en nie algemeen gebruik word nie, byvoorbeeld **bedroeftheid** teenoor **bedroefdheid**, **gedugtheid** teenoor **gedugtheid**. In sulke gevalle word **slegs die gebruiklikste vorme in die WOORDELYS aangebied**.
- (b) Kyk ook reëls 17.10 en 17.11.

**REËL 11.9**

Indien 'n voltooië deelwoord op 'n werkwoord berus wat op **l, m, n, ng, r**, 'n vokaalletter of 'n diftong eindig, kry dit altyd **-de** in attributiewe funksie.

- bestelde, verkoolde**
- ontruimde, verlamde**
- bemande, verdunde**
- gemengde, verlangde**
- beseerde, vermoorde**
- beboude, gebreide, gehude, verdraaide**

**OPMERKINGS**

- (a) Sterk voltooië deelwoorde (byvoorbeeld **gesonge, verlore**) ressorteer nie onder hierdie reël nie.
- (b) In die WOORDELYS word hierdie vorme soos volg aangedui:

bedwelm, **-de**, of bedwelmd, **-e**

**REËL 11.10**

Voltooië deelwoorde wat op **b** of **d** eindig, voorafgegaan deur 'n kort vokaal behalwe [i] of [u], kry **-de** in attributiewe funksie.

- geribde, geskubde**
- bekladde, geredde, geskudde**

**REËL 11.11**

Voltooië deelwoorde wat op **d** eindig, voorafgegaan deur die vokale [i] of [u] of enige lang vokaal, kry slegs **-e** in attributiewe funksie.

- bespiede**
- bebloede, opgevoede**
- gelode**

**OPMERKING**

Sterk voltooië deelwoorde (byvoorbeeld **verbode**) ressorteer nie onder hierdie reël nie.

## ➔ Die klanke [f], [v] en [w]

### ORIËNTASIE

Tradisioneel word die klank [f] soms deur **f** en soms deur **v** weergegee, die klank [v] soms deur **w** en soms deur **v**, en die klank [w] deur **w**.

**REËL 11.12** Aan die einde van lettergrepe word die klank [f] deur die letter **f** weergegee.

aktief, deftig, dof, geloof, golf, half, motief



### OPMERKING

Daar is enkele uitsonderings, byvoorbeeld die akronieme **EVKOM** of **Evkom**, **Kovsie**, **SAVTO** of **Savto**.

**REËL 11.13** Tradisioneel word die klank [f] aan die begin van lettergrepe deur **f** of **v** weergegee.

- ❑ **affêre**, **alfabet**, **dolfyn**, **fel** (*heftig*), **fier** (*trots*), **flikflooï**, **fors** (*kragtig*), **fout**, **frank** (*muntstuk*), **gereformeer**, **pasifis**
- ❑ **advies**, **aktivis**, **dagvaar**, **drievoud**, **evangelie**, **halveer**, **hervorm**, **karnaval**, **klavier**, **koevert**, **motiveer**, **vaal**, **veil** (*jou lewe – hê vir iets*), **vel** (*huid; laat omval*), **vier**, **vlooi**, **vors** (*regeerder*), **vransk** (*smaak*), **vygie**



### OPMERKINGS

- (a) In enkele gevalle word **ph** nog naas **f** in wisselvorme erken, byvoorbeeld:

*euphorbia* of *euforbia*, *Morpheus* of *Morfeus*

- (b) Voor die suffiks **-in** (vroulike vorm) word die klank [f] deur **v** weergegee, al eindig die stam op **f**, byvoorbeeld:

*gravin* (*teenoor graaf*), *wolvin* (*teenoor wolf*)

- (c) Voor die suffiks **-eer** (wat gebruik word om werkwoorde te vorm) word die klank [f] as **v** weergegee, byvoorbeeld **aktiveer** (*teenoor aktief*). Ander voorbeelde is **halveer** (*teenoor half*), **motiveer** (*teenoor motief*), **negativeer** (*teenoor negatief*), **substantiveer** (*teenoor substantief*). Uitsonderings sluit in **chauffeer**, **coiffeer**, **filosofeer**, **parafeer**, **stoffeer** en **triomfeer**, asook woorde met die element

-grafeer, byvoorbeeld choreografeer, fotografeer, kalligrafeer, litografeer, paragrafeer, radiografeer, telegrafeer.

- (d) Ten spyte daarvan dat **reserwe** en **halwe** met 'n **w** gespel word, word **reserveer** en **halveer** met 'n **v** gespel.

**REÛL 11.14** In woorde van nie-Klassieke herkoms word die klank [v] aan die begin van lettergrepe deur **w** weergegee.

aal**w**yn, behal**w**e, bly**w**end, del**w**er, drui**w**e, ew**w**ig, lawaai, oer**w**oud, want, warrel**w**ind, wê**w**reld, wonder**w**erk

**REÛL 11.15** In woorde van Klassieke herkoms word die klank [v] aan die begin van lettergrepe soms deur **v**, soms deur **w** en soms deur **v** of **w** weergegee.

- bravo, deverbandief, ekwivalent, universiteit, uvula, valensie, viviseksie
- adjektiewies, goewerment, impulsiwiteit, konserwatisme, kurwe, reserwe, rewolwer, soewerein, sportiwiteit
- evolusie of ewolusie, individu of indiwidu, paviljoen of pawiljoen, revolusie of rewolusie



#### OPMERKING

By sommige woorde van Klassieke herkoms wat met 'n **v** gespel word, wissel die uitspraak tussen [f] en [v], byvoorbeeld **ekstrovert**, **inventaris**, **universeel**, **universiteit**, **via**, **vokaal**.

**REÛL 11.16** Die klank [w] word in Afrikaanse of verafrikaanste woorde deur **w** weergegee.

ak <b>w</b> arium	k <b>w</b> aad	stils <b>w</b> ye
bes <b>w</b> aar	k <b>w</b> artaal	swaai
bes <b>w</b> yk	k <b>w</b> ekery	sweis
driek <b>w</b> art	k <b>w</b> itansie	swenk
d <b>w</b> aalspoor	k <b>w</b> ota	swier
d <b>w</b> ingend	k <b>w</b> yn	swoeg
ek <b>w</b> ilibrium	lik <b>w</b> idasie	Tswana
ged <b>w</b> onge	namak <b>w</b> aduif	twaalf
ink <b>w</b> isisie	pask <b>w</b> il	twee
kats <b>w</b> ink	Q <b>w</b> aq <b>w</b> a	wê (tw.)
konsek <b>w</b> ent	sek <b>w</b> estreer	

 **OPMERKINGS**

(a) In enkele woorde word [w] deur **u** weergegee, byvoorbeeld:

linguistiek, quisling, quo vadis, sanguinies, sine qua non

(b) Daar is in Afrikaans woorde van nie-Klassieke herkoms waarin die uitspraak by verskillende sprekers wissel tussen [w] en [v]. In sulke gevalle word die klank weergegee deur **w**, byvoorbeeld **Hawaii**, **kiwi**, **Malawi**, **twaalf**, **twee**.

(c) Kyk ook reël 18.17.

 **Die letter g****ORIËNTASIE**

Die letter **g** stel in Afrikaans die klanke [x], [ç] en [g] voor.

 **OPMERKING**

Vir die wisselende spelvorme van woorde van vreemde herkoms met die klank [g], kyk ook reëls 18.5, 18.10 en 18.11.

**REËL 11.17**

Die klank [x] word aan die begin en einde van woorde en lettergrepe deur **g** weergegee.

- gaan, geur, goed
- bog, nag, dag
- agitasie, agurkie
- agter, nugter

 **OPMERKING**

Voor hoë vokale soos in **geel** en **gier** word **g** ook as [ç] uitgespreek.

**REËL 11.18**

Die klank [g] word deur 'n **g** en 'n **gh** weergegee.

- berge, burger, gevolge, morge, verborge, vererger
- ghetto, ghitaar, ghoen, gholf, sorghum

 **OPMERKINGS**

(a) Die **g** in **nege**, **negende**, **negentien**, **negentig** word deur sommige sprekers as [g] uitgespreek en deur ander as [x].

(b) Kyk ook reëls 18.5, 18.10 en 18.11.



## ➔ Die klank [z]

### ORIËNTASIE

Die klank [z] word deur **s** en **z** weergegee.

#### REÛL 11.19

Die klank [z] word in Afrikaans net in leenwoorde en eiename, en in afleidings van en samestellings met sulke leenwoorde en eiename, deur 'n **z** weergegee.

- borzoi, klêza, lapis lazuli, organza, Swazi
- berzeliuslamp, kamikazevliegtuig, Tanzaniër, Venezolaan

#### REÛL 11.20

In eg Afrikaanse woorde en in sommige leenwoorde kan die klank [z] deur die letter **s** weergegee word.

Let op dat die letter **s** in die volgende gevalle sowel die uitspraak [s] as die uitspraak [z] kan voorstel:

Amasone	husaar	poësie
asalea	influenza	posisie
Bisantyns	Israel	positief
bisar	jesuïet	pose
blasé	keiser	prosa
boesem	keuse	reservoir
Brasiliaans	kompositum	reserwe
deposito	laisone	resolusie
diesel	laser	roset
disa	leuse	sone
eksak	masurka	soölogies
fase	menopouse	(tabula) rasa
fisika	mimosa	visueel
frase	mosaïek	wyse
freesia	Mosambiëks	Xhosa
gimnasium	muse	
(honoris) causa	museum	



### OPMERKINGS

- (a) Die letter **z** (verdubbel al dan nie) verteenwoordig in sommige leenwoorde die klank [ts], byvoorbeeld **Nazi**, **pizza**, **pizzeria**.
- (b) Vir die weergawe van [z] in leenwoorde uit Afrikatale, kyk reël 18.18.

## ➔ Die klanke [tʃ] en [dʒ]

### ORIËNTASIE

Die klanke [tʃ] en [dʒ] (bekend as affrikate) word op verskillende maniere weergegee.

#### REËL 11.21

Die klank [tʃ] as beginklank van woorde en lettergrepe word gewoonlik deur die letters **tj** weergegee.

**tj**alie, **tj**ank, **tj**ek, **tj**okker, **tj**or



### OPMERKINGS

- (a) Een tipe uitsondering is die weergawe van [tʃ] deur **tsj**, byvoorbeeld:

**guttapertsja**, **kaoetsjoek** (*rubber*), **lietsjie**

Ho **Tsj** Minhstad, **Karatsji**, **Tsjad**, **Tsjeggië**, **Tsjeggo**-Slowakye

- (b) 'n Tweede tipe uitsondering is die weergawe van [tʃ] deur **ch**, byvoorbeeld:

**cheetah**, **Chili**, **chinchilla**

- (c) 'n Derde tipe uitsondering is die [tʃ]-klank in leenwoorde uit Italiaans, wat deur **c** weergegee word wanneer dit voor die vokaalletters **e** of **i** staan, byvoorbeeld:

**ciao**, **cicerone**, **cinquecento**

- (d) Vir die skryfwyse van [tʃ] in leenwoorde uit Afrikatale, kyk reël 18.13.

#### REËL 11.22

Die klank [dʒ] as beginklank van woorde of lettergrepe word gewoonlik deur die letters **dj** weergegee.

- Dj**akarta, **Dj**iboeti, **Fidji**
- dj**in, **hadjie**, **radja**



### OPMERKINGS

- (a) Vir die skryfwyse van [dʒ] in leenwoorde uit Afrikatale, kyk reël 18.16.
- (b) By sommige leenwoorde kom hierdie klank ook aan die einde van

'n lettergreep voor, byvoorbeeld **gadj** [xadʒ] (uit Arabies) en soms **garage** [garadʒ] (uit Frans).

## ➔ Die verdubbeling van konsonantletters

### ORIËNTASIE

Konsonantletters word soms verdubbel wanneer hulle tussen vokaalletters voorkom om die klank en/of lengte van die voorafgaande vokaal te bepaal.

**REÛL 11.23** 'n Konsonantletter word verdubbel indien dit tussen twee vokaalletters optree en die eerste vokaal (met uitsondering van [i], [u] en [y]) kort is en die hoofklem dra.

**abba, vodde, effens, giggel, liggaam, oggend, gelukkig, jakkals, bolla, jammer, sommer, mannetjie, tennis, vinnig, orrel, obsessie, tussen, verfrissend, skottel, spaghetti**

### ☞ OPMERKINGS

(a) Ter wille van gelykvormigheid word dié verdubbeling behou in afleidings en samestellings waarin die betrokke lettergreep nie meer die hoofklem dra nie, byvoorbeeld:

jammerhartig, knieskottel, liggaamlik, obsessioneel, orrelis, rooijakkals, strandtennis

(b) Let op die spelling van woorde soos die volgende, waar die hoofklem nie op die kort vokaal voor die betrokke onverdubbelde konsonant val nie:

baseer, frikkadel, interessant, papegaai, paraffien, tameletjie, tarentaal

**REÛL 11.24** 'n Konsonantletter wat tussen 'n kort [i], [y] of [u] of 'n [ø] en 'n volgende vokaalletter staan, word nie verdubbel nie.

- ❑ briefie, energieke, familie, kielie, kriesel, masjiene, mite, silo, skielik, tipe
- ❑ bruto, fuga, minute, musici, rekrute, rusie
- ❑ doepa, groete, moeder, moenie, oefen, poeding, sleepvoetend
- ❑ gepeupel, geute, heupies, kreukel, leuse, neulery, sigeuner

**REËL 11.25**

'n Konsonantletter wat tussen 'n diftong en 'n vokaalletter staan, word nie verdubbel nie.

aluin, anys, bouler, doilie, duisend, eina, gryse, kabouter, malaita, marokyn, meisie, muile, veilig, verwyder, ysies

**REËL 11.26**

As die stam van 'n woord uitgaan op 'n beklemtoonde kort [a], [ɛ], [ɔ], [ə] of [œ] plus 'n konsonantletter, word dié konsonantletter in afleidings-, meervouds- en verkleiningsvorme verdubbel.

- debatteer, Irakkees, Irannees, Japannees, kasset, kassier, malanniet, Soedannees, Taiwanees, tiranniseer
- adresseer, appelleer, beddens, modelleer, rebelleer, tabelleer, Tibettaans
- blokkeer, galoppeer, kanonneer, kanonnier, Marokkaan, robbe, stoffeer
- blikkie, verstikkend
- gebukkend, stukkend
- blokke, blokkie, kramatte

**OPMERKINGS**

- (a) Hierdie reël geld slegs as die agtervoegsel met 'n vokaalletter begin.
- (b) Let op die spelling van kanselleer en kontroleer.
- (c) Kyk ook reël 11.28, veral opmerking (a).

**REËL 11.27**

Indien die basis eindig op 'n enkele konsonantletter, voorafgegaan deur 'n lang, beklemtoonde vokaal, word daardie konsonantletter nie in afleidings van die basisvorm verdubbel nie.

formaat – formateer, lokaal – lokaliseer, profeet – profeteer, vokaal – vokaliseer

**OPMERKING**

Let ook op die spelling van baseer (uit basis), faseer (uit fase) en kontroleer (uit kontrole).

**REËL 11.28**

Indien die laaste konsonantletter van 'n woord voorafgegaan word deur 'n kort, onbeklemtoonde [a] of [ɔ], word die konsonantletter by meervouds- en verkleiningsvorme verdubbel.

- landskap – landskappe – landskappie
- aanval – aanvalle – aanvalletjie

- ❑ biskop – biskoppe – biskoppie  
protokol – protokolle



### OPMERKINGS

- (a) By [ə] is dit nie die geval nie, byvoorbeeld:

lewerik – lewerike – lewerikie, monnik – monnike – monnikie

Let egter op gevalle soos **oomblik** (uit Nederlands **ogenblik**) of **angsblik** wat (histories) uit twee stamme bestaan en dus onder reël 11.26 ressorteer op grond van die grondbeginsels van tradisie en gelykvormigheid. Kyk grondbeginsels A en C in die afdeling GRONDBEGINSELS VAN DIE AFRIKAANSE SPELLING.

- (b) Meervouds- en verkleiningsvorme van naamwoorde wat op **s** en **g** uitgaan, is om historiese redes onreëlmatig en word nie in alle gevalle deur die reël gedek nie, byvoorbeeld:

mas – maste – massie, veldslag – veldslae – veldslaggie

### REÛL 11.29

As die slotkonsonantletter van 'n woord 'n **s** is en dit voorafgegaan word deur 'n kort, onbeklemtoonde [a], [ə], [æ] of [ɔ], word die s verdubbel by meervouds- en verkleiningsvorme.

- ❑ atlas – **atlasse** – **atlassie**
- ❑ iris – **irisse** – **irissie**, kermis – **kermisse** – **kermissie**
- ❑ bonus – **bonusse** – **bonussie**, sinus – **sinusse**
- ❑ epos – **eposse** – **epossie** (*verhalende gedig*)
- ❑ e-pos – **e-possie** – **e-possie** (*elektroniese pos*)

### REÛL 11.30

As 'n woord op **s** eindig (soos **bos** of **fluks**) en met 'n woord of woorddeel verbind wat met 'n **s** begin (soos **slaper** of **-ste**), word albei **s**'e behou.

- ❑ **bosslaper**, **dansskoene**, **dwarsskop** (*naas dwarskop*), **godsdiensstryd**, **halssnoer**
- ❑ **fluksste**, **laksste**, **nutteloosste**, **skaarsste**



### OPMERKING

- (a) In gevalle soos dié in die eerste voorbeeldreeks hierbo en wanneer die eerste deel van die woord 'n selfstandigenaamwoordstam is, kan gebruikers die volgende as 'n praktiese riglyn gebruik: slegs

indien die eerste selfstandige naamwoord in die enkelvoud op 'n **s** eindig en die tweede deel met 'n **s** begin, kom twee **s**'e by die verbindingspunt voor.

- (b) Vir die spelling van woorde soos **damesandaal**, **manskoene** en **seunskool**, kyk reël 17.16.

## 12. KOPPELTEKENS

### ORIËNTASIE

Die koppelteken het meer as een funksie. Onder hierdie funksies tel die volgende:

- ❑ Woorde soos **see-eend**, **na-afsluitingsbalans** en **wa-as** word met 'n koppelteken geskryf om die dele te skei en **die lees daarvan te vergemaklik**.
- ❑ Gevalle soos **digter-predikant** en **skriba-kassier** word met die koppelteken saamgekoppel op grond van die **besondere betekenis-verhouding tussen die dele**.
- ❑ Die koppelteken word gebruik as **weglaatteken** in byvoorbeeld **Moeders- en Vadersdag, taal- en letterkundiges**.
- ❑ Die koppelteken word ook gebruik as **afbreekteken** aan die einde van 'n getikte of geskrewe reël, byvoorbeeld:

ver-  
gadering

begena-  
diging

Die skryfwyse met 'n koppelteken of koppeltekens geld as 'n **vorm van vasskryf** by saamgestelde woorde. (Kyk ook die hoofstuk SKRYFWYSE – LOS EN VAS.) Dit word dus as 'n fout beskou as daar 'n koppelteken gebruik word waar los geskryf moet word, byvoorbeeld \***huis-toe** in plaas van **huis toe** en \***Kaap-toe** in plaas van **Kaap toe**, \***mediese-fonds** in plaas van **mediese fonds**.

Benewens die verskillende gebruike van die koppelteken, wat hieronder vollediger uiteengesit word, word ook verbandhoudende gevalle bespreek wat óf los óf sonder koppelteken vas geskryf word.

### ➔ Opeenvolging van vokale

#### REÛL 12.1

As 'n opeenvolging van dieselfde of verskillende vokaalleters tussen die dele van samestellings meebring dat die woord verkeerd gelees kan word, word 'n koppelteken tussen die dele geplaas.

- ❑ Dieselfde vokaalleters by die verbindingspunt:
 

bo-op	see-engte
Comore-eilande	senu-uitputting
diere-epos	drie-enig
na-aap	foto-omslag

Maagde-eilande  
toe-eien

vroue-emansipasie  
wa-as

- Verskillende vokaalleters by die verbindingspunt:
- |                  |                     |
|------------------|---------------------|
| bo-ent           | koedoe-ingewande    |
| bo-ingang        | presisie-instrument |
| buite-uitsending | senu-ineenstorting  |
| kiwi-eier        | studente-unie       |



### OPMERKINGS

- (a) 'n Opeenvolging van vokaalleters bring nie noodwendig mee dat 'n komplekse woord verkeerd of moeilik korrek gelees sal word nie, byvoorbeeld:

handearbeid, hondeoor, naoorlogs, naywer, pouoogmot,  
sakeadres, senuaandoening, syaansig, syopening

As 'n opeenvolging van vokaalleters egter na die gebruiker se oordeel wel meebring dat die woord moeilik korrek gelees sal word, kan 'n koppelteken tussen die samestellende dele geskryf word, byvoorbeeld:

boaan *of* bo-aan  
graweyster *of* grawe-yster  
ietermagôingewande *of*  
ietermagô-ingewande  
kaliarm *of* kali-arm  
nauurs *of* na-uurs  
negeuur *of* nege-uur  
ruolie *of* ru-olie

skiuitrusting *of* ski-  
uitrusting  
snyyster *of* sny-yster  
studieobjek *of* studie-objek  
syingang *of* sy-ingang  
taxioorlog *of* taxi-oorlog  
weggooiooi *of* weggooi-ooi  
zerouur *of* zero-uur

Verbindings van hierdie tipes word **in die WOORDELYS slegs vas geskryf**.

- (b) Wanneer twee *i*'s langs mekaar staan in 'n woord en een van die *i*'s tot 'n affiks behoort, word 'n koppelteken nie tussen die twee geskryf nie, byvoorbeeld **antiinflammatories**, **kopiis**, **kwasiintellektueel**, **pollioon**. Dit geld ook gevalle van werkwoordstam + *-ing*, byvoorbeeld **draaiing**, **vloeiing**, asook gevalle soos **fraiing**, **toings**. In sulke gevalle kry die tweede *i* ook nie 'n deelteken nie.

Indien die twee *i*'s egter tot verskillende stamme behoort, kan 'n koppelteken wel daartussen geskryf word, byvoorbeeld **Israëli-immigrant**, **ski-instrukteur**.

Kyk ook reëls 5.1 (veral opmerking (a)) en 5.5.



- (c) As die lettergreepverdeling in 'n woord nie sonder meer duidelik is nie, of as die woord om dié rede meerduidelik is, kan 'n koppelteken gebruik word om die korrekte lettergreepverdeling aan te dui, byvoorbeeld:

bo-sluis ( <i>teenoor</i> bosluis)	rooi-sel ( <i>teenoor</i> rooisel)
dop-ertjie ( <i>teenoor</i> dopertjie)	ru-gare ( <i>teenoor</i> rugare)
pronk-ertjie ( <i>teenoor</i> pronkertjie)	sand-aal ( <i>teenoor</i> sandaal)

- (d) Die koppelteken word veral in die letterkunde, dikwels ter wille van effek, ook gebruik om die onderskeie betekenis-komponente van komplekse woorde te beklemtoon, byvoorbeeld:

be-teken (in 'n sin soos: Met hierdie nuwe woord het sy die saak be-teken)  
om-ring (in: Die heiligheid lê en om-ring dit (N.P. van Wyk Louw))

## ➔ Woorde met woorddele van vreemde herkoms

### REÛL 12.2

'n Koppelteken of 'n deelteken word gebruik in verbindings waar 'n opeenvolging van vokaalletters verkeerd gelees kan word en voorvoegsels van Klassieke herkoms betrokke is.

- |   |   |
|---|---|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>❑ bi-elektries <i>of</i> biëlektries</li> <li>bi-embrionies <i>of</i> biëmbrionies</li> <li>di-elektries <i>of</i> diëlektries</li> <li>ko-effisiënt <i>of</i> koëffisiënt</li> <li>ko-operasie <i>of</i> koöperasie</li> </ul>  | <ul style="list-style-type: none"> <li>pre-eksistensie <i>of</i> preëksistensie</li> <li>pre-universitêr <i>of</i> preüniversitêr</li> <li>re-inkarnasie <i>of</i> reïnkarnasie</li> <li>re-unie <i>of</i> reünie</li> <li>tri-ennale <i>of</i> triënnale</li> </ul>  |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>❑ agro-ekonomies <i>of</i> agroëkonomies</li> <li>dodeka-eder <i>of</i> dodekaëder</li> <li>foto-osmose <i>of</i> fotoösmose</li> <li>gastro-enteritis <i>of</i> gastroën-teritis</li> <li>hidro-elektries <i>of</i> hidroëlektries</li> <li>infra-akoesties <i>of</i> infraäkoesties</li> <li>intra-abdominaal <i>of</i> intraäbdominaal</li> <li>kontra-aktief <i>of</i> kontraäktief</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>mikro-organisme <i>of</i> mikroörganismes</li> <li>multi-etnies <i>of</i> multiëtnies</li> <li>neuro-eroties <i>of</i> neuroëroties</li> <li>poli-etileen <i>of</i> poliëtileen</li> <li>pseudo-eenstemmigheid <i>of</i> pseudoëenstemmigheid</li> <li>psigo-organies <i>of</i> psigoörganies</li> <li>semi-elektries <i>of</i> semiëlektries</li> <li>sosio-ekonomies <i>of</i> sosioëkonomies</li> <li>ultra-aktief <i>of</i> ultraäktief</li> </ul> |

- elektro-endoskoop *of* elektroëndoskoop  
radio-opaak *of* radioöpaak



### OPMERKINGS

- (a) In bogenoemde gevalle word **slegs die spelling met die deelteken as voorkeurvorm in die WOORDELYS aangebied**. Hoewel woorde soos **koöperasie** en **koëffisiënt** volgens bostaande reël ook met 'n koppelteken geskryf kan word, moet 'n koppelteken nie gebruik word indien die betrokke woord in 'n samestelling voorkom en die gebruik van die koppelteken daartoe lei dat die samestelling verwarrend is of vreemd voorkom nie, byvoorbeeld: **\*mielieko-operasie** of **\*nuttigheidsko-effisiënt**
- (b) Waar die voorvoegsel eenlettergrepig is, is daar 'n sterk neiging om die deelteken te gebruik, eerder as die koppelteken, byvoorbeeld **reünie** in plaas van **re-unie**. As die voorvoegsel meerlettergrepig is, is daar dikwels 'n neiging om die koppelteken eerder as die deelteken te gebruik, byvoorbeeld **sosio-ekonomies**. Kyk ook reël 5.6.
- (c) Omdat woorde soos **biatomies**, **diode** en **dioksied** nie verkeerd gelees kan word nie, kry hulle nie 'n koppelteken of 'n deelteken nie.
- (d) Woorde soos die volgende word sonder 'n koppelteken of 'n deelteken geskryf omdat daar geen probleme is om die woorde korrek te lees nie:

amoreel, antedateer, antibakterieel, asosiaal, biochemie, hipermark, interprovinsiaal, intraveneus, koproduksie, kwasi-godsdienstig, kwasiwetenskaplik, postmodernisties, preprimêr, subagent, subekonomies, transkontinentaal, ultraregs

- (e) Slegs 'n deelteken word gebruik in komplekse woorde waar 'n opeenvolging van vokaalleters verkeerd gelees kan word en waar die eerste lid **be-** of **ge-** is, byvoorbeeld **beëdig**, **beïnvloed**, **geïllustreer**, **geïnterneer**, **geëksamineer**, **geëmansipeer**, **geënt**. Om dié rede is dit ook **toegeëien** maar **toe-eien**. Kyk ook reël 5.5.
- (f) Kyk ook reël 5.6, veral opmerking (c), en reël 5.9.

### REËL 12.3

As leenwoorde in die oorspronklike taal met 'n koppelteken tussen woorddele geskryf word, word die koppelteken(s) in Afrikaans behou.

crêpe-de-chine  
demi-monde  
demi-sec  
eau-de-cologne

mise-en-scène  
qui-vive  
vis-à-vis  
vol-au-vent

**REÛL 12.4** In koppelings waarvan die eerste deel 'n woordgroep van vreemde herkoms (veral van Latyn) is, word die eerste deel met 'n koppelteken vas aan die res van die koppeling geskryf.

a priori-stelling	ex post facto-goedkeuring
ad hoc-komitee	in camera-bespreking
bona fide-boer	in vitro-bevrugting
de jure-regering	in vivo-bevrugting
en suite-badkamer	pro Deo-advokaat
ex gratia-betaling	ultra vires-besluit
ex officio-lid	

 **OPMERKINGS**

- (a) Die kursivering van so 'n woordgroep van vreemde herkoms is opsioneel, byvoorbeeld *ex officio-lid* of *ex officio-lid*.
- (b) Let op dat daar nie 'n koppelteken of koppeltekens tussen die lede van so 'n woordgroep ingevoeg word nie.

 **Lang samestellings**

**REÛL 12.5** As die lengte van 'n saamgestelde woord lees bemoelik, kan 'n koppelteken tussen die samestellende dele gebruik word.

Bosveldstollingskompleks-navorsingseenheid, geaktiveerdeslyk-proses, ontwikkelingspelerspan-afrigting

 **OPMERKINGS**

- (a) Lees word by uitstek vergemaklik as die leesbaarheidskoppelteken geplaas word tussen die hoofbetekeniskomponente van die verbinding, byvoorbeeld:

dieselenjin-wipbakvragmotors *en nie* \*diesel-enjinvipbakvrag-  
motors *of* \*dieselenjinvipbak-vragmotors *nie*

hoëresolusie-syaftassonarbeeld *en nie*  
\*hoëresolusiesy-aftassonarbeeld *nie*

woonstelblok-parkeerterrein *en nie* \*woonstel-blokparkeerterrein  
*of* \*woonstelblokparkeer-terrein *nie*

- (b) Ná 'n verbindings-**s** word daar **nie** 'n leesbaarheidskoppelteken geskryf nie, byvoorbeeld:

korttermynversekeringspolis, maatskaplikewerkevereniging,  
winteropruimingsuitverkoop

**REËL 12.6** In samestellende samestellings word 'n koppelteken nie tussen die byvoeglike naamwoord en die daaropvolgende selfstandige naamwoord geskryf nie.

- ❑ *ekonomieseklaspassasier of ekonomieseklas-passasier en nie \*ekonomiese-klaspassasier nie*
- informeelsektorbedrywighede of informeelsektor-bedrywighede en nie \*informele-sektorbedrywighede nie*
- intensiewesorgeenheid of intensiewesorg-eenheid en nie \*intensiewe-sorgeenheid nie*
- maatskaplikewerkstudente of maatskaplikewerk-studente en nie \*maatskaplike-werkstudente nie*

Nog voorbeelde van sulke samestellende samestellings is:

- ❑ *algemenepraktijkarea*                      *primêreskoolfase*
- effektiewerentekoersmetode*            *vergelykendeletterkunde*
- geslotekringtelevisie*                      *benadering*
- gewapendebetonkonstruksie*            *verstopperioolgereedskap*
- hoësonde*                                      *vinnigebaanmotors*
- mediese fondsyndstryk*
- ❑ *geelkaartoortreding*                      *langtermynoplossing*
- grootbeeldtelevisie*                      *natweerbande*
- kleinsakeonderneming*                    *rooivleisprodusent*
- korttermynversekering*                    *varsproduktemark*



#### OPMERKINGS

- (a) As die opeenvolging van vokaalletters dit vereis, word 'n koppelteken wel tussen die verboë byvoeglike naamwoord en die daaropvolgende selfstandige naamwoord geplaas, byvoorbeeld:

*ekonomiese-eenheidbeplanning, elektriese-impedansiemetode,  
intellektuele-eiendomsreg, lae-inkomstebehuising*

- (b) In gevalle waar die opeenvolging van vokaalletters nie leesbaarheidsprobleme oplewer nie, is meer as een skryfwyse moontlik, byvoorbeeld:

lokaleareanetwerk *of* lokalearea-netwerk, luoondtemperatuur *of* luoond-temperatuur, regstellendeaksieaanstelling *of* regstellende-aksie-aanstelling *of* regstellendeaksie-aanstelling, seldsameardmetale *of* seldsameard-metale

- (c) Bostaande tipe samestelling, wat tipies bestaan uit 'n byvoeglike naamwoord + selfstandige naamwoord + selfstandige naamwoord (byvoorbeeld **sekondêre + skool + leerling**), word vas geskryf (byvoorbeeld **sekondêreskoolleerling**) omdat die byvoeglike naamwoord die eerste selfstandige naamwoord bepaal en nie die tweede nie. As die skryfvorm daarvan volgens die oordeel van die gebruiker leesbaarheidsprobleme weens die lengte van die samestelling sal oplewer, kan 'n koppelteken gebruik word.
- (d) Kyk ook reël 14.26.
- (e) In gevalle waar die telwoord, soos **eerste**, **tweede**, as 'n bepaler optree by die tweede selfstandige naamwoord, word die telwoord los geskryf, byvoorbeeld in **Derde Wêreldkonferensie** (derde konferensie met konferensiegangers van oor die hele wêreld) teenoor **Derdewêreldkonferensie** (konferensie van/oor Derdewêreldlande).

### ➔ Bepaalde betekenisverhoudings

#### REÛL 12.7

As die betekenisverhouding tussen die dele van 'n samestelling weer-gegee kan word met **en**, **of**, **per**, **tot**, **tussen of van . . . tot**, word 'n koppelteken tussen die dele geplaas.

- |  |                              |
|--|------------------------------|
| <input type="checkbox"/> aan-af-skakelaar          | môre-oormôre                 |
| dobermann-pinscher <i>of</i>                       | polka-masurka                |
| Dobermann-pinscher                                 | Pretoria-Johannesburg-pad    |
| ja-nee-toets                                       | Springbok-All Black-wedstryd |
| kafee-restaurant                                   |                              |
| <input type="checkbox"/> Frans-Vlaamse (taalgrens) | manies-depressiewe (pasiënt) |
| konkaaf-konveks                                    | soet-suur                    |
| <input type="checkbox"/> (die boekjaar) 2003-2004  |                              |
| (die tydperk) 1880-1890                            |                              |
| (die gebied) Durban-Pinetown                       |                              |
| <input type="checkbox"/> sekretaris-penningmeester | skriba-kassier               |

**OPMERKINGS**

- (a) Kyk ook reëls 12.20 en 12.21.
- (b) As rekenkundige verhoudings van 'n getal of eenheid tot 'n ander getal of eenheid in so 'n samestelling ter sake is, word die skuinstreep (solidus) of dubbelpunt gebruik en nie die koppelteken nie. 'n Samestelling soos byvoorbeeld **leerder-opvoeder-verhouding** moet dus geïnterpreteer word as 'die (persoonlike) verhouding van leerders met hulle opvoeders'. Hierteenoor beteken die samestelling **leerder/opvoeder-verhouding of leerder:opvoeder-verhouding** 'die getalsverhouding van leerders tot opvoeders'.
- (c) Op sekere spesialisterreine kan ander konvensies rakende die gebruik van die koppelteken, skuinstreep of dubbelpunt in hierdie tipe samestelling geld.
- (d) In samestellings en/of afleidings waarvan die eerste komponent bestaan uit twee of meer stamme wat met 'n koppelteken verbind moet word en waarvan die tweede komponent 'n omgekeerde herhaling van die eerste komponent behels, word die eerste komponent deur middel van die solidus van die tweede komponent geskei, byvoorbeeld **Afrikaans-Engels/Engels-Afrikaanse woordeboek, bo-onder/onder-bo-styl, Pretoria-Centurion/Centurion-Pretoria-wedloop**.

**Verbindings met syfers, simbole, lettername, afkortings en akronieme****REËL 12.8**

Wanneer 'n syfer, simbool of getal met 'n woordelement (of woordelemente) verbind en 'n soortnaamsamestelling of 'n afleiding vorm, word die syfer, simbool of getal met 'n koppelteken (of koppeltekens) aan die res verbind.

□ A-span	100 W-gloeilamp
B-mol	1994-verkiesing
C <sup>#</sup> -majeur	1997-oesjaar
DNS-molekuul	30%-afwyking
R100-noot	4-hidroksi-(1,2)-ftaalsuur
R4-geweer	50c-stuk
V-hals	80%-kans
Ω-teken	9 mm-pistool
.22-rewolwer	4x4-entoesias
100 m-wedloop	

- |                          |  |   |
|--------------------------|--|---|
| <input type="checkbox"/> | binnebrand-V6-enjin<br>dubbelkajuit-4x4-bakkie | linkerstuur-4x4<br>swaardiens-6x4-vragmotor |
| <input type="checkbox"/> | t-loos<br>U-agtig                              | 9-vormig                                    |

**OPMERKINGS**

- (a) Kyk ook reël 7.1.
- (b) Vir die skryfwyse van samestellings met 'n syfer of simbool as eerste lid en 'n eiennaam as tweede lid, kyk opmerking (b) by reël 7.1, asook reël 14.12.
- (c) Vir die skryfwyse van samestellings met voorbepalings soos **artikel of art.**, **standerd of st.**, **graad of gr.**, en dergelike as eerste lid, kyk reël 7.2.
- (d) Vir die skryfwyse van afstandsamestellings wat 'n syfer of simbool bevat, kyk opmerking (c) by reël 12.24.

**REÛL 12.9**

'n Samestelling met 'n letternaam of afkorting as eerste woorddeel word met 'n koppelteken aan 'n voorafgaande voorvoegsel verbind.

**Samestelling**

BTW-prys  
e-pos  
MK-kader  
U-draai  
X-straal of x-straal

**Verbinding met voorvoegsel**

pre-BTW-prys  
ge-e-pos  
eks-MK-kader  
ge-U-draai  
ge-X-straal of ge-x-straal

**OPMERKINGS**

- (a) Kyk ook reël 7.1.
- (b) Indien 'n akroniem in sy geheel met hoofletters geskryf word, is die koppelteken eweneens verpligtend, byvoorbeeld **VIGS-pasiënt naas vigs-pasiënt**. Kyk ook reël 12.11.

**REÛL 12.10**

In 'n samestelling of afleiding met 'n afkorting of letternaamwoord as woorddeel word die afkorting of letternaamwoord met 'n koppelteken aan die ander deel of dele verbind.

- Voorvoegsel + afkorting**  
anti-RSA  
post-WVK-proses  
pre-BTW-prys

- ❑ Afkorting + agtervoegsel  
PVC-loos  
WVK-agtig
- ❑ Afkorting + woord  
BBP-sitplekke  
B.Com.-graad *of* BCom-graad  
BNP-syfers  
IK-toets  
l.n.r.-draaibeweging

**REËL 12.11**

'n Samestelling met 'n eienaamakroniem as woorddeel word op dieselfde wyse geskryf as 'n samestelling met 'n gewone eienaam, met die verskil dat dit met 'n koppelteken vas aan die res van die samestellings geskryf moet word indien al die letters van die akroniem hoofletters is, terwyl die koppelteken opsioneel is indien slegs die eerste letter van die akroniem 'n hoofletter is.

- ❑ 'n FIFA-toernooi *of* 'n Fifa-toernooi *of* 'n Fifatoernooi  
'n TELKOM-werknemer *of* 'n Telkom-werknemer *of* 'n Telkom-werknemer  
'n UNISA-student *of* 'n Unisa-student *of* 'n Unisastudent
- ❑ Die UNESCO-Grondwet *of* die UNESCO-grondwet *of* die Unesco-grondwet *of* die Unescogrondwet *of* die Unesco-Grondwet *of* die Unesco Grondwet  
Die UNISA-Hoofgebou *of* die UNISA-hoofgebou *of* die Unisa-hoofgebou *of* die Unisa-Hoofgebou *of* die Unisa Hoofgebou

**OPMERKINGS**

- (a) Vir die skryfwyse van letternaamwoorde en akronieme, kyk reëls 3.5, 3.9 en 3.10.
- (b) Vir die gebruik van koppeltekens by samestellings met eiename, kyk reëls 14.6 tot 14.12.
- (c) Let daarop dat 'n soortnaamverbinding met 'n eienaamakroniem as eerste lid met of sonder 'n koppelteken vas geskryf word. Hierteenoor kan 'n eienaamverbinding met 'n eienaamakroniem as eerste lid los of met of sonder 'n koppelteken vas geskryf word. Kyk ook die ORIËNTASIE voor reël 14.6.



## ➔ Koppeltekens en hoofletters

**REÛL 12.12** Indien 'n letternaamwoord wat 'n eiename is, aan die daaropvolgende woorddeel vas geskryf moet word, word 'n koppelteken gebruik.

RGN-verslag  
SAID-opgawe  
WVK-sitting

### ☞ OPMERKING

Vir die gebruik van koppeltekens by samestellings met eiename, kyk reëls 14.6 tot 14.12.

**REÛL 12.13** 'n Woord wat met 'n hoofletter begin, behou as woorddeel sy hoofletter ná 'n koppelteken.

a-Amerikaans	oud-Swapolede
amper-Bosveld	pan-Amerikanisme
anti-Russies	post-Fascisties
half-Brits	post-Impressionisme
kwasi-McCarthyisme	pre-Romantiek
neo-Calvinisties	pro-Frans
nie-Duitsers	rugby-Springbok
nie-Freudiaans	semi-Marxisties
nie-Germaans	ultra-neo-Marxisties
nie-Joods	ultra-pro-Russies
non-Christen	veteraan-Protea-krieketspeler <i>of</i>
non-Namibiër	veteraan-Proteakrieketspeler
oud-Kovsie	voor-BTW-prys

### ☞ OPMERKINGS

- Vir die gebruik van hoof- of kleinletters by afleidings van eiename, en dus die moontlikheid om van bostaande vorme met 'n kleinletter te skryf, kyk reëls 9.19 tot 9.24.
- Bogenoemde reël geld nie vir afgeleide taalbenamings nie. Vir die korrekte skryfwyse van vorme soos *Hiperafrikaans*, *Pseudolatyn*, kyk reël 14.18.

## ➔ Reduplikasies (herhalingsvorme)

**REÛL 12.14** Reduplikasies waarvan die dele identies is, asook afgeleide vorme daarvan, word met 'n koppelteken geskryf.

❑ blou-blou ( <i>iets – laat</i> )	plek-plek
boetie-boetie	sing-sing
fluit-fluit	sito-sito
gou-gou	so-so
hôi-hôi	staan-staan
kamma-kamma	tjou-tjou
klompies-klompies	woer-woer
❑ 'm-'m ( <i>tw.</i> )	te-te-te ( <i>tw.</i> )
'n-'n ( <i>tw.</i> )	t-t-t ( <i>tw.</i> )
❑ boetie-boetierigheid	joep-joeps ( <i>soort lekkers</i> )
hoep-hoepe	toi-toiery

**OPMERKINGS**

- (a) Gevalle soos *baba, mamma, pappa, tatta, boeboe, doedoe* en *gogga* word tradisioneel nie as reduplikasies beskou nie.
- (b) Kyk ook reël 2.16.

**REËL 12.15**

In samestellings waarvan die een deel 'n reduplikasie is wat met 'n koppelteken geskryf word soos in reël 12.14 uiteengesit, word 'n koppelteken tussen dié deel en die ander deel of dele van die samestelling geskryf.

dum-dum-koeël	piet-tjou-tjou-roep
noem-noem-bessie	tjou-tjou-slaai
piet-tjou-tjou	woer-woer-skop

**REËL 12.16**

Die koppelteken word by gedeeltelike reduplikasie gebruik as daar 'n afkappingsteken in die middel van die woord verskyn.

h'm-'m	h'n-'n
--------	--------

**OPMERKING**

Kyk ook reël 2.16.

**REËL 12.17**

Gedeeltelike reduplikasies na regs word sonder 'n koppelteken vas geskryf.

arriewarrie	roesemoes
dirkdirkie	sigsag
doemdoempie ( <i>soort muggie</i> )	tierelier

harlaboerla  
kriskras  
pingpong

tingeling  
tiptop  
toktokkie

**OPMERKING**

Vir die skryfwyse van 'n vorm soos **Amabhokobhoko**, kyk reël 9.3.

**REÛL 12.18**

Gedeeltelike reduplikasie na links word met 'n koppelteken vas geskryf.

brand-brandmaer  
hiper-hipermodern  
hond-hondmak

klip-kliphard  
oer-oeroud  
skat-skatryk

**OPMERKINGS**

- (a) Woorde soos **agteragterkleinkind**, **suidsuidoos** en **wesnoordwes** is nie gedeeltelike reduplikasies nie, maar wel nuwe samestellings.
- (b) Let op die wisselskryfwyse by 'n woord soos **eksie-perfeksie** naas **eksieperfeksie**.

**Woordgroepsamestellings****REÛL 12.19**

Indien 'n woordgroep van meer as twee woorde in die geheel betekenisverandering ondergaan het en een saak benoem, word die geheel met koppeltekens tussen die dele geskryf.

boer-in-die-nag (*soort plant*)  
dop-en-dam (*drank*)  
een-twee-drie (*vinnig*)  
hen-en-kuikens (*soort plant*)  
juffertjie-in-die-groen  
(*soort tuinblom, soort drankie*)  
klem-in-die-kaak (*soort siekte*)

kop-en-pootjies (*soort gereg*)  
kruidjie-roer-my-nie (*soort plant*)  
ou-vrou-onder-die-kombers  
(*soort gereg*)  
piet-my-vrou (*soort voël*)  
sieps-en-braaiboud (*'n pak slae*)

**REÛL 12.20**

Indien 'n woordgroepsamestelling soos in reël 12.19 bedoel, in die geheel met 'n bykomende woord verbind, word die bykomende woord met of sonder 'n koppelteken daaraan vas geskryf.

dop-en-dam *plus drinker word* dop-en-dam-drinker *of*  
dop-en-damdrinker

klem-in-die-kaak *plus* inspuiting *word* klem-in-die-kaak-inspuiting *of*  
klem-in-die-kaakinspuiting

kruidjie-roer-my-nie *plus* houding *word* kruidjie-roer-my-nie-houding  
*of* kruidjie-roer-my-niehouding

**OPMERKING**

Kyk ook reël 12.21, veral opmerking (a).

**REËL 12.21**

Indien 'n woordgroep van drie of meer woorde wat op sigself nie gekoppel word nie, in 'n samestelling optree saam met 'n bykomende woord of woorde, word koppeltekens tussen al die samestellende dele van die oorspronklike woordgroep geskryf en word die bykomende woord met of sonder 'n koppelteken vas aan die res geskryf.

In die SPELREËLS word so 'n samestelling 'n woordgroepsamestelling genoem. Voorbeelde is:

Woordgroep	Woordgroepsamestelling
dag vir dag	dag-vir-dag-roetine <i>of</i> dag-vir-dagroetine
haak en steek	haak-en-steek-bos <i>of</i> haak-en-steekbos
hand om die nek	hand-om-die-nek-hek <i>of</i> hand-om-die-nekhek
hou jou bek	hou-jou-bek-wet <i>of</i> hou-jou-bekwet
huis tot huis	huis-tot-huis-verkope <i>of</i> huis-tot-huisverkope
kaas en wyn	kaas-en-wyn-onthaal <i>of</i> kaas-en-wynonthaal
kop teen kop	kop-teen-kop-botsing <i>of</i> kop-teen-kopbotsing
laat maar loop	laat-maar-loop-houding <i>of</i> laat-maar-loophouding
mond tot mond	mond-tot-mond-asemhaling <i>of</i> mond-tot-mondasemhaling
ruk en rol	ruk-en-rol-orkes <i>of</i> ruk-en-rolorkes
stap vir stap	stap-vir-stap-ontleding <i>of</i> stap-vir-stapontleding
tref en trap	tref-en-trap-ongeluk <i>of</i> tref-en-trapongeluk
wag 'n bietjie	wag-'n-bietjie-boom <i>of</i> wag-'n-bietjieboom

**OPMERKINGS**

(a) Let in aansluiting hierby op die skryfwyse van verbindings soos die volgende:

bek-en-klou-seer *of* bek-en-klouseer  
bek-en-klou-seer-virus *of* bek-en-klouseervirus  
doen-dit-self-handleiding *of* doen-dit-selfhandleiding  
dwerg-wag-'n-bietjie-bos *of* dwerg-wag-'n-bietjiebos  
mini-doen-dit-self-handleiding *of* mini-doen-dit-selfhandleiding

- (b) In aansluiting hierby word inkortings uit volvorme soos dié in die voorbeelde hierbo met koppeltekens geskryf, byvoorbeeld:

Die hele vlakte staan vol haak-en-steek.

Ons was gisteraand by 'n lekker kaas-en-wyn.

Net buite die dorp was daar 'n tref-en-trap.

Kyk ook reël 12.19.

- (c) Vir 'n verklaring van die term **woordgroepsamestelling**, kyk in die TERMINOLOGIELYS.
- (d) Kyk ook reëls 12.7 en 14.26.

**REËL 12.22**

'n Woordgroep wat in die geheel 'n byvoeglike naamwoord is, word sonder 'n koppelteken los van die daaropvolgende woord geskryf.

**Woordgroep**

kant en klaar

op en wakker

voor die hand liggend

**Woordgroepverbinding**

kant en klaar huise

op en wakker studente

voor die hand liggende argumente

**OPMERKINGS**

- (a) Eienskappe wat hierdie tipe van dié in die voorafgaande reëls onderskei, is die moontlikheid van verbuiging en trappe van vergelyking, byvoorbeeld:

op en wakkerder studente

voor die hand liggendste argumente

- (b) Kyk ook reël 12.23.

**REËL 12.23**

Indien 'n woordgroep met 'n agtervoegsel verbind, word koppeltekens tussen al die ander woorddele geplaas, maar nie voor die agtervoegsel nie.

- heen-en-weertjie, vergeet-my-nietjie
- hink-en-pinkerig, jy-en-jouerig
- oor-en-weer-praterig, rond-en-bont-springery
- traak-my-nieagtig
- laag-by-die-gronds

**OPMERKINGS**

- (a) Hiervan is uitgesluit die deelwoordvormende uitgang, soos -end(e)

en -de, by voorsetsgroepe soos in die oog loop, op sigself staan, ter tafel lê, byvoorbeeld:

in die oog lopende                      ter tafel gelegte  
op sigself staande

Insgelyks uitgesluit is die graderingsuitgange -er en -ste, byvoorbeeld:

op en wakkerste                      voor die hand liggender

- (b) Vir die skryfwyse van die tipe indienstreding, ingebruikneming, tewaterlating, kyk reël 14.25.  
(c) Vir die skryfwyse van rangtelwoorde op -ste, kyk reël 14.45.

**REËL 12.24** Afstandsamesellings word met of sonder 'n koppelteken geskryf.

adjunk- besturende direkteur	<i>of</i> adjunk besturende direkteur
hoëvlak- tegniese personeel	<i>of</i> hoëvlak tegniese personeel
hoof- mediese beampte	<i>of</i> hoof mediese beampte
langtermyn- finansiële beplanning	<i>of</i> langtermyn finansiële beplanning
lospit- Bolandse perske	<i>of</i> lospit Bolandse perske
swartkop- Persiese skaap	<i>of</i> swartkop Persiese skaap
top- akademiese presteerder	<i>of</i> top akademiese presteerder
Tshwane- militêre museum	<i>of</i> Tshwane militêre museum



#### OPMERKINGS

- (a) Sonder die tussenkomende byvoeglike naamwoord is die skryfwyse adjunkdirekteur, groepsekreteris, hoëvlakpersoneel, hoofbeampte, langtermynbeplanning, toppresteerder, ensovoorts.  
(b) Let op die volgende skryfwyses van kombinasies met byvoorbeeld beampte:

adjunkhoofbeampte                      adjunk- mediese beampte  
adjunkhoof- mediese beampte      hoof- mediese beampte

Die koppeltekens kan ooreenkomstig hierdie reël ook hier wegelaat word.

**REËL 12.25** Indien die eerste element van 'n afstandsameselling 'n verbindingsklank kry, is die gebruik van die afstandskoppelteken verpligtend.

groeps- finansiële sekretaris, stads- elektrotegniese ingenieur



**OPMERKINGS**

- (a) Sonder die tussenkomende byvoeglike naamwoord is die skryfwyse **groepe**sekretaris, **stads**ingenieur.
- (b) Let ook op die skryfwyse in die volgende illustratiewe gevalle:

hoofstadsingenieur *of* hoof-stadsingenieur  
 adjunkhoofstadsingenieur *of* adjunk-hoofstadsingenieur  
 adjunkhoof- elektrotegniese ingenieur *of* adjunkhoof elektro-  
 tegniese ingenieur  
 hoofstads- elektrotegniese ingenieur *of* hoof-stads- elektro-  
 tegniese ingenieur  
 adjunkhoofstads- elektrotegniese ingenieur *of*  
 adjunkhoof-stads- elektrotegniese ingenieur  
 reuse- politieke vergadering

**REÛL 12.26**

Wanneer -hulle met eiename of verwantskapswoorde verbind, word dit met 'n koppelteken geskryf.

Jan-hulle, my ouma-hulle, die oumense-hulle, Pa-hulle

**REÛL 12.27**

Hooftelwoorde waarin die voegwoord **en** voorkom, word óf los óf met 'n koppelteken aan weerskante van die **en** geskryf.

drie en veertig *of* drie-en-veertig  
 een en twintig *of* een-en-twintig  
 ses en sewentig *of* ses-en-sewentig  
 twee en dertig *of* twee-en-dertig  
 vier en vyftig *of* vier-en-vyftig



**OPMERKING**

Vir die skryfwyse van rangtelwoorde en breukname, kyk reëls 14.45 en 14.46.

**REÛL 12.28**

Die morfeme **eks-**, **nie-**, **non-** en **oud-** in samestellings en afleidings word sonder 'n koppelteken vas aan die ander deel van die woord geskryf, tensy daar redes vir die gebruik van 'n koppelteken is, soos die opeenvolging van vokaalleters wat leesbaarheid bemoeilik of 'n hoofletter in die middel van die woord.

- ekskêrel, eksvrou, eksminister
- nieampelik, nienakoming
- nonaktiwiteit, nonkonformis

- oudamptenaar, oudregter, oudstudent  
*maar*
- eks-Blou Bul, eks-Katoliek
- nie-essensieel, nie-Suid-Afrikaans
- non-Calvinisme *of* noncalvinisme
- oud-Tukkie

**OPMERKINGS**

- (a) Kyk ook reël 12.34.
- (b) Vir die leesbaarheidskoppelteken by opeenvolging van vokaalletters, kyk reël 12.1.
- (c) Vir die skryfwyse met 'n hoofletter binne 'n verbinding, kyk reël 12.13.
- (d) Kyk ook opmerking (b) by reël 1.8.

**Meerledige geografiese name**

## ORIËNTASIE

Die spelling van amptelike geografiese name in die Republiek van Suid-Afrika word deur die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name bereël. Nie alle soorte Suid-Afrikaanse geografiese name word egter deur dié Raad behandel nie, en hieronder word dus ook leiding oor die spelling en/of skryfwyse van sulke Afrikaanse geografiese name gegee. Die Afrikaanse spelling en skryfwyse van buitelandse geografiese name kan wel deur die Taalkommissie bereël word, en onderstaande reëls is ook op sulke name van toepassing.

Die Afrikaanse skryfwyse van sowel binnelandse as buitelandse geografiese name word sterk deur die Dietse tradisie beïnvloed en kan derhalwe nie deurgaans presieser bereël word nie.

**REËL 12.29**

Meerledige geografiese name wat geen eenaamelement bevat nie, word sonder 'n koppelteken vas geskryf.

Boland, Geelrivier, Hoëveld, Knervlakte, Langeberge, Noordpool, Noordsee, Onderstepoort, Oossee, Riemland, Rooisee, Rotsgebirge, Suidkus, Suidsee, Swartsee, Swartwoud, Vaalrivier, Vetrivier, Warmbad, Warmwaterberg, Weskus, Wespark, Witsee

**OPMERKINGS**

- (a) Die eerste lid van sulke name kan tot verskillende woordsoorte



behoort. Die skryfwyse van die meeste daarvan is onproblematies, omdat die betrokke stamme in samestellings wat nie (geografiese) eiename is nie, vas geskryf word, byvoorbeeld **Knervlakte**, **Rotsgebergte**. Wanneer die eerste stam egter 'n byvoeglike naamwoord is, kom daar tradisioneel wisselende skryfwyses voor, wat dit byna onmoontlik maak om sistematies te bereël; vergelyk hier reël 12.33. Die algemene riglyn is dat kleuradjektiewe (kyk ook reël 14.28) en onverboë byvoeglike naamwoorde in sulke geografiese name vas aan die volgende stam geskryf word, byvoorbeeld **Vaalrivier**, **Warmbad**. Wanneer verboë byvoeglike naamwoorde tradisioneel wel vas geskryf word, behels dit veral binnelandse geografiese name, byvoorbeeld **Droëbult**, **Hoëveld**, of enkele lank gevestigde Afrikaanse weergawes van buitelandse geografiese name. Let ook op dat die eerste lid in gevalle soos **Langebaan** en **Langeberge** Nederlandse reste is en nie 'n byvoeglike naamwoord wat gewoonlik 'n attributiewe **e** kry nie. Die verskil tussen die geografiese name wat onder hierdie reël ressorteer en dié wat onder reël 12.33 val, kan egter nie hier volkome sistematies bereël word nie.

- (b) 'n Koppelteken word wel tussen lede van so 'n naam geskryf indien die opeenvolging van vokale dit vereis, byvoorbeeld **Lebomboord**, **Perde-eiland**.
- (c) Let op die skryfwyse van byvoorbeeld **die Vallei van Duisend Heuwels**, **die Vallei van Verlatenheid**.
- (d) Die skryfwyse van Suid-Afrikaanse geografiese name met die element **-park** (byvoorbeeld **Monumentpark**) of **Park** (byvoorbeeld **Kempton Park**) as deel van die naam word bereël deur die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name en hang daarvan af of die naam aanvanklik as Afrikaans of as Engels deur die Raad goedgekeur en geregistreer is. Raadpleeg die publikasie *Amptelike Plekname van die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika* (Staatsdrukker, 1978) en die daaropvolgende amptelike publikasies.
- (e) Vir verdere leiding oor geografiese name, kyk ook reëls 9.13 en 9.14.
- (f) Vir samestellings met eiename, kyk reëls 14.6 tot 14.12.
- (g) Vir die skryfwyse van straatname, kyk ook reëls 9.15, 14.6 (veral opmerking (c)), 14.34 en 14.35.

**REÛL 12.30**

In meerledige geografiese name wat bestaan uit 'n eienamelement plus 'n voorbepaling wat 'n onverboë byvoeglike naamwoord is, word die voorbepaling met 'n koppelteken aan die eienamelement vas geskryf.

Groot-Antille

Klein-Asië

Groot-Brittanje	Klein-Karoo
Groot-Karoo	Rooi-China <i>of</i> Rooi-Sjina
Groot-Namaland	Wit-Rusland

**OPMERKINGS**

- Afleidings van sulke geografiese name behou die koppelteken, byvoorbeeld *Groot-Namalandse*, *Klein-Asiatiese of Klein-Asiese*, *Rooi-Chinese of Rooi-Sjinese*, *Wit-Russiese*.
- Vir die gebruik van hoofletters by sulke name, kyk ook reëls 9.13 en 9.14.
- Vir verskillende soorte eienaamverbindings, kyk ook die **ORIËNTASIE** voor reël 14.6.

**REËL 12.31**

In meerledige geografiese name wat bestaan uit 'n eienaamelement plus 'n voorbepaling wat 'n onselfstandige woorddeel is of die onverboë vorm van 'n byvoeglike naamwoord wat normaalweg 'n attributiewe e neem, word die voorbepaling met 'n koppelteken aan die hoofelement vas geskryf.

<input type="checkbox"/> Belo-Rusland	Nieu-Suid-Wallis
<input type="checkbox"/> Nieu-Kaledonië	Tsjeggo-Slowakye
<input type="checkbox"/> Nieu-Seeland	
<input type="checkbox"/> Brits-Columbië	Nederlands-Antille
<input type="checkbox"/> Ekwatoriaal-Guinee	Sentraal-Afrika
<input type="checkbox"/> Frans-Guiana <i>of</i>	Sentraal-Suid-Amerika
<input type="checkbox"/> Frans-Guyana	Spaans-Noord-Afrika
<input type="checkbox"/> Hottentots-Holland	

**OPMERKINGS**

- In enkele gevalle kom die onverboë byvoeglike naamwoord as 'n nabepaling voor, byvoorbeeld *Pretoria-Sentraal*, en dan word 'n koppelteken eweneens gebruik.
- Afleidings van sulke geografiese name behou die koppelteken, byvoorbeeld *Nieu-Seelandse*, *Brits-Columbiese*, *Sentraal-Afrikaanse*.
- Vir die gebruik van hoofletters by sulke name, kyk ook reëls 9.13 en 9.14.
- Vir samestellings met eiename, kyk reëls 14.6 tot 14.12.

**REËL 12.32**

In meerledige geografiese name wat bestaan uit 'n eienaamelement plus 'n voor- of nabepaling wat 'n onafgeleide rigtingbywoord, 'n voorsetsel of 'n plekaanduidende bywoord of selfstandige naamwoord is,

word die voor- of nabepaling met 'n koppelteken aan die hoofelement vas geskryf.

- |   |                      |
|---|----------------------|
| <input type="checkbox"/> Noord-Holland    | Suidoos-Asië         |
| Noord-Ierland                             | Suidwes-Johannesburg |
| Noordoos-Vrystaat                         | Wes-Berlyn           |
| Oos-Rand                                  | Wes-Sahara           |
| Suid-Amerika                              |                      |
| <input type="checkbox"/> Boesmanland-Suid | Griekwaland-Oos      |
| Dublin-Wes                                | Queensland-Noord     |
| Glasgow-Suid                              |                      |
| <input type="checkbox"/> Agter-Indië      | Bo-Kaap              |
| Benede-Ryn                                | Bo-Volta             |
| Binne-Hebride                             | Buite-Mongolië       |
| Binne-Mongolië                            |                      |
| Bo-Aswandam <i>of</i>                     |                      |
| Bowe-Aswandam                             |                      |
| <input type="checkbox"/> Midde-Andaman    | Midde-Ooste          |
| Middel-Glamorgan                          |                      |



#### OPMERKINGS

- Hierdie reëls sluit verbindingsvorme soos **noorder-** en **suider-** in, byvoorbeeld **Noorder-Paarl**, **Suider-Afrika**.
- Afleidings van sulke geografiese name behou die koppelteken, byvoorbeeld **Bo-Kaapse**, **Suidoos-Asiatiese** *of* **Suidoos-Asiese**, **Wes-Berlynse**.
- Vir die gebruik van hoofletters by sulke name, kyk ook reëls 9.13 en 9.14.
- In enkele gevalle kom 'n bywoord of voorsetsel ook as nabepaling voor, byvoorbeeld **Waterval-Boven**, **Waterval-Onder**.

#### REÛL 12.33

In meerledige geografiese name wat bestaan uit 'n hoofelement (dikwels 'n eienaam) plus 'n voorbepaling wat 'n verboë byvoeglike naamwoord is, word die voorbepaling los van die hoofelement geskryf.

- |   |                                     |
|---|-------------------------------------|
| Doie See                                  | Nuwe Gebiede ( <i>in Hongkong</i> ) |
| Kaukasiese Gebergte <i>of</i>             | Persiese Golf                       |
| Koukasiese Gebergte                       | Stille Oseaan                       |
| Koue Bokkeveld                            | Suidwestelike Distrikte             |
| Nabye Ooste                               | Verenigde Arabiese Emirate          |
| Noordelike Gebied ( <i>in Australië</i> ) | Verre Ooste                         |
| Noordelike Gebiede ( <i>in Kanada</i> )   | Verre Wes-Rand                      |

**OPMERKINGS**

- (a) 'n Geografiese naam wat onder hierdie reël resorteer, kan meestal van een bedoel onder reël 12.29 onderskei word deurdat dit óf 'n buitelandse naam is, óf 'n eienaam as hoofelement het. So nie is die verboë byvoeglike naamwoord van 'n eienaam of 'n rigtingbywoord afgelei. Dit is egter nie moontlik om die verskil hier probleemloos en sistematies te bereël nie en gebruikers moet hulle dus ook deur die tradisionele skryfwyses van bepaalde name laat lei. Kyk ook reëls 12.29 (veral opmerking (a)), 12.30, 12.32 en 14.35.
- (b) Hierdie reël sluit ook voorbepalings in wat 'n byvoeglike naamwoord in die vergrotende trap is, byvoorbeeld **Groter Kaapstad**.
- (c) Afleidings van sulke geografiese name word ooreenkomstig reël 14.25 wel met 'n koppelteken geskryf, byvoorbeeld **Groter-Kaapstadse**, **Nabye-Oosterse**, **Verre-Oosterse**, **Verre-Wes-Randse**.
- (d) Wanneer sulke binnelandse geografiese name tradisioneel met 'n koppelteken geskryf word en die naam nie deur die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name vasgelê is nie, word dit nie as 'n fout beskou indien 'n gebruiker die tradisionele skryfwyse gebruik nie, byvoorbeeld **Koue-Bokkeveld**.

**REËL 12.34**

Geografiese name wat uit meer as een eienaam bestaan, word met 'n koppelteken geskryf.

Ceres-Karoo

Devon-Cornwall

Elsas-Lotharinge

Graaff-Reinet

Kongo-Brazzaville

Oostenryk-Hongarye

Papoea-Nieu-Guinee

Schweizer-Reneke

Sleeswyk-Holstein

Tankwa-Karoo

**OPMERKINGS**

- (a) Sekere Suid-Afrikaanse geografiese name wat uit meer as een eienaam bestaan, word tradisioneel sonder 'n koppelteken vas geskryf, byvoorbeeld **Fauresmith**, **Harrismith**, **Roosenekal**, terwyl andere weer los geskryf word, byvoorbeeld **Louis Trichardt**, **Paul Roux**, **Piet Retief**.
- (b) Die pleknaamtipes hierbo wat met 'n koppelteken in die basis geskryf word, behou die koppelteken in afleidings, byvoorbeeld **Elsas-Lotharinger**, **Graaff-Reinets**.

Indien daar nie 'n koppelteken in die basis verskyn nie, kom daar ook nie 'n koppelteken in die afleiding voor nie, byvoorbeeld **Jan Kempdorper**, **Noordse**, **Pietermaritzburger**, **Piet Retiefse**.

- (c) Vir verdere leiding oor geografiese name, kyk ook reëls 9.13 en 9.14.
- (d) Vir samestellings met eiename, kyk reëls 14.6 tot 14.12.

## ➔ Persoonseiname

### ORIËNTASIE

Die skryfwyse van persoonseiname val buite die jurisdiksie van die Taalkommissie. By dubbelloop-persoonseiname word as leiding nitemin 'n koppeltekenskrifwyse aanbeveel en wel so dat die elemente weerskante van die koppelteken met 'n hoofletter geskryf word, byvoorbeeld:

- Anna-Mart, Jan-Daan, Karl-Heinz, Pieter-Paul
- Coetzee-Swart, Neethling-Pohl, Small-Smith, Smit-Van der Merwe, Van der Merwe-Smit

### ☞ OPMERKINGS

- (a) Sulke name word wel soms sonder koppeltekens vas geskryf, byvoorbeeld Annemarie, Jankoos, Krochscheepers.
- (b) Kyk ook reël 9.3.

## ➔ Range, titels en ampsbenamings

### REÛL 12.35

Samestellings met adjunk-, assessor-, assistent-, hoof-, kandidaat-, leerling-, mede-, onder-, staf-, sub- en vise- as eerste lid word sonder 'n koppelteken vas geskryf.

- adjunkdirekteur, adjunkminister, adjunkpresident, adjunkspeaker
- assessorlid
- assistentdirekteur, assistentredakteur
- hoofbestuurder, hoofdirektoraat, hoofredakteur
- kandidaatoffisier
- leerlingstoker
- medeprofessor, medewerker
- onderbevelhebber, onderbootsman, onderhoofman, onderkorporaal, onderoffisier, ondervoorsitter
- stafoffisier, stafsersant, stafverpleegster
- subdirektoraat, subredakteur
- viseadmiraal, visehoof, viserektor

### ☞ OPMERKINGS

- (a) In aansluiting hierby is die skryfwyse byvoorbeeld amateurbokser,

amateurspeler, aspirantkandidaat, aspirantleier, konsultingenieur, konsultkomitee.

- (b) Kyk ook reëls 12.24 en 12.25.
- (c) Vir gevalle waar die opeenvolging van vokaalletters leesbaarheidsprobleme kan veroorsaak, kyk ook reëls 12.1 en 12.2.

**REËL 12.36** Saamgestelde range en ampsbenaminge word met 'n koppelteken geskryf.

- direkteur-generaal, ouditeur-generaal, regter-president, sekretaris-generaal
- luitenant-generaal, luitenant-kolonel, luitenant-kommandeur
- generaal-majoor, kommandant-generaal, sersant-majoor
- skout-admiraal, skout-by-nag
- adjudant-offisier, speurder-sersant



#### OPMERKINGS

- (a) Verbindings met **onder-**, **staf-** en **vise-** word wel vas geskryf, byvoorbeeld:

onderkorporaal, onderoffisier, stafoffisier, stafsersant, viseadmiraal

Kyk reël 12.35.

- (b) Vir die meervoudsvorme van hierdie soort samestellings, kyk reëls 13.12 tot 13.14.
- (c) Vir die skryfwyse van die tipe **sekretaris-penningmeester**, kyk reël 12.7.

**REËL 12.37** Indien die ampsbenamings en range in reël 12.35 bedoel, deur 'n bepaling voorafgegaan word, word daar ná die bepaling ook 'n koppelteken geskryf.

adjunk-direkteur-generaal  
adjunk-regter-president  
assistent-skriba-kassier

oud-sekretaris-generaal  
regiment-sersant-majoor



#### Weglaatteken

**REËL 12.38** Die koppelteken word gebruik as aanduiding dat 'n woorddeel wegelaat is.

Andringa- en Pleinstraat betonpype en -duikslote betonsny- en -boorwerk huweliks- of finansiële probleme kort- en langafstandbustoere	krieketspelers en -afrigters linkerhand en -voet mans- en dameskoene sowel hand- as voetboeie spaar- en ander deposito's
---	--

Die koppelteken in **pad-** en **spoorvervoer** dui byvoorbeeld aan dat die woorddeel **-vervoer** weggelaat is ná die woorddeel **pad-** in die samestelling **padvervoer**. Net so dui die koppelteken in **mielieproduksie** en **-verkope** aan dat die woorddeel **mielie-** weggelaat is voor die woorddeel **-verkope** in die samestelling **mielieverkope**.



### OPMERKINGS

- (a) Die weglaatteken word slegs gebruik vir woorddele en nie vir los geskrewe woorde nie. Daar moet dus 'n weglaatteken geskryf word in byvoorbeeld **staats- en provinsiale hospitale** omdat die weggelate **-hospitale** 'n woorddeel in die samestelling **staatshospitale** is. 'n Weglaatteken moet egter nie in **provinsiale en staatshospitale** geskryf word nie omdat die weggelate **hospitale** in **provinsiale hospitale** nie 'n woorddeel is nie, maar 'n los geskrewe woord. Dus ook byvoorbeeld:

pensioen- en mediese bydraes *maar* mediese en pensioenbydraes  
sport- en akademiese prestasies *maar* akademiese en sport-  
prestasies

- (b) Om dergelike redes skryf ons byvoorbeeld **wol-** en **viskosebaadjies** vir twee soorte baadjies, te wete **wolbaadjies** en **viskosebaadjies**, maar **wol-en-viskosebaadjies** vir baadjies wat elk van sowel wol as viskose gemaak is. By **wol-** en **viskosebaadjies** is die koppelteken dus 'n weglaatteken en is die betekenis van die woordgroep 'wolbaadjies en viskosebaadjies'. **Wol-en-viskosebaadjies** is egter 'n woordgroepsamestelling (kyk ook reëls 12.19 tot 12.21) met die betekenis 'baadjies wat elk van wol sowel as viskose gemaak is'. Hier tree **wol** en **viskose** dus as 'n bepalende woordgroep by **-baadjies** op. Let ook op die volgende skryfwyses:

oor-neus-en-keel-spesialis *of* oor-neus-en-keelspesialis

- (c) Vir die skryfwyse van gevalle soos **mans-** en **dameskoene**, kyk reëls 11.30 en 17.16.

# 13. MEERVOUDSVORME

## ORIËNTASIE

Die spelling van meervoudsvorme hang in sekere gevalle saam met die reëls ten opsigte van die volgende:

- Vokaalletters in oop en geslote lettergrepe
- Die verdubbeling al dan nie van konsonante
- Die gebruik van die afkappingsteken
- Die gebruik van diakritiese tekens (deelteken, kappie, akuutteken)
- Soortname en eiename
- Woorde van vreemde herkoms
- Saamgestelde amps- en titelbenamings
- Afkortings
- Wisselvorme

Die gebruiklike meervoudsvorme van enkelvoudige, afgeleide of saamgestelde soortname word in die **WOORDELYS** gegee.

## ➔ -e- en -s-meervoude

**REËL 13.1** Naamwoorde wat op die konsonantletters **b, d, f, g, k, p, s** en **t** eindig, kry 'n meervoudsvorm met **-e**.

- lob – lobbe, rob – robbe
- brood – broede, geluid – geluide, graad – grade, hand – hande, hond – honde, piramied – piramiede, Spanjaard – Spanjaarde, tyd – tye
- brief – briewe, geloof – gelowe, skof – skofte (*naas* skof – skowwe), stof – stowwe
- boog – boë, brug – brûe, dag – dae, krag – kragte, kroeg – kroeë, rug – rûe (*naas* rug – rûens), sog – sôe, wig – wîe
- dak – dakke, dyk – dyke, strook – stroke, taak – take
- greep – grepe, lap – lappe, pop – poppe, prinsiep – prinsiepe, sloop – slope
- botanikus – botanikusse (*naas* botanici), gewas – gewasse, las – lasse, las – laste, muis – muise, reus – reuse, tas – tasse
- dieet – diëte, geut – geute, kat – katte, riet – riete, wet – wette

## ☞ OPMERKINGS

(a) Vir die meervoudsvorme van eiename, kyk reëls 13.20 tot 13.28.



- (b) Vir die verdubbeling van konsonante al dan nie, kyk reëls 11.23 tot 11.30.
- (c) Vir die skryf van enkelvokaalleters in oop lettergrepe, kyk reël 16.2.
- (d) By sommige vorme met **f** in die enkelvoud, soos **gleuf** – **gleuwe**, **stof** – **stowwe**, kry die meervoud 'n **w**.
- (e) By vorme soos **maag** – **mae**, **trog** – **trôe**, **voeg** – **voeë** val die **g** in die meervoud weg. Kyk ook reël 13.11 en opmerking (b) by reël 11.28.
- (f) By meervoudsvorme soos **drifte** (*teenoor driwwe*), **gaste** (*teenoor gasse*), **nagte**, **regte**, **skofte** (*teenoor skowwe*) is die meervouds-uitgang ook net **-e**. Die **t** behoort tot die oorspronklike stam.
- (g) Afleidings op **-aar**, **-aard** en **-erd** kry in die meervoud 'n **-s**, byvoorbeeld **konkelaars**, **dronkaards**, **stouterds**. Kyk ook reël 13.3.
- (h) By **gat** – **gate** (*teenoor gat* – *gatte*) en **vat** – **vate** (*teenoor (raak)-vat* – *(raak)vatte*) word die konsonant nie in die meervoudsvorm verdubbel nie.
- (i) In enkele gevalle is daar wisselvorme, byvoorbeeld **fisikusse** of **fisici**. Kyk ook reëls 13.29 en 17.18.

**REÛL 13.2**

Naamwoorde wat op **l**, **m**, **n**, **ng** en **r** en 'n voorafgaande beklemtoonde vokaal eindig, kry 'n meervoudsvorm met **-e**.

- bal** – **balle**, **doktoraal** – **doktorale**, **frikkadell** – **frikkadelle**, **kreool** – **kreole**, **kuil** – **kuile**, **materiaal** – **materiale**, **myl** – **myle**, **prieel** – **priële**, **seil** – **seile**, **verhaal** – **verhale**
- dam** – **damme**, **kolom** – **kolomme**, **lem** – **lemme**, **riem** – **rieme**, **soom** – **some**
- hormoon** – **hormone**, **kalkoen** – **kalkoene**, **ken** – **kenne**, **man** – **manne** (*teenoor mans*), **miljoen** – **miljoene**, **plan** – **planne**, **trein** – **treine**, **tuin** – **tuine**
- ding** – **dinge**, **gesang** – **gesange**, **tong** – **tonge**, **wang** – **wange**
- deur** – **deure**, **gehoor** – **gehore**, **kuur** – **kure**, **verweer** – **verwere**

**OPMERKINGS**

- (a) Vir die meervoudsvorme van eiename, kyk reëls 13.20 tot 13.28.
- (b) Vir die verdubbeling van konsonante al dan nie, kyk reëls 11.23 tot 11.30.
- (c) Afleidings op **-êr** en **-ier** kry in die meervoudsvorm 'n **-s**, byvoorbeeld **herbergiers**, **miljoenêrs**. Kyk ook reël 13.3.
- (d) Die range **generaal** en **korporaal** kry in die meervoudsvorm 'n **-s**.
- (e) Sommige leenwoorde, byvoorbeeld **affair** en **basaar**, behou **-s** in die meervoud.

- (f) In enkele gevalle is daar wisselvorme, byvoorbeeld *veranderinge of veranderings*. Kyk ook reëls 13.29 en 17.18.
- (g) By enkele meervoudsvorme, byvoorbeeld *been – bene, been – beens, dere en man – manne, man – mans*, is daar betekenisverskille. Kyk ook reëls 13.29 en 17.18.

**REËL 13.3**

Naamwoorde wat eindig op **l, m, n, ng** en **r** en 'n voorafgaande onbeklemtoonde vokaal, asook afleidings op **-aar, -aard, -êr, -erd** en **-ier**, kry 'n meervoudsvorm met **-s**.

- karbonkels, kinkels, sabels, vaandels
- albums, derms, palms, skerms, storms, vorms
- kuikens, lakens, tekens, wapens
- bekledings, gapings, suipings, verskynings
- beklaers, jagters, juniors, ooievaars, visvangers, werkers
- bedelaars, bewonderaars, konkelaars, skakelaars, veroweraars
- dronkaards, gierigaards, grysaards, luiaards
- biljoenêrs, miljoenêrs
- dikkerds, lomperds, stouterds
- koeriers, koetsiers, spyseniers, tuiniers, vlieëniers

**OPMERKINGS**

- (a) Vir die meervoudsvorme van eiename, kyk reëls 13.20 tot 13.28.
- (b) Omdat daar in die uitspraak van woorde soos *palm, skerm, storm* en *vorm* 'n onbeklemtoonde [ə] voor die **m** is (dus: [paləm], [skærəm], [størəm], [førəm]), kry sulke woorde ook 'n **-s** in die meervoudsvorm.
- (c) Die rang *kolonel* kry 'n **-s** in die meervoudsvorm.
- (d) In enkele gevalle is daar wisselvorme, byvoorbeeld *professore of professors, tuiniere of tuiniers, verbetering of verbeterings, vorms of vorme*. Kyk ook reëls 13.29 en 17.18.

**REËL 13.4**

Woorde wat op 'n diftong eindig, kry 'n meervoudsvorm met **-e**.

- leie, preie, reie
- buie, geluie, kruie, truie
- bye, dye, rye, sye, vye
- geboue, houe, moue, poue, toue, voue, vroue
- boeie, koeie
- gooie, plooië, sooie, vlooië
- baaie, haaie, kaaie, laaie, paaie, raaie, waaie (*van bene*)
- eeue, meeue

**OPMERKINGS**

- (a) Vir die meervoudsvorme van eiename, kyk reëls 13.20 tot 13.28.
- (b) Die meervoudsvorme **leeus**, **spreeus**, **ouens** en **nooiens** is uitsonderings.
- (c) In enkele gevalle, byvoorbeeld **blad** – **blaaie**, **pad** – **paaie**, kom die diftong net in die meervoudsvorm voor.
- (d) In enkele gevalle is daar wisselvorme, byvoorbeeld **vroue of vrouens**. Kyk ook reëls 13.29 en 17.18.
- (e) Vir die meervoudsvorm van naamwoorde wat op 'n diftong met 'n slot-**i** of of **-u** eindig, kyk reël 2.2.

**REËL 13.5**

Woorde wat op **a, e, i, o, u** en onbeklemtoonde **ie** en **ee** eindig, kry 'n meervoudsvorm met **-s**.

- goggas, lemmas, ma's, Namas, oumas, oupas, pa's, paddas
- revues, tantièmes *of* tantiemes
- kiwi's, mini's, ski's
- foto's, ghetto's, motto's, radio's
- balju's, Kikuyu's
- agies, donkies, magies, makieties, premies, series
- skaduwees, weduwees
- attachés, clichés, gorês, ietermagô's, négligés

**OPMERKINGS**

- (a) Vir die meervoudsvorme van eiename, kyk reëls 13.20 tot 13.28.
- (b) Vir die meervoudsvorme van woorde wat op beklemtoonde **ie** en **ee** eindig, kyk reël 13.10.
- (c) Vir die gebruik van die afkappingsteken al dan nie, kyk reëls 13.7 tot 13.9.

**REËL 13.6**

Naamwoorde wat leenwoorde is en op **y** eindig, kry 'n meervoudsvorm met **-s**.

- essay – essays
- bisley – bisleys, cockney – cockneys
- cowboy – cowboys

**OPMERKINGS**

- (a) Die **y** verander ooreenkomstig die Engelse sisteem na **ie** in die meervoud van leenwoorde soos **dandy** – **dandies**, **derby** – **derbies**, **lady** – **ladies**, **martini-henry** – **martini-henries**, **whisky** – **whiskies**.

- (b) Daar is enkele gevalle van eiegoed wat op **y** eindig en 'n meervoudsvorm met **-s** kry, byvoorbeeld *hierjy – hierjys*. Kyk ook reël 13.4
- (c) Vir die meervoudsvorme van eiename, kyk reëls 13.20 tot 13.28.
- (d) Vir die meervoudsvorm van naamwoorde wat op 'n diftong met 'n slot-**i** of **-u** eindig, kyk reël 2.2.

## ➔ Afkappingstekens

### REËL 13.7

Die afkappingstekens word gebruik by meervoudsvorme op **-s** van naamwoorde en eiename wat op die vokaalletters **i**, **o** en **u** en op 'n lang, beklemtoonde **a** [a:] eindig.

- kiwi – kiwi's, mini – mini's, moefti – moefti's
- banjo – banjo's, kambro – kambro's, video – video's
- Hutu – Hutu's, mugu – mugu's
- aanneemma – aanneemma's, pa – pa's



### OPMERKINGS

- (a) Vir die meervoudsvorme van eiename, kyk reëls 13.20 tot 13.28.
- (b) Kyk ook reëls 2.1 en 2.7 (veral opmerking (a)).
- (c) Die afkappingstekens word nie gebruik as **u** voorafgegaan word deur 'n vokaalletter nie. Daar is dus nie 'n afkappingsteken ná die diftong in *leeus* en *spreeus* nie en ook nie as die **u** nie deel van die diftong is nie, soos in *milieus* en *niveaus*. Kyk ook reëls 2.2 en 2.3.
- (d) Die afkappingstekens word ook nie gebruik by die meervoudsvorme van naamwoorde ná 'n slot-**oo** nie, byvoorbeeld *Naidoos*, *Prinsloos*, *Vosloos*. Dieselfde sal geld by **uu**. Kyk ook reël 2.4.
- (e) Die afkappingstekens word nie gebruik by woorde wat op 'n kort, onbeklemtoonde **a** [a] eindig nie, byvoorbeeld *Margarethas*, *omas*, *paddas*. Kyk ook reël 2.7, veral opmerking (b).
- (f) Om historiese redes is 'n geval soos *wa – waens* 'n uitsondering.

### REËL 13.8

Die afkappingstekens word gebruik by **-e-** en **-s-**meervoudsvorme van naamwoorde wat op onderskeidelik 'n **e** of **(r)s** eindig wat nie uitgespreek word nie.

*crèche – crèche'e (of crèches), mikrofiche – mikrofiche'e (of mikrofiches)*

**OPMERKINGS**

- (a) Vir die meervoudsvorme van eiename, kyk reëls 13.20 tot 13.28.
- (b) Vir die meervoudsvorme van naamwoorde wat eindig op **e** wat nie uitgespreek word nie en vir die meervoudsvorme van eiename wat eindig op **e** of **(r)s** wat nie uitgespreek word nie, kyk onderskeidelik reëls 2.8 en 2.9.
- (c) Die afkappingsteken word nie gebruik as die **e** of **(r)s** uitgespreek word nie. Kyk opmerking (a) by reël 2.9.
- (d) Die meervoudsvorme van selfstandige naamwoorde en eiename wat eindig op 'n vokaalletter met 'n diakritiese teken, byvoorbeeld *relés*, *Naudés*, kry nie 'n afkappingsteken nie. Kyk reël 2.5.

**REÛL 13.9**

Die afkappingsteken word gebruik by meervoudsvorme van letters, syfers (getalle), letternaamwoorde en afkortings van grade en diplomas.

- A's, C's, X'e
- d's, l'e of l's, m's of m'e, z'e of z's
- á's, e's, ê's, o's
- 3'e of 3's, 6'e, 9's, 10'e of 10's, 35's, vii's
- .303's, gr. 8's
- 1990's
- FN's, LP's, OTM'e of OTM's, TV's
- B.Ed.'s of BE'd's, B.Mus.'e of BMus'e

**OPMERKINGS**

- (a) Kyk ook reëls 2.11 tot 2.14.
- (b) Die keuse tussen '**e**' en '**s**' by letternaamwoorde word deur die laaste letter bepaal. Soms is albei moontlik, byvoorbeeld *m'e* of *m's*; vandaar *OTM'e* of *OTM's*. Kyk ook reël 3.18.

**Deeltekens****REÛL 13.10**

Woorde wat in die enkelvoud op **ee**, **i** (wat nie deel van 'n diftong is nie), **ie** of **oe** uitgaan en meervoudsvorme met **-e** kry, word in die meervoudsvorm met onderskeidelik **eë**, **ië**, **ieë** en **oeë** gespel.

- fee – feë, trofee – trofeë, twee – tweë (of twees)
- alkali – alkalië (of alkali's)
- genie – genieë, kategorie – kategorieë, knie – knieë, profesie – profesieë
- proe – proeë

**OPMERKINGS**

- (a) Kyk ook reël 5.10.
- (b) In enkele gevalle is daar wisselvorme, byvoorbeeld *alkalië of alkali's, tweë of twees*. Kyk ook reëls 13.29 en 17.18.

**REËL 13.11**

By naamwoorde wat op **g** eindig, voorafgegaan deur **e, ie, o, oe** en **oo**, val die **g** in die meervoudsvorm weg en word 'n **ë** bygevoeg.

- weg – weë
- vlieg – vlieë, wieg – wieë
- oorlog – oorloë
- boeg – boeë, kroeg – kroëë, voeg – voeë
- argeoloog – argeoloë, boog – boë, entomoloog – entomoloë, oog – oë

**OPMERKINGS**

- (a) Om historiese redes val die **g** nie weg in gevalle soos *geveg – gevegte, reg – regte en tog – togte* nie. Kyk ook opmerking (f) by reël 13.1.
- (b) Ná 'n vokaalletter met 'n kappie op word 'n deelteken nie gebruik nie, byvoorbeeld *sôe, trôe*. Kyk reël 5.7.
- (c) By die weglating van **g** in meervoudsvorme ná **a** en **aa**, byvoorbeeld *dag – dae, plaag – plae, slag – slae, vlag – vlage, vlag – vlage*, word 'n deelteken nie gebruik nie. Kyk reël 5.9.

**Rang-, amps- of hoedanigheidsbenamings****REËL 13.12**

By saamgestelde militêre en soortgelyke rangbenamings kry die laaste lid die meervoudsuitgang.

adjutant-offisiere, generaal-majoors, luitenant-generaals, luitenant-kolonels, sersant-majoors

**OPMERKINGS**

- (a) Let op uitsonderingsgevalle soos *luitenant-ter-see* en *skoute-by-nag*.
- (b) Kyk reëls 12.35 tot 12.37.

**REËL 13.13**

By koppelings wat saamgestelde ampsbenamings uitdruk waarvan die laaste deel 'n kwalifiserende bepaling van die eerste deel is, kry die eerste deel van die koppeling die meervoudsuitgang.

direkteurs-generaal *of* direkteure-generaal, kwartiermeesters-generaal, landmeters-generaal, posmeesters-generaal, regters-president



**OPMERKING**

Kyk ook reëls 12.7, 12.36 en 12.37.

**REÛL 13.14**

By koppelings wat saamgestelde amps- en hoedanigheidsbenamings uitdruk waarby die begripsinhoud van die koppeling 'n geheelbetekenis het, kry die laaste deel van die koppeling die meervoudsuitgang.

eienaar-bouers, priester-digters, prins-gemale, sekretarispenningmeesters, veldheer-filosowe



**OPMERKING**

Kyk ook reëls 12.7, 12.36 en 12.37.



**Afkortings**

ORIËNTASIE

Die meervoude van afkortings kan op verskillende maniere gevorm word. Dit word in groot mate deur tradisie bepaal.

**REÛL 13.15**

Die meervoud van sommige afkortings word gevorm deur die slotkomponent van die enkelvoudsvorm te verdubbel.

dr. (doktere *of* doktors; dokters), hll. (hoofletters), kll. (kleinletters), mejj. (mejjuffroue), mevv. (mevrouw), mnrr. (menere), parr. (paragraawe), proff. (professore), sekrr. (sekretarisse)



**OPMERKING**

Kyk ook reël 3.17.

**REÛL 13.16**

Die meervoud van afkortings kan gevorm word deur 'n **e** of 'n **s** by die afkorting van die enkelvoudsvorm te voeg in ooreenstemming met die normale meervoudsuitgang van die onafgekorte woord.

- depte.** (departemente), **hfste.** (hoofstukke), **mnre.** (menere)
- drs.** (doktors; dokters), **opms.** (opmerkings)



**OPMERKING**

Kyk ook reël 3.16.

**REËL 13.17** Enkele vreemde meervoudsvorme (uit Latyn of Grieks) word afgekort deur die eerste en laaste letter van die woord in sy meervoudsvorm te skryf, of deur die laaste letter van die meervoudsvorm by die afkorting van die enkelvoudsvorm te voeg.

di. (domini – *meervoud van dominus 'dominee'*)  
 maksa. (maksima – *meervoud van maksimum*)  
 mina. (minima – *meervoud van minimum*)



#### OPMERKING

Kyk ook reël 3.19.

**REËL 13.18** By hoofletterakronieme en letternaamwoorde word 'e en 's as meervoudsuitgang gebruik ooreenkomstig die laaste letter van die akroniem of letternaamwoord.

- PIN'e of PIN's
- AWS'e, LUR'e
- CD's, DBV's, HAT's ([ha:a:tes]), IK's of I.K.'s, LP's, MBA's, WAT's ([vea:tes])



#### OPMERKING

Kyk ook reël 3.18.



### SI-simbole en maatnaamwoorde

#### ORIËNTASIE

SI-simbole word in die hoofstuk GETALLE, SYFERS EN SIMBOLF espreek. Net een aspek (kyk reël 7.15) word hier uitgelig.

**REËL 13.19** SI-simbole en maatnaamwoorde met spesifieke eenheidsaanduidings kry nie meervoude nie.

- 2 m materiaal  
'n 20 km-wedloop
- twee meter materiaal  
'n twintigkilometerwedloop



## ➔ Meervoude van eiename

### ORIËNTASIE

Die reëls hierbo geld ook vir die meervoudsvorme van eiename. In enkele gevalle speel die herkoms van die eienaam egter 'n rol. Reëls 13.20 tot 13.28 sit die verskillende tipes meervoudsvorme daarvolgens uiteen.

**REËL 13.20** Eiename wat op die uitgespreekte konsonantletters **s**, **x** of **z** of die konsonantgroepe **sch**, **sh** of **tz** eindig, kry 'n meervoudsvorm met **-e**.

- Adonisse, Buyse, Cornelisse, De Vriese, Roose, Strausse
- Foxe, Marxe
- De la Cruze, Diaze
- Bosche, Lesche
- Welshe
- Scholtze, Weltze

**REËL 13.21** Eiename wat op die konsonantletters **c**, **d**, **f**, **g**, **h**, **k**, **l**, **m**, **n**, **q**, **r** of **t** of die konsonantgroepe **ch** of **gh** eindig, kry 'n meervoudsvorm met **-s**.

- Isaacs, Lombards, Boshoffs, Andrags, Abdullahs, Vloks, Wentzels, Bams, Bosmans, Le Clerqs, Werners, De Wets
- Erichs, Heinrichs, Rautenbachs, Weichs
- Hattinghs

### ☞ OPMERKINGS

- (a) Kyk ook reël 13.20.
- (b) Die meervoudsvorm van die van Smit is Smitte of soms Smits.

**REËL 13.22** Eiename wat op 'n onbeklemtoonde **a**, **e**, **ie** of **oo** eindig, kry 'n meervoudsvorm met **-s**.

- Bothas, Lenas, Mandelas, Mzimelas, Namas
- Futshanes, Pieterses, Reynekes, Thérèses
- Januaries, Korkies, Zeelies
- Naidoos, Prinsloos, Vosloos

**REËL 13.23** Eiename wat oorspronklik van Franse herkoms is en op 'n beklemtoonde **ee** of **ie** eindig, kry 'n meervoudsvorm met **-s**.

- Coetzees, Kortjees, Marees
- Fouries

**REËL 13.24** Eiename wat op 'n **y** eindig, kry 'n meervoudsvorm met **-s**.

- Findlays, Kays, Lackays, Rays
- Bentleys, De la Reys, Radleys, Vreys
- Coys, Loys, Roys
- Barrys, Felicitys, Garys, Henrys, Raffertys, Ramsammys, Reddys, Stabys

**REËL 13.25** Eiename wat op 'n beklemtoonde **a** [a:] of op **i**, **o** of **u** eindig, kry 'n meervoudsvorm met **-'s**.

- Van Breda's
- Buthelezi's, Dlamini's, Mimi's, Nigrini's, Nkatini's
- Alberto's, Hugo's, Nzo's, Xelisilo's
- Lulu's, Mahlangu's, Nkosinkulu's, Petru's, Zulu's



**OPMERKING**

Vir die meervoudsvorm van naamwoorde wat op 'n diftong met 'n slot-**i** of of **-u** eindig, kyk reël 2.2.

**REËL 13.26** Eiename wat op 'n vokaalletter met 'n diakritiese teken eindig, kry 'n meervoudsvorm met **-s**.

Andrés, Kotzés, Naudés



**OPMERKING**

Kyk ook reël 2.5.

**REËL 13.27** Eiename wat op 'n onuitgespreekte **e** of **s** eindig, kry 'n meervoudsvorm met **-'e** of **-s**.

- Estelle'e, Louise'e, Suzette'e, Terblanche'e
- Celliers's, De Villiers's, Du Plessis's, Louis's, Viviers's



**OPMERKING**

Kyk ook reël 2.9.

**REËL 13.28** Eiename wat op 'n onuitgespreekte **t**, **w**, **x** of **z** eindig, kry 'n meervoudsvorm met **-s**.

Du Toits, Rossouws, Rouxs, Du Preezs

**OPMERKING**

Kyk ook reël 2.10.

**Wisselvorme**

## ORIËNTASIE

Wisselvorme van die meervoudsvorme van verskeie naamwoorde kom heel geredelik voor en dit word ook so in die **WOORDELYS** aangedui. In die meeste gevalle is sulke vorme gelykwaardig, alhoewel daar tog verskille met betrekking tot styl of betekenis kan voorkom.

**REÛL 13.29**

By sekere kategorieë meervoude kom wisselende uitgange voor wat by sommige heeltemal gelykwaardig is en by ander betekenismatig of gevoelsmatig van mekaar verskil.

- ❑ alkalië *of* alkali's, doktore *of* doktors, gewere *of* geweeers, hotelle *of* hotels, kapelane *of* kapelaans, tuiniere *of* tuiniers,
- ❑ manne ('kamerade' *of* 'helde') en mans (*neutrale vorm*), rûe (*liggaamsdele*) en rûens (*heuwels*), ruite (*van vensters*) en ruitens (*speelkaarte*), stigmas (*skandvlekke*) en stigmata (*wondtekens van Christus*)

**OPMERKINGS**

- (a) Let op dat daar woordpare is waarvan die meervoud van een vormlik dieselfde is as die enkelvoud van die ander, byvoorbeeld:

enkelvoud	meervoud/enkelvoud	meervoud
gemiddeld	gemiddelde	gemiddeldes
meul	meule	meulens <i>of</i> meules
molekuul	molekule	molekules

- (b) Kyk ook reëls 17.18 en 17.20.

**REÛL 13.30**

Massaname neem in die algemeen nie die meervoud nie, maar in sommige kontekste kom meervoudsvorme wel voor, dikwels met 'n betekenismatige of gevoelsmatige verskil.

- gras – grasse (*soorte gras*)  
 suiker – suikers (*soorte suiker; teelepels/klontjies suiker*)  
 tee – tees (*soorte tee; koppies tee*)

# 14. SKRYWYSE – LOS EN VAS

## ORIËNTASIE

Die skryfwyse van woorde, dit wil sê of woorde **los** van mekaar of **vas** aan mekaar geskryf moet word, lewer heel dikwels probleme op. Hieronder word aan die hand van 'n aantal algemene gevalle groter duidelikheid gegee.

Deur opnames in die **WOORDELYS** word daar ook aandag gegee aan sommige gebiede wat in die praktyk die meeste probleme lewer, byvoorbeeld die skryfwyse van taalname, die skryfwyse van woordgroepe en afleidings, die skryfwyse van woordgroepe en samestellings, verbindings van 'n byvoeglike naamwoord en 'n naamwoord, verbindings met telwoorde, groepe met 'n byvoeglike naamwoord as kernelement, werkwoordelike verbindings, breukname, die skryfvorm met **self**, en so meer.

### REËL 14.1 Afsonderlike woorde word los geskryf.

Dit is die eenvoudigste en algemeenste reël vir die skryfwyse (los of vas) van woorde in Afrikaans. Op grond van hierdie reël word byvoorbeeld die elemente van elk van die volgende sinne los van mekaar geskryf omdat hulle afsonderlike woorde is:

Piet Viljoen het gister teen die Switserse kampioen gespeel.  
Die prys van goud het vinniger gestyg as wat deur die ekonome verwag is.



#### OPMERKING

Kyk ook reël 14.24.

### REËL 14.2 Terwyl woorde los van mekaar geskryf word (kyk reël 14.1), word woorddele vas aan mekaar geskryf.



#### OPMERKING

Die onderskeid tussen *woorde* en *woorddele* lewer soms probleme in die geval van samestellings en daarom is dit belangrik om duidelikheid te kry oor wat presies onder die term *samestelling* verstaan word (kyk **komplekse woord** in die **TERMINOLOGIELYS**). Tipiese voorbeelde van samestellings is:

aapstert	karperd
bobotieresep	kiembewus
bosbok	kleefpapier
byekorf	koerantberig
deurmat	kookwater
gloeilamp	lugdienspersoneel
goudgeel	tweerigtingskakelaar
grensgebied	werksku
hondsiek	wetenskaponderwyser

Hierdie samestellings is elkeen 'n woord: 'n samestelling soos **grensgebied** is 'n enkele woord wat opgebou is uit die woorddele **grens-** en **-gebied**. In die samestelling **grensgebied** word die woorddele **grens-** en **-gebied** vas geskryf, ten spyte daarvan dat dié dele herken word as elemente wat (in ander verbande) selfstandig as woorde kan funksioneer. Hierdie elemente word binne die samestelling saamgesnoer tot 'n eenheid: 'n enkele woord.

In heelparty gevalle kan die verskil tussen 'n woord en 'n woorddeel (binne 'n samestelling) daarin gesien word dat die woorddeel 'n verbindingsklank het, byvoorbeeld:

Woorddeel	Woord + verbindingsklank	Samestelling
beklaens-	bekla + -ens-	beklaenswaardig
bevolkings-	bevolking + -s-	bevolkingsregister
Boere-	Boer + -e-	Boereoorlog
distriks-	distrik + -s-	distriksgeneesheer
etens-	eet + -ens-	etenstyd
kalwer-	kalf + -er-	kalwerliefde
kiesers-	kieser + -s-	kieserslys
kinder-	kind + -er-	kindersorg
leeue-	leeu + -e-	leeueaandeel

Die meeste samestellings wat in die daaglikse omgangstaal gebruik word, bestaan uit twee dele (byvoorbeeld **proeflees**, wat opgebou is uit die woorddele **proef-** en **-lees**). Samestellings met meer as twee dele kom egter ook gereeld voor, byvoorbeeld **bosluiskoors**, **haringgraatstek**, **harsingvliesontsteking**, **kernkragsentrale**, **reënwaterafvoer**, **uitvoersteenoolprystendense**. Kyk ook reël 14.25.

#### ORIËNTASIE

'n Rede vir sommige van die skryfwyseprobleme in Afrikaans is dat daar in Engels – een van die tale waarmee Afrikaanssprekendes daag-

liks in aanraking is – baie dikwels los geskryf word. Danksy volgehoute bereëling is die Afrikaanse skryfwyse in baie gevalle konsekwenter as dié van Engels (vergelyk in hierdie verband byvoorbeeld die huidige Afrikaanse skryfwyse met onderstaande moderne Oxford-skryfwyses). Skryftradisies in tale ontwikkel oor 'n lang tyd en veranderings daaraan bring meestal groot teenstand mee, byvoorbeeld die spelveranderings wat in die tydperk 1994 tot 1999 vir onder meer Duits en Nederlands voorgestel is. Van hierdie veranderings moes dikwels weens openbare protes teruggetrek word.

Vergelyk byvoorbeeld die onderstaande skryfwyses van Afrikaans met dié van Engels:

<b>Afrikaans</b>	<b>Engels</b>
<input type="checkbox"/> deurbeslag	door furniture
grensgebied	border area
karmaker	cart builder
poskantoor	post office
wetenskaponderwyser	science teacher
<input type="checkbox"/> asblik/vullisblik	dustbin
beesstert	oxtail
hooimied	haystack
posmeester	postmaster
<input type="checkbox"/> droogskoonmaak	dry-clean
dunvellig	thin-skinned
klokbroek	bell-bottoms

Hoewel dit nie moontlik is om skryfwyse in Afrikaans eenvoudig en in alle gevalle presies te bereël nie, word daar probeer om met behulp van die hieropvolgende aantal reëls leiding te gee oor die skryfwyse van groepe woorde waarmee gebruikers dikwels probleme ondervind. Daar word gekonsentreer op verbindings wat vas geskryf word (dit wil sê komplekse woorde), maar daar word ook leiding gegee oor die skryfwyse van verbindings wat los geskryf word (woordgroepe) en soms probleme oplewer.

In vroeëre uitgawes van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* is 'n aantal oorwegings aangegee oor wanneer woorde **vas** geskryf moet word. Hierdie oorwegings het geensins in onbruik verval nie en daarom word die kernoorwegings hier kortliks uitgelig:

- Tradisie*  
Voortvloeiende uit die tradisie van Afrikaans se Nederlandse her-

koms skryf ons woorde vas net soos in Nederlands: **goedkoop**, **handdoek**, **landkaart**.

- ❑ *Verlies van fleksiemoontlikhede*  
Samestellings word vas geskryf omdat van die woordkorrelate in die samestelling van hulle fleksiemoontlikhede verloor, byvoorbeeld in **eetgoed** kan **geëet** nie meer voorkom nie.
- ❑ *Verandering van woordsoortelike funksie*  
Die woordkorrelate binne die nuwe verbinding kan ander woordsoortelike funksies vervul. In **sleptong praat** is **-tong** byvoorbeeld deel van 'n bywoord, terwyl dit normaalweg as 'n selfstandige naamwoord optree.
- ❑ *Nie isoleerbaar nie*  
Die woordkorrelate binne die samestelling is nie meer isoleerbaar as afsonderlike woorde soos binne 'n woordgroep nie, byvoorbeeld **klein**, **vrolike kind** teenoor **kleinkind**.
- ❑ *Eenheidsaksent en -tempo*  
'n Samestelling word met 'n eenheidsaksent en vinniger tempo uitgespreek. Vergelyk byvoorbeeld die uitspraak van die woordgroep **skoon veld** ('n noodlanding in – –) met **skoonveld** (*hy is –*), **klein kind** (*sy was maar altyd 'n – –*) met **kleinkind** (*ouma is trots op haar –*).
- ❑ *Betekenisverdigting*  
Betekenisverdigting kan binne die woordgroep voorkom wat lei tot die vestiging van 'n samestelling, byvoorbeeld 'n **dam water** teenoor **damwater**.
- ❑ *Figuurlike betekenis*  
Die samestelling kan 'n figuurlike betekenis oordra, terwyl die woordgroep die letterlike betekenis oordra, byvoorbeeld **toutrek** teenoor 'n **tou trek**.
- ❑ *Gelykvormigheid*  
Die skryfwyse van een samestelling dien as analogie vir die vorming van ander, verwante of soortgelyke samestellings, byvoorbeeld **vanaand**, **vandeemaand**, **vanmiddag**, **vanoggend**. So kan 'n bekende vorm soos **hoëhakskoen** dien as voorbeeld vir die vorming van **ekonomieseklaspassasier**. Dit is nog 'n wyse waarop die beginsel van gelykvormigheid werk (kyk grondbeginsel C in die afdeling GRONDBEGINSELS VAN DIE AFRIKAANSE SPELLING.)

## ➔ Samestellings

### REËL 14.3 Samestellings word vas geskryf.

Die stamme waaruit samestellings bestaan, kan tot verskillende woordsoorte behoort. Onder meer die volgende patrone word onderskei:

- ❑ **naamwoord + naamwoord** (hierdie kategorie vorm verreweg die grootste groep samestellings in Afrikaans)  
ankertou, arbeidswetgewing, blombedding, bobotieresep, bosbok, byekorf, deurmat, gradeboog, karakterskets, karperd, prokureursorde, reddingsboei, skroewedraaier, sonnestelsel, vredesverdrag
- ❑ **naamwoord + voornaamwoord**  
Jan-hulle, oom-hulle
- ❑ **naamwoord + setsel**  
beenaf, bekaf, bergaf, bergop, dagin en daguit, haaram, hotom, jaarin en jaaruit, keelaf, kopaf, padlangs, pootuit, raadop, sonop, straataf, straatop, stroomaf, stroomop, velaf, winduit



#### OPMERKINGS

- (a) Die dele van 'n agtersetselgroep (aanvulling + setsel) word vas geskryf, terwyl die dele van 'n adjunk (bywoordelike bepaling) los geskryf word, byvoorbeeld:  
ons het kuslangs getoer *naas* ons het met die kus langs getoer  
die trap lei ondertoe *naas* die trap lei na onder
- (b) Kyk ook reëls 12.1 (opmerking (c)), 14.54 en 14.55.

- ❑ **naamwoord + werkwoord**  
asemskep, modderstoei, perdry, pretloop, wortelskiet, ysskaats
- ❑ **naamwoord + byvoeglike naamwoord**  
gebruikersvriendelik, hondsiekie, kameragereed, kiemvry, verstegnies, vuurvas



#### OPMERKING

Kyk ook reël 14.41.

- ❑ **naamwoord + deelwoord**  
prosesgeoriënteer *of* prosesgeoriënteerd, sneeubedek, uitkomsgebaseer *of* uitkomsgebaseerd
- ❑ **werkwoord + werkwoord**  
brandmerk, hangswaef, stortreën



- ❑ **werkwoord + byvoeglike naamwoord**  
kraakvars, stinkryk
- ❑ **werkwoord + naamwoord**  
baaikostuum, breekyster, drinkjogurt, eetgoed, gloeilamp, kleefpapier, kookwater, smeerkaas, snykant
- ❑ **byvoeglike naamwoord + naamwoord**  
blouaap, dikmelk, donkerkamer, geelwortel, groenvy, oukêrel (*pa*), stywepap, wildebees
- ❑ **byvoeglike naamwoord + byvoeglike naamwoord**  
blougroen, dofgrys, domastrant, helderrooi, ligblou, stomverbaas

**OPMERKING**

Kyk ook reëls 14.27 tot 14.31, waar verskillende verbindingsmoontlikhede van byvoeglike naamwoorde en naamwoorde in besonderhede bereël word.

- ❑ **byvoeglike naamwoord + werkwoord**  
blinkvryf, koudlei, natgooi, rofstoei
- ❑ **bywoord/byvoeglike naamwoord + setsel**  
andersom, buitelangs, dwarsoor, langsaan, lankuit, linksom, naasaan, regaf, regop, regsom, ronduit, skuinsoor, voluit, vooraan, voorlangs, vooroor

**OPMERKING**

Kyk ook reëls 12.1 (opmerking *(c)*), 14.56 en 14.57.

- ❑ **bywoord + werkwoord**  
binnekom, neerslaan, regkom, tereg wys, wegspring
- ❑ **setsel + werkwoord** (skeibare werkwoorde)  
aanbied, afdank, inteel, teenwerk
- ❑ **setsel/bywoord + naamwoord**  
agterdeur, deurpad, omweg, voorarm
- ❑ **telwoord + naamwoord**  
duisendpoot, tienkamp, tweegesig, vyftal
- ❑ **bywoord + naamwoord**  
agterblad, bykos
- ❑ **setsel + setsel**  
bo-oor, langsaan, tussendeur

**OPMERKING**

Kyk ook opmerking *(e)* hieronder.

Samestellings kan natuurlik uit meer as twee woorddele (in 'n verskeidenheid woordsoortelike kombinasies) bestaan, byvoorbeeld:

blouoognooi	lugdienspersoneel
blouwildebees	omgangstaal
groenvyekonfynt	reënwaterafvoersloot
harsingvliesontsteking	tweerigtingskakelaar
hoëresolusiesyftassonarbeeld	varswatervislokaas
kernkragsentrale	weervoorspellingsprogram



### OPMERKINGS

- Hoewel die **WOORDELYS** nie alle moontlike samestellings kan bevat nie, bied dit talle voorbeelde waaruit die korrekte skryfwyse van ander, soortgelyke gevalle afgelei kan word. Die **WOORDELYS** dien dus ook in hierdie opsig as riglyn by skryfwyseprobleme.
- Vir die skryfwyse van samestellings met eiename, kyk reëls 14.6 tot 14.12.
- Die skryfwyse met koppeltekens, soos in **digter-skrywer** (reël 12.7), **Noord-Afrika** (reël 12.32) en **oom-hulle** (reël 12.26), is 'n sub tipe van die vaste skryfwyse. Een van die gebruike van die koppelteken is om woorddele binne 'n woord aan mekaar te verbind.
- Vir die skryfwyse van vorme soos **bo-oor** en **bo-op**, kyk reël 12.1.
- Wanneer setsel + setsel gesamentlik as bywoord of byvoeglike naamwoord optree, word dit as 'n samestelling vas geskryf, byvoorbeeld:

dit sleep **agteraan**, 'n **agteraf** knoeiery, dit lê **bo-op**

Wanneer setsel + setsel egter gesamentlik as voorsetsel optree, kan dit vas of los geskryf word, byvoorbeeld:

**agter aan** die wa, **boaan** die lys, **bo-op** die kas

Die vas- of losskryfwyse word in sulke gevalle in hoë mate deur gebruiklikheid en tradisie bepaal. Kyk ook reëls 14.56 en 14.57.

- Die dele van 'n voorsetsel-agtersetsel-groep (setsel + aanvulling + setsel) of 'n groepvoorsetselkonstruksie (setselgroep + voorsetsel + aanvulling) word los geskryf, byvoorbeeld:
  - agter** die motor **aan**, **by** mekaar **verby**, **in** die water **in**, **tot** vervelens **toe**, **van** agter **af**
  - aan die hand van** voorbeelde, **by monde van** 'n woordvoerder, **in geval van** brand

**REÛL 14.4** Reduplikasies (herhalingsamestellings) word met 'n koppelteken geskryf.

bietjie-bietjie, bok-bok, brom-brom, een-een, lag-lag, lui-lui, plek-plek, speel-speel, stil-stil, stuk-stuk, tik-tik



#### OPMERKING

Vir verdere toelgting oor die skryfwyse van hierdie soort samestellings, kyk reëls 12.14 tot 12.18.

**REÛL 14.5** Samestellings met 'n afkorting, simbool of syfer as eerste lid word geskryf met 'n koppelteken tussen die afkorting, simbool of syfer en die res van die samestelling.

A-span, B1-bomwerper, B-mol, DNS-molekuul, F16-vegvliegtuig, 100 W-gloeilamp, IK-toets, KGB-agent, M.B.A.-student *of* MBA-student, M.Com.-graad *of* MCom-graad, 9 mm-pistool, 1933-depressie, 1994-verkiesing, .22-geweer, PWV-gebied, R100-donasie, R4-aanvalsgeweer, 80%-kans, 10c-seël, 50c-stuk



#### OPMERKINGS

- (a) Vir die moontlikheid om sommige van bogenoemde gevalle ook los te skryf, kyk reël 14.9.
- (b) Vir verdere leiding oor die skryfwyse van hierdie vorme met 'n koppelteken, kyk reëls 12.8 tot 12.12.



### Samestellings met eiename

#### ORIËNTASIE

Soos uitvoerig in reël 14.3 uiteengesit, word die dele van samestellings in Afrikaans in die reël vas geskryf. Daar het egter oor 'n lang tyd 'n neiging ontstaan om die eienaamgedeelte in sekere kategorieë eienaamverbindings los van die res van die samestelling te skryf. Hierdie neiging kan aan onder meer die volgende toegeskryf word:

- ❑ Die invloed van Engels in veral handelsomgewings waar sakelui die name van ondernemings eenvormig skryf of geskryf het, byvoorbeeld:

Durban Apteek *naas* Durban Pharmacy

- ❑ Die feit dat die eienaamgedeelte soms heel kompleks kan wees, byvoorbeeld in:

die Benede-Oranjerivier-staatswaterbeheergebied  
 die Lesotho-Hoogland-waterprojek  
 die Little Company of Mary-hospitaal  
 die President Steyn-goudmyn  
 die Victoria & Albert-waterkant  
 die Western Deep Levels-myn

Die reël hieronder dat die eenaamelement in sekere eenaamverbindings ook los van die res van die samestelling geskryf kan word, geld nie vir ander nie-eenaamgedeeltes in ander kategorieë samestellings nie.

By die bereëling van eenaamverbindings is veral die volgende drie sake van belang:

- ❑ die omskrywing van 'n eenaam
- ❑ die vraag of 'n eenaamverbinding steeds as eenaam optree
- ❑ die vraag of 'n eenaamverbinding as soortnaam optree.

Eiename onderskei hulle van soortname veral deurdat hulle

- (i) na enkele, unieke sake verwys;
- (ii) gewoonlik nie met die onbepaalde lidwoord ('n) gebruik kan word nie;
- (iii) gewoonlik nie in die meervoud gebruik kan word nie; en
- (iv) gewoonlik nie deur 'n byvoeglike naamwoord bepaal kan word nie.

Indien die eenaamverbinding as geheel aan hierdie vereistes voldoen, tree die verbinding as **eenaam** op. So nie tree die verbinding as **soortnaam** op. 'n Eenaam kan ook gevorm word deurdat twee soortname bymekaargevoeg word.

Daar kan dus tussen die volgende tipes eenaamverbindings onderskei word:

- ❑ **'n Eenaamverbinding as eenaam:** In so 'n geval word 'n eenaam aan 'n soortnaam of ander eenaam (of meer as een van elk) verbind en dit vorm dan 'n samestelling wat ook as eenaam optree, byvoorbeeld **(die) Nelspruiithospitaal**.

- ❑ **'n Eienaamverbinding as soortnaam:** In so 'n verbinding sluit die samestelling een of meer eiename in, maar die geheel tree nie as eienaam op nie, byvoorbeeld (**'n nuwe**) **Toyota-onderdeel**.
- ❑ **'n Soortnaamverbinding as eienaam:** In so 'n geval verkry die verbinding eers eienaamstatus wanneer soortnaamwoorde saamsmelt en 'n naam vorm, byvoorbeeld **Rietvlei**. Baie straatname word so saamgestel, byvoorbeeld **Bloedstraat, Hoofstraat, Kerkstraat**.

In die reëls hieronder word hierdie drie tipes deurgaans onderskei.

**REÛL 14.6**

In eienaamverbindings wat as eiename optree, kan die eienaamgedeelte los van of met of sonder 'n koppelteken vas aan die res van die samestelling geskryf word.

- ❑ **Sonder 'n koppelteken vas:**  
die Bloemfonteinmuseum, die Hertzogprys, die Nelspruihositaal
- ❑ **Met 'n koppelteken vas, met 'n hoofletter ná die koppelteken:**  
die Bloemfontein-Museum, die Hertzog-Prys, die Nelspruit-Hositaal
- ❑ **Met 'n koppelteken vas, met 'n kleinletter ná die koppelteken:**  
die Bloemfontein-museum, die Hertzog-prys, die Nelspruit-hositaal
- ❑ **Los, en elke deel met 'n hoofletter:**  
die Bloemfontein Museum, die Hertzog Prys, die Nelspruit Hositaal

**OPMERKINGS**

- (a) **Let Wel:** Eienaamverbindings as soortname bevat wel eiename, maar tree in die geheel as soortname op, byvoorbeeld **Toyota-onderdele**, en word dus nie ook los (byvoorbeeld **\*Toyota Onderdeel of \*Toyota onderdeel**) geskryf nie. Kyk ook reël 14.7.
- (b) Spesifiek in die geval van sakeondernemings (omdat die patroon oor 'n lang tyd hier gevestig geraak het), waar die tipe instansie deur die soortnaamkomponent aangedui word, byvoorbeeld **Konstant Kafee, Silwerskoon Droogskoonmakers, Sonskyn Apteek**, word die eienaamfunksie gedra deur die unieke komponent **Konstant, Silwerskoon, Sonskyn**. Deurdat hierdie unieke komponent die naam van die instansie verteenwoordig, is die samestelling 'n verbinding wat as eienaam optree en kan dit dus los of vas geskryf word soos deur hierdie reël bepaal. Vergelyk die volgende verdere voorbeelde:

Maanlignagklub *of* Maanlig-Nagklub *of* Maanlig-nagklub *of* Maanlig Nagklub, Paselladrukkers *of* Pasella-Drukkers *of* Pasella-drukkers *of* Pasella Drukkers, Sonskynwoonwapark *of* Sonskyn-Woonwapark *of* Sonskyn-woonwapark *of* Sonskyn Woonwapark

- (c) Volgens hierdie reël kan 'n straatnaam soos **Arcadiastraat** op een van vier maniere geskryf word (**Arcadiastraat** *of* **Arcadia-Straat** *of* **Arcadia-straat** *of* **Arcadia Straat**). In teenstelling hiermee en in teenstelling met die bereëling vervat in opmerking (b) hierbo, word 'n straatnaam wat 'n soortnaamverbinding as eienaam is, byvoorbeeld **Kerkstraat**, slegs vas geskryf. Vir die gebruik van straatname met telwoorde, kyk reëls 14.34 en 14.35.
- (d) Waar saamgestelde geografiese name ter sprake is, lê dit in die idiomatiese aard van Afrikaans om eerder 'n woordgroep deur middel van 'n afleiding van die geografiese naam te vorm. Die afleiding (byvoorbeeld **Bloemfonteinse**) is 'n byvoeglike naamwoord en word dus los van die daaropvolgende soortnaam geskryf. So kan daar ook gerieflik onderskei word tussen die **Bloemfonteinse Museum** en 'n **Bloemfonteinse museum**. Vergelyk ook **Kaapse Klopse**, **Randse Afrikaanse Universiteit**.

**REËL 14.7**

'n Eienaamverbinding as soortnaam of massanaamwoord waarin die eienaam as eerste lid optree, word slegs vas geskryf, met of sonder 'n koppelteken.

- ❑ Mercedes-Benztoerbus *of* Mercedes-Benz-toerbus, Nissan-onderdele *of* Nissan-onderdele, Tafelbergpublikasie *of* Tafelbergpublikasie
- ❑ Januarievergadering *of* Januarie-vergadering, Saterdagoggend *of* Saterdag-oggend, Vrydagsessie *of* Vrydag-sessie
- ❑ Mingporselein *of* Ming-porselein

**OPMERKINGS**

- (a) Waar sulke verbindings in die **WOORDELYS** verskyn, word **slegs die skryfwyse sonder 'n koppelteken** aangebied.
- (b) Vir die gebruik van die koppelteken by opeenvolging van vokale letters, byvoorbeeld **Daewoo-onderstel**, kyk reël 12.1.
- (c) Vir die gebruik van 'n koppelteken ter wille van leesbaarheid, kyk reël 12.5.
- (d) Wanneer 'n verbindingsklank tussen die eienaamkomponent en die soortnaamkomponent voorkom, byvoorbeeld **Evasgeslag**, is die vorm wat sonder 'n koppelteken vas geskryf word, verpligtend.

Kyk ook reël 9.25 oor die gebruik van hoofletters by samestellings met verbleekte eiename.

**REËL 14.8**

Die vryheid wat toegelaat word met betrekking tot die los skryfwyse van samestellings wat 'n eienaamelement bevat, geld nie vir die skryfwyse van amptelike Suid-Afrikaanse geografiese name nie.

**OPMERKING**

Die skryfwyse van amptelike Suid-Afrikaanse geografiese name word nie deur die Taalkommissie bereël nie, maar deur die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name. Die vryheid wat in sekere gevalle met betrekking tot die los skryfwyse gelaat word, is dus nie van toepassing op amptelike Suid-Afrikaanse geografiese name nie. **Nelspruit** mag dus nie as \***Nel Spruit** geskryf word nie. Die skryfwyse en spelling van Suid-Afrikaanse geografiese name kan in die publikasie *Amptelike plekname in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika* (Staatsdrukker 1978) en die aanvullende publikasies daarna (soos die *Staatskoerant*) nageslaan of op die webwerf van die Departement van Kuns en Kultuur gesoek word.

**REËL 14.9**

Samestellings met 'n akroniem of letternaamwoord as eerste element wat op 'n eienaam berus, word op dieselfde wyse gehanteer as samestellings waarin 'n volledige eienaam optree.

**Eienaamverbindings as eiename:**

die Fifahoofkantoor *of* die Fifa-Hoofkantoor *of* die Fifa-hoofkantoor  
*of* die Fifa Hoofkantoor  
die Unescogrondwet *of* die Unesco-Grondwet *of* die Unesco-  
grondwet *of* die Unesco Grondwet

**Eienaamverbindings as soortname:**

- Fedhasa-lede *of* Fedhasalede, 'n Fifa-toernooi *of* 'n Fifatoernooi
- 'n ATKV-toekenning, 'n RGN-lesing, SAID-vorms

**OPMERKINGS**

- (a) Kyk reëls 14.6 en 14.7.
- (b) By akronieme wat net met hoofletters geskryf word en by letternaamwoorde verval die moontlikheid om sonder 'n koppelteken vas te skryf.
- (c) Vir die gebruik van die koppelteken by hierdie soort gevalle, kyk ook reëls 12.8 tot 12.12.

**REËL 14.10**

In 'n eienaamverbinding as soortnaam wat bestaan uit 'n nie-eienaamgedeelte gevolg deur 'n eienaamgedeelte, word die nie-eienaamgedeelte met 'n koppelteken vas aan die eienaamgedeelte geskryf.

dubbelloop-Remington  
stoet-Jersey  
4-deur-Mazda

vierdeur-Mazda  
volbloed-Bonsmara

**OPMERKINGS**

- (a) Vir verbindings met syfers, simbole en getalle as eerste element, kyk ook reël 12.8.
- (b) Let op dat benamings van diërassse soos **Bonsmara**, **Fries**, **Jersey** en dergelike met 'n hoof- of kleinletter geskryf kan word. Indien die kleinletterskryfwyse gebruik word, is twee skryfwyses vir samestellings met so 'n naam toelaatbaar, naamlik met 'n koppelteken vas of sonder 'n koppelteken vas, byvoorbeeld:

- ❑ *stoet-jersey of stoetjersey, teel-fries of teelfries, volbloed-bonsmara of volbloedbonsmara*
- ❑ *volbloed-bonsmarakudde of volbloedbonsmara-kudde of volbloed-bonsmara-kudde of volbloedbonsmarakudde*

Indien sulke benamings in die **WOORDELYS** verskyn, word **slegs die skryfwyse sonder 'n koppelteken en met 'n kleinletter aangebied**. Kyk ook reël 9.7 (opmerking (b)).

Indien die hoofletterskryfwyse gebruik word, kan slegs met 'n koppelteken vas geskryf word, byvoorbeeld:

- ❑ *stoet-Jersey, teel-Fries, volbloed-Bonsmara*
- ❑ *stoet-Jerseyveiling of stoet-Jersey-veiling, volbloed-Bonsmara-kudde of volbloed-Bonsmara-kudde*

Bostaande sal ook name van kultivars en plantvariëteite geld. Die verbindings word vas geskryf omdat hulle telkens as soortnaam optree.

**REËL 14.11**

By samestellings wat bestaan uit 'n nie-eienaamgedeelte gevolg deur 'n eienaamverbinding as soortnaam, word die nie-eienaamgedeelte met 'n koppelteken vas geskryf.

dubbelloop-Remingtongeweer *of* dubbelloop-Remington-geweer  
2-deur-Mercedessedan *of* 2-deur-Mercedes-sedan



tweedeur-Mercedessedan *of* tweedeur-Mercedes-sedan  
tweetoring-Hindoetempel *of* tweetoring-Hindoe-tempel

**OPMERKING**

Hierdie reël geld omdat die verbinding telkens as soortnaam optree.

**REÛL 14.12**

Eienaamverbindings met 'n syfer of simbool as eerste lid en 'n eienaam as die ander lid word met 'n koppelteken vas geskryf.

.22-Walther  
4x4-Nissan

V8-Ford  
50 cm<sup>3</sup>-Honda

**OPMERKINGS**

- (a) Hierdie reël geld omdat die verbinding telkens as soortnaam optree.
- (b) Let op die skryfwyse van gevalle soos **Lodewyk XIV**, **Mazda 323**, **Ford 3.0**.
- (c) Kyk ook reël 12.8.
- (d) Kyk ook opmerking (b) by reël 7.1.

**Taalbenamings**

## ORIËNTASIE

Saamgestelde taalbenamings vorm 'n eie kategorie en die reëls met betrekking tot die skryfwyse van hierdie vorme word hieronder uiteengesit. Sulke benamings word op drie maniere geskryf:

- vas sonder 'n koppelteken (kyk reëls 14.13 tot 14.18)
- vas met 'n koppelteken (kyk reëls 14.19 tot 14.22)
- los (kyk reël 14.23)

Let op dat indien 'n taalbenaming bedoel in reëls 14.13 tot 14.18 aan die einde van 'n reël toevallig afgebreek word en die breuk tussen die voorbepaling en die basiese taalbenaming voorkom, die basiese taalbenaming op die volgende reël met 'n hoofletter kan begin indien die gebruiker dit verkies.

**REÛL 14.13**

'n Saamgestelde taalbenaming bestaande uit 'n selfstandige naamwoord plus 'n basiese taalnaam word sonder 'n koppelteken vas geskryf.

Kanselafrikaans, Kerkafrikaans, Koerantafrikaans, Niestandaard-

afrikaans, Omgangsafrikaans, Radioafrikaans, Rugbyafrikaans, Skryftaalafrikaans, Spreektaalafrikaans, Standaardafrikaans, Voortrekkerafrikaans

**REËL 14.14**

'n Saamgestelde taalbenaming bestaande uit 'n geografiese naam plus 'n basiese taalnaam word sonder 'n koppelteken vas geskryf.

Oosgrensafrikaans, Oranjerivierafrikaans, Oxfordengels, Pretoria-sotho, Sandveldafrikaans, Sowetozoeloe *of* Sowetozulu, Struisbaaiafrikaans, Weskusafrikaans

**REËL 14.15**

'n Saamgestelde taalbenaming bestaande uit die naam van 'n gebruikersgroep plus 'n basiese taalnaam word sonder 'n koppelteken vas geskryf.

Establishmentafrikaans, Indiërafrikaans, Maleierafrikaans, Monnikelatyne, Mynwerker(s)afrikaans

**OPMERKING**

Die skryfwyse *Griekwa-afrikaans of Griekwa-Afrikaans* en *Tsotsi-afrikaans of Tsotsi-Afrikaans* (naas *Tsotsi-afrikaans*) is toe te skryf aan die opeenvolging van vokale wat tot verskillende lettergrepe behoort. Kyk reël 12.1.

**REËL 14.16**

'n Saamgestelde taalbenaming bestaande uit 'n onverboë byvoeglike naamwoord plus 'n basiese taalnaam word sonder 'n koppelteken vas geskryf.

Gemeengermaans, Gemeenslawies, Hoogduits, Hooghollands, Laagmaleis, Oudengels, Oudgermaans, Oudhoogduits, Oudnederfrankies, Oudnoors, Oudsaksies, Vulgêrlatyn

**OPMERKINGS**

- (a) *Laat*, *Swart*, *Wit*, *Ou* en dergelike, wat gewoonlik nie attributief verbuig nie, word by taalbenamings los geskryf, byvoorbeeld *Laat Latyn*, *Wit Russies*, *Ou Noors*. Let op dat die skryfwyse van taalbenamings in hierdie opsig verskil van die skryfwyse bereël in reël 12.30. Kyk ook reël 14.23.
- (b) By taalbenamings kom 'n opsionele wisseling tussen *Ou* en *Oud*- en tussen *Nuwe* en *Nieu*- as voorbepalings voor. Indien 'n gebruiker *Ou* of *Nuwe* verkies, word dit los van die daaropvolgende taalbenaming geskryf, terwyl *Oud*- en *Nieu*- weer vas geskryf word,

byvoorbeeld *Ou Noors* *maar* *Oudnoors*, *Nuwe Nederlands* *maar* *Nieunederlands*. By die afgeleide vorm van 'n taalbenaming met 'n los geskrewe voorbepaling geld reël 14.25, byvoorbeeld *Ou-Noorse* (woord), *Nuwe-Nederlandse* (vorm). Kyk ook reël 14.23, veral opmerkings (a) en (b).

- (c) In aansluiting hierby word woorddele soos *Middel-* en *Neder-* vas aan die basiese taalnaam geskryf: *Middelduits*, *Middelengels*, *Middelnederlands*, *Nederduits*, *Nederfrankies*. Kyk ook reëls 9.13 en 12.32.
- (d) *Platduits* ('Nederduits') staan teenoor *plat Duits* ('ongesofistikeerde Duits').
- (e) Let op die koppelteken- en hooflettergebruik in gevalle van vokaal-opeenvolging soos *Nieu-afrikaans* of *Nieu-Afrikaans* (naas *Nieuafrikaans*).

**REÛL 14.17**

'n Saamgestelde taalbenaming bestaande uit 'n werkwoord plus 'n basiese taalnaam word sonder 'n koppelteken vas geskryf.

*Geselsafrikaans*, *Praatafrikaans*, *Preekafrikaans*, *Skrifafrikaans*

**REÛL 14.18**

'n Saamgestelde taalbenaming bestaande uit 'n voorvoegsel plus 'n basiese taalnaam word sonder 'n koppelteken vas geskryf.

*Oergermaans*, *Oerslawies*, *Paleogrieks*, *Protosemities*, *Pseudolatyn*, *Retoromaans*, *Superafrikaans*

**OPMERKINGS**

- (a) Kyk ook reël 14.20.
- (b) Let op gevalle waar 'n koppelteken gebruik word by 'n opeenvolging van vokaalletters, byvoorbeeld *Nieu-afrikaans* of *Nieu-Afrikaans* (naas *Nieuafrikaans*).

**REÛL 14.19**

'n Saamgestelde taalbenaming bestaande uit 'n afleiding van 'n geografiese naam plus 'n basiese taalnaam word met 'n koppelteken vas geskryf.

*Kaaps-Hollands*, *Kontinentaal-Germaans*, *Tirols-Duits*

**OPMERKING**

Kyk ook reël 14.23.

**REËL 14.20**

'n Saamgestelde taalbenaming waarvan 'n nieselfstandige eerste deel op -o eindig, buiten 'n voorvoegsel soos **paleo-**, **proto-** of **pseudo-**, word met 'n koppelteken vas geskryf.

Afro-Amerikaans, Anglo-Fries, Anglo-Normandies, Anglo-Saksies, Balto-Slawies, Gallo-Romaans, Indo-Europees, Indo-Germaans, Indo-Irans, Joego-Slawies, Ostro-Goties, Serwo-Kroaties, Turko-Tartaars

**OPMERKINGS**

- (a) Hierdie tipe nieselfstandige eerste deel berus gewoonlik op 'n eienaam.
- (b) Vir **Pseudolatyn** en soortgelyke vorme, kyk reël 14.18.
- (c) Kyk ook reël 14.15.

**REËL 14.21**

'n Saamgestelde taalbenaming wat uit twee name van tale of taalgebruikersgroepe bestaan, word met 'n koppelteken vas geskryf.

Angel-Saksies, Fins-Oegries, Fries-Frankies, Maleis-Portugees

**REËL 14.22**

'n Saamgestelde taalbenaming waarvan die eerste deel 'n rigtingbywoord is, word met 'n koppelteken vas geskryf.

- Noord-Duits, Noord-Germaans, Noord-Sotho
- Oos-Fries, Oos-Goties
- Suid-Germaans, Suid-Hollands, Suid-Sotho
- Wes-Frankies, Wes-Germaans, Wes-Goties, Wes-Vlaams

**OPMERKING**

Kyk ook reëls 9.14 en 12.32.

**REËL 14.23**

In 'n saamgestelde taalbenaming bestaande uit 'n verboë byvoeglike naamwoord plus 'n basiese taalnaam word die twee dele los geskryf.

Kaapse Afrikaans, Klassieke Latyn, Kreoolse Frans, Moderne Grieks, Nuwe Afrikaans, Nuwe Hoogduits, Switserse Duits, Vroeë Afrikaans

**OPMERKINGS**

- (a) **Laat**, **Swart**, **Wit**, **Ou** en dergelyke, wat gewoonlik nie attributief verbuig nie, word by taalbenamings los geskryf, byvoorbeeld **Laat Latyn**, **Wit Russies**, **Ou Noors**. Let op dat die skryfwyse van taalbenamings in hierdie opsig verskil van die skryfwyse bereël in reël 12.30. Kyk ook reël 14.16.

- (b) By taalbenamings kom 'n opsionele wisseling tussen **Ou** en **Oud-** en tussen **Nuwe** en **Nieu-** as voorbepalings voor. Indien 'n gebruiker **Ou** of **Nuwe** verkies, word dit los van die daaropvolgende taalbenaming geskryf, terwyl **Oud-** en **Nieu-** weer vas geskryf word, byvoorbeeld **Ou Noors** *maar* **Oudnoors**, **Nuwe Nederlands** *maar* **Nieunederlands**. By die afgeleide vorm van 'n taalbenaming met 'n los geskrewe voorbepaling geld reël 14.25, byvoorbeeld **Ou-Noorse (woord)**, **Nuwe-Nederlandse (vorm)**. Kyk ook reël 14.16, veral opmerkings (a) en (b).
- (c) Ter wille van die skryfwyse van die geografiese naam **Wit-Rusland** en afleidings daarvan moet dit nie as 'n fout beskou word as die taalbenaming **Wit Russies** ook as **Wit-Russies** geskryf word nie.

## ➔ Woordgroepe

**REÛL 14.24** Woorde wat deel van 'n woordgroep uitmaak, word los van mekaar geskryf.

Die konstruksie in **diens tree** is 'n woordgroep waarin die afsonderlike woorde **in**, **diens** en **tree** los van mekaar geskryf word. Om dieselfde rede word byvoorbeeld **gevangeneem** as afsonderlike woorde los van mekaar geskryf. Verdere voorbeelde is:

alleen loop	groot skaal	ter aarde bestel
alles omvat	in diens neem	ter tafel lê
binne ('n) aar	in staat stel	tien dele
Derde Wêreld	Ou Testament	tweede graad
dertiende eeu	swak sien	vyf jaar
eerste rang	ten toon stel	warm bloed

### ☞ OPMERKING

Kyk reël 14.1 en opmerking (b) by reël 17.2.

**REÛL 14.25** Afleidings wat uit woordgroepe gevorm word (samestellende afleidings), word vas geskryf.

Uit 'n woordgroep soos **in diens tree** (wat bestaan uit die afsonderlike woorde **in**, **diens** en **tree**) kan 'n afleiding met **-ing** gevorm word, en hierdie afleiding is 'n enkele woord, wat vas geskryf word: **indiens-treding**. Op dieselfde wyse kan uit die woordgroep **gevangeneem** met

behulp van **-ing** 'n afleiding **gevangeneming** gevorm word. Kyk ook die voorbeelde hieronder:

#### Woordgroep

alleen loop  
alles omvat  
binne ('n) aar  
Derde Wêreld  
dertiende eeu  
eerste rang  
groot skaal  
in diens neem  
Ou Testament  
swak sien  
ten toon stel  
ter aarde bestel  
ter tafel lê  
tien dele  
tweede graad  
vyf jaar  
warm bloed

#### Afleiding

alleenloper  
allesomvattend  
binnears  
Derdewêrelds  
dertiende-eeu  
eersterangs  
grootskaals  
indiensneming  
Ou-Testamenties  
swaksiende  
tentoonstelling  
teraardebesteding  
tertafellegging  
tiendelig  
tweedegraads  
vyfjaarliks  
warmbloedig



#### OPMERKINGS

- (a) Kyk reël 14.2.
- (b) Vir 'n verklaring van die term **samestellende afleiding**, kyk in die TERMINOLOGIELYS.
- (c) Vir gevalle soos **voor die hand liggend**, kyk reëls 12.22 en 12.23.
- (d) Wanneer 'n eienaam uit twee los geskrewe dele bestaan, word die skryfwyse in afleidings daarvan gehandhaaf, byvoorbeeld **New York – New Yorkse**, **Sri Lanka – Sri Lankaan**, **Nova Scotia – Nova Scotiaan**.
- (e) Kyk reëls 14.45 en 14.46, veral die opmerkings.
- (f) Indien 'n morfeem soos **her** voor 'n woordgroep soos **in diens neem** of **ten toon stel** gebruik word, word al die dele los van mekaar geskryf. Kyk ook reël 17.2 (opmerking (b)).

#### REËL 14.26

Indien 'n woordgroep van byvoeglike naamwoord of telwoord plus selfstandige naamwoord wat op sigself nie gekoppel word nie, in 'n samestelling optree as bepaler by 'n volgende selfstandige naamwoord, word al drie elemente van die samestelling vas aan mekaar geskryf.

So 'n samestelling staan as 'n samestellende samestelling bekend. In 'n samestellende samestelling bepaal die byvoeglike naamwoord of telwoord die eerste selfstandige naamwoord en dié twee gesamentlik bepaal die laaste selfstandige naamwoord, byvoorbeeld **kort** en **termyn** bepaal saam **voordele**: **korttermynvoordele**, **maatskaplike** en **werk** bepaal saam **studente**: **maatskaplikewerkstudente**. Verdere voorbeelde is:

Woordgroep	Samestelling
af arm	afarmsoldaat
breë rand	breërandhoed
Derde Wêreld	Derdewêreldlande
drie vore	drievoorploeg
droë land	droëlandboerdery
lang bene	langbeenspinnekop
lang termyn	langtermynbeplanning
sewende dag	Sewendedagadventis
twee termyne	tweetermynstelsel
twintig liter	twintigliterhouer
vyf jaar	vyfjaarplan



#### OPMERKINGS

- Vir die gebruik van koppeltekens by samestellende samestellings, kyk reël 12.6. Kyk verder ook reëls 7.2, 14.1 en 14.2.
- Vir 'n verklaring van die term **samestellende samestelling**, kyk in die TERMINOLOGIEÛLS.
- Oor die skryfwyse van lang samestellings soos **hoëresolusiesyaf-tassonarbeid**, kyk reël 12.5.
- In 'n klein aantal gevalle het dit tradisie geword om die byvoeglike naamwoord of telwoord los te skryf, byvoorbeeld:

Demokratiese Partykandidaat, Historiese Monumentekommissie, Middellandse Seegebied, Nasionale Vrouemonumentkommissie, Tweede Konsiliebesluit

In sulke gevalle is daar egter 'n faktor, soos hooflettergebruik, wat die samehorigheid van die byvoeglike naamwoord en die eerste selfstandige naamwoord aandui.

- Let op die skryfwyse van gevalle waar 'n samestellende samestelling 'n afstandsamestelling word, byvoorbeeld:

derdejaarstudent, derdejaar- teologiese student *of* derdejaar teologiese student; hoëspoedwasmasjien, hoëspoed- outoma-

tiese wasmasjien *of* hoëspoed outomatiese wasmasjien;  
langtermynplan, langtermyn- finansiële plan *of* langtermyn  
finansiële plan

**Let Wel:** Waar die eerste element van so 'n samestelling 'n verbindingsklank kry, is die gebruik van die afstandskoppelteken verpligtend. Kyk ook reëls 12.24 en 12.25.

- (f) Vir die skryfwyse van telwoorde, kyk reël 12.27, asook reëls 14.42 tot 14.45.
- (g) Vir verdere toeligting in verband met die skryfwyse van woordgroepsamestellings, soos **laat maar loop** in **laat-maar-loop-houding**, kyk reël 12.21.
- (h) Vir die skryfwyse van woordgroepe met **grootbek**, **kaalvoet**, **plat-sak** en dergelike, kyk reël 14.30.

## ➡ Verbindings van byvoeglike naamwoord en selfstandige naamwoord

### REËL 14.27

Verbindings van byvoeglike en selfstandige naamwoorde word in die reël los geskryf.

blink plan, groen perske, hoë snelheid, lang uiteensetting, maksimale snelheid



### OPMERKINGS

- (a) Vir uitsonderings op hierdie algemene reël, kyk reëls 14.29 en 14.30.
- (b) Dit is nie in alle gevalle ewe duidelik dat die betrokke element 'n byvoeglike naamwoord is en dus los van die volgende naamwoord geskryf moet word nie. Voorbeelde van sulke gevalle, wat net los geskryf moet word, is **af**, **blanko**, **bruto**, **halfwas**, **privaat** en **senior**, in byvoorbeeld **af arm**, **blanko tjek**, **bruto wins**, **halfwas seun**, **privaat sak** (*of private sak*), **senior bestuurder**. Kyk egter ook reël 14.26.
- (c) Vir die skryfwyse van byvoorbeeld **groot skaal teenoor groot-skaals**, **kort termyn teenoor korttermynvoordele**, kyk reëls 14.25 en 14.26.



**REÛL 14.28**

Byvoeglike naamwoorde wat in die algemeen kleur aandui (bekend as die kleuradjektiewe), word los van die volgende selfstandige naamwoord geskryf.

appelkoos serp	groen blindings	swart rok
baksteenbruin rok	koper krisante	swart vrou
blanke gesin	olyf hemp	turkoois verf
bruin gesin	silwer wolke	wit bloes
bruin vrou	swart gesin	wit vrou

**OPMERKINGS**

- (a) Let op hoe die kleuradjektiewe verskil van stofname, byvoorbeeld **appelkooskonfyt**, **baksteenhuis**, **kopermuntstuk**, **koperskottel**, **olyfboom**, **silwerskottel**.
- (b) Let op dat gevalle soos **infrarooi** en **ultraviolet** nie tipiese kleuradjektiewe is nie en in sekere verbindings tradisioneel vas geskryf word, byvoorbeeld **infraroolamp**, **ultravioletbeskerming**. Dit moet egter nie as 'n fout beskou word as sulke verbindings ook los geskryf word nie.

**REÛL 14.29**

By gewone plant- en diername word die byvoeglike naamwoord wat kleur aandui, tradisioneel vas geskryf.

- geelhoutboom, rooi-els, swarthout, witstinkhout
- blouaap, geelslang, groenslang, rooivlerkspreu, swartmamba, swartrenoster, witborskraai

**REÛL 14.30**

Wanneer 'n verbinding van 'n byvoeglike plus 'n selfstandige naamwoord in die geheel die waarde van 'n byvoeglike naamwoord of bywoord het, word dit vas geskryf.

'n dikbek tiener	Boetie is al weer dikbek.
'n grootbek ondersteuner	Jan was grootbek voor die wedstryd.
'n hardekoejawel vent	Die vent is bra hardekoejawel.
die kaalvoet seuns	Hulle loop kaalvoet.
die platsak studente	Studente is gedurig platsak.

**OPMERKINGS**

- (a) Die toepassing van bogenoemde reël is altyd gekoppel aan die funksie van die woord in die betrokke sin. In die volgende sinne word **groot** en **harde** los van **bek** en **koejawel** geskryf soos deur die algemene reël (kyk reël 14.27) bepaal. **Groot** en **harde** tree

hier as byvoeglike naamwoorde op, en **bek** en **koejawel** as selfstandige naamwoorde:

Die seekoei het 'n groot bek.

'n Groen koejawel is 'n harde koejawel.

- (b) Vergelyk die skryfwyses van 'n **dikbek seun** en 'n **blouoognooi**. Die verskil is toe te skryf daaraan dat hoewel albei verbindings (**dik-** + **-bek**, **blou-** + **-oog**) 'n adjektiewiese funksie vervul, **dikbek** selfstandig as byvoeglike naamwoord optree omdat dit ook predikatief (**die seun is dikbek**) of as bywoord (**die hele dag dikbek rondloop**) gebruik kan word, wat nie die geval is met **blouoognie**. Let op dat hierdie reël ook geld wanneer die eerste lid van so 'n saamgestelde byvoeglike naamwoord van 'n ander woordsoort afkomstig is, byvoorbeeld **aanlyn registrasie**, **haasbek kinders**, **sakpas akkommodasie**.

**REËL 14.31**

Wanneer 'n verbinding van 'n byvoeglike en 'n selfstandige naamwoord betekenisverdigting ondergaan het, word dit vas geskryf.

Betekenisverdigting het plaasgevind wanneer die verbinding van die betrokke woorde met verloop van tyd 'n betekenis verkry het wat verskil van die betekenis van die ooreenstemmende woordgroep. In sulke gevalle beskryf die verbinding byvoeglike naamwoord + selfstandige naamwoord saam 'n soort saak, en het die byvoeglike naamwoord nie meer die afsonderlike funksie om 'n eienskap van die betrokke saak te beskryf nie.

By die voorbeelde in die regterkantste kolom hieronder het verdigting van betekenis ingetree, terwyl die voorbeelde in die linkerkantste kolom steeds as gewone woordgroepe geïnterpreteer word waarin die afsonderlike woorde in hulle primêre betekenis optree:

<b>Los</b>	<b>Vas</b> (betekenisverdigting)
donker kamer (kamer wat swak verlig is)	donkerkamer (by fotografie)
geel perske (enige perske wat geel is)	geelperske (soort perske)
groot mens (mens wat groot van postuur is)	grootmens ('volwassene')
klein huisie (huisie wat klein in oppervlakte is)	kleinhuisie ('toilet')
lang broek (broek wat lank is)	langbroek (soort kledingstuk)
rooi blom (enige blom wat rooi is)	rooibloom (soort onkruid)

sagte vrugte (*vrugte wat sag is, maklik kneus*)

warm patat (*patat wat warm is*)

wilde bees (*bees wat wild is*)

sagtevrugte (*perskes, pere en dergelike*)

warmpatat (*kinderspel*)

wildebees (*soort bok*)



### OPMERKING

Soms is die betekenisverdigting nie so maklik herkenbaar of so duidelik gevestig nie, sodat daar twyfel kan bestaan oor los en vas skryf. In sodanige gevalle kan óf los óf vas geskryf word:

groen vye *naas* groenvye

kort golf *naas* kortgolf

laer hof *naas* laerhof

rooi wyn *naas* rooiwyn



## Verbindings met telwoorde

### REÛL 14.32

Verbindings met telwoorde word in die reël los geskryf.

- drie kilogram, ses pogings, veertien riviere
- die eerste straat, die dertiende laan, haar derde seun, eerste/tweede/derde graad
- soveel briewe, die soveelste brief



### OPMERKINGS

- (a) Vir die skryfwyse van straat- en geografiese name met telwoorde, kyk ook reëls 3.20, 9.15 en 14.34 tot 14.38.
- (b) Waar verskillende rangtelwoorde langs mekaar staan, word die los én die vas skryfwyse erken, soos *derde laaste of derdelaaste, tweede laaste of tweedelaaste*.

### REÛL 14.33

In gevalle van betekenisverdigting of inkorting vorm 'n verbinding met 'n telwoord 'n enkele woord, en dan word dit vas geskryf.

#### Los

drie hoeke

drie wiele

nege oë

twee stukke

die eerste/tweede jaar

eerste klas (*hy slaag in die --*)

een kant (*skryf net aan die --*)

#### Vas

'n driehoek

'n driewiel

'n negeoog

'n tweestuk

'n eerstejaar/tweedejaar ('n student)

eersteklas (*dit gaan --*)

eenkant (*hy is bietjie --*)

een uur/twee uur/drie uur ( <i>tydsduur</i> )	eenuur/tweeuur/drieuur ( <i>tydstip</i> )
een keer ( <i>nie twee keer nie</i> )	eenkeer ( <i>op 'n keer</i> )
een maal ( <i>dit het net – – gebeur</i> )	eenmaal ( <i>– was daar 'n koning</i> )
baie kere	baiekeer ( <i>dikwels</i> )
baie male	baiemaal ( <i>dikwels</i> )
party kere	partykeer ( <i>soms</i> )
party male	partymaal ( <i>soms</i> )

**OPMERKING**

Vir verbindings soos *driewielfiets, eenkanthouding, eerstejaarstudent*, kyk reëls 14.25 en 14.26.

**REËL 14.34**

Die elemente van straatname waarin rangtelwoorde voorkom, kan sowel vas as los geskryf word.

- Derde Straat of Derdestraat, Vyfde Laan of Vyfdelaan*
- Drie-en-twintigste Straat of Drie-en-twintigstestraat*

**REËL 14.35**

As die rangtelwoorde gedeeltelik in syfervorm weergegee word, word die verbinding los geskryf.

*3de Laan of 3e Laan, 26ste Straat of 26e Straat*

**OPMERKING**

Kyk ook reëls 3.20, 9.15 en 14.45.

**REËL 14.36**

Geografiese name met rangtelwoorde as elemente word as enkele woorde geskryf.

*Derdepoort, Eersterivier, Eersterus*

**OPMERKINGS**

- (a) Die skryfwyse van amptelike Suid-Afrikaanse geografiese name word nie deur die Taalkommissie bereël nie, maar wel deur die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name. Raadpleeg in hierdie verband die publikasie *Amptelike plekname in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika* (Staatsdrukker 1978) en die aanvullende publikasies daarna, of die webwerf van die Departement van Kuns en Kultuur.
- (b) Kyk ook reëls 9.14, 9.15 en 12.29 tot 12.33.

**REÛL 14.37** 'n Bepaalde hooftelwoord in 'n geografiese naam word los geskryf van die selfstandige naamwoord in die meervoudsvorm.

Drie Susters, Twee Riviere, Veertien Strome

**REÛL 14.38** 'n Bepaalde hooftelwoord in 'n geografiese naam word vas geskryf aan die selfstandige naamwoord in die enkelvoudsvorm.

Driefontein, Sesriem, Tweespruit, Vyfhoek

**REÛL 14.39** Al plus telwoord word los geskryf.

- ❑ al twee, al drie, al twintig
- ❑ al honderd vier en twintig *of* al honderd-vier-en-twintig *of* al honderd vier-en-twintig

**REÛL 14.40** Samestellings en afleidings met telwoorde word vas geskryf.

- ❑ *eerstemagsfaktor* *teenoor* die eerste mag
- ❑ *eersteminterskap* *teenoor* die eerste minister
- ❑ *eerstehands* *teenoor* die eerste hand
- ❑ *twintigste-eeus* *teenoor* die twintigste eeu



#### OPMERKINGS

- (a) Vir 'n verklaring van die begrippe **afleiding** en **samestelling**, kyk in die TERMINOLOGIEÛLS.
- (b) Kyk ook reëls 14.25 en 14.26.
- (c) Let ook op die skryfwyse van **17de eeu** *of* **17e eeu** *teenoor* **17de-eeus(e)** *of* **17e-eeus(e)**.

**REÛL 14.41** Maatbepalings gevolg deur 'n byvoeglike naamwoord word los geskryf.

baie eeue lank (*die Ystertyd was -- --*)

baie eeue lang *of* baie eeue lange (*die -- -- Ystertyd*)

baie kilometer lank *of* baie kilometers lank (*ons staptog is -- --*)

baie kilometer lang *of* baie kilometers lang *of* baie kilometer lange *of* baie kilometers lange (*'n -- -- staptog*)

baie maande ou *of* baie maande oud *of* baie maande oue (*die -- -- droëwors*)

baie meter wyd *of* baie meters wyd (*die kanaal is -- --*)

baie meter wyd *of* baie meters wyd *of* baie meter wye *of* baie meters wye (*'n -- -- kanaal*)

die rapsie oor die twee meter lang man *of* die rapsie oor die twee meter lange man

die tussen een en twee kilometer diep skeepswrak

een sentimeter dik (*die plank is ---; 'n --- plank*)

kilometer diep (*die myn is 'n --; 'n -- myn*)

kilometer lank (*ons staptog is 'n --, die rivier is 'n paar --*)

kilometer lang *of* kilometer lange (*'n -- staptog, 'n paar -- rivier*)

'n kilometer lank (*die baan is ---*)

'n kilometer lang *of* 'n kilometer lange (*--- baan*)

'n meter hoog (*die heining is ---*)

'n meter hoog *of* 'n meter hoë (*--- heining*)

twee eeue lank (*die siklus is ---*)

twee eeue lang *of* twee eeue lange (*'n --- siklus*)

twee kilogram swaar (*die koolkop is ---; 'n --- koolkop*)

twee kilometer lank (*ons staptog is ---*)

twee kilometer lang *of* twee kilometer lange (*'n --- staptog*)

twee maande ou *of* twee maande oud *of* twee maande oue (*die --- droëwors*)



#### OPMERKINGS

- (a) Vir alternatiewe stelwyses, kyk reëls 7.1 (opmerking (a)) en 7.17 (opmerking (g)).
- (b) Indien 'n maatbepaling wat tyd of tydsverloop suggereer, nie deur 'n bepaalde of onbepaalde telwoord bepaal word nie en deur 'n byvoeglike naamwoord gevolg word, kan 'n gebruiker desverkie-send die maatbepaling plus byvoeglike naamwoord in attributiewe posisie vas skryf, byvoorbeeld **eeuoue, faselange, jaaroue, weeklange**.
- (c) Indien 'n woordgroep soos **twee kilometer diep (myne)** in 'n bepaalde sinsverband betekenisverwarring kan veroorsaak, staan dit die gebruiker vry om die elemente daarvan vas te skryf om dubbelsinnigheid uit te skakel, byvoorbeeld **twee kilometer diep myne** *of* **twee kilometerdiep myne** (*twee myne wat elk 'n kilometer diep is*) teenoor **tweekilometerdiep myne** (*myne wat twee kilometer diep is*).
- (d) Kyk ook reël 14.3.

**REÛL 14.42** Hoofteelwoorde met die voegwoord **en** word óf los óf met koppeltekens vas geskryf.

een en twintig *of* een-en-twintig, vyf en veertig *of* vyf-en-veertig

**REÛL 14.43** Verbindings van tien met 'n voorafgaande telwoord word vas geskryf.

vyftien, sestien, sewentien

**REÛL 14.44** Verbindings van honderd, duisend, miljoen, miljard, ensovoorts, met 'n voorafgaande telwoord kan óf los óf sonder 'n koppelteken vas geskryf word.

drie honderd *of* driehonderd, tien duisend *of* tienduuisend, vyftig miljoen *of* vyftigmiljoen, twee miljard *of* tweemiljard



**OPMERKING**

Skryfwyses soos die volgende word almal erken:

twee duisend vyf honderd *of* tweeduisend vyfhonderd *of* tweeduisendvyfhonderd

twee honderd vyf en twintig *of* twee honderd vyf-en-twintig *of* tweehonderd vyf en twintig *of* tweehonderd vyf-en-twintig *of* tweehonderd-vyf-en-twintig

vyf honderd duisend *of* vyfhonderd duisend *of* vyfhonderdduisend  
vier miljoen ses duisend *of* viermiljoen sesduisend *of* viermiljoen-sesduisend

**REÛL 14.45** 'n Rangtelwoord wat uit meer as een komponent bestaan, word vas geskryf, en indien 'n rangtelwoord die voegwoord **en** bevat, word dit met koppeltekens vas geskryf.

- die driehonderdste dag, die tienduuisendste keer, die vyfhonderd-duisendste kaartjie, die vyftigmiljoenste kilometer
- die een-en-twintigste keer, die elf-en-dertigste oproep, 'n vyf-en-veertigste keer



**OPMERKINGS**

- (a) Die skryfwyse van rangtelwoorde wat die voegwoord **en** bevat, is in ooreenstemming met reël 12.23.
- (b) Kyk reëls 12.27 (veral opmerking (b)), 14.25 en 14.46.

## ➔ Breukname

### REËL 14.46

'n Breuknaam wat uit meer as een komponent bestaan, word vas geskryf, en indien 'n breuknaam die voegwoord **en** bevat, word dit met koppeltekens vas geskryf.

'n driehonderdste  
'n een-en-twintigste  
'n tienmiljoenste

'n vier-en-sestigste  
sewe-agstes *of* sewe-agtstes  
twee-derdes



### OPMERKINGS

- Die skryfwyse van breukname wat die voegwoord **en** bevat, is in ooreenstemming met reël 12.23.
- Kyk ook reëls 12.27 en 14.45.
- Let op dat so 'n breuknaam soms saam met 'n hooftelwoord gebruik kan word, byvoorbeeld **sewe tienmiljoenstes**, **sewentien driehonderdstes**, **sewentien vier-en-sestigstes**, **vier kwarte**, **vyf derdes**, **vyf een-en-twintigstes**.
- Vir skryfwyses soos **tweederdemeerderheid**, kyk reël 14.26.

## ➔ Woordgroepe met 'n byvoeglike naamwoord as kern

### REËL 14.47

Byvoeglike naamwoorde en graadwoorde word los van mekaar geskryf in groepe wat 'n byvoeglike naamwoord as kern het.

In die woordgroep **besonder gunstig** word die byvoeglike naamwoord **gunstig** verbind met die graadwoord **besonder**. 'n Groep soos dié word op verskillende maniere gebruik, byvoorbeeld:

Hulle reaksie was **besonder gunstig**.

Die **besonder gunstige** reaksie van die publiek was bemoedigend.

Hulle het **besonder gunstig** gereageer.

Kyk ook die volgende gevalle:

- ❑ al duideliker, baie warm, blakend gesond, (die) heel belangrikste (voorwaarde), duidelik sigbaar, ewe groot, feitlik eentalige (landsburgers), helder wakker, hoe ver, hoogs intelligente (kinders), hoogs onaangenaam, mins belangrike (argument), relatief beperk, styf toe, suiwer ekonomiese (oorwegings), te veel, uiters gevaarlik, veel makliker, wawyd oop
- ❑ direk korresponderende (geval), erg stygende (inflasie), steeds



- groeïende (bevolking), steeds toenemende (industrialisering), sterker wordende (drang), vinnig polariserende (situasie)
- ❑ algemeen aanvaarde (beginsels), gedeeltelik bewolkte (weer), keurig versorgde (werk), plaaslik vervaardigde (onderdele), reeds beproefde (formule), swaar gesubsidieerde (nywerhede), volmaak beheerde (handrughou), wetenskaplik bewese (tegniek)
  - ❑ akademies bevoeg, didakties geslaag of didakties geslaagd, ekonomies afhanklik, ekonomies bedrywige (vroue), ekonomies krities, ekonomies ontwikkelde (gebied), fisiek gestrem of fisiek gestremd, fisiek gestremde (atlete), geestelik versteurde (misdaadiger), intellektueel stimulerend, medies geskik, serebraal verlam, serebraal verlamde (kinders), statisties beduidend, statisties beduidende (verskille), strategies belangrik, strategies belangrike (gebiede), tegnies vaardig, tegnies vaardige (personeel), tegnies volmaakte (motor)



### OPMERKING

Heelparty van hierdie verbindings word dikwels ook vas geskryf. Dit hang in baie gevalle saam met die kortheid van die graadwoord en ook die vastheid van die verbinding tussen graadwoord en byvoeglike naamwoord, byvoorbeeld:

andersdenkend, goedgesinde, halfgaar, hooggeag, hoogliggende, pasgebore, pasverskene, regdenkend, snelgroeïende, tuisgemaakte, veelvoorkomende, weldeeglik, weldeurdag, welgesteld



### Werkwoordelike verbindings

#### REÛL 14.48

Vaste verbindings (soos aanheg en dophou) van 'n werkwoord (byvoorbeeld heg en hou) en 'n ander element (byvoorbeeld aan en dop) word in bepaalde verbande los geskryf en in ander verbande vas.

Tipiese voorbeelde is:

#### Los

Ons heg haar brief aan.

Hulle hou hom dop.

#### Vas

Ons sal haar brief aanheg.

Ons het haar brief aangeheg.

Hulle sal hom dophou.

Hy word doggehou.

Hier volg 'n verdere aantal voorbeelde van hierdie tipe werkwoord, wat ook as die skeibare werkwoord bekend staan:

aanbied, aanteel, afdank, aftree, agterkom, bybly, byeenbring, gadeslaan, hoogskat, inteel, kafloop, koudlaat, losbrand, neerslaan, ondergaan, opeet, regkom, seerkry, teenwerk, tereg wys, uiteengaan



### OPMERKINGS

- (a) Die skryfwyse van die oorgrote meerderheid van hierdie tipe is onproblematies, maar omdat die verbinding tussen die werkwoord-korrelaat en die ander element nie altyd ewe heg is nie, word daar soms getwyfel, byvoorbeeld of **swaarkry** en **swargekry** of **swaar kry** en **swaar gekry** geskryf moet word. Dit moet in dergelike gevalle nie as 'n skryffout beskou word as los geskryf sou word wat meestal vas geskryf word nie, of andersom.
- (b) Dit is korrek om sowel **kennis maak** as **belang stel**, **kennismaak** as **belangstel** te skryf, maar afleidings wat van sodanige werkwoorde gevorm word, word altyd vas geskryf, byvoorbeeld **belangstelling**, **kennismaking**. Kyk ook reël 14.25.

#### REËL 14.49

Vaste verbindings van 'n naamwoord plus 'n werkwoord wat in sy geheel as werkwoord optree, word in gevalle van betekenisverdigting vas geskryf.

asemskep, dagsê, dopsteek, grondvat, stokkiesdraai, voetslaan, wortelskiet



### OPMERKINGS

- (a) Vir 'n verklaring van die begrip **betekenisverdigting**, kyk in die **TERMINOLOGIE**LYS.
- (b) Die skryfwyse van die oorgrote meerderheid van hierdie tipe is onproblematies, maar omdat die verbinding tussen die werkwoord en die naamwoord nie altyd ewe heg is nie, word daar soms getwyfel, byvoorbeeld of **borgstaan** en **borggestaan** of **borg staan** en **borg gestaan** geskryf moet word. Dit moet in dergelike gevalle nie as 'n skryffout beskou word as los geskryf sou word wat meestal vas geskryf word nie, of andersom.
- (c) Kyk ook reël 17.6.

#### REËL 14.50

Vaste verbindings van 'n bywoord of byvoeglike naamwoord plus 'n werkwoord wat in sy geheel as werkwoord optree, word in gevalle van betekenisverdigting vas geskryf.

Sigarette moet doodgemaak word.  
 Dit kan ek goedkeur.  
 Hy kan lekker grootpraat.  
 Johan het op Upington grootgeword.  
 Jy sal niks kortkom nie.  
 Sy sal hulle gou kortvat.  
 Moenie seerkry nie.  
 Hierdie dinge sal verbygaan.  
 Die kêrels het weggedros.  
 Wat het hy haar wysgemaak?



#### OPMERKINGS

- (a) Vir 'n verklaring van die begrip **betekenisverdigting**, kyk in die **TERMINOLOGIEÛLS**.
- (b) Die skryfwyse van die oorgrote meerderheid van hierdie tipe is onproblematies, maar omdat die verbinding tussen die werkwoord en die bywoord of byvoeglike naamwoord nie altyd ewe heg is nie, word daar soms getwyfel, byvoorbeeld of **kortkom** en **kortgekóm** of **kort kom** en **kort gekóm** geskryf moet word. Dit moet in dergelyke gevalle nie as 'n skryffout beskou word as los geskryf sou word wat meestal vas geskryf word nie, of andersom.



#### Voornaamwoorde plus *self*

##### REÛL 14.51

Verbindings wat uit voornaamwoorde en die versterkende element *self* bestaan, word los of vas geskryf.

- ❑ Ek *self of* ekself, jy *self of* jyself, hy *self of* hyself, sy *self of* syself, u *self of* uself, ons *self of* onself, julle *self of* julleself, hulle *self of* hulleself het gefouteer.
- ❑ Ek het my *self of* myself bedrieg; sy het haar *self of* haarself op 'n fout betrap; wat ons *self of* onself betref . . .; u moet u *self of* uself ondersoek; die vorm moet aan hom *self of* homself gestuur word, nie aan sy sekretaresse nie.



#### OPMERKINGS

- (a) Erkenning word hiermee **nie** aan die anglisistiese gebruik van die wederkerende voornaamwoord met **-self** verleen nie, byvoorbeeld ek **\*myself** was daar; ek skaam **\*myself**; hy het **\*homself** vererg; sy **\*haarself** het my dit vertel. Die erkende vorme is onderskeidelik ek was **self** daar; ek skaam **my**; hy het **hom** vererg; sy het my dit **self** vertel.

- (b) Let op dat daar 'n betekenisverskil kan wees wanneer gewoonlik oorganklike werkwoorde wederkerend gebruik word, soos byvoorbeeld tussen **Ek het my gewas** en **Ek het myself of my self gewas** (iemand anders het my nie gewas nie).

## ➔ Bywoordelike verbindings

**REËL 14.52** Die dele van bywoordelike uitdrukkings wat nie selfstandige naamwoorde bevat nie, word los geskryf.

al weer, dieper in, glad nie, helder oordag, hoër op, laer af, lank reeds (*maar* alreeds), los voor, môre *of* more vroeg, nog nie, nou al (*maar* lankal), nou reeds, ook al, pas klaar (*hy is* –), reg agter, reg voor, so nie, so pas, ver agter, ver voor, ver weg, verder af, verder op, vlak agter, vlak by (*maar* digby, digterby), vlak voor

### ☞ OPMERKING

Vir die skryfwyse van hier, **daar** en **waar** as bywoorde van plek, kyk reëls 14.56 en 14.57.

**REËL 14.53** Bywoordelike verbindings met **eens** word vas geskryf.

ineens, meteens, nogeens, opeens, weereens

### ☞ OPMERKING

Ter wille van die tradisie word ook **nog eens** en **weer eens** as wissel-vorme erken.

**REËL 14.54** 'n Bywoordelike verbinding bestaande uit 'n selfstandige naamwoord plus **toe** word los geskryf.

- huis toe, werk toe
- Kaap toe, wildtuin toe

### ☞ OPMERKING

Dieselfde geld bywoorde wat op **-kant** uitgaan plus **toe**, byvoorbeeld:

binnekant toe, buitekant toe, noordekant toe

**REÛL 14.55** 'n Bywoordelike verbinding bestaande uit 'n bywoord plus toe word vas geskryf.

agtertoe, binnetoe, boontoe, buitentoe *of* buitetoe, ondertoe, soontoe, vorentoe



**OPMERKING**

Kyk ook die opmerking by reël 14.54.



**Verbindings met *hier*, *daar* en *waar***

**REÛL 14.56** Hier, daar en waar word vas geskryf aan die setsels waarmee hulle verbind.

Hulle het hieraan/daaraan gedink.

Waaraan het hulle gedink?

Die voorval waaraan hulle gedink het, is ernstig.

Tot hiertoe en nie verder nie, belowe ek jou.

Waarheen gaan ons nou? (*naas*: Waar gaan ons nou heen?)



**OPMERKINGS**

- (a) Vir 'n verklaring van die begrip **setsel**, kyk in die TERMINOLOGIE-LYS.
- (b) In hierdie voorbeelde is **hier**, **daar** en **waar** voornaamwoorde (met die waarde van onderskeidelik 'dit' (*hier of daar*) en 'wat' (*waar*)), en nie bywoorde van plek nie. Kyk ook reëls 14.3 en 14.57.

**REÛL 14.57** Wanneer hier en daar as bywoorde van plek gebruik word, word hulle los van die volgende woord geskryf.

- (die goed lê) hier bo, hier langsaan, hier naby, hier voor
- (sy staan) daar agter, daar binnekant, daar bo, daar naby, daar voor



**OPMERKING**

Dit is nie altyd moontlik om te onderskei tussen **hier** en **daar** as voornaamwoorde en **hier** en **daar** as bywoorde van plek nie. Omdat die verskil in betekenis nie altyd ewe duidelik is nie, word daar in hierdie gevalle vryheid gelaat wat die los en vas skryf van sulke samestellings betref. In die WOORDELYS verskyn dergelyke vorme as *of*-vorme, byvoorbeeld *hier agter of hieragter*, *hier bo of hierbo*.

## ➔ Rigtingbywoorde

### REËL 14.58

Indien 'n rigtingbywoord uit meer as een element bestaan, word dié elemente sonder koppelteken vas geskryf.

- noordoos, noordnoordoos, oosnoordoos, suidwes, suidsuidwes, wessuidwes
- noordooste, noordweste, suidooste, suidweste



### OPMERKINGS

- (a) Hierdie reël geld ook indien so 'n benaming as 'n eienaam of deel van 'n eienaam gebruik word, byvoorbeeld **Noordwes** (provinsie; universiteit), **die Noordweste** (landstreek). Kyk ook reëls 9.14 en 12.32.
- (b) Die reël geld ook indien so 'n benaming selfstandig as 'n windnaam gebruik word, byvoorbeeld **Die suidoos waai vandag weer sterk**.
- (c) Die reël geld ook afleidings van of samestellings met sulke windrigtingname, byvoorbeeld:
- noordoostelik, wessuidwestelik
  - noordwester, suidooster
  - suidoostewind

### Aanvullende voorbeelde van los en/of vas skryf

#### Los

aan een (*vir een*)  
 aan mekaar (– – *verknog wees*)  
 agtiende *of* agttiende eeu  
 agt uur *of* ag uur (*tydsduur*)  
 al hoe meer  
 alles behalwe (*hy eet – – die pampoen*)  
 al te (*reeds te*)  
 al te veel (*reeds te veel*)  
 al te vol (*reeds te vol*)  
 ander kant (*aan die – –*)  
 blou oog (*'n oog wat blou is*)  
 by een (– – *plek*)  
 by mekaar (– – *kuier*)  
 by voorbaat

#### Vas

aaneen (*aanhoudend*)  
 aanmekaar (*dit reën –*)  
 agtiende-eeus *of* agttiende-eeus  
 agtuur *of* aguur (*tydstip; ontbyt*)  
 allesbehalwe (*volstrek nie*)  
 alte (*baie*)  
 alte veel (*glad te veel*)  
 alte vol (*glad te vol*); altevol (*erg*)  
 anderkant (– *die berge*)  
 blouoog (*persoon; gekneusde oog*)  
 byeen (*tesame*)  
 bymekaar (*saam*)  
 byvoorbeeld

deur mekaar (– – aangespoor)	deurmekaar (die spul is –)
droë vrugte (vrugte wat nie sappig is nie)	droëvrugte (gedroogde vrugte)
een dag ('n enkele dag)	eendag (dit sal nog – gebeur; daar was – 'n koning)
een kant (aan die – –)	eenkant (hy is 'n bietjie –)
een keer (nie twee keer nie)	eenkeer (op 'n keer)
een maal (dit het net – – gebeur)	eenmaal (– was daar 'n koning)
een, twee, drie (–, –, –, vier, vyf . . .)	een-twee-drie (– was dit klaar)
een uur (tydsduur)	eenuur (tydstip)
eerste klas (in die – – slaag)	eersteklas ('n – kêrel; dit gaan –)
eerste minister	eersteministerskap
elf uur (tydsduur)	elfuur (tydstip)
fyn inlegwerk	fyntuin
geel perske ('n perske wat geel is)	geelperske (soort perske)
geel wortel ('n wortel wat geel is)	geelwortel (groentesoort)
harde pad (daar lê nog 'n – – voor)	hardepad (– kry)
hele dag (hy het 'n – – gewerk)	heeldag (hy werk – daaraan)
in ag neem	inagneming
in gedagte (– – hou)	ingedagte (afgetrokke)
in geval (– – van nood)	ingeval (– dit gebeur)
in hegtenis neem	inhegtenisneming
in sake (– – van belang)	insake (betreffende)
in werking tree	inwerkingtreding
koper pot ('n koperkleurige pot)	koperpot (pot van koper)
negentiende eeu	negentiende-eeus(e)
nege uur (tydsduur)	negeuur of nege-uur (tydstip)
net nou (slegs nou)	netnou (sy was – hier; sy sal – kom)
Ou Testament	Ou-Testamenties(e)
ou volk (hulle is lede van 'n – –)	ouvolk (soort klipsalmander)
pas klaar (net klaar)	pasklaar (geskik)
sewentiende eeu	sewentiende-eeus(e)
silwer vis ('n silwerkleurige vis)	silwervis (soort vis)
skeel oog ('n oog wat skeel is)	skeeloo (dier; persoon)
so seer (so pynlik)	soseer (in so 'n mate)
swart slang ('n slang wat swart is)	swartslang (soort slang)
ter dood veroordeel	terdoodveroordeling
twaalf uur (tydsduur)	twaalfuur (tydstip)
twintigste eeu	twintigste-eeus(e)
van daar (daarvandaan)	vandaar (gevolglik)
vyf uur (tydsduur)	vyfuur (tydstip)
wilde bees ('n bees wat wild is)	wildebees (soort wildsbok)

# 15. VERKLEININGSVORME

## ORIËNTASIE

Verkleiningsvorme in Afrikaans het verskillende uitgang, naamlik **-ie**, **-jie**, **-tjie**, **-kie** en **-pie**.

Die bepaling van die uitgang is 'n woordvormingsaangeleentheid, maar daar is soms twyfel oor die spelling van die verkleiningsuitgang. Die spelling van verkleiningsvorme hang ook saam met die reëls vir die verdubbeling van konsonantletters, die skryf van vokaalletters in oop en geslote lettergrepe, en die gebruik van die afkappingsteken.

Die reëls hieronder is 'n ordening van die verskillende kategorieë verkleiningsuitgange in Afrikaans.

### ➔ **-ie as verkleiningsuitgang**

#### REËL 15.1

Woorde wat eindig op **f**, **g**, **k**, **p** of **s** wat voorafgegaan word deur 'n lank uitgespreekte **a**, **e** of **o**, kry 'n verkleiningsvorm met **-ie**, en die betrokke **a**, **e** of **o** word enkel geskryf omdat dit dan in 'n oop lettergreep voorkom.

- graaf – grafie, neef – nefie, roof – rofie, skreef – skrefie
- deeg – degie, oog – ogie, saag – sagie
- kraak – krakie, rook – rokie, saak – sakie
- hoop – hophie, raap – rapie, streep – strepie
- doos – dosie, roos – rosie



#### OPMERKING

Dié reël geld ook eiename, byvoorbeeld Klasie, Kosie, Sefie.

#### REËL 15.2

Woorde wat eindig op **f**, **g**, **k**, **p** of **s** wat voorafgegaan word deur 'n kort, beklemtoonde vokaal [**a**, **œ**, **e**, **ɔ**, **ə**], kry 'n verkleiningsvorm met **-ie**, en die betrokke **f**, **g**, **k**, **p** of **s** word dan verdubbel omdat dit tussen 'n kort, beklemtoonde vokaal en 'n daaropvolgende vokaal voorkom.

- blaf – blaffie, draf – draffie, sif – siffie
- brug – bruggie, dag – daggie, lag – laggie, lig – liggie
- bek – bekkie, druk – drukkie, hok – hokkie, rak – rakkie
- dop – doppie, kap – kappie, pop – poppie
- bas – bassie, bus – bussie, dis – dissie, kas – kassie, plas – plassie



**OPMERKINGS**

- (a) Let op die spelling van **glasie**.  
 (b) Kyk ook reël 11.28 (veral die opmerkings).

**REËL 15.3**

Woorde wat eindig op **f, g, k, p** of **s** wat voorafgegaan word deur 'n ander konsonantletter, 'n diftong of 'n **ie, oe** of **eu**, kry 'n verkleiningsvorm met **-ie**.

- brief – briefie, duif – duifie, kalf – kalfie, lyf – lyfie
- dwerg – dwergie, ploeg – ploegie, vliegtuig – vliegtuigie, wieg – wiegie
- broek – broekie, hark – harkie, park – parkie, reuk – reukie
- lamp – lampie, serp – serpie, skulp – skulpie, stoep – stoepie
- fiets – fietsie, huis – huisie, lans – lansie, reis – reisie

**-jie as verkleiningsuitgang****REËL 15.4**

Woorde wat eindig op **d** of **t**, kry 'n verkleiningsvorm met **-jie**.

- hond – hondjie, naald – naaldjie, pad – paadjie, saad – saadjie, woord – woordjie
- geut – geutjie, lat – latjie, mot – motjie, rat – ratjie

**OPMERKINGS**

- (a) Let op die spelling van **Du Toit – Du Toitjie**.  
 (b) Kyk ook reëls 1.14 en 1.15.

**-tjie as verkleiningsuitgang****REËL 15.5**

Woorde wat eindig op 'n diftong of **ie**, kry 'n verkleiningsvorm met **-tjie**.

- by – bytjie, hou – houtjie, laai – laaitjie, meeu – meeutjie, ooi – ooitjie, trui – truitjie
- familie – familietjie, kerie – kierietjie, sarsie – sarsietjie, stasie – stasietjie
- mandjie – mandjietjie

**REËL 15.6**

Woorde wat eindig op **l**, **n** of **r** wat voorafgegaan word deur 'n diftong, 'n schwa ([ə]), of 'n lank uitgespreekte vokaal, kry 'n verkleiningsvorm met **-tjie**.

- ❑ kabel – kabeltjie, paal – paaltjie, seil – seiltjie, sirkel – sirkeltjie, snorkel – snorkeltjie
- ❑ been – beentjie, boon – boontjie, traan – traantjie, ui – uitjie
- ❑ beer – beertjie, deur – deurtjie, muur – muurtjie, oor – oortjie, pilaar – pilaartjie

**OPMERKINGS**

- (a) Die **-tjie** word ook gebruik by leenwoorde wat op **-y** eindig, byvoorbeeld *dandytjie*, *essaytjie*, *whiskeytjie* of *whiskytjie*.
- (b) Wanneer 'n byvoeglike naamwoord met 'n **e**-uitgang as naamwoord gebruik word, byvoorbeeld *die bloue*, *die bruine*, *die groene*, *die luie*, *die mooie*, word die **-tjie** ook ná die **-e** as verkleiningsuitgang gebruik, *blouetjie*, *bruinetjie*, *groenetjie*, *luietjie*, *mooietjie*, *rooietjie*, *swartetjie*, *wittetjie*.
- (c) Kyk ook reël 1.15.

**-etjie as verkleiningsuitgang****REËL 15.7**

Woorde wat eindig op **l**, **m**, **n** of **r** wat voorafgegaan word deur 'n kort, beklemtoonde vokaal [a, œ, ε, o, ə], kry 'n verkleiningsvorm met **-etjie** en die **l**, **m**, **n** of **r** verdubbel.

- ❑ bal – balletjie, gil – gilletjie, krul – krulletjie, mol – molletjie, rol – rolletjie
- ❑ drom – drommetjie, ram – rammetjie, stem – stemmetjie
- ❑ pen – pennetjie, sin – sinnetjie, son – sonnetjie
- ❑ kar – karretjie, ster – sterretjie

**REËL 15.8**

Woorde wat op **ng** in 'n beklemtoonde lettergreep eindig, kry 'n verkleiningsvorm met **-etjie**.

ding – dingetjie, ghong – ghongetjie, jong – jongetjie, ring – ringetjie

**OPMERKINGS**

- (a) Let op die spelling van *klonkie*.
- (b) 'n Woord wat eindig op die agtervoegsel **-ling**, kry ook 'n verkleiningsvorm met **-etjie**, byvoorbeeld:

eersteling – eerstelingetjie, leerling – leerlingetjie, tweeling – tweelingetjie

### ➔ **-kie as verkleiningsuitgang**

**REÛL 15.9** 'n Woord wat op **ng** in 'n niebeklemtoonde lettergreep eindig, kry 'n verkleiningsvorm met **-kie**, terwyl die **g** wegval.

- doring – dorinkie, horing – horinkie, koning – koninkie, kussing – kussinkie
- rekening – rekeninkie, wandeling – wandelinkie

### ➔ **-pie as verkleiningsuitgang**

**REÛL 15.10** Woorde wat eindig op **m** wat voorafgegaan word deur 'n diftong of 'n lank uitgespreekte **a**, **e**, **o** of **u** of 'n schwa ([ə]), kry 'n verkleiningsvorm met **-pie**.

- duim – duimpie, geheim – geheimpie, rym – rympie
- naam – naampie, raam – raampie
- embleem – embleempie, probleem – probleempie
- room – roompie, toom – toompie
- kostuum – kostuumpie, parfuum – parfuumpie
- asem – asempie, wasem – wasempie

### ➔ **-'tjie as verkleiningsuitgang**

**REÛL 15.11** Woorde wat eindig op **i**, **o**, **u**, indien dié vokaalletters nie deel van 'n diftong uitmaak nie, of 'n lank uitgespreekte **a**, kry 'n verkleiningsvorm met **-'tjie**.

- Mimi – Mimi'tjie, mini – mini'tjie
- foto – foto'tjie, Hugo – Hugo'tjie, radio – radio'tjie
- Petru – Petru'tjie, skadu – skadu'tjie
- hoera – hoera'tjie, ma – ma'tjie



#### **OPMERKING**

Dié reël geld nie by die verdubbeling van die betrokke vokaalletters nie, byvoorbeeld bitterkarootjie, Prinslootjie, Voslootjie. Kyk ook reëls 2.1 en 2.4.

**REËL 15.12** Die verkleiningsvorm van afkortings, letters, simbole en syfers kry 'n afkappingsteken voor die verkleiningsuitgang.

B'tjie, H.O.D.'tjie of HOD'tjie, l'etjie, m'etjie, TV'tjie, 8'ie, 9'tjie



**OPMERKING**

Kyk reëls 2.11 tot 2.14.

**REËL 15.13** Eiename wat eindig op **s** of **rs** wat nie uitgespreek word nie, kry 'n verkleiningsvorm met **-tjie**.

Cilliers'tjie, De Villiers'tjie (*uitspraak* "De Viljee" [dəfəlje]), Francois'tjie  
Marais'tjie



**OPMERKINGS**

- (a) Indien die **-rs** in byvoorbeeld **De Villiers** wel uitgespreek word ("De Wil-jers" [dəvəlʒərs]), is die verkleiningsvorm **De Villiersie**.
- (b) In enkele gevalle waar die eiennaam op 'n onuitgespreekte **e** eindig, kry dit 'n verkleiningsvorm met **-ie**, byvoorbeeld:

Blanche'ie, Le Riche'ie, Terblanche'ie

Kyk ook reëls 2.8, 2.9 en 2.10.

# 16. VOKALE

## ORIËNTASIE

Die weergawe van die Afrikaanse vokale (klinkers) in skrif word deur die volgende faktore beïnvloed:

- die oopheid of geslotenheid van lettergrepe
- woordklem
- die herkoms van die woord
- die herkoms van die voor- en agtervoegsels waarmee 'n basis verbind
- die klankomgewing waarin die vokaal voorkom
- tradisie
- die feit dat daar in Afrikaans meer vokale en diftonge as vokaalletters in die Romeinse alfabet is ('n enkele letter stel meer as een klankwaarde in verskillende klankomgewings voor en verskillende letters verteenwoordig soms dieselfde klank)

## ➔ Die weergawe van vokale in oop en geslote lettergrepe

### REËL 16.1

Die vokaalletters **a**, **e**, **o** en **u** word in 'n geslote lettergreep verdubbel om onderskeidelik die klanke [a:], [e:], [o] en [y] weer te gee.

- aap**, kommentaar, **maat**, **traan**, veteraan
- been**, benadeel, **eers**, verkeerd, **weens**
- amfoor**, **begroot**, **boontoe**, **boor**, **toon**, **voort**
- minuut**, **nuus**, **skuur**, **spuug**, **uur**

### REËL 16.2

Die klanke [a:], [e:], [o] en [y] word in 'n oop begin- of binnelettergreep weergegee met 'n enkele vokaalletter (**a**, **e**, **o** en **u**).

- ape**, **bane**, **mate**, **sale**
- bene**, **deler**, **edel**, onomatopeïes, **treë**, trogeïes, **tweërlei**, **veër**, **vere**, **verleë**
- begroting**, **bome**, **optower**, **ore**
- minute**, **naburig**, **rusies**, **ure**, **vernuwing**



## OPMERKINGS

- (a) Let op dat die dubbelgeskrewe **ee** in oop eindlettergrepe in afleidings ook deur **e** vervang word, byvoorbeeld **onomatopee** *maar* **onomatopeïes**, **twee** *maar* **tweërlei**.

- (b) Om tradisionele redes word die voegwoord **daarenteen** met **aa** gespel, en afleidings van die telwoord **twee**, naamlik **tweede**, **tweedens**, **tweeling** en **tweetjie**, met **ee**.
- (c) Vir die spelling van woorde waarin **ê**, **î**, **ô** en **û** voorkom, kyk reëls 10.1 en 10.2, asook reëls 18.21 tot 18.23.

**REËL 16.3**

Die klanke [a:], [o] en die kort [y] word in oop eindlettergrepe weergegee deur een vokaalletter, naamlik **a**, **o** en **u**.

- ja**, **jawoord**, **ma**, **pa**
- bo**, **bopunt**, **buro**, **glo**, **tablo**
- balju**, **kru**, **skadu**, **skaduryk**, **truspieël**

**OPMERKINGS**

- (a) Geografiese name soos **Karoo**, **Koo**, **Waterloo**, en enkele vanne, byvoorbeeld **Prinsloo**, **Vosloo**, word tradisioneel met dubbele eindvokaalletters geskryf.
- (b) Dit geld ook die soortname wat met hierdie einame verband hou, byvoorbeeld die plantname **bitterkaroo**, **karobossie**. Kyk ook reëls 9.7, 9.8 en 9.25.

**REËL 16.4**

By **s**-meervoude en verkleinwoorde word 'n afkappingsteken gebruik ná **i**, **o**, **u** en 'n lank uitgespreekte **a** [a:].

- alibi's**, **martini's**, **mini's**, **ski's**; **avokado's**, **buro's**, **tablo's**, **torpedo's**, **video's**; **balju's**, **individu's**, **skadu's**; **hoera's**, **ma's**, **pa's**
- alibi'tjie**, **martini'tjie**, **mini'tjie**, **ski'tjie**; **avokado'tjie**, **buro'tjie**, **tablo'tjie**, **torpedo'tjie**, **video'tjie**; **balju'tjie**, **individu'tjie**, **skadu'tjie**; **hoera'tjie**, **ma'tjie**, **pa'tjie**

**OPMERKING**

Kyk ook reëls 2.1 tot 2.8.

**REËL 16.5**

In die oortreffende trap van byvoeglike naamwoorde wat op **u** eindig, word die **u** van die stam verdubbel.

**kruuste**, **ruuste**, **skuuste**, **sluuste**

**REËL 16.6**

Die klank [e] word in 'n oop eindlettergreep weergegee deur **ee**.

**gee**, **idee**, **onomatopee**, **see**, **tree**, **trogee**, **twee**, **vee**

## ➔ Die klank [i]

**REËL 16.7** In woorde van nie-Klassieke herkoms word die klank [i] meestal deur **ie** weergegee.

- ❑ Afrikaanse erfgoed:  
b**ietjie**, geskiedenis, **ieder**, **iets**, **iemand**, **niemand**, **sien**, verniet
- ❑ Uit Engels:  
f**liek**, k**rieket**, p**iekniek**, p**ienk**
- ❑ Uit Oosterse tale:  
k**ierang**, m**ielie**, p**iekel**, p**iering**

### ☞ OPMERKINGS

- (a) Vir die spelling van leenwoorde uit Khoi en die Afrikatale, kyk reëls 18.8, 18.9, 18.19 en 18.20.
- (b) By 'n beperkte aantal nie-Klassieke woorde word [i] wel deur **i** weergegee, byvoorbeeld:
- ❑ Uit Oosterse tale:  
derwisj, emir, fakir, harakiri, imam, Islam, kiwi, moefti, Pakistan
  - ❑ Uit Germaanse tale:  
kitsch, Nazi, Stasi
  - ❑ Uit Romaanse tale:  
graffiti, paparazzi, potpourri, signorina, spaghetti, vermicelli

**REËL 16.8** In verboë en afgeleide vorme met die agtervoegsels -e, -er, -erig, -ig en -s word die slot-**ie** van die stam behou.

agierig, anonieme, bietjies, briewe, chemies, frankofiele, kategorieë, kieries, masjiene, mielies, olierig, pienkerig, plesierig, professies, siener, unies

**REËL 16.9** Die klank [i] in die verkleiningsuitgang -etjie word deur **e** weergegee.

dingetjie, kammetjie, kolonelletjie, mannetjie, pennetjie

**REËL 16.10** In woorde van Romaanse en Klassieke herkoms word die klank [i] in geslote lettergrepe en oop eindlettergrepe meestal deur **ie** weergegee.

- ❑ anoniem, brief, frankofiel, parasiet, plesier, tragies
- ❑ bagasie, chemie, kohesie, monopolie, nasie, profesie, professie, unie, utopie

**OPMERKING**

Vir nog voorbeelde uit Romaanse tale, kyk ook reël 16.7 (opmerking (b)).

**REËL 16.11**

In woorde van Romaanse en Klassieke herkoms word die klank [i] in oop binnelettergrepe deur 'n **i** weergegee.

albino, artikel, bifokaal, corrigenda, idioom, idioot, kampioen, liniaal, mika, titel, vitamines

**OPMERKING**

By 'n groot groep woorde van Romaanse en Klassieke herkoms is daar dus **i** in oop binnelettergrepe en **ie** in oop eindlettergrepe, byvoorbeeld:

assimilasie, elektrifikasie, familie, inhibisie, kondisie, notisie, piromanie, polisie, psigologie, sinonimie

**REËL 16.12**

In afleidings waar agtervoegsels van Romaanse en Klassieke herkoms, naamlik -aal, -aan, -asie, -eel, -eer, -êr, -erie, -eur, -eus, -ies, -is, -isme, -isties en -iteit, voorafgegaan word deur die klank [i], word die klank telkens deur die letter **i** weergegee.

- ❑ **By werkwoorde:**  
differensieer, distansieer, inisieer, konsilieer, parasiteer
- ❑ **By byvoeglike naamwoorde:**  
masjinaal, finansiëel, industrieel, inisieel, materieel, familiêr, ambisieus, grasieus, parasities, materialisties
- ❑ **By naamwoorde:**  
materiaal; Brasiliaan, pretoriaan; differensiasie, konsiliasie, inisiasie; masjinerie; adviseur, hipnotiseur, magnetiseur; kopiis, masjiniis; infantilisme, parasitisme; anonimiteit, naïwiteit

**OPMERKINGS**

- (a) By *lineêr of liniêr*, *lineariteit of liniariteit* is daar om etimologiese redes 'n alternatief met **e**.
- (b) In afleidings van die woord **idee** word die **e** behou, byvoorbeeld **ideaal, idealis, idealiseer, idealiteit, ideêel, ideologie**.
- (c) Om etimologiese redes word die klank [i] in **oseaan** en afleidings daarvan steeds deur **e** weergegee.



## ➔ Die schwa ([ə])

Die schwa word in Afrikaans deur verskillende vokaalteken voorgestel: veral deur **e** en **i**, maar soms ook deur **a**, **o**, **u** en **y**. Faktore wat by die weergawe van die schwa-vokaal 'n rol speel, is herkoms, klankomgewing, woordklem, die tipe woorddeel (voorvoegsel, stam, agtervoegsel) en tradisie.

### REËL 16.13

In beklemtoonde lettergrepe en by agtervoegsels word die klank [ə] deur **i** weergegee.

- ❑ gids, girts, glimp, milt, mits, nimf, pint, rib, sit, wig
- ❑ affodil, akkedis, altemit, begrip, dinges, eklips, filter, flamink, geskrif, hiasint, krokodil, labirint, permit, Pinkster, simpel, sirkus, verwilder, wilger, willekeur
- ❑ duidelik, leerling, mondelings, tagtig, voltooiing



### OPMERKING

In samestellings word die spelling van die stam behou, al dra dit nie meer die hoofklem nie, byvoorbeeld **oliefilter**, **toergids**, **wildesering**.

### REËL 16.14

Die klank [ə] word deur **e** weergegee in onbeklemtoonde lettergrepe, in die voorvoegsels **be-**, **bege-**, **ge-**, **hetero-**, **hiper-**, **super-**, **ver-** en **veront-** en die laaste vokaal in **inter-**, en in die verbindingsklanke **-es-**, **-e-**, **-en-**, **-ens-**, **-ent-** en **-er-**.

- ❑ adel, amandel, artikel, bedremmeld, bibber, briesend, darem, dikwels, ditsem, eenders *of* eners, effens, Engels, êrens, heiden, honderd, honger, immers, kerker, kragtens, nakend, Napels, nonsens, oefen, oggend, sedert, tussen, versukkeld, wasem, wêreld, Westers
- ❑ begelei, beman, bespring, bevark, gebaadjie, ('n) geloop, geraas, heteromorf, hiperkrities, internasionaal, superbelasting, verdra, vergewis, verontskuldig
- ❑ geestes(goed), gevoelentheid, honde(hok), lewens(verhaal), liefdes(diens), spelender(wys), weten(skap)

### REËL 16.15

Die slot-[ə] van attributiewe byvoeglike naamwoorde word altyd deur **e** weergegee.

gelukkige, moeilike, salige, veilige

## ➔ Die herkoms van die voorvoegsel

### REËL 16.16

Die klank [ə] in die voorvoegsels van Klassieke of Romaanse herkoms *im-*, *in-*, *infra-*, *intra-*, *intro-*, *sim-*, *sin-* en *sirkum-* en die eerste vokaal in *inter-* word deur 'n **i** weergegee.

- imbesiel, imperatief, impotent
- infiltreer, informeel
- infrarooi
- intramuskulêr
- introspeksie
- simmetrie
- sintese
- sirkumpolêr
- internasionaal



### OPMERKINGS

- (a) Die **i** van *il-* en *ir-*, byvoorbeeld in **illegaal**, **illegitiem**, **illustrasie**, **irrasioneel**, **irreëel**, **irrelevant**, word as [i] uitgespreek omdat die **i** in 'n oop sillabe voorkom.
- (b) Dieselfde geld die **im-** wanneer 'n vokaal volg, soos in **immigrant**, **immobiel**, **immoreel**.

## ➔ Oop- of geslotenheid van die lettergreep, klem en klankomgewing

### REËL 16.17

Die klank [ə] word in 'n oop lettergreep deur **e** weergegee, ongeag die aantal lettergrepe in die woord of watter lettergreep die hoofklem dra.

afskuwelik, afstammeling, blouerig, deposito, derde, grootte, halleluja, kudde, madeliefie, moedeloos, nege, oase, opera, penarie, perske, porselein, prinsipe, resep, retoer, roete, ruspe, se, sering, siekerig, skole, skriftelik, te, verbintenisse, verstoteling



### OPMERKINGS

- (a) Dit geld ook afleidings van sulke woorde, byvoorbeeld **negentig**, **prinsipes**.
- (b) Vir gevalle soos **instrument**, **prokureur**, kyk reël 16.22.

**REÛL 16.18** In meerlettergrepige woorde van vreemde herkoms wat nie samestel- lings of afleidings is nie, word die klank [ə] voor **l**, **m** of **n** deur **i** weergegee.

- ❑ briljant, miljard, pawiljoen
- ❑ denim, gimnas, interim, kelim, maxim of meksim, palimpsey, passim, pelgrim, simbool
- ❑ enjin, gobelin, Kremlin, kwintet, mokassin, prinsipe, tjintjilla, zeppelin



**OPMERKING**

Let op die spelling van gevalle soos **ateljee**, **kabeljou**, **pampelmoes**, **skoppelmaai**.

**REÛL 16.19** In 'n geslote, onbeklemtoonde lettergreep voor die lettergreep wat die hoofklem dra, word die klank [ə] voor **r** deur **e** weergegee.

**pervers**, **sersant**, **servet**, **slawerny**, **terwyl**, **vergeet**

**REÛL 16.20** Die klank [ə] word deur **i** weergegee in die voorvoegsels **cis-**, **dis-** en **mis-**, asook in die agtervoegsels **-aris**, **-is**, **-isme**, **-isties**, **-nis**, **-lik**, **-liks** en **-rik** en in die laaste vokale van **-ernis** en **-itis**.

- ❑ Cisalpyns, Ciskei, disillusie, disinfekteer, disintegreer, disinvesteer, misbruik, misgis, misken
- ❑ argivaris, bekentenis, belangrik, brongitis, ergernis, idealis, maandeliks, monopolisties, pasifisme, stommerik, vryelik



**OPMERKING**

Distrik se lettergreepverdeling kan **dis-trik** of **di-strik** wees. Kyk reël 1.8.



**Gebruik van die afkappingsteken om [ə] voor te stel**

**REÛL 16.21** In enkele woorde met 'n verswakte vokaal word die klank [ə] deur 'n afkappingsteken weergegee.

- ❑ g'n, s'n
- ❑ aan 't (studeer), as 't ware, om 't ewe



**OPMERKINGS**

- (a) Let op dat die onbepaalde lidwoord [ə] as 'n gespel word.
- (b) Kyk ook reël 2.16.

## ➔ Tradisie

**REËL 16.22** Hoewel vokaalverdwying (vokaalverswakking) om historiese redes plaasgevind het, of in die spraak van party sprekers van Afrikaans voorkom, word die klank [ə] soms nog as **a, e, ee, i, o, u** of **y** gespел ter wille van die Afrikaanse speltradisie.

- basaar, dollar, esplanade, selakant**
- intelligent**
- leemetford**
- biblioteek, filistyn**
- kolonel, peloton, sjokolade**
- aluminium, rumatiek, skaduwee**
- byvoorbeeld**

**REËL 16.23** Hoewel vokaalwysiging soos [ø]/[y], [o]/[u], [o]/[u]/[ɔ], [e]/[ɛ], [e]/[i] in onbeklemtoonde sillabes dikwels in die spraak van sprekers van Afrikaans voorkom, word daar ter wille van die Afrikaanse speltradisie net die een spelvorm gebruik.

- eufemisme, Europa, Europees**
- dosent, foneties, losies**
- polisie, politiek, probeer, produseer**
- demokrasie, element, metamorfose**
- ekonomies, enemmel, enorm**

# 17. WISSELING EN SUBKATEGORIEË

## ORIËNTASIE

### Subkategorieë

Sekere ongelede woorde, afleidings en samestellings vorm subkategorieë met spesifieke morfologiese strukture. By sommige van hierdie kategorieë kom wisseling deurgaans voor en by ander kom enkele wisselvorme voor. Hieronder word op die volgende gewys:

- ❑ Die kategorieë voltooidde deelwoorde met of sonder **ge-** en dié waar daar wisseling is
- ❑ 'n Kategorie selfstandige naamwoorde waar daar ná **s 'n t** aan die einde kan voorkom
- ❑ 'n Kategorie byvoeglike naamwoorde waar daar 'n **d** aan die einde kan voorkom
- ❑ Die gebruik van verbindingsklanke (voegsels) al dan nie, of opsionele gebruik daarvan, by spesifieke samestellings en afleidings
- ❑ Voltooidde deelwoorde wat op **-te** of **-de** kan uitgaan
- ❑ 'n Bepaalde groep natuurwetenskaplike terme waar daar wisseling in die agtervoegsels voorkom

### Wisseling

Variasie in betekenis, sinsvorm, woordvorm, klank, ensovoorts, is 'n kenmerk van elke natuurlike taal, dus ook van Afrikaans en sy variëteite. Die houding van die sprekers van die taal hieroor is uiteenlopend: Sommige wil graag so min moontlik wisselvorme aanvaar sien, terwyl ander geaffronteerd voel as 'n variant wat in hulle taalgebruik voorkom, nie as standaardvorm erken word nie. Die Taalkommissie het deur die jare 'n middeweg ingeslaan: Vorme wat as standaard beskou en gebruik is deur instansies wat deur hulle voorbeeld norme vestig (soos uitgewers van koerante en tydskrifte, formele geskrifte en letterkundige werke), is erken en opgeteken. Die keuses wat met verloop van tyd gemaak is, het bygedra tot die standaardisasie van Afrikaans. In die beginjare moes die Taalkommissie dus nie net besluit hóé gespel moes word nie, maar ook wát gespel moes word.

In die skryftaal, net soos in die spreektaal, kom verskillende soorte variante voor. In die WOORDELYS word die volgende tipes aangetref:

- ❑ Vorme wat **verskil in uitspraak** aandui, byvoorbeeld:  
aalwyn *naas* aalwee, agt *naas* ag, arikreukel *naas* alikreukel *naas* arikruikel *naas* alikruikel, keëlvormig *naas* kegelvormig, kiesieblaar *naas* kiesieblaar, kief *naas* kieu, skryf *naas* skrywe, vernieu *naas* vernu *naas* vernuwe
- ❑ Vorme wat **dieselfde uitspraak** aandui, maar waarvoor verskillende spelwyses ontstaan het. Voorbeelde hiervan vind 'n mens meestal by woorde van vreemde herkoms wat naas 'n (gedeeltelik) verafrikaanste vorm ook nog 'n "vreemde" spelwyse het, byvoorbeeld:  
Chinees *naas* Sjinees, kapries *naas* caprice, restaurant *naas* restaurant
- ❑ Vorme wat **verskil in morfologie** aandui, byvoorbeeld:  
fisici en politici *naas* onderskeidelik fisikusse en politikusse; hy het hard geprobeer *naas* hy het hard probeer; ligvoet *naas* ligvoets; musea en sentra *naas* onderskeidelik museums en sentrums; papiri *naas* papirusse; seminarie *naas* seminarium; sensor *naas* sensoreer; stelling *naas* stellings
- ❑ Vorme wat **verkorte weergawes**, oftewel **inkortings**, aandui, byvoorbeeld:  
sel *naas* selfoon *naas* sellulêre foon *naas* sellulêre telefoon



### OPMERKINGS

- (a) **Wisselvorme** en **inkortings** word in die WOORDELYS deur *of* geskei (en indien nodig alfabeties herhaal). Dit beteken nie noodwendig dat hulle in alle opsigte na betekenis en gebruik gelykwaardig is nie. Van verskeie soorte wisselvorme, byvoorbeeld wanneer 'n hoofletter- en 'n kleinletterskryfwyse of 'n deelteken- en 'n koppeltekenspelling moontlik is, word slegs die voorkeurvorm in die WOORDELYS aangebied. Gebruikers moet hiervoor die SPELREËLS raadpleeg. Indien 'n wisselvorm egter nie opgeneem word nie en die SPELREËLS ook nie aandui dat slegs 'n voorkeurvorm in die WOORDELYS aangebied word nie, dui dit daarop dat dit as ongelykwaardig of as minder gebruiklik beskou word.
- (b) **Doeblette** word apart van mekaar opgeneem. Hulle verskil sodanig van mekaar in betekenis, gevoelswaarde, maatskaplike waardering en dergelike dat hulle afsonderlik behandel word, byvoorbeeld **kwes** en **kwets**, **tabak** en **twak**. Soms word by albei of een van die doeblette toeligting gegee.
- (c) Reëls wat vir wisselvorme geld, het in sommige gevalle 'n ander formaat as die meeste ander spelreëls. Waar spelreëls oor die algemeen 'n sekere voorskrif gee oor hoe gespel moet word, wys reëls

oõr wisselvorme watter **keuses** die taalgebruiker het. Hieronder word pertinent op bepaalde tipes wisseling gewys:

- ❑ Die gebruik al dan nie en die wisseling van **ge-** by spesifieke deelwoorde
- ❑ Wisselvorme met of sonder slot-**d** of **-t** ná 'n konsonant aan die einde van spesifieke selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde en bywoorde
- ❑ Die wisseling in die gebruik van verbindingsklanke by sekere samestellings en afleidings
- ❑ Wisseling by die gebruik van sekere agtervoegsels
- ❑ Inkortings as wisselvorme van volvorme

### ➔ **ge- by voltooide deelwoorde**

'n **Voltooide deelwoord** is 'n woord soos **geverf, gestamp, aangepas, geskrewe** of **bevore** wat van 'n werkwoord afgelei is en gebruik kan word as byvoeglike naamwoord, as verledetydsvorm van die werkwoord of saam met **word** en **is** in die lydende vorm.

- ❑ **As byvoeglike naamwoord:**  
aangepaste reëls, bevore vleis, geskrewe aantekeninge, gestampde mielies, geverfde naels
- ❑ **As hoofwerkwoord:**  
Ons het die reëls aangepas.  
Hulle het die mielies gestamp.  
Sy het haar naels geverf.
- ❑ **Saam met medewerkwoorde **word** en **is** in die lydende vorm:**  
Die mure word/is deur die werkers geverf.

#### **REÛL 17.1**

Meerlettergripige werkwoorde wat nie op **-eer** uitgaan nie en waarvan die hoofklem nie op die eerste lettergrip val nie, vorm 'n voltooide deelwoord sonder **ge-**.

#### ❑ **Onskeibare werkwoorde**

het/is/word aanvaar	het/is/word omhein
het/is/word agterhaal	het/is/word omring
het/is/word agtervolg	het/is/word omsingel
het/is/word deurdink	het/is/word ondervang
het/is/word deursoek	het/is/word voorkom
het/is/word mishandel	het/is/word voorsien

❑ Werkwoorde met **be-, ge-, er-, her-, ont-** en **ver-**

het/is/word betwis	het/is/word hersien
het/is/word erken	het/is/word ontslaan
het/is/word geniet	het/is/word verskoon



**OPMERKINGS**

- (a) By enkele tweelettergrepige werkwoorde wat nie op **-eer** uitgaan nie en die klem op die tweede lettergreep het, kom wisselvorme met én sonder **ge-** voor, byvoorbeeld:

het baklei *of* gebaklei, het baljaar *of* gebaljaar, het galop *of* gegalop, het kapok *of* gekapok, het karwei *of* gekarwei, het kasty *of* gekasty, het lawaai *of* gelawaai, het plesier *of* geplesier, het rumoer *of* gerumoer

- (b) Kyk ook reël 17.2.

**REËL 17.2**

Werkwoorde wat die hoofklem op die eerste lettergreep het of wat skeibaar is, vorm die voltooidedeelwoord met **ge-**.

❑ herberg	geherberg
❑ <b>deur</b> soek	deurgesoek
uitloop	uitgeloop
<b>voorkom</b>	voorgekom
wegskram	weggeskram



**OPMERKINGS**

- (a) Afhangende van die klempatroon by individuele sprekers vorm byvoorbeeld **herkou**, **herstruktureer** of **reoriënteer** die voltooidedeelwoord met of sonder **ge-**. Indien die hoofklem op die eerste lettergreep geplaas word (**herkou**, **herstruktureer**, **reoriënteer**), word die voltooidedeelwoord met **ge-** gevorm (het/is/word **geherkou**, het/is/word **geherstruktureer**, het/is/word **gereoriënteer**). Indien die hoofklem op die laaste lettergreep geplaas word (**herkou**, **herstruktureer**, **reoriënteer**), word die voltooidedeelwoord sonder **ge-** gevorm (het/is/word **herkou**, het/is/word **herstruktureer**, het/is/word **reoriënteer**).
- (b) **Her-** is nie in alle gevalle vir die taalgebruiker 'n voorvoegsel nie en het in baie gevalle woordstatus verkry of is op die grens daarvan. By meerlettergrepige werkwoorde soos die volgende het **her-** byvoorbeeld sterk die betekenis van “weer” en word die voltooidedeelwoord



deelwoord daarom met *-ge-* gevorm: *heraangepas*, *heringedeel*, *heropgebou*, *hersaamgestel*, *hertoegelaat*, *heruitgereik*, *hervrygestel*. Hierdie proses kan selfs meebring dat *her* volledige woordstatus kry wanneer dit in 'n woordgroep voorkom, byvoorbeeld *her in diens neem* en *her ten toon stel*.

Kyk ook reël 14.25 (opmerking *f*).

**REÛL 17.3** Tweelettergrepige werkwoorde op *-eer* wat die hoofklem op die tweede lettergreep het, vorm die voltooië deelwoorde met of sonder *ge-*.

ageer	het ageer <i>of</i> geageer
groepeer	het groepeer <i>of</i> gegroepeer
hanteer	het hanteer <i>of</i> gehanteer
loseer	het loseer <i>of</i> geloseer
markeer	het markeer <i>of</i> gemarkeer
probeer	het probeer <i>of</i> geprobeer
regeer	het regeer <i>of</i> geregeer
studeer	het studeer <i>of</i> gestudeer
waardeer	het waardeer <i>of</i> gewaardeer



#### OPMERKINGS

- (a) Indien 'n voorvoegsel die eerste lettergreep van so 'n werkwoord vorm, byvoorbeeld *beseer*, *vereer*, word die voltooië deelwoord slegs sonder *ge-* gevorm.
- (b) Kyk ook opmerking (a) by reël 17.1.

**REÛL 17.4** Werkwoorde wat drie of meer lettergrepe het en op *-eer* eindig, vorm die voltooië deelwoord met *ge-*.

het/is/word gedehumaniseer	het/is/word gekwalifiseer
het/is/word geëksamineer	het/is/word georganiseer
het/is/word gefotografeer	het/is/word gepostdateer
het/is/word geherstruktureer	het/is/word geprefigureer
het/is/word geïdentifiseer	het/is/word gereanimeer
het/is/word geïgnoreer	het/is/word gerestoureer
het/is/word geïllumineer	het/is/word geteleskopeer
het/is/word geïllustreer	

 **OPMERKINGS**

- (a) Indien die voorvoegsel **ver-** die eerste lettergreep van sulke werkwoorde vorm, byvoorbeeld **verkleineer**, word die voltooide deelwoord slegs sonder **ge-** gevorm.
- (b) Kyk ook reël 17.2 (opmerkings).

**REËL 17.6**

Wanneer 'n voltooide deelwoord van werkwoorde wat op **-eer** eindig, as byvoeglike naamwoord voor 'n selfstandige naamwoord gebruik word, word slegs die vorm met **ge-** gebruik.

gegenereerde fondse, gegroepeerde voorbeelde, 'n gehanteerde probleem, 'n geïgnoreerde versoek, geïllumineerde plate, geïllustreerde blaaië, gemarkeerde pas, gewaardeerde hulp

 **OPMERKING**

Dit geld nie enkele voltooide deelwoorde van tweelettergreepige werkwoorde wat op **-eer** (as deel van die stam) eindig en deur **be-**, **ont-** en **ver-** ingelei word nie, byvoorbeeld:

begeerde resultate  
onteerde maagd

verteerde kos

**REËL 17.6**

Skeibare werkwoorde, wat uiteraard uit meer as een komponent bestaan en altyd die hoofklem op die eerste komponent dra, vorm voltooide deelwoorde met **ge-** tussen die partikel en die werkwoordelike kern.

agtergebly, ondergehou, opgebou, uitgesaai, voorgekom, weggeloop

 **OPMERKING**

Die klempatroon is deurslaggewend om die gebruik van die **ge-** al dan nie te bepaal. Kyk byvoorbeeld na die onderskeid tussen die onskeibare werkwoorde **het onderdruk**, **het ondergaan**, **het onderhou**, **het oorlaai**, **het oorskat**, **het oorweeg**, **het voorkom**, en die skeibare werkwoorde **het ondergedruk**, **het ondergegaan**, **het ondergehou**, **het oor-gelaai**, **het oorgeskat**, **het oorgeweeg**, **het voorgekom**.

**REËL 17.7**

Modale hulpwerkwoorde kry nie **ge-** nie.

Jy het 'n tekening **kon** maak.  
Ek het hard **moes** studeer.

**REÛL 17.8** Skakelwerkwoorde vorm voltooide deelwoorde met of sonder ge/-ge-.

- ❑ Julle het **aanhou/aangehou** moeilikheid soek.  
Sy het **lê/gelê** en boek lees.  
Sy het **leer/geleer** swem.  
Hulle het **loop/geloop** en lag.  
Hy het **ophou/opgehou** asemhaal.  
Hy het die hyssak **sien/gesien** boontoe gaan.  
Die verkeerskonstabel het **sit/gesit** en slaap.  
Jason en Andrew het **staan/gestaan** en grappe vertel.
- ❑ Hy het **begin** studeer.  
Hulle het **bly** kla.  
Sy het al **gaan** slaap.  
Hy het **kom** swem.  
Sy het die hyssak **laat** boontoe gaan.  
Ek het die teer onder my voete **voel** smelt.

### ➔ Slot-t of slot-d ná 'n konsonant

**REÛL 17.9** Selfstandige naamwoorde van Klassieke herkoms wat op -blas, -plas of -klas eindig, kan ook as -blast, -plast of -klast gespel word.

epiblas *of* epiblast, idioblas *of* idioblast, kranioklas *of* kranioklast,  
leukoplas *of* leukoplast, piroklas *of* piroklast, protoplas *of* protoplast

#### ☞ OPMERKINGS

- (a) Persoonsname op -klas kry geen -t nie, byvoorbeeld biblioklas, ikonoklas.
- (b) As gevolg van die betekenisonderskeidende funksie word **takt** (*teenoor tak*) slegs met 'n slot-t gespel.

**REÛL 17.10** Wisselvorme met of sonder slot-d kom voor by bepaalde byvoeglike naamwoorde en bywoorde wat op 'n konsonant eindig.

begaafd *of* begaaf, beleefd *of* beleef, beskaafd *of* beskaaf, gejaagd  
*of* gejaag, gewaagd *of* gewaag, onvergenoeë *of* onvergenoeë,  
verdwaasd *of* verdwaas

**REËL 17.11**

Wisselvorme met of sonder slot-**d** kom voor by sommige byvoeglike naamwoorde wat afgelei is van werkwoorde wat op **l, m, n, ng, r,** 'n vokaal of 'n diftong eindig.

Sy verstand is taamlik benewel(d).  
 Die dame was netjies geklee(d).  
 Die dokter is goed gekwalifiseer(d).  
 Die geselskap was gemeng(d).  
 Die vrugte lê gesaai(d) onder die bome.  
 Sedert sy ongeluk is hy gestrem(d).  
 Ongenooi(d) êrens aankom.  
 Die kêrel is nie juis baie verfyn(d) nie.  
 Ná die lang tog sal hulle vermoei(d) wees.  
 Die vee staan versprei(d) in die kamp.

**OPMERKING**

Naas hierdie byvoeglike naamwoorde wat met wisselvorme voorkom, is daar ander (dikwels ook bywoordelik gebruik) wat verband hou met of gevorm is na die voorbeeld van werkwoorde wat op **l, m, n, r,** 'n vokaal of 'n diftong eindig, maar wat slegs mét 'n slot-**d** voorkom, byvoorbeeld:

bepaald; beroemd; gediend, gewoon; bedoord, bejaard,  
 ongedeed, ongemanierd, verbeurd, verbouereerd, vermaard;  
 gehuud; gemoed, getroud

**Verbindingsklanke by samestellings en afleidings**

## ORIËNTASIE

Wanneer samestellings gevorm word, word daar soms 'n verbindingsklank (ook **voegsel** genoem) tussen die samestellende dele ingevoeg. Verbindingsklanke is by sommige samestellings verpligtend en by ander opsioneel, en word by 'n derde groep glad nie gebruik nie. In ooreenstemming met opmerking (c) onder **Wisseling** in die ORIËNTASIE aan die begin van hierdie hoofstuk kan hier slegs reëls wat die kategorieë aandui, geformuleer en voorbeelde van elke kategorie gegee word.

**REÛL 17.12**

By samestellings sonder 'n verbindingsklank is dit 'n fout indien 'n verbindingsklank wel tussen die komponente van die samestelling geskryf word.

aanloop- + -baan	→	aanloopbaan ( <i>nie *aanloopsbaan nie</i> )
aartappel- + -oes	→	aartappeloes
aptyt- + -wekker	→	aptytwekker
atoom- + -oorlog	→	atoomoorlog
baksteen- + -tekort	→	baksteentekort
basalt- + -laag	→	basaltlaag
brein- + -disfunksie	→	breindisfunksie

**OPMERKING**

Vir die tipe meisieskool, kyk reël 17.16.

**REÛL 17.13**

By die samestellings met 'n verbindingsklank is dit 'n fout indien 'n verbindingsklank nie tussen die komponente van die samestelling geskryf word nie.

<input type="checkbox"/> afskeid- + -geskenk	→	afskeidsgeskenk ( <i>nie *afskaidgeskenk nie</i> )
ambag- + -man	→	ambagsman
arbeid- + -geskil	→	arbeidsgeskil
bedryf- + -leiers	→	bedryfsleiers
bruilof- + -gas	→	bruilofsgas
bystand- + -fonds	→	bystandsfonds
<input type="checkbox"/> den- + -boom	→	denneboom
held- + -daad	→	heldedaad
skurk- + -streek	→	skurkestreek
student- + -nommer	→	studentenommer
<input type="checkbox"/> wa- + -huis	→	waenhuis
<input type="checkbox"/> lewe- + -loop	→	lewensloop
<input type="checkbox"/> nooi- + -van	→	nooiensvan
<input type="checkbox"/> gees(t)- + -gesondheid	→	geestesgesondheid
<input type="checkbox"/> kind- + -kamer	→	kinderkamer

**REÛL 17.14**

Die verbindings-**s** kom feitlik altyd voor as die eerste komponent van 'n samestelling op die woorddeel -er, -eur, -heid, -ing, -skap of -(i)teit eindig.

- skrywersvereniging, tiksterspos, werkersvakbond
- administrateursbeker, kommandeursuniform, outeursreg

- ❑ minderheidsverslag, nywerheidshof, Waarheidskommissie
- ❑ aanvullingsvaartuig, regstellingsaksie, wysigingswetsontwerp
- ❑ gemeenskapsdiens, lidmaatskapskaart, wetenskapsbeoefening (*maar* wetenskaponderwyser)
- ❑ fakulteitsbeampte, sekuriteitswag, universiteitskoor

**REËL 17.15**

'n Verbindingsklank kom feitlik altyd voor wanneer die tweede komponent van 'n samestelling -halwe, -waardig of -weë is.

- ❑ ampshalwe, beleefdheidshalwe, billikheidshalwe, pligshalwe
- ❑ afkeurenswaardig, agtenswaardig, bejammerenswaardig, beklaenswaardig, benydenswaardig, besienswaardig, bewonderenswaardig
- ❑ allerweë, (van) ampsweë, (van) landsweë, (van) owerheidsweë, (van) regsweë, (van) staatsweë

**OPMERKINGS**

- (a) In enkele vorme met -waardig, byvoorbeeld doem-, eerbied-, gedenk-, geloof-, merk-, minder- en vloekwaardig, word 'n verbindingsklank nie gebruik nie.
- (b) 'n Tweede komponent wat ooreenkomste met -halwe, -waardig en -weë vertoon, is -gesind, waarby 'n groter mate van wisseling voorkom, byvoorbeeld doopsgesind, regeringsgesind, vergewensgesind, wêreldsgesind teenoor byvoorbeeld goedgesind, Katoliekgesind, opposisiegesind, reggesind, vyandiggensind.

**REËL 17.16**

As die eerste komponent van 'n samestelling in die enkelvoud nie op 'n **s** eindig nie en die tweede komponent met 'n **s** begin, word 'n verbindings-**s** nie geskryf nie.

damesandale (*teenoor* dameskouse), geestesiekte (*teenoor* geesteskwale), liefdesanger (*teenoor* liefdesweldaad), manskoene (*teenoor* manshemde), regeringsaak (*teenoor* regeringsvorm), seunskool (*teenoor* seunsklere)

**OPMERKINGS**

- (a) Kyk ook reël 11.30.
- (b) As die samestelling deur 'n weglaatteken geskei word, soos in dames- en mansandale (*naas* damesandale en mansandale), word die **s** wel voor die weglatingsteken geskryf; dus ook geestes- en liggaamlike siektes, seuns- en dogterskoene. Dié gebruik is in navolging van die uitspraak.

**REÛL 17.17**

By sommige samestellings is 'n verbindingsklank opsioneel. Die gebruik van die verbindingsklank al dan nie hang af van maatskaplike norme of individuele voorkeur.

**OPMERKINGS**

- (a) Die voorkoms van 'n verbindingsklank by bepaalde samestellings hang van verskeie faktore af, onder meer die gebruiker se ouderdom, streek- en maatskaplike groepering, byvoorbeeld in gevalle soos *badkamer of badskamer, mierhoop of miershoop, naeltjieolie of naeltjiesolie, veerbed of verebed*.
- (b) Andersins tree verbindingsklanke nie reëlmatig op nie. Daar is heelwat wisselvorme (variante) wat sonder onderskeid gebruiklik is in Standaardafrikaans: *boektaal of boeketaal, boervrou of boerevrou, doodkis of doodskis, dooigewig of dooiegewig, geweteszaak of gewetensaak, groepklas of groepsklas, inkoopprys of inkoopsprys, landwyd of landswyd, leweloos of lewensloos, streekhof of streekshof, streeknuus of streeksnuus, streekraad of streeksraad, streektaal of streekstaal, verjaardag of verjaarsdag, werkwinkel of werkswinkel*. Indien een so 'n variant algemeen en die ander een baie beperk voorkom, verskyn slegs die algemene variant in die **WOORDELYS**.
- (c) In samestellings soos die volgende stel die **-e** nie 'n verbindingsklank voor nie, maar 'n meervoudsvorm: *geestewêreld* (wêreld van geeste) *naas geesteswêreld* (wêreld van 'n mens se gees), *skolekoor* (koor uit skole) *naas skoolkoor* (koor van 'n skool), *universiteitespan* (span uit universiteite) *naas universiteitspan* (span van 'n universiteit).

**Agtervoegsels****ORIËNTASIE**

Variasie wat nie patroonmatig is nie, kom ook in bepaalde gevalle voor by die agtervoegsels wat betrokke is by:

- meervoudsvorme
- attributiewe byvoeglike naamwoorde
- natuurwetenskaplike terme

**OPMERKING**

Verkleiningsagtervoegsels word soms ook gebruik om wisseling mee uit te druk. Hierdie agtervoegsels (affiksvariante) dui egter nie noodwendig verkleining aan nie. 'n *Leeubossie* (*teenoor leebos*) is nie noodwendig 'n klein bossie nie. Hierdie feit word ondersteun daardeur dat

sulke vorme dikwels wisselvorme het wat gewoon én onverklein is, byvoorbeeld:

boontjie *naas* boon, karoobossie *naas* karoobos, kwikstertjie *naas* kwikstert

**REËL 17.18** Sommige selfstandige naamwoorde het verskillende meervoudsvorme (**e** teenoor **s**) sonder betekenisverskil.

doktors *of* doktore, kapelaans *of* kapelane, moderators *of* moderatore, offisiere *of* offisiere, samestellings *of* samestellinge, stellings *of* stellinge, teenstellings *of* teenstellinge, vampiere *of* vampiere, vergaderings *of* vergaderinge, werkings *of* werkinge

### OPMERKINGS

- Spesifieke variante met die **-e**-meervoud word as formeler beskou, byvoorbeeld *vergaderinge naas vergaderings*. In die geheel gesien, is die wisselvorme egter gelykwaardig.
- In enkele gevalle speel betekenisverskil 'n rol, byvoorbeeld *faktors naas faktore*, *goedere naas goeters*, *motors naas motore* en (in sommige betekenisse) *vorms naas vorme*.
- Kyk ook reël 13.29.

**REËL 17.19** By voltooide deelwoorde wat op **f**, **g** en **s** uitgaan, word attributiewe vorme met **-te** of **-de** erken.

gehefde *of* gehefte, gestyfde *of* gestyfte, ingelegde *of* ingelegte, ingeligde *of* ingeligte, vereisde *of* vereiste, verysde *of* veryste

### OPMERKING

- Kyk reëls 11.6 tot 11.11.
- Wanneer sulke voltooide deelwoorde in die **WOORDELYS** opgeneem word, word **waar moontlik slegs die algemeenste of mees gevestigde vorm** aangebied.

**REËL 17.20** Wisselvorme word erken by bepaalde natuurwetenskaplike terme met die agtervoegsels **-ied** naas **-ide**, en **-ien** naas **-ine**. Die voorkeurvorm is dié met **-ied** en **-ien** vir die enkelvoudsvorm en **-iede** en **-iene** vir die meervoudsvorm.

□ aldehyd – aldehyde	<i>naas</i>	aldehyde – aldehydes
hibrid – hibriede	<i>naas</i>	hibride – hibrides
oksied – oksiede	<i>naas</i>	oksiede – oksides



□ amien – amiene	<i>naas</i>	amine – amines
aspirien – aspiriene	<i>naas</i>	aspirine – aspirines
nukleien – nukleiene	<i>naas</i>	nukleïne – nukleïnes
proteien – proteiene	<i>naas</i>	proteïne – proteïnes
vitamien – vitamie	<i>naas</i>	vitamine – vitamines



### OPMERKINGS

- (a) Net die voorkeurform van hierdie soort gevalle word in die WOORDELYS opgeneem.
- (b) Sekere algemene woorde het nie wisselvorme nie, byvoorbeeld blondine, dissipline, latrine, lawine, tersine.



### Inkortings

#### ORIËNTASIE

Wisseling geskied nie net op die basis van een vorm wat met 'n ander een afgewissel kan word nie. Dit is dikwels ook die geval dat 'n korter vorm met 'n ooreenstemmende waarde as die langer vorm gebruik kan word en op hierdie wyse wisseling meebring. Hierdie proses staan bekend as **inkorting** en dit word hieronder kortliks beskryf. Dit is moeilik om die proses onder presiese reëls te bring en daarom volg hier slegs 'n paar kort aantekeninge oor inkortings.

- Inkorting is 'n proses waardeur een of meer betekenisvolle woorddele (morfeme) weggelaat word. Dié deel kan aan die begin of einde of in die middel van die woord weggelaat word, byvoorbeeld:  
 avokadopeerboom → avokadopeer → avokado  
 braaivleis → braai  
 dubbelbaanpad → dubbelbaan, dubbelpad  
 eerstejaarstudent → eerstejaar  
 eerstejaarstudentjie → eerstejaartjie  
 kernkragentrale → kernsentrale  
 koningklipvis → koningklip  
 mezzosopraan → mezzo  
 palmboom → palm  
 sellulêre telefoon → sellulêre foon → selfoon → sel
- Inkortings het dieselfde betekenis as die volvorme waaruit hulle ontstaan het. Daarom word inkortings en hulle volvorme in die WOORDELYS as *of*-vorme hanteer, byvoorbeeld:  
 bevochtigingsmiddel *of* vogmiddel, -s  
 kremetart, -e, *of* kremetartboom, ..bome

- Die prosesse van inkorting en uitbreiding vind soms gelyktydig plaas, dit wil sê die woord word ingekort en dan onmiddellik deur afleiding of fleksie (die byvoeging van 'n agtervoegsel of voorvoegsel) uitgebrei:  
drietonvragmotor → drietonner (drieton(n)-er)  
kapokhoender → kapokkie (kapok(k)-ie)  
langspeelplaat → langspeler (langspe(e)l-er)

## 18. WOORDE VAN VREEMDE HERKOMS

### ORIËNTASIE

Afrikaansgebruikers lewe tussen sprekers en skrywers van ander tale en daarom is dit vanselfsprekend dat Afrikaans beïnvloed sal word deur sulke tale. Hierdie invloed raak onder andere die woordeskat van Afrikaans. Afrikaans het in die loop van sy geskiedenis talle woorde uit vreemde tale oorgeneem, en dit sal waarskynlik in die toekoms steeds gebeur.

Ten opsigte van die spelwyse van hierdie vreemde woorde kan daar drie klasse onderskei word:

- ❑ Verafrikaanse woorde wat volgens die gewone Afrikaanse spelreëls gespel word
- ❑ Vreemde woorde wat, sover moontlik, hulle vreemde spelvorm behou
- ❑ 'n Tussenklas, wat gedeeltelik volgens 'n vreemde en gedeeltelik volgens die gewone Afrikaanse spelreëls gespel word

Dié drie klasse word hieronder bereël.

### ➔ Verafrikaanse woorde

#### ORIËNTASIE

Met verafrikaanse woorde word bedoel woorde van allerlei herkomste wat in vorm en gebruik soms nouliks van eg Afrikaanse woorde te onderskei is.

#### REÛL 18.1

Vreemde woorde wat verafrikaans word, word volgens die gewone Afrikaanse spelreëls gespel.

amoreus	floks <i>of</i> floksie	karborund <i>of</i>
appliek	foendi <i>of</i> foendie <i>of</i>	karborundum
atjar	fundu	karee
barmitswa	ghaap	kasjet
basaar	ghitaar <i>of</i> kitaar	kasset
blatjang	ghoeroe	kategismus
bloekomboom	gholf	kep <i>of</i> keps
boemerang	hendsop <i>of</i> hensop	kerugma
boikot	herrie	kikoejoe
boksemdais <i>of</i> bok-	indoena	kiwivrug
sendais	jogurt	kleim

klêza	pajamas	snoeker
koemkwat	patee	sorghum
koeeper	perestroika	stoepa
koerbasj	piekels	stres
konjak	piekniek	swempie
koukus	pienk	taboe
krieket	piering	tamaai
krismisroos	piesang	tatoe
krusifiks	pietersielie	tenk
kurrikulum	prêrie	tilde
kys	puree	tjek
limeriek	relê	tjop
maroela	rofkas	toffie
maroen	selfoon	toi-toi
marog	setlaar	trein
matso	sjampoe	wallabie
mopanie	sjiek	zombie
orangoetang		



### OPMERKING

Die variante uitspraak en spelwyse van sommige verafrikaanse woorde is toe te skryf aan 'n herkoms uit Grieks via Latyn, byvoorbeeld **enkefalitis** (en + 'n afleiding uit die Grieks *kefalikos*) of **ensefalitis** (en + 'n afleiding uit Laat Latyn *cephalicus*).



### Vreemde woorde

#### ORIËNTASIE

Met “vreemde woorde wat, sover moontlik, hulle vreemde spelvorm behou” word bedoel woorde wat, indien hulle verafrikaans sou word, vir die oog vreemder sou lyk as in die andertalige spelvorm. So sou byvoorbeeld **gheraatsj** of **gheraadzj** vreemder lyk as die “vreemde” **garage**. Net so sou **krwasa** of **krwasaant** vreemder lyk as die “vreemde” **croissant**.

Sommige tale, byvoorbeeld Japannees, wat eintlik 'n nie-Romeinse alfabet gebruik, het ook 'n amptelike spelsisteen wat die Romeinse alfabet gebruik. Die inheemse spelling van geografiese name in dié tale volgens die Romeinse alfabet kan dan ook in Afrikaans gebruik word. Dit beteken dat spellings soos **Fuji**, **Hiroshima** en **Tokyo** erken word naas die verafrikaanse **Foedji**, **Hirosjima** en **Tokio**. Waar daar in bepaalde gevalle egter 'n lank gevestigde verafrikaanse spelling is, byvoorbeeld

Hirosjima, Tokio, word gebruikers sterk afgeraai om van dié spellings af te wyk. Kyk ook reël 18.9.

**REÛL 18.2**

Vreemde woorde behou in bepaalde gevalle hulle vreemde spelvorm, ook in samestellings.

abattoir	guerrillaoorlog	señor
adagio	hidalgo	señora
ad hoc	ipso facto	señorita
aërometer	ixia	shandy
avant-garde	jerseykoei	signora
baccalaureus	judo	signore
belt	kebab	signorina
blasé	képi	ski
bourgeois	kilojoule	staccato
brinjal	kilt	steak
canyon	La Niña	struggle
casanova	lynch	stucco
cédille	malagueña	suède
chalet	mañana	svarabhakti
cheetah	nasi goreng	tahr
cliché	oeuvre	teak
dachshund	ohmmeter	terracotta
dandy	olé	tête-à-tête
denim	parfait	toboggan
détente	pastiche	tomahawk
don Juan	patois	township
douairière	peri-peri <i>of</i> piri-piri	trousseau
dux	pidgin	tweed
eisteddfod	pingpong	umlaut
El Niño	pizza	Viking <i>of</i> Vikinger
eschscholtzia	portjackson	voile
fondue	rap	weimaraner
gala	riesling	Yank
genre	rugby	ytterbium
gentleman	sandhi	

## ➔ Tussenklas

### ORIËNTASIE

Soms het woorde van vreemde herkoms twee moontlike spellings – die “vreemde” spelvorm en ’n verafrikaanste spelvorm – wat as wissel-vorme beskou word. Ander woorde word weer gedeeltelik volgens die vreemde en gedeeltelik volgens die Afrikaanse spelwyse gespel, wat dan die enigste aanvaarde Afrikaanse vorm uitmaak.

#### REËL 18.3

Sommige vreemde woorde kan volgens sowel ’n vreemde as ’n Afrikaanse spelwyse gespel word.

<i>Africana of Afrikana</i>	<i>flamenco of flamenko</i>
<i>aurora of ourora</i>	<i>gierlande of guirlande</i>
<i>boutade of boetade</i>	<i>guano of ghvano</i>
<i>broccoli of brokkoli</i>	<i>Kaukasies of Koukasies</i>
<i>caprice of kapries</i>	<i>Litaus of Litous</i>
<i>catawba of katôba</i>	<i>marathon of maraton</i>
<i>centumtaal of kentumtaal</i>	<i>Mexikaans of Meksikaans</i>
<i>chevron of sjevron</i>	<i>petrarcaans of petrarkaans</i>
<i>chinchilla of tjintjilla</i>	<i>Pantheon of Panteon</i>
<i>chronologies of kronologies</i>	<i>piëta of pietà</i>
<i>colloquium of kollokwium</i>	<i>podzol of podsol</i>
<i>crêpe of kreip</i>	<i>quaestor of kwestor</i>
<i>croupier of kroepier</i>	<i>recto of rekto</i>
<i>crux of kruks</i>	<i>restaurant of restourant</i>
<i>echelon of esjelon</i>	<i>roulette of roelet</i>
<i>escudo of eskudo</i>	<i>saxofoon of saksofoon</i>
<i>euphorbia of euforbia</i>	<i>traumaties of troumaties</i>

#### REËL 18.4

Party woorde van vreemde herkoms word gedeeltelik volgens ’n vreemde en gedeeltelik volgens die Afrikaanse spelwyse gespel.

<i>elite</i>	<i>hidroulies</i>	<i>moefiti</i>
<i>gabardien</i>	<i>kibboets</i>	<i>veille</i>
<i>geisja</i>	<i>kwadrupteeg</i>	<i>sirinks</i>
<i>gimkana</i>	<i>kwasi-</i>	<i>voedoeïsme</i>
<i>giraf</i>		



### OPMERKING

Tipies Afrikaanse affikse wat gevoeg word by woorde van vreemde herkoms wat origins nie verafrikaans nie, word ook deur hierdie reël gedek, byvoorbeeld *aficionado's*, *blaséerig*, *clichéagtig*, *geabseil*.

## ORIËNTASIE

Dit is nie moontlik om in alle gevalle besondere gebruike in Afrikaans onder presiese reëls te bring nie. Dit geld ook probleme in verband met sekere kenmerkende wyses van verafrikaansing, byvoorbeeld die wisseling tussen **g** en **gh** asook tussen **ch** en **k**. In die lig hiervan volg hieronder leiding oor hierdie twee aspekte van die verafrikaansing van vreemde woorde.

## REÛL 18.5

Die klank [g] in Afrikaans word in leenwoorde meestal met **g** weergegee.

angorabok	<b>gibbon</b>	<b>grenadella</b>
begonia	<b>glasnost</b>	<b>iguana</b>
<b>gala</b>	<b>glaubersout</b>	kangaroo
<b>Gambië</b>	<b>gneis</b>	<b>largo</b>
<b>gammastrale</b>	<b>gorilla</b>	<b>regatta</b>



## OPMERKINGS

- Ook waar wisseluitsprake met [x] naas [g] bestaan, word daar slegs **g** geskryf, byvoorbeeld in **Belge**, **egret**, **Gaboen**, **iglo** of **igloe**, **Ingwaeeoons**, **nege**.
- Die **g** stel in Afrikaans onder andere [x] voor, soos in **berg**, en [g], byvoorbeeld in **berge**. Die **gh** stel daarenteen net [g] voor, byvoorbeeld in **ghaap**. Kyk ook reël 11.18.
- Vanweë die spelling in die vreemde taal (kyk reël 18.2) skryf ons **gh** in enkele gevalle, byvoorbeeld **Ghana**, **ghetto**, **largetto**, **spaghetti**, omdat die verafrikaansing van hierdie soort gevalle tot vreemde spelvorme sal lei (soos \***Gana**, \***getto**, \***largetto**, \***spagetti**).
- Vroeër jare is [g] in leenwoorde oorwegend met **gh** geskryf. Party van hierdie spelwyses het tradisioneel geword, byvoorbeeld:

<b>dagha</b> ( <i>bouklei</i> )	<b>ghoelasj</b>	<b>ghong</b>
<b>ghaan</b> ( <i>meisie</i> )	<b>ghoem</b>	<b>ghonnel</b>
<b>ghaibout</b> ( <i>swartrugmeeu</i> )	<b>ghoema</b>	<b>ghries</b>
<b>ghantang</b>	<b>ghoen</b>	<b>ghrop</b>
<b>gharrabos</b> of <b>ghnarrabos</b>	<b>ghoera</b>	<b>ghwano</b> of <b>guano</b>
<b>ghienie</b>	<b>ghoeroe</b>	<b>ghwar</b>
<b>ghitaar</b> of <b>kitaar</b>	<b>ghokum</b>	<b>ghwarrieboom</b>
	<b>ghombos</b>	<b>ghwel</b>
	<b>ghomma</b>	

Daarenteen het die [x]-klank soms die aanvaarde uitspraak geword; vandaar dat die vroeëre **joghurt** tans **jogurt** gespel word.

**REËL 18.6**

Woorde van Griekse herkoms wat met die beginletters **ch** gespel is, word tradisioneel soms met **ch**, soms met **k** en soms met **ch** of **k** gespel.

*chronologie of kronologie, melancholie of melankolie, sinchronies of sinkronies*

**OPMERKINGS**

- (a) Sekere woorde van Griekse herkoms is vroeër oorwegend met 'n **ch** gespel, veral aan die begin van die woord, omdat die uitspraak van **ch** onvas was en dit óf as [x] óf as [k] uitgespreek is. Woorde soos die volgende is hier ter sprake: **chaos, chemie, chilies, chloor, chloroform, christen, chronies, chronologies, chroom, melancholie** en afleidings van en samestellings met sulke woorde. Hierdie motivering vir die **ch**-spelling het vandag grotendeels verval – in sommige gevalle het die [x]-uitspraak die standaard geword, en in ander die [k]-uitspraak. Vanweë die gevestigde tradisionele spelwysie is daar egter nie aan die **ch**-spelling verander nie omdat dit by 'n beduidende groep Afrikaanse taalgebruikers die oorheersende vorm is.
- (b) By woorde van die familie van die Grieks **chronos** ('tyd') word daar ter wille van die tradisionele spelling van veral **kroniek**, maar ook **kronies**, wisselvorme (**k** naas **ch**) in die res van die woordfamilie erken, byvoorbeeld **kronologies of chronologies, sinkronies of sinchronies**.

**REËL 18.7**

Woorde van Griekse herkoms wat die lettergroep **-th-** bevat, kan met **-th-** of **-t-** gespel word.

*Atheens of Ateens, marathon of maraton, Pantheon of Panteon, Parthenon of Partenon.*

**OPMERKING**

Die agtste letter van die Griekse alfabet is die theta ( $\theta$ ), wat normaalweg as "th" in die Romeinse alfabet geskryf en in Grieks soos "th" in die Engelse woord "thick" uitgespreek word. Vanweë die gevestigde tradisionele spelwysie met **th** van woorde van Griekse herkoms wat dié letter bevat, ook in Afrikaans, word daar nie aan die **th**-spelling verander nie, maar omdat die [t]-uitspraak in Afrikaans die standaard geword het, word **t** naas **th** as wisselvorm erken.



## ➔ Leenwoorde uit Afrikatale

### ORIËNTASIE

Die spelling van leenwoorde uit Afrikatale vorm 'n kategorie wat spesiale aandag verg. Dit val hoofsaaklik in twee subtipes uiteen, te wete die onverafrikaanstes en die verafrikaanstes. Woorde wat aan Afrikatale ontleen is en naas die spelvorm in die brontaal ook 'n verafrikaanstes spelling het, kan as wisselvorme aangegee word. Die voorkeurvorm is die Afrikataalspelling met daarnaas die verafrikaansing. Laasgenoemde geld veral woorde wat reeds lank gelede ontleen is, byvoorbeeld *dumela of doemêla*. Nuut ontleende woorde, byvoorbeeld *woza*, word net volgens die brontaal gespel. Die klankvorm van sommige leenwoorde uit Afrikatale het egter in so 'n mate verafrikaans dat nóg die uitspraak nóg die spelling probleme oplewer, byvoorbeeld *tollie* (uit *ithole*), *swempie* (uit *inswempe*), *mamba* (uit *imamba*), *tambotie* (uit *umthomboti*).

### REÛL 18.8

Sommige gewone woorde wat Afrikaans aan Afrikatale (Sotho, Tswana, Xhosa, Zulu, ensovoorts) ontleen het, behou hulle oorspronklike vorm.

*imbongi, impala, impimpi, indaba, ubuntu*



### OPMERKING

Ter wille van effek of fyner betekenisonderskeiding word 'n woord uit 'n Afrikataal soms in Afrikaans gebruik in plaas van of naas die Afrikaanse vertaalekwivalent. Ontlenings van terminologiese aard wat betreklik eksklusief gebruik word, byvoorbeeld terme in vakliteratuur en in bepaalde beroepsfere, soos die mynbou, vervoer, boerdery en so meer, behou gewoonlik die spelling van die brontaal, byvoorbeeld *difaqane, hlonipha, ibandla, isibongo, isigodo, ivova, kgotla, moruti, umdoni, umsimbithi, umthakathi*.

### REÛL 18.9

Eiename uit die Afrikatale behou in Afrikaans die spelling en skryfwyse wat hulle in die brontaal het, behalwe dat die klasvoorvoegsel gewoonlik weggelaat word.

- **Geografiese name:** Bophuthatswana, Bujumbura, Burundi, Ciskei, Gaborone, Lesotho, Luanda, Lusaka, Malawi, Maputo, Maseru, Ndola, Uganda

**OPMERKING**

Kyk ook opmerkings (a) en (b) hieronder.

- ❑ **Persoonsname:** Dingane, Mantatise, Matiwane, Moselekatse (*in Sotho*), Mpande, Nandi, Pakade, Shaka, uMzilikazi (*in Zulu*)

**OPMERKING**

Kyk ook opmerking (c) hieronder.

- ❑ **Groepsname:** Dlamini, Mthetwa, Ndebele, Qwabe
- ❑ **Sibbenname:** Gumede, Khumalo, Msweli, Ngwe
- ❑ **Regimentsname:** Gobamakhosi, Thulwana
- ❑ **Taalname:** Ndebele, Sotho, Swati *of* Swazi, Tsonga, Tswana, Venda, Xhosa, Zoeloe *of* Zulu

**OPMERKING**

Kyk ook opmerkings (d) en (e) hieronder.

**OPMERKINGS**

- (a) Die spelling en skryfwyse van amptelike geografiese name, ongeag tot watter taal hulle behoort, word nie deur die Taalkommis-sie bereël nie, maar deur amptelike liggame in die onderskeie state in Suidelike Afrika, soos die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name. Kyk ook die ORIËNTASIE by reël 18.2.
- (b) Vanweë die tradisie skryf ons die klank [u] in Noord-Afrikaanse geografiese name meestal met **oe**, byvoorbeeld Djiboeti, Gaboen, Kameroen, Soedan.
- (c) Verouderde verafrikaanste skryfvorme van persoonsname soos **Chaka of Tsjaka, Dingaen, Panda en Silkaats** behoort vermy te word.
- (d) Die wisselvorme **Fanagalo of Fanagalô of Fanakalo of Fanakalô** word erken. Kyk ook reël 18.23.
- (e) Vir die skryfwyse van taalname in die algemeen, kyk reëls 14.13 tot 14.23. Vir die skryfwyse en spelling van die amptelike Suid-Afrikaanse tale, kyk reël 9.11 (opmerking (c)).

**REËL 18.10**

Die klank [g] (soos in **berge** en **borge**) word in leenwoorde uit Afrika-katale meestal met **gh** weergegee.

**dagha, ghoghok, ghwalaghwala, teghwaan of teghwan**

**OPMERKINGS**

- (a) Kyk ook reël 18.5.
- (b) Vir die klanke wat die letter **g** in Afrikaans voorstel, kyk ook reëls 11.17 en 11.18.
- (c) In die leenwoord **kgotla** ('vergaderplek van die opperhoof en sy raadgewers') word die **k** behou, ten spyte daarvan dat dit selde in die Afrikaanse uitspraak voorkom.

**REËL 18.11**

Die klank [g] in leenwoorde uit Afrikatale word direk ná **n** (met die klankwaarde [ŋ]) met **g** weergegee.

**bangawanga** (*soort boom*), **boenga**, **donga**, **samango** (*soort aap*), **shongololo** of **sjongolôlo** of **songolôlo**

**OPMERKING**

Kyk ook reël 18.10.

**REËL 18.12**

Die klank [ts] wat in leenwoorde uit Afrikatale voorkom, word met die letters **ts** weergegee.

**tsessebe** of **tsessebie**, **tsetse**

**REËL 18.13**

Die klank [tʃ] wat in verafrikaanste leenwoorde uit Afrikatale voorkom, word met die letters **tj** (soos in **tjek**) weergegee.

**rampatjaan** of **rampatjanie**, **tjaila**, **tjetja** of **tjêtja**, **tjiesa**, **tjwala**

**REËL 18.14**

Die klank [ɲ] (uitgespreek soos die **n** in **handjie**, **klontjie**) wat in leenwoorde uit Afrikatale aan die begin van 'n lettergreep staan, word met die letters **nj** weergegee.

**fanjaan**, **foefoenjaan**, **njala**

**REËL 18.15**

Die klank [ʃ] (uitgespreek soos die **sj** in **sjah**, **sjerrie**) wat in leenwoorde uit Afrikatale voorkom, word meestal met die letters **sj** weergegee.

**mapasjaan(s)**, **sjieba**, **sjimiaan**, **shongololo** of **sjongolôlo** of **songolôlo**

**REËL 18.16**

Die klank [dʒ] (soos in **jingo**, **jerseykoei**) wat in leenwoorde uit Afrikatale voorkom, word met die letter **j** weergegee.

**joba** of **jôba**, **majoba** of **majôba**

**REËL 18.17** Die klank [w] (soos in **kwaad**, **kwes**) wat in leenwoorde uit Afrikatale voorkom, word deurgaans met 'n **w** weergegee, ook wanneer dit tussen vokaalletters verskyn.

ghwalaghwala, imbawoela, tjwala



**OPMERKING**

Kyk ook reël 11.16.

**REËL 18.18** Die klank [z] wat in leenwoorde uit Afrikatale voorkom, word met die letter **z** weergegee.

kiza, kleza of klêza, woza

**REËL 18.19** In 'n oop of geslote eindlettergreep van verafrikaanse leenwoorde wat reeds lank gelede aan Afrikatale ontleen is, word die klank [j] met die letters **ie** weergegee.

letiang, madoemie, malie, matoemie, moeties, mopanie, tokomanie, tollie, zoempie



**OPMERKINGS**

- (a) Hierdie reël is ook van toepassing op leenwoorde wat in samestellings en afleidings verskyn, byvoorbeeld **mopanieveld**, **tamboekiegras**, **tambotieagtig**.
- (b) By **foendie**, **impie** en **tsessebie** word wisselvorme erken, naamlik **foendie of foendi of fundi**, **impie of impi**, **tsessebie of tsessebe**.
- (c) Uitsonderings is **safari**, 'n Swahiliwoord wat Afrikaans aan Engels ontleen het, en **tsotsi**, waarvan die verband met 'n Afrikataal onseker is.
- (d) In die leenwoorde **indaba** en **indoena** verteenwoordig die letter **i** die klank [ə] wat in Afrikaans by **in** en **sin** gehoor word. In Nguni word die twee woorde met [i] uitgespreek.
- (e) In hedendaagse ontlenings word by voorkeur **i** gebruik, ook in die laaste lettergreep, byvoorbeeld:

imbongi, intombi, moruti, umdoni, umsimbithi, umthakathi

**REÛL 18.20**

In alle ander posisies as dié hierbo genoem, word in leenwoorde uit Afrikatale die letter **i** geskryf, hetsy die klank [i] kort of lank uitgespreek word of in 'n beklemtoonde of onbeklemtoonde, oop of geslote lettergreep staan.

**ifafa, impala, impi of impie, kikoejoe (soort gras), kiza, modimo, pelile, pitso, sesibe, sidwaba, sjiba, sjimiaan**

**REÛL 18.21**

Die klank [u], wat in Afrikatale gewoonlik as **u** geskryf word, word in verafrikaanste leenwoorde wat reeds lank gelede ontleen is, met **oe** weergegee.

**boendoe, doemêla, indoena, madoembie, maroela, moepel, oemfaan, poetoe, sakaboela, toera, zoempie**

**OPMERKING**

By voorbeeld **doemêla of dumela, oehoeroe of uhuru** en **Zoeloe of Zulu** word wisselvorme erken.

**REÛL 18.22**

Die lang [ɛ:]-klank in beklemtoonde oop lettergrepe van leenwoorde uit Afrikatale word by voorkeur met die letter **e** weergegee, maar om historiese redes word die spelling met **ê** ook erken.

**bombela of bombêla, kabe of kabê, kleza of klêza, kwela of kwêla, mabela of mabêla, pepa of pêpa, teta of têtâ**

**REÛL 18.23**

Die lang [ɔ:]-klank in beklemtoonde oop lettergrepe van leenwoorde uit Afrikatale word by voorkeur met die letter **o** weergegee, maar om historiese redes word die spelling met **ô** ook erken.

**kobe of kôbe, lobola of lobôla, majoba of majôba, sakabona of sakabôna, sangoma of sangôma, shongololo of sjongolôlo of songolôlo**

**OPMERKING**

Uitsonderings is die wisselvorme **aikona of aikôna of haikona of haikôna**, asook **Fanagalo of Fanagalô of Fanakalo of Fanakalô**, waarin die lang [ɔ:] dikwels in 'n onbeklemtoonde oop lettergreep voorkom.

**REÛL 18.24**

Die kort [ɔ] in 'n onbeklemtoonde oop lettergreep van leenwoorde uit Afrikatale word met die letter **o** weergegee.

**boboi, ghoghok, pitso, samango(aap), skokiaan, tokomanie**

# **Die Woordelys**

## ORIËNTASIE

1. Die WOORDELYS is **nie** 'n volledige lys van alle bestaande Afrikaanse woorde nie. Dit is ook nie 'n woordeboek nie en moet dus nie as een gebruik of beskou word nie.
2. Die primêre oogmerk van die WOORDELYS is om spelleiding te gee, en dit moet dus in samehang met die SPELREËLS gebruik word. Vir dié doel word die voorbeelde wat ter illustrasie by reëls gebruik word, in die WOORDELYS saam met die toepaslike reëlverwysing(s) aangebied. 'n Reëlnommer bestaan uit die hoofstuknommer gevolg deur die volgnommer van die reël, byvoorbeeld 5.1. Indien daar na 'n bepaalde opmerking by 'n reël verwys word, volg die opmerkingnommer ná die reëlnommer, byvoorbeeld 5.1 (a).
3. In gevalle van samestellings wat 'n eienaamelement bevat, word slegs die voorkeurvorm in die WOORDELYS aangebied. Waar daar origens bloot skryfwysewisseling in 'n samestelling kan voorkom, word nie alle skryfwysevariante noodwendig aangebied nie.
4. By byvoeglike naamwoorde wat volkome reëlmatige trappe van vergelyking met **-er** en **-ste** neem, word die trappe van vergelyking nie in die WOORDELYS aangebied nie.
5. Sinonieme word nie as *of*-vorme aangebied nie, behalwe in die geval van inkortings en woordpare wat 'n sterk vormlike ooreenkoms toon, byvoorbeeld **kreupelboom** *of* **kreupelhout**, **mitrale klep** *of* **myterklep**.
6. By afleidings van eiename, uitgesonderd geografiese name en taalbenamings, word meestal slegs die kleinletterskryfwyse as verstekvorm aangebied. Dit staan gebruikers eger natuurlik vry om, indien hulle dit verkies of indien die konteks dit vereis, in sulke gevalle 'n hoofletter te gebruik.
7. By natuurwetenskaplike terme met die agtervoegsels **-ied** naas **-ide**, en **-ien** naas **-ine** word wisselvorme erken. Die voorkeurvorm is dié met **-ied** en **-ien** vir die enkelvoudsvorm en **-iede** en **-iene** vir die meervoudsvorm. Van hierdie soort gevalle word slegs die voorkeurvorm in die WOORDELYS aangebied.
8. Vakname (behalwe as die vaknaam 'n taalbenaming is) word in die WOORDELYS slegs met 'n kleinletter aangebied.
9. In die WOORDELYS kom talle gevalle van skeibare werkwoorde met 'n oorwegend figuurlike betekenis voor, byvoorbeeld **skeefloop** (*planne wat skeefloop*). Daarteenoor is daar los geskrewe parallelle vorme met 'n letterlike betekenis, byvoorbeeld **skeef loop** (*'n wiel wat skeef loop*), waar **skeef** 'n bywoord is en nie 'n deeltjie of partikel van 'n skeibare werkwoord nie. In baie gevalle kan so 'n onderskeid eger nie sonder meer gemaak word nie, byvoorbeeld **misloop** en **mis loop**, **fynbesnaar(d)** en **fyn besnaar(d)**. In sulke gevalle word óf albei wisselvorme óf slegs die gebruiklikste vorm aangebied, maar dit word nie as 'n fout beskou as 'n skrywer vas skryf wat ander los skryf of omgekeerd nie. Gebruikers kan hulle telkens deur die betekenis van die betrokke werkwoordsvorm laat lei.

10. By ondergenoemde reëls het die gebruiker sekere keuses met betrekking tot die soorte gevalle wat teenoor die reëls genoem word, maar in die WOORDELYS word slegs die voorkeurvorm of die gebruiklikste vorm aangebied. Gebruikers moet hieroor die betrokke reëls raadpleeg.

Reëlno.	Soort geval
3.8	Afkortings van grade, diplomas en sertifikate
3.9	Hoofletterafkortings
5.1 (e)	Afleidings met aangrensende vokaalletters in verskillende lettergrepe
5.6	Woorde met Klassieke voorvoegsels en vokaalopeenvolging
9.7 (b)	Name van diererasse, kultivars en plantvariëteite
9.19	Afleidings van eiename, behalwe geografiese name en taalbenamings
9.20	Afleidings wat op <b>-is</b> , <b>-isme</b> , <b>-istiek</b> en <b>-isties</b> uitgaan
9.25	Eienaamverblekings
11.5	Voltooide deelwoorde met of sonder <b>-d</b>
11.7	Voltooide deelwoorde op <b>-f</b> , <b>-g</b> of <b>-s</b> met <b>-de</b> of <b>-te</b>
11.8	Afleidings van voltooide deelwoorde op <b>-f</b> , <b>-g</b> of <b>-s</b> met <b>-dheid</b> of <b>-theid</b>
12.1 (a), (d)	Woorde met aangrensende vokaalletters in verskillende lettergrepe
12.2	Woorde met aangrensende vokaalletters in verskillende lettergrepe
14.7	Eienaamverbindings as soortname of massaname
14.10 (b)	Name van diererasse, kultivars en plantvariëteite in samestellings
17.17	Samestellings met opsionele verbindingsklank
17.19	Voltooide deelwoorde op <b>-f</b> , <b>-g</b> of <b>-s</b> met <b>-de</b> of <b>-te</b>



a, -s; -tjie 2.12  
 á, -s; -tjie 2.12; 13.9  
 A4, -s  
 A4-formaat 7.1  
 aag of ag (*tw.*)  
 aai of ai (*tw.*)  
 aaklig, -e  
 aalmoes, -e  
 aalmoesener, -e of -s  
 aalwee, -s, of aalwyn, -e 11.14  
 aambeeld, -e  
 aambeï, -e  
 aamborstig, -e  
 aan-af-skakelaar, -s 12.7  
 aanbeveel, het –  
 aanbevole (– *hotel*)  
 aanbid, het –  
 aanbiddelek, -e  
 aanbied, aange.. 14.3; 14.48  
 aanbieder, -s  
 aanbieding, -e of -s  
 aanbod, aanbieding of aanbiedings  
 aanbrandsel, -s  
 aandadig, -e  
 aandadige, -s  
 aandag  
 aandagtig, -e  
 aandeelhouer, -s  
 aandeelsertifikaat of  
 aandelesertifikaat, ..kate  
 aandening, -e of -s  
 aan die hand van 14.3 (f)  
 aan die kant of aan kant (– –  
 – *maak* of – – *maak*)  
 Aandland (*die* –)  
 aandoen (*hy sal (by) Heilbron*  
 –; *iemand leed* –), aange..  
 aandoening, -e of -s  
 aandstond, -e, of aandstonde,  
 -s  
 aandui, aange..  
 aan een (*vir een*)

aaneen (*aanhoudend*)  
 aaneenflans, aaneenge..  
 aaneengeflans, -te  
 aaneenryg, aaneenge..  
 aan een skryf, geskryf, of aan  
 een skrywe, geskrywe (*net*  
*aan een, nie aan almal nie*)  
 aaneen skryf, geskryf, of aan<sup>e</sup>  
 een skrywe, geskrywe  
 (*aanhoudend*)  
 aaneenskryf, ..geskryf, of aan<sup>e</sup>  
 eenskrywe, ..geskrywe (*vas*)  
 aangee, ..geë  
 aangee, aange..  
 aangeër of aangewer, -s  
 aangeheg, -te  
 aangehoudene, -s  
 aangekla, -de of aangeklaag<sup>e</sup>  
 de  
 aangelê, -de of aangelegde  
 aangenome (– *kind*)  
 aangepas, -te  
 aangeskroef, -de  
 aangeslib, -de  
 aangespe, aange..  
 aangewer of aangeër, -s  
 aangryns, aange..  
 aanhê, aangehad  
 aanheg, aange.. 14.48  
 aanhou, – of aange.. 17.8  
 aanhou (*bw.*)  
 aanhoudend, -e  
 aan kant of aan die kant (– –  
*maak* of – – – *maak*)  
 aanklag, -te, of aanklagte, -s  
 aankomeling, -e  
 aankomende (– *trein*)  
 aankomsaal of aankomssaal,  
 ..sale  
 aankoop (*die – van voorrade*),  
 ..kope  
 aanlê, aangelê  
 aanlêer, -s

aanleg, ..lêe of ..legginge of  
 ..leggings of ..legte  
 aanlegging, -e of -s  
 aanleiding, -e of -s  
 aanliggend, -e (*'n – hoek*)  
 aanloopbaan, ..bane 17.12  
 aanlyn (– *registrasie; die stelsel*  
*is –; – registreer*) 14.30 (b)  
 aan mekaar (– – *verknog wees*)  
 aanmekaar (*dit reën* –)  
 aan mekaar skryf, geskryf, of  
 aan mekaar skrywe, geskry<sup>e</sup>  
 we (*die een aan die ander*)  
 aanmekaar skryf, geskryf, of  
 aanmekaar skrywe, geskry<sup>e</sup>  
 we (*aanhoudend*)  
 aanmekaarskryf, aanmekaar<sup>e</sup>  
 ge.., of aanmekaarskrywe,  
 aanmekaarge.. (*vas*)  
 aanmekaarspring, aanme<sup>e</sup>  
 kaarge..  
 aanmerking, -e of -s  
 aanmerklik, -e  
 aanname, -s  
 aanneem, aange..  
 aanneem, -s 13.7  
 aanneem, -s, of aanneming,  
 -e of -s  
 aannemingsklas, -se  
 aanpassingsvermoë, -ns  
 aanrig, aange..  
 aansê, aange..  
 aansien (*sonder – des persoons*)  
 aansienlik, -e  
 aansit, aange..  
 aansitter, -s  
 aanskou (*in – neem*)  
 aanskou, het –  
 aanskouingsles, -se  
 aanskoulik, -e  
 aanskroef, aange..  
 aanslaan, ..slane  
 aanslaan, aange..

- aanslag, ..slae  
aanslib, aange..  
aansluitkoste of  
aansluitingskoste  
aansoek (– *doen om 'n pos*), -e  
(*daar was 20 – om die pos*)  
aansoeker (*applikant*), -s  
aanspraak, ..sprake  
aanspreeklik, -e  
aanspreekvorm, -e of -s  
aanstalte of aanstalties  
aanstons (*binnekort*)  
aan 't of aan't (– *werk of –  
werk*) 2.15; 16.21  
aantasting  
aanteel, aange.. 14.48  
aantekening, -e of -s  
aantreklik, -e  
aantyinging, -e of -s  
aanvaar (*van 'n skip*), aange..  
aanvaar (*aanneem*), het – 17.1  
aanvaarbaar (*aanneemlik*),  
..bare; -der, -ste  
aanvaarding (*aanneming*), -e  
of -s  
aanval, -le; -letjie 11.28  
aanvaring (*van 'n skip*), -e of -s  
aanvullingsvaartuig, ..tuie 17.14  
aanwen, aange..  
aanwend, aange..  
aanwensel of aanwensel, -s  
aanwysingsbord, -e  
aap, ape 16.1; 16.2  
aapsekos (*soort plant*), -se  
aapstert, -e 14.2  
aarbei, -e  
aard  
aard, ge-  
aardbaan of aardingsbaan,  
..bane  
aardbewing, -e of -s  
aarde  
aarde (*op dees – of op deeske –  
of op dese –*)  
aardig, -e  
aarding
- aardingsbaan of aardbaan,  
..bane  
aardingsklem, -me  
aardjie ('n – *na sy vaartjie*)  
aards, -e  
aarseling, -e  
aartappel of ertappel, -s  
aartappeloës, -te 17.12  
aartjie (*klein aar*), -s  
aartsbiskop, -pe  
aartsvyand, -e  
aarverkalking  
aas, ase  
aas, ge-  
aasvoël, -s  
aasvretend, -e  
ab, -te  
abaksiaal (*b.nw.*), ..siale  
abakus, -se  
abattoir, -s 18.2  
abba, ge- 11.23  
abbakaggel, -s  
abbakaros, -se  
abbaond, -e  
abbreviatuur, ..ture  
ABC-boek, -e  
Abchasies (*taalbenaming*)  
abdas neem (*Islamities*) (*rituele  
was*), geneem  
abdikasie, -s  
abdis, -se  
abdomen, -s of ..mina  
abdominaal, ..nale  
abdominoskopie  
abdy, -e  
aberrasie, -s  
abiekwa, -s, of abiekwaboom  
of abiekwasboom, ..bome,  
of abiekwageelhout of abie<sup>s</sup>  
kwasgeelhout, -e  
abiekwahout of abiekwas<sup>s</sup>  
hout ('n pyl en boog van –)  
abissaal, ..sale  
AB-jab  
abjater, -s  
ablatief (*s.nw.*), ..tiewe
- ablaut  
ablautreeks, -e  
abnormaal, ..male; ..maler, -ste  
abnormaliteit, -e  
aboraaal, ..rale  
aborsie, -s  
abortief, ..tiewe  
abortus, -se  
abragiaat, ..giate  
abrakadabra  
abrup, -te  
abruptheid  
abseil, ge- 18.4 opm.  
absensie, -s  
absent (*afwesig*), -e  
absenteer, ge-  
absenteïsme  
abses, -se  
absint (*likeur*)  
absintien  
absis (*boukunde; wiskunde*), -se  
absolusie, -s  
absolutisme  
absoluut, ..lute; ..luter, -ste  
absorbeer, ge-  
absorpsie  
abstraheer, ge-  
abstrak, -te  
abstraksie, -s  
abstraktheid  
absurd, -e  
absurditeit, -e  
abus (*per –*)  
a cappella  
a cappella-sang  
achilleshiel of agilleshiel  
achillies of agillies, -e ('n –  
*swakplek*) 9.25 (b)  
achromasie  
achromaties, -e  
achromatisme  
acre (*oppervlaktemaat*), – of -s  
acta  
activa (– *en passiva*)  
Actuarius Synodi  
adagio (*s.nw.*), -s 18.2

- adagio (*bw.*) 18.2  
 adaksiaal, ..siale  
 adamsappel, -s  
 adamsgeslag  
 adamskant (*van* -)  
 adaptasie, -s  
 adapteer, ge-  
 addendum, -s *of* ..da  
 adder, -s 9.7  
 addisie, -s  
 addisioneel, ..nele  
 additief (*s.nw.; b.nw.*), ..tiewe  
 adel (*die* -) 16.14  
 adel, ge-  
 adelaar, -s  
 adelbors, -te  
 adellik, -e  
 ademloos, ..lose  
 adenoïed (*s.nw.; b.nw.*), -e  
 adenoom, ..nome  
 adhesie, -s  
 ad hoc 18.2  
 ad hoc-komitee, -s 12.4  
 adiabaties, -e  
 adieu (*s.nw.*), -s  
 adieu (*tw.*)  
 ad infinitum  
 adinool 9.18  
 adjektief, ..tiewe  
 adjektiveer, ge-  
 adjektiewies, -e 11.15  
 adjudant, -e  
 adjudant-generaal, adju-  
 dante-generaal  
 adjudant-offisier, -e *of* -s  
 12.36; 13.12  
 adjunk, -te  
 adjunk- besturende direkteur  
*of* adjunk besturende direk-  
 teur, -e *of* -s 12.24  
 adjunkdirekteur, -e *of* -s  
 12.24 (a); 12.35  
 adjunk-direkteur-generaal,  
 adjunk-direkteure-generaal *of*  
 adjunk-direkteurs-generaal  
 12.37  
 adjunkhoofbeampte, -s 12.24 (b)  
 adjunkhoof- elektrotegniese  
 ingenieur *of* adjunkhoof  
 elektrotegniese ingenieur, -s  
 12.25 (b)  
 adjunkhoof- mediese be-  
 ampte *of* adjunkhoof me-  
 diese beampte, -s 12.24 (b)  
 adjunkhoofstads- elektro-  
 tegniese ingenieur *of* adjunk-  
 hoof-stads- elektrotegniese  
 ingenieur, -s 12.25 (b)  
 adjunkhoofstadsingenieur *of*  
 adjunk-hoofstadsingenieur,  
 -s 12.25 (b)  
 adjunkkommissaris, -se  
 adjunk mediese beampte *of*  
 adjunk- mediese beampte,  
 -s 12.24 (b)  
 adjunkminister, -s 12.35  
 adjunkpresident, -e 12.35  
 adjunk-regter-president,  
 adjunk-regters-president  
 12.37  
 adjunkspeaker, -s 12.35  
 administrasie, -s  
 administrateur, -s  
 administrateursbeker, -s 17.14  
 administratief, ..tiewe  
 administratiefreg  
 administrator, -e *of* -s  
 administreer, ge-  
 admiraal, -s  
 admiraliteit, -e  
 admissie-eksamen, -s  
 adolessensie  
 adolessent (*s.nw.; b.nw.*), -e  
 Adonis (*mitologie*) 9.25  
 adonis, -se 9.25  
 adopsie, -s  
 adopsionisme (*kerkterm*)  
 adopteer, ge-  
 adrenalien  
 adres, -se  
 adressaat (*aangesprokene*)  
 (*literêr*), ..sate  
 adresseer (*'n brief* -), ge- 1.9;  
 11.26  
 adsorbeer, ge-  
 adsorpsie  
 adsorptief, ..tiewe  
 ad valorem  
 Advent  
 Adventstyd  
 adverbiaal, ..biale  
 adverbium, -s *of* ..bia  
 advertteer, ge-  
 advertensie, -s  
 advies (*raad*) 11.13  
 advies (*soort dokument*), -e 11.13  
 adviseer, ge-  
 adviserend, -e  
 adviseur, -s 16.12  
 aërobies, -e (- *oefeninge*) 5.9 (a)  
 aërodinamies, -e  
 aërodinamika 5.9 (a)  
 aërogeen (*s.nw.; b.nw.*), ..gene  
 5.9 (a)  
 aërogram, -me 5.9 (a)  
 aërojel 5.9 (a)  
 aëroliet, -e 5.9 (a)  
 aërometer, -s 18.2  
 aëronoutika  
 aëroob (*s.nw.; b.nw.*)(*biologie*),  
 ..robe  
 aëroskoop, ..skope 5.9 (a)  
 aërosol, -s 5.9 (a)  
 af arm (*hy het 'n* -) 14.27 (b)  
 afarmsoldaat, ..date 14.26  
 afasie  
 afbeenskaap, ..skape  
 afbraak  
 afbreuk  
 af dag (*van stryk af; vry/vrye*  
*dag*), dae  
 afdank, afge.. 14.3; 14.48  
 afdraand, -e (*op die* - *pad*  
*wees*)  
 afdraand, -es *of* -s, *of*  
 afdraande, -s  
 afdryfsel, -s  
 afdrywingshoek, -e

- afent, afgeënt  
af en toe  
affair (*liefdesverhouding*), -s  
13.2 (e)  
affêre, -s 10.1; 11.13  
affiks, -e  
affiliaal, ..liale  
affiliasie, -s  
affilieer, ge-  
affineerdery, -e  
affiniteit, -e  
affodil, -le 16.13  
affrikaat, ..kate  
affront, -e  
affronteer, ge-  
affuit, -e  
afgaan (*soort hond*), ..gane, of  
afghaan, ..ghane  
afgaan, afge..  
afgebaken, -de  
afgedaan, ..dane  
afgedank, -te  
afgedankste ('n – *loesing*)  
afgeëts, -te  
afgegiet, -e  
afgeknot, -te  
afgelas, -te  
afgelas, het –  
afgelasting, -e of -s  
afgelê, -de of afgelegde  
afgeoes, -te  
afgeskeidene, -s  
afgesonder, -de, of afgeson-  
derd, -e  
afgesper, -de  
afgestorwe, –  
afgestorwene, -s  
afghaan (*soort hond*), ..ghane,  
of afgaan, ..gane  
afgod, -e  
afgodery  
afgodies, -e  
afgodstempel, -s  
afgrylik, -e  
afhaak, afge..  
aficionado, -s 18.4 opm.
- afjak, afge..  
afkalwe of afkalwer, afge..  
afkeer (*met –*)  
afkeer, afge..  
afkerig, -e  
afkeur, -e (*voorkeure en –*)  
afkeur, afge..  
afkeurenswaardig, -e 17.15  
afkeuring, -e of -s  
afknot, afge..  
afkoelvlak, -ke  
aflê, afgelê  
aflegging, -e of -s  
afleiding, -e of -s  
afleikanaal, ..nale  
afleipyp, -e  
afleweringswa, -ens  
aflosklerk, -e  
aflospersoneel  
afloswedloop, ..lope  
afname, -s  
af naweek (*vry/vrye naweek*),  
naweke  
afneming, -e of -s  
afoes, afge..  
afonie  
afonies, -e  
af oor (*die koppie het 'n – –*)  
afoorkoppie, -s  
aforisme, -s  
aforisties, -e  
Africana of Afrikana 18.3  
Afrikaan, ..kane  
Afrikaans (*taalbenaming*) 9.3; 9.11  
Afrikaans (*b.nw.*), -e 9.11 (b)  
Afrikaans-Engels, -e ('n –  
*woordeboek*)  
Afrikaans-Engels/  
Engels-Afrikaanse ('n –  
*woordeboek*) 12.7 (d)  
Afrikaanse onderwyser  
(*Afrikaanssprekende*  
*onderwyser*), -s  
Afrikaansgesind, -e  
Afrikaansmediumskool,  
..skole
- Afrikaansonderwyser (*onder-  
wyser van Afrikaans*), -s  
Afrikaansskrywend, -e  
Afrikaanssprekend, -e  
Afrikaanssprekende of  
Afrikaansspreker, -s  
Afrikaanstalig, -e  
Afrikabeleid  
Afrikana of Africana 18.3  
Afrikaner, -s  
afrikaner (*soort blom*), -s  
afrikaner, -s, of afrikanerbees,  
-te  
Afrikanerdom  
afrikanis, -te  
afrikanisasie 9.24  
afrikanisering 9.24  
afrikanisme, -s  
afrikanistiek  
Afrikataal, ..tale  
Afrikataalsprekende of  
Afrikataalspreker, -s  
Afro-Amerikaans, -e 14.20  
Afro-Amerikaner, -s  
afrodiet, -e  
afrodities, -e (*– skoonheid*)  
afrokkel, afge..  
Afrosentries, -e  
afset (*s.nw.*), -te  
afset, afge..  
afsetgebied (*ekonomie*), -e  
afsetset, -s  
afsetter (*skelm*), -s  
afsettingsgebied, -e  
afsit (*laat wegspring; van stryk*  
*bring*), afge..  
afsitter (*by atletiek*), -s  
afskaduwing, -e of -s  
afskei, afge..  
afskheidsgeskenk, -e 17.13  
afskuwelik, -e 16.17  
afstammeling, -e 16.17  
afstandonderrig of afstands-  
onderrig  
afstandsamestelling, -e of -s

## A

- afstandskompositum, -s of  
 ..ta  
 afstootlik, -e  
 aftandig of aftands, -e  
 aftob, afge..  
 aftrede of aftreding  
 aftree, afge.. 14.48  
 aftreeoord, -e  
 aftrek-kieslys, -te  
 aftreksom, -me  
 aftrekteken, -s  
 af tyd of af tydjie (*vry/vrye  
 tyd(jie)*), tye of tydjies  
 afval (s.nw.)  
 afval, afge..  
 afvyl, afge..  
 afwen, afge..  
 afwend, afge..  
 afwentel, afge..  
 afwisseling, -e of -s  
 ag (-*gee*)  
 ag, -s of -te, of agt, -e of -s  
 ag, ge-  
 agaat, agate  
 agapant, -e  
 agar-agar of agar  
 agawe, -s  
 agbaar, agbare  
 agdaeenebossie of agtdae=  
 genesbossie, -s  
 ageer, - of ge- 17.3  
 agenda, -s  
 agens, -e of agentia  
 agent, -e  
 agent provocateur, agents  
 provocateurs  
 ag en twintig of agt en twintig  
 of ag-en-twintig of agt-en-  
 twintig  
 ag-en-twintigste of agt-en-  
 twintigste (*die – dag*)  
 ag-en-twintigste of agt-en-  
 twintigste ('n –), -s  
 aggie, -s  
 agglomeraat, ..rate  
 agglutinasie, -s  
 agglutineer, ge-  
 agglutinin  
 aggregaat, ..gate  
 aggressie  
 aggressief, ..siewe; -er of  
 meer –, -ste of mees  
 ..siewe  
 aggressor, -s  
 aghoek of agthoek, -e  
 agie (*nuuskierige –*), -s 13.5  
 agierig, -e 16.8  
 agilleshiel of achilleshiel  
 agillies of achillies, -e ('n –  
*swakplek*) 9.25 (a)  
 agitatie, -s 11.17  
 agitator, -s  
 agiteer, ge-  
 agnaat, agnate  
 agnosties, -e  
 agnostikus, -se of ..tici  
 agnostisisme  
 agodsdienstig, -e  
 agoeja (*broer*), -s  
 agorafobie  
 agrafie  
 agrammatisme  
 agrariër, -s  
 agraries, -e  
 agretjie, -s  
 agroëkonomies, -e 12.2  
 agrofobie  
 agronomie  
 agronomies (*b.nw.*), -e  
 agronoom (*s.nw.*), ..nome  
 A-grooterts  
 AGS-pastoor, ..tore  
 agste of agtste ('n –), -s  
 agt, -e of -s, of ag, -s of  
 -te  
 agtdaeenebossie of  
 agdaeenebossie, -s  
 agtelosig of agterlosig, -e  
 agtenswaardig, -e 17.15  
 agt en twintig of ag en twin=  
 tig of agt-en-twintig of  
 ag-en-twintig  
 agt-en-twintigste of ag-en-  
 twintigste (*die – dag*)  
 agt-en-twintigste of ag-en-  
 twintigste ('n –), -s  
 agter 11.17  
 agteraan (*bw.*)(-*las*) 14.3 (e)  
 agter aan of agteraan (*voors.*)  
 (- – of -*die wa*) 14.3 (e)  
 agteraf (*b.nw.*), - ('n – *knoeiery*)  
 14.3 (e)  
 agter af (*bw.*)(*van – – kom*)  
 14.3 (e)  
 agteraf (*bw.*)(-*knoei*)  
 agter af of agteraf (*voors.*)  
 14.3 (e)  
 agteragterkleinkind, -ers  
 12.18 (a)  
 agterbanker, -s  
 agterblad, ..blaaie 14.3  
 agterbly, agterge.. 17.6  
 agterbuurt, -e, of agterbuurt,  
 -s  
 agterdeur, -e 14.3  
 agter een (- – *van die bome*)  
 agtereen (*sewe dae – gereën*)  
 agterent, -e  
 agterhaal, het – 17.1  
 agterkantse of agterkantste  
 agterkant toe  
 agterkleinkind, -ers  
 agterkom, agterge.. 14.48  
 agterlaat, agterge..  
 agterlosig of agtelosig, -e  
 agter mekaar (*in volgorde*)  
 agtermekaar (*in orde; soos dit  
 hoort*)  
 agtermiddae of agtermiddags  
 (*bw.*)  
 agternasit, agternage..  
 agteroor (-*leun*)  
 agtersetsel, -s  
 agterstaan, agterge..  
 agterstevoor, -; -der, -ste  
 agterstewe, -ns of -s  
 agtertoe 14.55  
 agteruitgaan (*agtertoe beweeg*;

- swakker/slegter word*), agter<sup>s</sup>  
 uitge..  
 agter uitgaan (*nie voor uitgaan*  
*nie*), uitgegaan  
 agtervoegsel, -s  
 agtervolg, het – 17.1  
 agterweë (*– bly/laat*)  
 agthoek of aghoek, -e  
 agtien of agttien  
 agtiende eeu of agttiende eeu  
 agtiende-eeus of agttiende-  
 eeus, -e  
 agtste of agste ('n –), -s  
 agt uur of ag uur (*tydsduur*)  
 agtuur of aguur (*tydstip; ontbyt*)  
 agurkie, -s 11.17  
 A-huis, -e  
 aikōna of aikona of haikōna  
 of haikona (*tw.*) 10.1; 18.23 *opm.*  
 air, -s  
 aits of aitsa (*tw.*)  
 a ja a (*tw.*)  
 akademie, -s  
 akademies, -e  
 akademies bevoeg, -de 14.47  
 akademiese en sportprestasie,  
 -s 12.38 (a)  
 akademikus, -se of ..mici  
 akasia, -s  
 akineties, -e  
 akkedis, -se 16.13  
 akker, -s  
 akkerboom, ..bome 9.7  
 akklamasie, -s  
 akklimatiseer, ge-  
 akkolade, -s  
 akkommodasie  
 akkoord, -e  
 akkordeer, ge-  
 akkordeon, -s  
 akkrediteer, ge-  
 akkumulator, -e of -s  
 akkuraat, ..rate; ..rater, -ste  
 akkusatief (*s.nw.; b.nw.*), ..tiewe  
 aknee  
 akoestiek (*die – van 'n saal*)  
 akoesties, -e  
 akoestika (*geluidsleer*)  
 akoliet, -e  
 akondiel, -e  
 akoniet, -e  
 akriel (*s.nw.*)  
 akrielhars, -e  
 akrilies (*b.nw.*), -e  
 akrobaat, ..bate  
 akrobaties, -e  
 akrodont, -e  
 akrofobie  
 akroniem, -e  
 akrostigon, -s  
 aks (*maat*), -e  
 aksent, -e  
 aksentuasie, -s  
 aksentueer, ge-  
 aksentuering, -e of -s  
 aksepteer, ge-  
 aksiaal, aksiale  
 aksie, -s  
 aksioma, -s of ..ta, of aksiom,  
 aksiome  
 aksiomaties, -e  
 aksiom, aksiome, of aksioma,  
 -s of ..ta  
 aksyns, -e  
 akte, -s  
 aktebesorger, -s  
 aktekantoor of akteskantoor,  
 ..tore  
 akteur, -s  
 aktief, aktiewe; aktiewer, -ste  
 11.12  
 aktinium  
 aktinomorf of aktinomorfies, -e  
 aktiveer, ge- 11.13 (c)  
 aktivis, -te 11.13  
 aktiwiteit, -e  
 aktrise, -s  
 aktualiteit, -e  
 aktuarieel, ..riële  
 aktuaris, -se 5.4  
 aktuarius, -se  
 aktueel, aktuele; aktueler, -ste  
 akuut, akute; akuter, -ste  
 akuutaksent, -e  
 akwaduk, -te  
 akwamaryn, -e  
 akwarel, -le  
 akwarellis, -te  
 akwarium, -s of ..ria 11.16  
 Akwarius  
 al (*bw.*)(*reeds*)  
 al (*telw.; vnw.*)(*die hele hoeveel-*  
*heid*) 4.1 (b)  
 alabama of alibama, -s  
 alarm, -s  
 Albanees (*taalbenaming*)  
 Albanees (*b.nw.*), ..nese  
 albaste fles of albasterfles, -se  
 albaster, -s  
 albastersak, -ke  
 albatros, -se  
 albe (*soort priesterkleed*), -s  
 albei  
 albino, -s 16.11  
 album, -s 13.3  
 albumien  
 alchemie  
 alchemies, -e  
 alchemis, -te  
 alchemisties, -e  
 al daar (*reeds daar*)  
 aldaar (*daar*)  
 al dae (*reeds dae; die enigste dae*)  
 aldag of aldae  
 aldehyd, -e 17.20  
 al deur (*reeds deur*)  
 aldeur (*voortdurend*)  
 al drie 14.39  
 al duideliker 14.47  
 aldus  
 ale (*soort bier*)  
 aleer  
 aleksandryn of alexandryn, -e  
 aleksie  
 al en klaar (*klaar en verby*)  
 alewig, -e  
 alfa (*die – en (die) omega*)  
 alfaam of halfaam, ..ame

- alfabet, -te 11.13  
 alfabeties, -e  
 alfabetiseer, ge-  
 alfanumeriek of alfanumeries,  
 -e  
 alfapartikel, -s  
 alg, -e 9.7  
 algaande (*gaandeweg*)  
 algar (*almal*)  
 algebraïes, -e  
 algebraïkus, -se of ..braici  
 algemeen aanvaar, -de 14.47  
 algemeen aanvaarbaar, ..bare  
 Algemene Kerkvergadering, -s  
 algemenepraktijkarea, -s 12.6  
 Algemene Sinode  
 algoritme, -s  
 al hier (*reeds hier*)  
 alhier (*hier*)  
 al hoe meer  
 alhoewel of hoewel  
 al honderd vier en twintig of al  
 honderd-vier-en-twintig of al  
 honderd vier-en-twintig 14.39  
 alias, -se  
 alibama of alabama, -s  
 alibi, -s; -tjie 16.4  
 aliëneer, ge-  
 alikreukel of alikruikel of ari<sup>s</sup>  
 kreukel of arikruikel, -s  
 alimentasie, -s  
 aline, -s  
 Al Kaïda of Al Qaeda of Al  
 Kaïda  
 alkali, -ë of -s 2.1; 5.10; 13.10; 13.10  
 (b); 13.29  
 alkalies, -e  
 alkaloïed (s.nw.; b.nw.), -e  
 alkant selfkant  
 alkant toe of alkante toe  
 al klaar  
 alkohol, -e  
 alkoholies, -e  
 alkoholis, -te  
 alla (tw.)  
 Allah  
 allamintig of allemintig  
 (b.nw.), -e  
 allamintig of allemintig (tw.)  
 al langer  
 al lank (*hy wag --*)  
 allawêreld of allewêreld (tw.)  
 alledaags, -e; -er of meer --, -ste  
 of mees -e  
 allee, alleë  
 alleen  
 alleenloper, -s 14.25  
 allegaartjie, -s  
 allegorie, -ë  
 allegories, -e  
 allegro (s.nw.), -s  
 allegro (bw.)  
 allemansgek  
 allemansvriend  
 allemintig of allamintig (b.nw.),  
 -e  
 allemintig of allamintig (tw.)  
 allenig  
 aller (in – haas/yl)  
 allerbeste  
 allergie, -ë  
 allergies, -e  
 allerhande  
 Allerheiliges (*kerkterm*)  
 allerlei  
 allerliefs, -te  
 Allersiele (*kerkterm*)  
 allerweë 17.15  
 alles  
 alles behalwe (buiten)(*hy het*  
 -- die pampoen geëet)  
 allesbehalwe (volstrek nie)(*ek*  
 was – tevrede daarmee)  
 allesins  
 allesomvattend of alomvat<sup>s</sup>  
 tend, -e 14.25  
 allewêreld of allawêreld (tw.)  
 alliansie, -s  
 aliasie, -s  
 allieer, ge-  
 allig  
 alligator, -s  
 alliterasie, -s  
 allitereer, ge-  
 allochtoon of allogtoon (b.nw.),  
 ..tone  
 allooi, -e  
 allotrofie  
 allotroop (s.nw.), ..trope  
 allotroop, ..trope, of  
 allotropies, -e  
 allotropie  
 all' unisono 2.17  
 allure, -s  
 alluviaal, ..viale  
 alluvium, -s of ..via  
 almal  
 almanak, -ke  
 al meer  
 almelewe  
 almiskie  
 Almoëndheid  
 al na (– die geval)  
 al om (– die huis/punt)  
 alombekend, -e  
 alomteenwoordig, -e  
 alomvattend of allesomvat<sup>s</sup>  
 tend, -e 14.25  
 aloue  
 alpakka, -s  
 alphonse lavallée (*soort druiwe*)  
 Alpyns, -e 9.21  
 Al Qaeda of Al Kaeda of Al  
 Kaïda  
 alreeds of reeds 14.52  
 als (alles) 2.15 (a)  
 als (*soort plant*), -e  
 alt, -e  
 altaar, altare  
 altans  
 al te (*reeds te*)  
 alte (*baie*)  
 alte maklik, -e  
 altemit of altemits 16.13  
 alter ego  
 alternatief (s.nw.; b.nw.), ..tiewe  
 altesaam of altesame  
 alte swaar

- al te veel (*reeds te veel*)  
 alte veel (*glad te veel*)  
 al te vol (*reeds te vol*)  
 alte vol (*glad te vol*)  
 altevol (*erg*)  
 altoos (*altyd*)  
 altruïs, -te 5.1  
 altruïsme  
 altruïsties, -e  
 al twee 14.39  
 al twintig 14.39  
 altyd  
 altyddurend, -e  
 aluin, -e 11.25  
 aluminium 16.22  
 alveolêr, -e  
 alveool, alveole  
 alvermoënd, -e  
 alvleesklier *of* alvleisklier, -e  
 alvorens  
 al weer 14.52  
 alwetend, -e  
 alwys, -e  
 alzheimersiekte  
 amaas *of* maas  
 Amabhokobhoko *of*  
 Amabokoboko  
 amalaita *of* malaita, -s 11.25  
 amalgaam, ..game  
 amalgameer, ge-  
 amandel, -s 16.14  
 amarant, -e  
 amaril (*soort gesteente*)  
 amarillis (*soort plant*), -se  
 amasone ('n *strydbare vrou*),  
 -s 9.25  
 Amasone (*mitologie*), -s 9.25;  
 11.20  
 amateur, -s  
 amateurbokser, -s 12.35 (a)  
 amateurspeler, -s 12.35 (a)  
 amatie (*tante*), -s  
 ambag, -te  
 ambagsman, -ne *of* ambagslui  
*of* ambagsmense 17.13  
 ambassade, -s  
 ambassadeur, -s  
 ambassadrise, -s  
 ambergrys  
 ambisie, -s  
 ambisieus, -e; -er *of* meer -,  
 -ste *of* mees -e 16.12  
 ambivalensie  
 ambivalent, -e  
 ambraal  
 ambrosia, -s  
 ambulans, -e  
 amebe, -s  
 ameboïed (*b.nw.*), -e  
 amegtig, -e  
 amelioratief, ..tiewe  
 amen  
 amendeer, ge-  
 amendement, -e  
 amerikaniseer, ge- 9.23  
 amerikanisme, -s  
 amerikanistiek  
 Amerindiaan, ..diane  
 Amerindiaans, -e  
 amerisium (*chemie*)  
 ametis, -se *of* -te  
 ametrie  
 ameublement *of* meublement  
*of* meublement  
 amfibie, -ê  
 amfibies, -e  
 amfibool, ..bole  
 amfibrag, -ge  
 amfibraggies, -e  
 amfideties, -e  
 amfiseel, ..sele  
 amfistiel, -e  
 amfiteater, -s  
 amfoor, amfore, *of* amfora,  
 -s 16.1  
 Amhaars *of* Amharies (*taal-  
 benaming*)  
 amicus curiae, amici curiae  
 amien, -e 17.20  
 amiloplas, -te, *of* amiloplast, -e  
 ammeter (*ampèremeter*), -s  
 ammoniak  
 Ammoniet (*lid van 'n bevol-  
 kingsgroep*), -e  
 ammoniet (*fossielkulp*), -e  
 ammonium  
 ammunisie  
 ammunisieopslagplek, -ke  
 amnesie  
 amnestie  
 amok (- *maak*)  
 amoreel, ..rele 12.2 (d)  
 amoreus, -e 18.1  
 amorf *of* amorfies, -e  
 amorfisme  
 amortisasie, -s  
 amp, -te  
 amper  
 amper-Bosveld 12.13  
 ampère, - *of* -s 7.11 (a)  
 ampèremeter (*ammeter*), -s  
 ampersand (*die teken &*), -e  
 amplitude, -s  
 ampsdraer, -s  
 ampseed, ..ede  
 ampshalwe 17.15  
 ampsweë (*van* -) 17.15  
 amptelik, -e  
 ampteloos, ..lose  
 amptenaar, ..nare  
 amptenaarsmentaliteit  
 amptenary  
 ampul, -le, *of* ampulle, -s  
 amputasie, -s  
 amputeer, ge-  
 amputering, -s  
 amulet, -te  
 amusant, -e  
 amuseer, ge-  
 anaal (*m.b.t. die anus*), anale  
 anabaptis (*iemand wat die  
 kinderdoop verwerp*), -te  
 anaboom, ..bome  
 anachronisme *of*  
 anakronisme, -s  
 anachronisties *of*  
 anakronisties, -e  
 anaërobies, -e



- anaërobiose  
 anaëroob (s.nw.; b.nw.), ..robe  
 anafoor, ..fore, of anafora, -s  
 anagram, -me  
 anaklinaal, ..nale  
 anakoloet, -e  
 anakoloetie  
 anakoloeties, -e  
 anakronisme of anachronisme,  
 -s  
 anakronisties of anachronisties,  
 -e  
 analfabeet, ..bete  
 analfabeties, -e  
 analfabetisme  
 analis, -te, of analitikus, -se  
 of ..tici  
 analise, -s  
 analiseer, ge-  
 analities, -e  
 analitikus, -se of ..tici, of ana-  
 lis, -te  
 analogie, -ë  
 analogies, -e  
 analogon, -s of ..ga  
 analoog, ..loë  
 anamorfose, -s  
 anapes, -te  
 anaplasma  
 anargie  
 anargis, -te  
 anatema, -s  
 anatomie  
 anatomies, -e  
 anatomiseer, ge-  
 anatoom (s.nw.), ..tome  
 anatroop (b.nw.), ..trope  
 andalusiet  
 andante  
 ander <sup>11.4</sup>  
 ander dag ('n/die --, 'n/die  
 volgende dag/keer)  
 anderdag (later; onlangs)  
 anderdagmôre of anderdag-  
 more (die -)  
 anderhalf ('n -)
- anderhalf dag of anderhalwe  
 dag  
 ander kant (aan die --)  
 anderkant (- die berge; hy  
 staan -)  
 anderkantse of anderkantste  
 ander kant toe (die bootjie  
 dryf na die -- -)  
 anderkant toe (- - kyk)  
 ander land ('n --)  
 anderland (die buiteland)  
 andermaal  
 ander man ('n --)  
 anderman (dis - se goed)  
 andermansgoed  
 anders  
 andersdenkend, -e <sup>14.47</sup> opm.  
 andersdenkende, -s  
 andersins  
 andersom <sup>14.3</sup>  
 andersoortig, -e  
 anderstalig of andertalig, -e  
 anderstalige of andertalige, -s  
 andersyds  
 Andies, -e (- plantegroei)  
 andoelie, -s  
 androgeen, ..gene  
 androïed (s.nw.; b.nw.), -e  
 androsentries, -e  
 androsentrisme  
 andyvie  
 a nee a (tw.)  
 anekdote, -s  
 anekdoties, -e  
 anemie  
 anemies, -e  
 anemometer, -s  
 anemoon, ..mone  
 anestesia  
 anesthesiologie  
 anestetikum, -s of ..ka  
 aneurisme, -s  
 angelier, -e  
 Angel-Saksies of Anglo-  
 Saksies, -e <sup>14.20; 14.21</sup>  
 angina
- angioplastie of angioplastiek  
 (verwyding van 'n slagjaar)  
 angiosperm, -e of -s of -a  
 Anglikaan (lid van kerk),  
 ..kane  
 Anglikaans, -e  
 anglise (kenner van Engels), -te  
 angliseer, ge-  
 anglisering <sup>9.24</sup>  
 anglisme, -s <sup>1.11; 9.20</sup>  
 anglisisties, -e <sup>9.20</sup>  
 anglistiek  
 Anglo-Amerikaans, -s <sup>9.21</sup>  
 Anglo-Boereoorlog <sup>9.3</sup>  
 anglofobie  
 anglofoob, ..fobe  
 Anglo-Fries (taalbenaming)  
<sup>14.20</sup>  
 anglomaan, ..mane  
 anglomanie  
 Anglo-Normandies <sup>14.20</sup>  
 Anglo-Saksies of Angel-  
 Saksies, -e <sup>14.20; 14.21</sup>  
 angora, -s <sup>1.11</sup>  
 angorabok, -ke <sup>18.5</sup>  
 angoraooi, -e  
 angs, -te  
 angsblik, -ke <sup>11.28</sup> (a)  
 angstig, -e  
 anhidried, -e  
 anhidriet  
 animeer, ge-  
 animositeit, -e  
 anioon, anione  
 aniset  
 anisodont, -e  
 anisotroop, ..trope, of  
 anisotropies, -e  
 anker, -s  
 anker, ge-  
 ankertou, -e <sup>14.3</sup>  
 anlaut  
 anna (muntstuk), -s  
 annale (jaarboeke)  
 anneks, -e  
 anneksasie, -s

- annekseer, ge-  
 annoteer, ge-  
 annuïteit, -e  
 annuleer, ge-  
 anode, -s  
 anofelesmusket, -e  
 anomaal, ..male  
 anomalie, -ë  
 anoniem, -e 16.8; 16.10  
 anonimiteit 16.12  
 anonimus, -se  
 anoreksie *of* *anorexia of ano-*  
*rexia nervosa*  
 anorekties, -e  
 anorganies, -e  
 ansjovis, - *of* -se  
 antagonis, -te  
 antagonisties, -e  
 Antarkties, -e  
 Antarktika  
 antebraagiaal *of* *antibragiaal*,  
 ..giale  
 antebraagium *of* *antibragium*,  
 -s *of* ..bragia  
 antedateer, ge- 12.2 (d)  
 antediluviaal, ..viale, *of* *ante-*  
*diluviaans*, -e  
 antenna *of* *antenne*, -s  
 antesedeer, ge-  
 antesedent, -e  
 antialles *of* *anti-alles*  
 antiapartheidsbeweging *of*  
*anti-apartheidsbeweging*, -s  
 antibakterieel, ..riële 12.2 (d)  
 antibioties, -e  
 antibiotikum, -s *of* ..ka  
 antibragiaal *of* *antebraagiaal*,  
 ..giale  
 antibragium *of* *antebraagium*,  
 -s *of* ..bragia  
 antichloor  
 Antichris (*die* -)  
 antidepressant, -e  
 antiek, -e  
 anti-Engels, -e 9.12  
 antiërosiemaatreël, -s  
 antifoon, ..fone  
 antiheld, -e  
 antiinflammatories, -e 5.1 (a);  
 12.1 (b)  
 antikiteit *of* *antikwiteit*, -e  
 antiklien, -e  
 antiklinaal, ..nale  
 antikwaar, ..kware  
 antikwariaat, ..riate  
 antikwaries, -e  
 antikwiteit *of* *antikiteit*, -e  
 antiloop, ..lope  
 antimakassar, -s  
 antimoon  
 anti-NAVO *of* *anti-Navo*  
 antinomie, -ë  
 antipatie, -ë  
 antipatiek, -e  
 antipode, -s  
 antipodies, -e  
 antiretroviraal, ..rale  
 antirevolusionêr *of* *anti-*  
*rewolusionêr*, -e  
 anti-RSA 12.10  
 antirumaties, -e  
 anti-Russies, -e 9.12; 12.13  
 antisemitisme 9.20  
 antisepties, -e  
 antiseptikum, -s *of* ..ka  
 antisipeer, ge-  
 antitese, -s  
 antiteties, -e  
 antixeroftalmies, -e  
 antoftalmies, -e  
 antologie, -ë  
 antoniem, -e  
 antonimie  
 antonomasia  
 antraks  
 antraseen  
 antrasiet  
 antropofaag, ..fae  
 antropofobie  
 antropologie  
 antropoloog, ..loë  
 antropomorfisme  
 antroposentries, -e  
 antwoord, -e  
 antwoord, ge-  
 anys 11.25  
 aoris, -te, *of* *aoristus*, -se  
 Apache, -s  
 apart, -e  
 apartheid  
 apaties, -e  
 aperiodisiteit  
 aperitief (*s.nw.*), ..tiewe  
 apodikties, -e  
 apofise, -s  
 apogee, ..geë, *of* *apogeum*, -s  
 apokalipties, -e  
 apokopee, -s  
 apokrief, ..kriewe  
 Apokriewe (*die* -)  
 apoloheet, ..gete  
 apologetiek  
 apologeties, -e  
 apopleksie  
 apoplekties, -e  
 apostaat, ..state  
 apostel (*dissipel*), -s  
 a posteriori  
 apostil, -le, *of* *apostille*, -s  
 (*kanttekening*)  
 apostolaat, ..late  
 apostolies, -e  
 apostroof, ..strowe  
 apotema, -s  
 apoteose, -s  
 apotipe, -s  
 apparaat, ..rate  
 apparaatuur (*hardeware*)  
 appèl (- *aanteken*), -le 8.1  
 appèlhof, ..howe  
 appelkooskonfynt 14.28 (a)  
 appelkoos uitrusting 14.28  
 appellant, -e  
 appelleer, ge- 11.26  
 appelliefie, -s  
 appelmringuetert, -e  
 appendiks, -e  
 appendisitis

**A**

- appersepsie  
 apperseptief, ..tiewe  
 apperspieer, ge-  
 appliek of appliekwerk 18.1  
 appliek of applikeer, ge- 18.1  
 applikant (*aansoeker*), -e  
 applikasie (*aansoek*), -s  
 applikee, -s  
 applikeer of appliek, ge-  
 appliseer (*aansoek doen*), ge-  
 apploudisseer, ge-  
 applous, -e  
 apporteer, ge-  
 apposisie, -s  
 apposisioneel, ..nele  
 approksimeer, ge-  
 April 9.3; 9.26  
 a priori, -s  
 a priori (*bw.*)  
 apriories of aprioristies, -e  
 a priori-stelling, -e of -s 12.4  
 aprioristies of apriories, -e  
 apropos  
 apsis (*boukunde; astronomie*),  
 -se  
 apteek, apteke  
 apteker, -s  
 aptekerintern, -e of -s  
 aptyt  
 aptytwekker, -s 7.12  
 arabesk, -e  
 arabicakoffie  
 arabier (*soort perd*), -e  
 Arabies (*taalbenaming*)  
 Arachnida of Aragnides  
 aragnied, -e  
 aragnitis  
 aragnofobie  
 aragnofobies, -e  
 aragnofob, ..fobe  
 aragnoied (*s.nw.; b.nw.*), -e  
 arak (*rysbrandewyn*)  
 Arameër, -s  
 Aramees (*taalbenaming*)  
 Aramees (*b.nw.*), ..mese  
 ararot  
 arbei, ge-  
 arbeid  
 Arbeider (*partyid*), -s  
 arbeider (*werker*), -s  
 Arbeiderparty of  
 Arbeidersparty 9.9  
 arbeiderstand  
 arbeiderswoning, -s  
 arbeidsgeskil, -le 17.13  
 arbeidsintensief, ..siewe  
 arbeidsonrus  
 arbeidsreg  
 arbeidsregtelik, -e  
 arbeidswetgewing 14.3  
 arbiter, -s  
 arbitrasie, -s  
 arbitreer, ge-  
 arbitrêr, -e; -der, -ste  
 arbovirus, -se  
 archimedes, -e (*- teorie*)  
 area (*gebied*), -s  
 arena, -s  
 arend, -e  
 arendsvlug, -te  
 areopagies, -e (*- regspraak*)  
 9.25 (b)  
 argaïes, -e  
 argaïsme, -s  
 argaïsties, -e  
 argeloos of argeloos, ..lose;  
 ..loser, -ste  
 argeologie  
 argeologies, -e  
 argeoloog, ..loë 5.1; 13.11  
 argetipe, -s  
 argetipies, -e  
 argief, ..giewe  
 argipel, -le of -s  
 argitek, -te  
 argitektonies, -e  
 argitektuur, ..ture  
 argitraaf, ..trawe  
 argivaal, ..vale, of argivalies, -e  
 argivalia  
 argivaris, -se 16.20  
 argiveer, ge-  
 argloos of argeloos, ..lose;  
 ..loser, -ste  
 argon  
 Argonout (*mitologie*), -e  
 argonout (*seedier*), -e  
 argument, -e  
 argumenteer, ge-  
 argwaan  
 aria (*musiek*), -s  
 Ariër, -s  
 aries, -e (*- ras*)  
 arig (*ongesteld; onvriendelik*), -e  
 arikaakbeentjie, -s  
 arikreukel of arikruikel of ali-  
 kreukel of alikruikel, -s  
 aristokraat, ..krate  
 aristokrasie, -ë  
 aristokraties, -e  
 aristoteliaans of aristotelies, -e  
 aritmeties, -e  
 ark, -e  
 arkade, -s  
 arm, -s  
 arm, -  
 armada, -s  
 armadil, -le  
 armlanke, -s  
 arme (*die - vent*)  
 arme, -s  
 Armeens (*taalbenaming*)  
 armsorg of armsorg  
 armlik, -e  
 armoede  
 armoedig, -e  
 armsalig, -e  
 armsorg of armesorg  
 arm vol, arms vol  
 aroena, -s  
 aroma, -s  
 aromaties, -e  
 aronskelk, -e  
 arpeggio, -s  
 arrangeer, ge-  
 arres  
 arrestant, -e  
 arrestasie, -s

- arrester, ge-  
 arrie (*tw.*)  
 arriewarrie (*tw.*) 12.17  
 arseen  
 arseensuur  
 arseer, – of ge-  
 arseerpen, -ne  
 arsenaal, ..nale  
 arseniet, -e  
 arsenig, -e  
 arsenigoksied  
 art. 21-maatskappy, -e 7.2  
 artefak, -te  
 arteriogram, -me  
 arteriosklerose  
 artesies, -e  
 Arthropoda of Artropode  
 arties (*uitvoerende  
 kunstenaar*), -te  
 artikel, -s 16.11; 16.14  
 artikel 21-maatskappy, -e  
 artikulasie, -s  
 artikuleer, ge-  
 artillerie  
 artilleris, -te  
 artisjok, -ke  
 artistiek of artisties, -e; -er of  
 meer –, -ste of mees -e  
 artistisiteit  
 artritis  
 artrose  
 arts, -e  
 artseny, -e  
 arturiaans, -e  
 Arturroman, -s  
 as, -se  
 asalea, -s 11.20  
 asbes  
 asbessement  
 asblik, -ke 14.2  
 asem, -s; -pie 15.10  
 asem, ge-  
 asembenemend (*asemro-  
 wend*), -e  
 asemhaal, asemge..  
 asemhaal oefening, -e of -s  
 asemhalingsorgaan, ..gane  
 asemloos, ..lose  
 asemrowend (*asembenemend*),  
 -e  
 asemskep, asemge.. 14.3; 14.49  
 asepsie of asepsis  
 asepties, -e  
 asetaat, ..tate  
 asetileen  
 asetoon  
 asfalt  
 asfalteer, ge-  
 asfalteer (*s.nw.*)  
 asfiksie  
 asgaai of assegaai, -e  
 asiditeit  
 asiel, -e  
 asimmetries, -e  
 asimptoot, ..tote  
 asimut  
 asinchroon, ..chrone, of asin<sup>o</sup>  
 kroon, ..krone  
 asindeties, -e  
 asindeton, -s of ..ta  
 asinkroon, ..krone, of asin<sup>o</sup>  
 chroon, ..chrone  
 asjas (*bv. kaartspel*), -se 1.12  
 askari, -s  
 askeet, askete  
 askese (*onthouding van sinlike  
 genot*)  
 asketies, -e  
 asketisme  
 asma  
 asmaties, -e  
 asmede  
 asof  
 asook  
 asosiaal, ..siale; ..sialer, -ste  
 12.2 (d)  
 aspaai  
 A-span, -ne 12.8; 14.5  
 aspek, -te  
 aspersie, -s  
 aspiraant, ..rate  
 aspirant, -e  
 aspirantkandidaat, ..date  
 12.35 (a)  
 aspirantleier, -s 12.35 (a)  
 aspirien, -e 17.20  
 Aspoester of Aspoestertjie  
 (*sprokieskarakter*)  
 aspoester of aspoestertjie (*soos  
 'n – behandel*), -s  
 aspris of aspres  
 asseblief  
 asseblief tog (*tw.*)  
 assegaai of asgaai, -e  
 asser (*Islamities*)(*gebedsbeurt*),  
 -s  
 asseseeer, ge-  
 asseseeerder, -s  
 assessering, -e of -s  
 assessor, -e of -s  
 assessorlid, ..lede 12.35  
 assimilasie, -s 16.11 opm.  
 assimileer, ge-  
 assistentdirekteur, -e of -s 12.35  
 assistent mediese beampte of  
 assistent- mediese beampte,  
 -s  
 assistentredakteur, -s 12.35  
 assistent-skrifa-kassier, -e of  
 -s 12.37  
 as sodanig  
 assonansie, -s  
 assosiaat, ..siale  
 assosiaatlid (*lid van 'n bepaal-  
 de rang in 'n professionele ver-  
 eniging*), ..lede  
 assosiasie, -s  
 assosieer, ge-  
 assosiëring  
 Assumpsie (*Maria-Assumpsie*)  
 assumpsie (*met mag van –*)  
 assuransie, -s  
 astasie  
 astaties, -e  
 as te of aste (*so nimmer – –  
 of – nooit; so nooit – – of –  
 nimmer*)  
 astenie

- aster, -s  
 asterisk, -e  
 asteroïed (*s.nw.*; *b.nw.*), -e  
 astigmatisme  
 astomaat, ..mate, *of* asto<sup>o</sup>  
   maties, -e  
 astraal, astrale  
 astragaal, ..gale  
 astrant, – *of* -e  
 astrografie  
 astrologie  
 astrologies, -e  
 astroloog, ..loë  
 astronomie  
 astronomies, -e  
Yokohama <i>of</i> Jokohama	Yokohamase <i>of</i> Jokohamase	Yokohamaer <i>of</i> Jokohamaer
Ysland	Yslandse	Yslander

<b>Pleknaam</b>	<b>Byvoeglike naamwoord</b>	<b>Inwoner</b>
Yukon	Yukonse	Yukonner
Yunnan	Yunnanse	Yunnanner
Zagreb	Zagrebse	Zagrebber
Zaire	Zairese	Zairees
Zambië	Zambiese	Zambiër
Zanzibar	Zanzibarse	Zanzibari
Zeeland of Seeland	Zeeuse of Seeuse	Zeeu of Seeu
Zimbabwe	Zimbabwiese	Zimbabwiër
Zürich	Zürichse	Züricher

**Transliterasietabel  
vir die Cyrilliese  
(Russiese) alfabet**

TRANSLITERASIE TABEL VIR DIE CYRILLIESE (RUSSIESE) ALFABET

'n Probleem waarmee taalpraktisyns soms te doen kry, is hoe om Russiese en ander Slawiese name wat hulle in die oorspronklike taal of in Engels teëkom, in Afrikaans weer te gee. In hierdie tabel word, benewens die skryfwyse van (gedrukte) Russiese letters, ook die betrokke uitspraak aangedui, sowel as die ooreenstemmende letter in Engels en Afrikaans. Heel regs in die tabel volg 'n aantal voorbeelde van sulke name in die Russiese, Engelse en Afrikaanse ortografie.

Russiese letter <sup>1</sup>	Fonetiese simbool	Engelse transliterasie	Afrikaanse transliterasie	Voorbeeld: Russies	Voorbeeld: Engels	Voorbeeld: Afrikaans
А, а	a	A, a	A, a	Антонов Поганкино	Antonov Pogankino	Antonof Pogankino
Б, б	b	B, b	B, b	Бородин Колбасин	Borodin Kolbasin	Borodin Kolbasin
В, в	v	V, v	W, w; F, f <sup>2</sup>	Волков Владимир	Volkov Vladimir	Wolkof Wladimir
Г, г	g	G, g	G, g <sup>3, 4</sup>	Горбачёв Евгений	Gorbachov Yevgeniy	Gorbatsjof Jewgeni
Д, д	d	D, d	D, d	Дементьева Подгорск	Dyementyeva Podgorsk	Djementjewa Podgorsk
ДЖ, дж	dʒ	Dzh, dzh	Dj, dj	Джезказган	Dzhezkazgan	Dzjezkazgan
Е, е	je, e	Ye, ye; E, e	Je, je; E, e <sup>5</sup>	Ельцин Юрьев	Yeltsin Yuryev	Jeltsin Joerjef
Ё, ё	jo, o	Yo, yo; O, o	Jo, jo; O, o <sup>6</sup>	Ёлкино Пётр	Yolkino Pyotr	Jolkino Piotr
Ей, ей <sup>7</sup>	ei	Ey, ey	Ei, ei	Алексей Дорофей	Alexey Dorofey	Aleksei Dorofei
Ж, ж	ʒ	Zh, zh	Zj, zj	Живаго Надежда	Zhivago Nadyezhda	Zjiwago Nadjezjda
З, з	z	Z, z	Z, z	Захар Звёздный	Zakhar Zvyozdny	Zachar Zwozdni
И, и <sup>8</sup>	i	I, i	I, i	Игорь Иринушка	Igor Irinushka	Igor Irinoesjka
Й, й	j	Y, y	J, j; I, i <sup>9, 10</sup>	Йошкар-Ола Бийск	Yoshkar-Ola Biyisk	Josjkar-Ola Bijisk
К, к	k	K, k	K, k <sup>11</sup>	Кузнецова Фокин	Kuznetsova Fokin	Koeznetsowa Fokin
Л, л	l	L, l	L, l	Леонид Михаил	Leonid Mikhail	Leonid Michail



Russiese letter <sup>1</sup>	Fonetiese simbool	Engelse transliterasie	Afrikaanse transliterasie	Voorbeeld: Russies	Voorbeeld: Engels	Voorbeeld: Afrikaans
М, м	m	M, m	M, m	Мирослав Кольма	Miroslav Kolyma	Miroslaf Kolima
Н, н	n	N, n	N, n	Николаев Савино	Nikolayev Savino	Nikolajef Sawino
О, о	o	O, o	O, o	Грозный Охотск	Grozniy Okhotsk	Grozni Ochotsk
П, п	p	P, p	P, p	Прокофьев Ставрополь	Prokofiev Stavropol	Prokofief Stawropol
Р, р	r	R, r	R, r	Романов Высокогорск	Romanov Vysokogorsk	Romanof Wisokogorsk
С, с	s	S, s	S, s <sup>12</sup>	Солженицин Бирск	Solzhenitsyn Birsk	Solzenitsin Birsk
Т, т	t	T, t	T, t	Татьяна Толстой	Tatyana Tolstoy	Tatjana Tolstoi
У, у	u	U, u	Oe, oe	Уржум Тимур	Urzhum Timur	Oerzjoem Timoer
Ф, ф	f	F, f	F, f	Фёдор Корфу	Fyodor Korfu	Fjodor Korfoe
Х, х	x	Kh, kh	Ch, ch <sup>12</sup>	Харитон Сахалин	Khariton Sakhalin	Chariton Sachalin
Ц, ц	ts	Ts, ts	Ts, ts	Цецилия Кузнецова	Tsetsiliya Kuznetsova	Tsetsilija Koeznetsowa
Ч, ч	tʃ	Ch, ch	Tj, tj	Чехов Григорович	Chekhov Grigorovich	Tsjechov Grigorowitsj
Ш, ш	ʃ	Sh, sh	Sj, sj	Шадрин Пушкин	Shadrin Pushkin	Sjadrin Poesjkin
Щ, щ	ʃtʃ	Shch, shch ʃ	Sjtsj, sjtsj	Щедрин Роцинский	Shchedrin Roschinskiy	Sjtsjedrin Rosjtsjinski
Ы, ы <sup>13</sup>	j, i	Y, y	I, i	Ыныкчанский Давыдов	Ynykchanskiy Davidov	Iniktsjanski Dawidof
Ь, ь <sup>14</sup>	Versagter	Laat weg	Laat weg	Есфирь Ольга Леонтьева	Yesfir Olga Leontyeva	Jesfir Olga Leontjewa
Э, э	ε	E, e	E, e	Элиста Мэлор	Elista Melor	Elista Melor
Ю, ю	ju	Yu, yu	Joe, joe	Юри Людмила	Yuri Lyudmila	Joeri Ljoedmila
Я, я	ja	Ya, ya	Ja, ja	Ярослав Бурянский	Yaroslav Buryansk	Jaroslaf Boerjansk

VOETNOTE

1. Die Russiese vokaalletters is а, е, ё, и, о, у, ы, ю, э, я.
2. Die letter *f* word gebruik wanneer в aan die einde van 'n lettergreep staan (byvoorbeeld in *Gorbatsjof*) en ook voor 'n stemlose konsonant (byvoorbeeld in *Ostrowski*). In ander gevalle skryf ons *w*, soos in *Prawda*, *Swetlanof*, *Iwanowa*, ensovoorts. Die letter *w* word gebruik wanneer в aan die begin van 'n lettergreep staan (byvoorbeeld *Wolga*).
3. Let op dat die *g* in Afrikaans hier die klankwaarde "gh" soos in *gholf* het (ons spel dus *Gagarin*, en nie \**Ghagarin* nie).
4. In die genitiefuitgange -его en -оро word г as *w* (in Afrikaans) en *v* (in Engels) geskryf.
5. Die letter *e* word aan die begin van 'n lettergreep, asook ná enige Russiese vokaalletter, en ná ь as "jê" uitgespreek, byvoorbeeld die persoonsname *Jeltsin* (Елцин), *Jelena* (Елена).
6. Die Russiese letters е en ё word beide as [ɔ] uitgespreek en in Engels en Afrikaans as *o* getransliterer ná ж, ч, ш en щ.
7. Die letterkombinasie еи (*ei* in Afrikaans) verteenwoordig nie 'n diftong nie, maar twee lettergrepe.
8. и = *ji* ná ь.
9. й = *i* aan die einde van 'n lettergreep, asook tussen Russiese vokaalletters en Russiese konsonantletters.
10. 'n Algemene reël vir die gebruik van die Afrikaanse letters *i* of *j* in vergelyking met die *y* in Engels is die volgende: In die plek van die Engelse transliterasievorm *y* word in Afrikaans *j* aan die begin van 'n lettergreep voor die vokaalletter, en *i* aan die einde van 'n lettergreep gebruik, soos in *Joeri*, *Katja*, *Gorki*, *Ljoedmila*.
11. Hoewel die kombinasie кс in Engels as *x* getransliterer word, behou ons in Afrikaans die kombinasie *ks*, soos in *Aleksei*.
12. Let op dat die "g"-klank in Afrikaans (soos in *gans*) hier deur *ch* weergegee word. Vergelyk voetnoot 3.
13. Die uitspraak soos in Afrikaans getransliterer, is 'n benaderde uitspraak. Hierdie letter word agter in die keel, soos 'n ontronde [u], uitgespreek.
14. Hierdie letter word as "j" uitgespreek voor *o*; andersins word dit nie uitgespreek nie. In effek word die konsonant daardeur gepalataliseer. Vergelyk egter voetnote 5 en 10.

**Omgangsafrikaans –  
Skryfriglyne**

## ORIËNTASIE

Skrywers wil dikwels in byvoorbeeld dialoog of ter wille van 'n bepaalde effek Omgangsafrikaans – dit wil sê die informele Afrikaans wat mense in die omgang met mekaar praat – gebruik in 'n stuk wat origens in Standaardafrikaans geskryf word. Dit kom ook toenemend in koerant- of tydskrifartikels voor wanneer joernaliste woorde-likes aanhaal wat iemand gesê het.

Omgangstaal kan uiteraard nie soos 'n standaardvariëteit bereël word nie. Nogtans gee die Taalkommissie hieronder enkele riglyne oor die spelling en skryfwyse van Omgangsafrikaanse woorde en uitdrukkings. Deur te kyk na hoe skriftelike Omgangsafrikaans in die praktyk voorkom, kon die Taalkommissie sekere beginsels abstraheer en op grond daarvan die riglyne formuleer.

Met die opname van hierdie skryfriglyne vir Omgangsafrikaans word egter nie te kenne gegee dat die Taalkommissie die gebruik van sulke woorde en uitdrukkings in Standaardafrikaans wil vestig of die gebruik daarvan aanbeveel nie.

Skrywers moet self besluit of hulle kursief of aanhalingstekens by sulke woorde of uitdrukkings in 'n andersins Standaardafrikaanse stuk wil gebruik, maar moet in gedagte hou dat aanhalingstekens, en in mindere mate kursief, soms by die leser 'n ander, onbedoelde indruk wek. Kyk in hierdie verband ook riglyn 6 hieronder.

**RIGLYN 1**

Die spelling van sommige Standaardafrikaanse woorde of groepe woorde word in Omgangsafrikaans aangepas sodat dit die uitspraak van 'n gebruiker of groep gebruikers weergee.

- ❑ *daai of darie (daardie)*  
*hierie (hierdie)*  
*waantoe (waarnatoe)*
- ❑ *kinnere (kinders)*  
*soevel of suffel (soveel)*  
*soller (solder)*
- ❑ *mouter (motor)*  
*stouf (stoof)*
- ❑ *Boeland (Boland)*  
*oep of oepe (oop)*  
*twie (twee)*  
*wies (wees)*
- ❑ *hoeganit? (hoe gaan dit?)*  
*hoesit? of hoezit? (hoe is dit? d.w.s. hoe gaan dit?)*

**RIGLYN 2** Sekere Omgangsafrikaanse woorde wat nie klaarbyklik aan Engels ontleen is nie of waarvan die etimologie nie andersins sonder meer duidelik is nie, word gespel op 'n wyse wat die uitspraak weergee.

ghoef (*swem*), geghoef  
 hanna-hanna (*nonsens praat*), gehanna-hanna  
 moewies (*tamaai, baie groot/erg*), moewiese  
 paap (*bang wees*), gepaap

**RIGLYN 3** Sekere Engelse woorde wat baie in die Afrikaanse spreektaal voorkom, word so gespel dat dit die Afrikaanse uitspraak daarvan weergee.

bleddie of blerrie of blêrie (*bloody*)  
 brekfis (*breakfast*)(s.nw.; ww.)  
 gekrokke (*crooked*)  
 krok (*crook*)  
 orraait of orrait (*all right*)  
 oukei (*OK of okay*)  
 trok (*truck*)



#### OPMERKING

Skrywers moet daarop let dat die verafrikaansing van die spelling van 'n Engelse of andertalige woord dikwels 'n element van humor, spot, kleinering of platheid meebring wat nie noodwendig in die gebruik van die woord as sodanig geleë is nie. Die onveranderde gebruik van byvoorbeeld **bicycle** of **Empire** het dus dikwels 'n ander emotiewe waarde as 'n verafrikaansing tot **baisiekel** of **baiesukkel** en **Empaaiër**.

**RIGLYN 4** Indien 'n Engelse woord sonder spellingverandering in 'n Afrikaanse teks gebruik word en in sekere sinsverbande Afrikaanse woorddele (morfeme) bykry asof dit 'n gewone Afrikaanse woord is, word die Afrikaanse woorddele sonder koppelteken vas aan die oorgeneemde woord geskryf, tensy 'n koppelteken om bepaalde redes vereis word.

- ❑ act, geact  
     budget, gebudget  
     coach, gecoach
- ❑ aanpass, aangepass  
     opfix, opgefix
- ❑ nice, nicer  
     sexy, sexiër
- ❑ amazing, amazingste  
     cool, coolste

- ❑ opdress, opgedressde *of* opgedresste  
pose, geposede
- ❑ afshow, afshowerig, afshowerige  
nice, nicerig, nicerige  
*maar*
- ❑ explain, ge-explain *of* geëxplain  
impress, ge-impress *of* geïmpress
- ❑ useless, useless-ste *of* uselesste

**RIGLYN 5**

Sekere Engelse of andertalige uitdrukkings word heeltemal of gedeeltelik verafrikaans, of bestaan uit tipies Afrikaanse sowel as tipies Engelse woorde.

boots en all *of* boots en al  
fair en square  
finish en klaar  
gecollar en getie *of* gekoller en getaai  
gepoeier en gepaint

**RIGLYN 6**

Indien kursief of aanhalingstekens by Omgangsafrikaanse woorde of uitdrukkings gebruik word, word die hele woord of uitdrukking gekursiveer of tussen aanhalingstekens geplaas en nie net 'n deel daarvan nie.

“Dit het gelyk of sy agter die stuurwiel *uitgepass* het,” het die ooggetuie gesê. (*nie uitge-pass nie*)  
Ons was behoorlik “gecollar en getie” vir die okkasie. (*nie ge-“collar” en ge-“tie” nie*)  
Van sy “fênklub”/fênklub/fanklub het deurnag tougestaan. (*nie “fên”-klub/fên-klub/fan-klub nie*)



**OPMERKING**

Skrywers moet daarop let dat die gebruik van aanhalingstekens, en in mindere mate kursief, soms vir die leser iets bykomends suggereer wat nie noodwendig in die gebruik van die woord as sodanig geleë is nie. Wanneer *fênklub* in bostaande sin byvoorbeeld tussen aanhalingstekens geplaas word, kan 'n leser moontlik 'n ironiese of sarkastiese waarde daaraan heg, terwyl die skrywer bloot wou aandui dat 'n Omgangsafrikaanse woord in 'n standaardtaalsin gebruik is.

# **Terminologielys**

**LET WEL**

Die volgende woordskrywings weerspieël slegs die betekenistoepassings soos dit in die *AWS* gebruik word.

**aanhefvorm**

'n Aanhefvorm is die inleidende woord of woorde wat gerig word tot 'n persoon of persone aan die begin van 'n brief, uitgeskrewe toespraak of dergelike teks, byvoorbeeld:

Geagte dr. Smit, Dames en Here, Heil die Leser, Liewe tannie Sarie

**anspreekvorm**

'n Anspreekvorm (ook **vokatief** genoem) is 'n naamwoord waarmee 'n spreker 'n hoorder aanspreek deur gebruik te maak van 'n titel, 'n eienaam, 'n titel plus eienaam, ensovoorts. Anspreekvorme word dikwels deur die spreker gebruik om die hoorder se aandag te verkry, byvoorbeeld:

**Jan**, jy moet my asseblief môre kom spreek.

**Mev. Fortuin**, sê asseblief vir ons hoe u die miljoen rand gewen het.

**Dokter**, dit is hierdie been wat seer is.

**Liefeling**, is jy ook hier?

**adjektief**

*kyk* BYVOEGLIKE NAAMWOORD

**affiks**

'n Affiks is 'n morfeem wat nie selfstandig (dit wil sê as 'n woord) kan optree nie en wat aan 'n stam of basis gevoeg word om dit af te lei of te verbuig. Daar word veral onderskei tussen 'n **voorvoegsel** (ook 'n **prefiks** genoem), wat voor aan 'n stam of 'n ander affiks gevoeg word (byvoorbeeld **bebou**, **geëet**, **heropbou**), en 'n **agtervoegsel** (ook 'n **suffiks** genoem), wat agter aan 'n stam of 'n ander affiks gevoeg word (byvoorbeeld **elektries**, **manlik**, **onherbergsaamheid**).

**affrikaat**

'n Affrikaat is 'n konsonant wat 'n baie hegte verbinding is van 'n eksplisief (**p**, **t**, **k**, **b**, **d**, **g** [g]) met 'n frikatief (**v**, **s**, **x**, **sj** [ʃ]). Die affrikaat [tʃ] kom voor in woorde soos *tjalie*, *tjank*, *tjek*, *tjello* en *tjop*, en die affrikaat [dʒ] kom voor in woorde soos *djannat*, *gentleman*, *jazz*, *jellie*.

**afleiding**

Afleiding dui op die proses (en die resultaat daarvan) waardeur voor- of agtervoegsels by 'n stam of basis gevoeg word om 'n komplekse woord te vorm, byvoorbeeld:



werk- + -er = werker

ver- + -silwer = versilwer

on- + -geverfde = ongeverfde

### afstandsamestelling

'n Afstandsamestelling is 'n verbinding waarin 'n selfstandige naamwoord 'n woordgroep bepaal wat uit 'n byvoeglike naamwoord of telwoord plus 'n selfstandige naamwoord bestaan, byvoorbeeld:

adjunk- eerste minister

hoof- uitvoerende beampte *of* hoof uitvoerende beampte

langtermyn- maatskaplike beplanning *of* langtermyn maatskaplike beplanning

stads- elektriese ingenieur

### afstandskoppelteken

Die koppelteken wat in afstandsamestellings gebruik word. (Let op dat 'n spasie ná 'n afstandskoppelteken moet volg.)

### agtersetsel

*kyk* SETSEL

### agtervoegsel

'n Agtervoegsel (ook **suffiks** genoem) is 'n affiks wat agter aan 'n stam of basis gevoeg word om dit af te lei of te verbuig, byvoorbeeld -ste in *slimste*, -ing in *verwerking* en -baar in *eetbaar*.

*Kyk ook* AFFIKS.

### akroniem

'n Akroniem (ook **letterklankwoord** genoem) is 'n bousel wat uit een of meer beginletters van twee of meer woorde, woorddele of lettergrepe saamgestel is en as 'n woord uitgespreek word, byvoorbeeld:

PanSAT uit **Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad**

PIN uit **persoonlike identiteitsnommer**

SARVU *of* Sarvu uit **Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie**

UNISA *of* Unisa uit **Universiteit van Suid-Afrika**

VIGS *of* vigs uit **verworwe immunitetsgebreksindroom**

*Kyk ook* LETTERNAAMWOORD.

### anglisisme

'n Anglisisme is 'n Engelse taalvorm (woord, uitspraakwyse of sinskonstruksie) wat in Afrikaans gebruik word, maar wat in stryd is met die Afrikaanse taalpatroon en 'n bestaande Afrikaanse vorm verdring, byvoorbeeld *\*ek myself was daar*, in plaas van die korrekte *ek was self daar*; en *\*hy moes agter die kinders kyk*, in plaas van die

korrekte hy moes die kinders oppas of hy moes na die kinders kyk. Nie alle gevalle van Engelse invloed is egter anglisisties nie, aangesien Afrikaans en Engels baie gemeenskaplike woorde bevat wat óf aan ander tale (byvoorbeeld Latyn en Frans) ontleen is, soos **garage** of **restaurant**, óf uit die Germaanse voorgeskiedenis van beide tale afkomstig is, soos **steak** of **Speaker**.

**artikel**

Met artikel word bedoel die lemma plus die geheel van die inskrywing wat by die lemma staan.

**attributief**

*kyk* BYVOEGLIKE NAAMWOORD

**basis**

'n Basis (ook **basisvorm** genoem) is enige deel van 'n woord wat as grondvorm optree vir die toevoeging van voor- of agtervoegsels. In die woord **ongelukkig** is **gelukkig** die basis, en in **gelukkig** is **geluk** die basis.

*Kyk ook* STAM.

**beklemtoning**

*kyk* KLEM

**bepaalde lidwoord**

*kyk* LIDWOORD

**betekenisverdigting**

Betekenisverdigting vind plaas wanneer 'n woordgroep met verloop van tyd 'n gespesialiseerde betekenis verkry wat verskil van die oorspronklike betekenis van die groep (dit wil sê die geheelbetekenis soos dit afgelei kan word op grond van die betekenis van die afsonderlike dele). Sulke vorme word op skrif voorgestel deur die dele vas aan mekaar te skryf, byvoorbeeld:

**donkerkamer** ('kamer vir die ontwikkeling van foto's') *teenoor* **donker kamer** ('kamer wat donker is')

**geelperske** ('soort taaipitperske') *teenoor* **geel perske** ('perske wat geel is')

**grootmens** ('volwassene') *teenoor* **groot mens** ('mens wat groot is')

**wildebees** ('soort bok') *teenoor* **wilde bees** ('bees wat wild is')

**breuknaam**

'n Breuknaam is die naam van 'n numeriese hoeveelheid wat nie 'n heelgetal is nie. Dit word gewoonlik uitgedruk as die verhouding tussen die teller (die getal wat bo-kant die horisontale lyn geskryf word) en die noemer (die getal wat onder die horisontale lyn geskryf word), byvoorbeeld:

(‘n) driehonderdste

(‘n) kwart

sewe-agstes *of* sewe-agtstes

(twee) vier-en-sestigstes

### **bynaam**

’n Bynaam is ’n naam wat (goedig) spottend aan ’n persoon toegeken word, gewoonlik op grond van ’n tipiese eienskap of kenmerk of ter onderskeiding, byvoorbeeld **Balletbeentjies**, Sannie **Grootlieg**, **Roopies**, **Vaatjie** Venter, **Vleis** van Zyl.

*Kyk ook* TOENAAM.

### **byvoeglike naamwoord**

’n Byvoeglike naamwoord (ook **adjektief** genoem) is ’n woord wat ’n eienskap aandui van die entiteit of handeling waarna ’n selfstandige naamwoord verwys, byvoorbeeld: groot, slim, ongelooflik, duur, ingewikkeld, ekonomies

Indien ’n byvoeglike naamwoord voor ’n selfstandige naamwoord staan (en dus deel van ’n naamwoordstuk vorm), tree dit **attributief** op, byvoorbeeld:

’n **ongelooflike** ervaring

die **duur** parfuum

Indien ’n byvoeglike naamwoord egter in ’n gesegde (predikaat) met ’n koppelwerkwoord as kern voorkom, tree dit **predikatief** op, byvoorbeeld:

Die berekening lyk **ingewikkeld**.

Hierdie waspoeier is nie **ekonomies** nie.

### **bywoord**

’n Bywoord is ’n woord wat by ’n werkwoord, ’n byvoeglike naamwoord, ’n ander bywoord (graadwoord), ’n sinsdeel, ’n bysin of ’n sin meer inligting gee oor plek, tyd, wyse, graad, rede, ensovoorts, byvoorbeeld hier, nou, blindelings, opsetlik, besonder, daarom.

*Kyk ook* GRAADWOORD.

### **deeltjiewerkwoord**

*kyk* SKEIBARE WERKWOORD

### **deelwoord**

*kyk* ONVOLTOOIDE DEELWOORD, VOLTOOIDE DEELWOORD

### **diakritiese teken**

’n Diakritiese teken is ’n skryfteken wat hoofsaaklik gebruik word om die uitspraak van bepaalde letters aan te dui. Die kappie (^), die deelteken (˘) en die aksenttekens (ˆ en ˙) is diakritiese tekens wat in Afrikaans gebruik word.

**dialekties**

'n Dialektiese woord of uitdrukking verskil van algemene of standaardtaalwoorde of -uitdrukkings deurdat die gebruik daarvan beperk is tot 'n sekere streek. So word die woord *komyn* ('tipe vuurherd met die skoorsteen aan die buitekant teenaan 'n gewelgebou') in veral die Overbergstreek aangetref; en *kanalla* ('asseblief') in veral die Wes-Kaap. **Dialek** word ook **streektaal** genoem.

**diftong**

'n Diftong (ook **tweeklank** genoem) is 'n opeenvolging van twee verskillende vokaalklanke (nie letters nie) wat sonder enige onderbreking uitgespreek word, byvoorbeeld [əi] soos in *rys*, [œy] soos in *huis*, [œu] soos in *gebou*, [a:i] soos in *laai*, [oi] soos in *prooi*, [eu] soos in *leeu*.

**direkte skakelwerkwoord**

*kyk* SKAKELWERKWOORD

**doeblette**

Doeblette is verskillende woorde wat uit dieselfde grondvorm ontwikkel het, maar wat verskil in spelling en (anders as wisselvorme) ook in betekenis, byvoorbeeld *dadelik* naas *dalk*, *klerikaal* naas *klerklik*, *teken* naas *teiken*.

**eienaam**

'n Eienaam is 'n spesifieke tipe naamwoord wat gebruik word om iemand of iets unieks te identifiseer en wat gewoonlik met 'n hoofletter begin, byvoorbeeld *Afrikaans*, *Gauteng*, *Jakobus*, *Krokodilrivier*, *Makwassie*, *Mbeki*. Eiename onderskei hulle van selfstandige naamwoorde (spesifiek soortname) veral deurdat hulle

- na enkele, unieke sake verwys;
- gewoonlik nie met die onbepaalde lidwoord ('n) gebruik kan word nie;
- gewoonlik nie in die meervoud gebruik kan word nie; en
- gewoonlik nie deur 'n byvoeglike naamwoord bepaal kan word nie.

Dieselfde onderskeid geld tussen eiename en selfstandige naamwoorde wat massanaamwoorde is, met die verskil dat massanaamwoorde (byvoorbeeld *seep*, *water*), wat gewoonlik ook nie met die onbepaalde lidwoord gebruik word nie, met 'n soortnaam in die meervoud kan kombineer (byvoorbeeld *koekies seep*, *glase water*).

*Kyk ook* MASSANAAMWOORD, SOORTNAAM, EIENAAMVERBLEKING.

**eienaamverbleking**

Eienaamverbleking behels die proses waardeur die verband met die persoon op wie, of die saak waarop, 'n eienaam betrekking het, dermate vervaag dat die gevolglike selfstandige naamwoord nie meer die kenmerke van 'n ware eienaam het nie en 'n verwysende of toespelende waarde en 'n soort- of massanaamwoordvormende funk-

sie verkry. 'n Eienaamverbleking begin meestal met 'n kleinletter. Voorbeelde is **bok**, **baaivyg**, **diesel**, **jobsgeduld**, **röntgenfoto**.

*Kyk ook* EIENAAM.

### **fonetiese teken**

'n Fonetiese teken (ook **klankteken** genoem) is 'n skryfteken wat tot die Internasionale Fonetiese Alfabet behoort en waarmee elke spraakklank uniek voorgestel kan word. Die eerste klank van die woord **werk** word byvoorbeeld met die fonetiese teken [v] voorgestel, en die laaste klank van die woord **bang** word met die teken [ŋ] voorgestel.

### **fonologie**

*kyk* KLANKSTELSEL

### **Formele Standaardafrikaans**

*kyk* STANDAARDAFRIKAANS

### **gelede woord**

*kyk* KOMPLEKSE WOORD

### **gelykvormigheidsbeginsel**

Die gelykvormigheidsbeginsel is die maatstaf waarvolgens die grondwoord en sy samestellings, afleidings en verboë of verbuigingsvorme (fleksies) so ver moontlik eenders gespel word. *Kyk ook* 1C en 2(2) van die afdeling GRONDBEGINSELS VAN DIE AFRIKAANSE SPELLING.

*Kyk ook* GRONDBEGINSEL.

### **Germaanse leenwoorde**

Germaanse leenwoorde is woorde wat ontleen is aan Germaanse tale.

*Kyk ook* ROMAANSE LEENWOORDE.

### **Germaanse tale**

Germaanse tale is tale van Germaanse herkoms, soos Afrikaans, Duits, Engels, Fries, Nederlands, Noors en Sweeds.

*Kyk ook* ROMAANSE TALE.

### **geslote sillabe**

*kyk* SILLABE

### **graadwoord**

'n Graadwoord is 'n soort bywoord wat 'n byvoeglike naamwoord kwalifiseer of beskryf. In 'n woordgroep soos **besonder gunstig** bepaal die graadwoord **besonder**

die byvoeglike naamwoord **gunstig** en in mins **belangrike** bepaal die graadwoord mins die byvoeglike naamwoord **belangrike**. In enkele gevalle kan graadwoorde ook naamwoorde bepaal, byvoorbeeld:

'n byna **eksklusief Zoeloe**-organisasie  
die **meer roetine**-aspekte van behandeling  
'n **effens suurlemoengeur**

### grondbeginsel

'n Grondbeginsel is 'n algemene uitgangspunt by die bepaling van die reëls vir die spelling en skryfwyse van woorde in Afrikaans. Die reël dat eiename in Afrikaans met 'n hoofletter geskryf word, is byvoorbeeld in ooreenstemming met die algemene grondbeginsel van die Afrikaanse spelling en skryfwyse dat die huidige spelling en skryfwyse van woorde in 'n hoë mate bepaal word deur die tradisie waarvolgens Standaardafrikaans gespel en geskryf word. Vir die onderskeie grondbeginsels van die Afrikaanse spelling, kyk die afdeling GRONDBEGINSELS VAN DIE AFRIKAANSE SPELLING.

### hooftelwoord

*kyk* TELWOORD

### hoofwerkwoord

'n Hoofwerkwoord is 'n soort werkwoord wat die kern van 'n sin se gesegde of werkwoordstuk (predikaat) uitmaak en gewoonlik nie uit die sin weggelaat kan word nie. Die volgende subtipes word onderskei:

- ❑ **Koppelwerkwoorde**: werkwoorde wat die onderwerp van die sin koppel aan 'n kenmerk van hierdie onderwerp, byvoorbeeld is (**was**), **lyk**, **word**, **bly**, **raak**.
- ❑ **Onoorganklike werkwoorde**: werkwoorde wat nie met 'n direkte voorwerp verbind nie, byvoorbeeld **val**, **slaap**, **werk**.
- ❑ **Onskeibare werkwoorde**: *Kyk* ONSKEIBARE WERKWOORD
- ❑ **Oorganklike werkwoorde**: werkwoorde wat met 'n direkte voorwerp verbind, byvoorbeeld **verslind**, **bewoon**, **besit**.
- ❑ **Refleksiewe werkwoorde** (ook **wederkerende werkwoorde** genoem): oorganklike werkwoorde wat gevolg word deur 'n refleksiewe (wederkerende) voor-naamwoord, byvoorbeeld **bemoei** (**hy bemoei hom**), **vererg** (**sy vererg haar**), **ontferm** (**hulle ontferm hulle**).
- ❑ **Skeibare werkwoorde**: *Kyk* SKEIBARE WERKWOORD
- ❑ **Voorsetselwerkwoorde**: werkwoorde wat heg met voorsetselstukke verbind, byvoorbeeld **hou** (**van + iets of iemand**), **sorg** (**vir + iets of iemand**), **twyfel** (**aan of oor + iets**).

### hoofwoord

*kyk* LEMMA

**hulpwerkwoord**

'n Hulpwerkwoord is 'n soort medewerkwoord wat saam met 'n hoofwerkwoord gebruik word vir die aanduiding van

- ❑ **tyd**: het
- ❑ **modaliteit** (wyse): sal (sou), kan (kon), moet (moes), wil (wou), hoef te en behoort te
- ❑ **vorm** (in lydende of passiefsinne): word, is

**idiolekties**

'n Idiolektiese woord of uitdrukking is kenmerkend van 'n spesifieke persoon en behoort nie altyd tot die standaardvorm van die taal nie.

**indirekte skakelwerkwoord**

*kyk* SKAKELWERKWOORD

**inkorting**

'n Inkorting is 'n korter woord wat uit 'n langer woord of woordgroep gevorm is, met inagneming van die gegewe morfologiese struktuur en met behoud van die betekenis van die oorspronklike woord of woorde, byvoorbeeld **derdeparty** < derdeparty-versekering; **faks** < faksimilee; **her** < hereksamen/hertoets/herevaluering; **sel** < sel-foon < sellulêre foon < sellulêre telefoon.

**klankgreep**

*kyk* SILLABE

**klankomgewing**

Die klankomgewing is die onmiddellike omgewing waarbinne spraakklanke ten opsigte van mekaar voorkom. Wanneer 'n **n** byvoorbeeld voor 'n **b** voorkom, word dit dikwels as **m** uitgespreek, soos in die woord **Stellenbosch**.

**klankstelsel**

Die klankstelsel (ook **fonologie** genoem) van 'n taal is die versameling onderskeidende klanke van daardie taal en die reëls vir die kombinering daarvan. Binne die klankstelsel van Afrikaans word stemhebbende, egte konsonante wat aan die einde van woorde voorkom, altyd stemloos uitgespreek, byvoorbeeld **land** word uitgespreek as [lant] en **rob** word uitgespreek as [rɔp]. Die klankstelsel van Afrikaans laat byvoorbeeld ook nie konsonantkombinasies soos [skr] en [bl] aan die einde van woorde toe nie.

**klankteken**

*kyk* FONETIESE TEKEN

**Klassieke woorde**

Klassieke woorde of woorde van Klassieke herkoms is woorde wat aan Klassieke Grieks of Latyn ontleen is, byvoorbeeld:

achillies of agillies, anoniem, genus, geologie, kohesie, kwaliteit, parasiet, sarkofaag, sintaksis, termodinamika, Xanthippe of xanthippe of Xantippe of xantippe.

*Kyk ook NIE-KLASSIEKE WOORDE.*

**klem**

Klem (ook **klemtoon** of **nadruk** genoem) is die relatiewe luidheid waarmee 'n sillabe van 'n woord uitgespreek word. In Afrikaans word daar gewoonlik net tussen sterk en swak klem onderskei. In 'n woord soos **departement** word die sillabe **-ment** sterk beklemtoon en dra dit dus die hoofklem, terwyl die sillabe **-par-** swak beklemtoon en **de-** en **-te-** onbeklemtoon is.

**klemtoon**

*kyk* KLEM

**klinker**

*kyk* VOKAAL

**kompleks**

*kyk* KOMPLEKSE WOORD

**komplekse taalbenaming**

*kyk* SAAMGESTELDE TAALBENAMING

**komplekse woord**

'n Komplekse woord (ook **kompleks** of **gelede woord** genoem) bestaan uit meer as een woorddeel of morfeem. So 'n woord kan tot een van die volgende subtypes behoort:

- ❑ **Afleiding:** bestaan uit 'n stam of basis en minstens een voor- of agtervoegsel, byvoorbeeld **ontwater** (voorvoegsel plus stam), **werking** (stam plus agtervoegsel).
- ❑ **Samestellende afleiding:** bestaan uit 'n voor- of agtervoegsel wat 'n woordgroep saambind tot 'n woord, byvoorbeeld **laatslaper**, **ondergronds**.
- ❑ **Samestellende samestelling:** 'n samestelling waarvan die bepalergedeelte bestaan uit 'n woordgroep van byvoeglike naamwoord of telwoord plus selfstandige naamwoord, byvoorbeeld **korttermynhulp** (**kort termyn** + **hulp**), **tweedevlakregering** (**tweede vlak** + **regering**), **tweetermynstelsel** (**twee termyn(e)** + **stelsel**), **veelvuldigekeusevraag** (**veelvuldige keuse** + **vraag**).
- ❑ **Samestelling:** bestaan uit minstens twee stamme, byvoorbeeld **denkproses**, **geelwortelsaad**, **tennisbaan**.



- **Woordgroepsamestelling:** 'n samestelling waarvan die bepalergedeelte bestaan uit 'n woordgroep van drie of meer woorde van verskillende woordsoorte, byvoorbeeld *laat-maar-loop-houding*.

### **konsonant**

'n Konsonant (ook **medeklinker** genoem) is 'n spraakklank wat gevorm word deur 'n volkome of 'n gedeeltelike onderbreking van of versperring in die lugstroom in of bo die strottehoof, met of sonder trilling van die stembande. Voorbeelde van konsonante is [k] soos in **kat**, [f] soos in **vrede**, [g] soos in **berge**, [m] soos in **motor**, [l] soos in **kalf** en [r] soos in **krieket**. Die skryftekens wat vir hierdie klanke staan, word konsonantletters genoem.

*Kyk ook* VOKAAL.

### **koppelwerkwoord**

*kyk* HOOFWERKWOORD

### **leenwoord**

'n Leenwoord is 'n woord wat aan 'n ander taal ontleen en nou deel van Afrikaans is, byvoorbeeld *abba* (Khoi); *baie* (Maleis); *confetti of konfetti, pizza* (Italiaans); *guerrilla* (Spaans); *indaba* (Zulu); *lapa* (Sotho); *speaker, krieket* (Engels); *kimono* (Japannees); *kitsch, leitmotief* (Duits); *mayonnaise* (Frans). Leenwoorde word soms met die oorspronklike spelling en uitspraak oorgeneem, byvoorbeeld *speaker* en *mayonnaise*, en in ander gevalle word aanpassings by die eie taalsisteem gemaak, byvoorbeeld *krieket* en *leitmotief*.

### **lemma**

'n Lemma (ook **hoofwoord** of **trefwoord** genoem) is enigeen van die woorde, woorddele of woordgroepe in 'n woordeboek, 'n woordelys en dergelike waarvoor daar bepaalde inligting gegee word. Die volgende uittreksel uit die WOORDELYS bevat die lemmas *hernuwe* en *hernuwing*:

*hernuwe of hernieu of hernu, het –  
hernuwing, -e of -s*

### **lettergreep**

'n Lettergreep is die kleinste kombinasie van letters waarin 'n woord volgens die spelling daarvan verdeel kan word met die oog op afbreking aan die einde van 'n reël. Elke lettergreep moet minstens een vokaalletter bevat. 'n Oop lettergreep eindig met 'n vokaalletter en 'n geslote lettergreep met 'n konsonantletter. **Lettergreep** word soms met **sillabe** verwar. Vergelyk die volgende voorbeelde:

<b>lettergreep</b>	<b>sillabe</b>
bord-jie	[bɔ:r-ci]
mas-sa	[ma-sa]

**letterklankwoord**

*kyk* AKRONIEM

**letternaamwoord**

'n Letternaamwoord is 'n afkorting wat as 'n woord gebruik word en volgens die alfabetname van die letters uitgespreek word, byvoorbeeld:

DBV (Dierebeskermingsvereniging)

LBS (lopende betaalstelsel)

PVA (polivinielalkohol)

VN (Verenigde Nasies)

WNNR (Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad)

*Kyk ook* AKRONIEM.

**lidwoord**

'n Lidwoord staan voor 'n selfstandige naamwoord om daaraan bepaaldheid of onbepaaldheid te verleen. Die bekendste twee lidwoorde in Afrikaans is die **bepaalde lidwoord** *die* en die **onbepaalde lidwoord** 'n. Daar is ook ander lidwoorde in Afrikaans soos *des* in 'n kind *des* doods en *der* in *in der* minne *skik*.

**massanaamwoord**

'n Massanaamwoord is 'n tipe selfstandige naamwoord wat verwys na sake of materiaal wat as 'n ondeelbare massa (wat ook abstrak kan wees) beskou word en dus nie in los, telbare eenhede voorkom nie, byvoorbeeld *lug, grond, water, weer, haat, vriendelikheid*.

*Kyk ook* EIENAAM, SELFSTANDIGE NAAMWOORD, SOORTNAAM.

**medeklinker**

*kyk* KONSONANT

**medewerkwoord**

'n Medewerkwoord is enige werkwoord wat saam met 'n hoofwerkwoord in 'n sin optree. In Afrikaans is daar verskillende soorte medewerkwoorde, byvoorbeeld **hulpwerkwoorde** en **skakelwerkwoorde**. In byvoorbeeld *Die koor het gesing* is **het** 'n hulpwerkwoord en in *Die koor het begin sing* is **begin** 'n skakelwerkwoord.

*Kyk ook* HULPWERKWOORD, SKAKELWERKWOORD

**metrieke simbool**

'n Metrieke simbool is enige skryfteken of kombinasie van tekens wat 'n metrieke eenheid voorstel, byvoorbeeld **Hz** (hertz), **km** (kilometer), **ℓ** (liter), **m** (meter) en **Ω** (ohm).

**morfeem**

'n Morfeem is die kleinste betekenisvolle of funksionele woorddeel (stam of affiks) wat in 'n taal voorkom. Die woord **verwerking** bestaan byvoorbeeld uit die morfeme *ver-*, *-werk-* en *-ing*.

**morfologiese wisseling**

Morfologiese wisseling is die vormlike wisseling wat 'n morfeem in verskillende woorde kan ondergaan, byvoorbeeld:

**skip-** (skipper), **-skeep** (verskeep) en **skeeps-** (skeepswrak)  
**-ling** (saailing) en **-eling** (dopeling)

**naam**

*kyk* EIENAAM, PERSOONSNAAM, PERSOONSEIENAAM

**naamwoord**

'n Naamwoord is 'n woord wat tot een van die volgende kategorieë behoort:

- ❑ **Eienaam** (dit wil sê 'n unieke verwysing), byvoorbeeld **Jan, Botha, Pretoria**.
- ❑ **Selfstandige naamwoord** (dit wil sê 'n soortnaam of massanaam), byvoorbeeld **koppie, water**.
- ❑ **Voornaamwoord**, byvoorbeeld **ek, dit, myne, daardie, wat, waarvan, iemand**.

*Kyk ook* SELFSTANDIGE NAAMWOORD, VOORNAAMWOORD.

**neweskikkende voegwoord**

*kyk* VOEGWOORD

**nie-Klassieke woorde**

Onder nie-Klassieke woorde resorteer alle woorde wat nie aan Klassieke Grieks en Latyn ontleen is nie. In Afrikaans sluit dit Germaanse woorde van 17de-eeuse Nederlandse herkoms in, asook ontlennings aan Engels, Duits, sekere Oosterse tale (met inbegrip van Maleis en Laagportugees), Khoi, Afrikatale en 'n verskeidenheid ander moderne tale.

*Kyk ook* KLASSIEKE WOORDE.

**niestandaardtaal**

Enige taalkundige vorm (uitspraak, woord, uitdrukking of sinskonstruksie) wat nie deur die taalgemeenskap as deel van die standaardtaal gereken word nie, word as niestandaard beskou. Voorbeelde is **-goed** soos in **Pa-goed, Oom Jan-goed**; **-geit** soos in **kwaageit, goedgeit; lakent; orraait, oukei**.

*Kyk ook* STANDAARDTAAL.

**norm**

'n Norm is enige taalkundige voorskrif of reël wat aandui wat die aanvaarde of korrekte taalgebruiksvorm vir 'n gegewe taalgebruikssituasie is. Wanneer beleefdheid

byvoorbeeld teenoor 'n ouer persoon of 'n persoon in 'n hoër posisie as die spreker betoon moet word, is die norm in Afrikaans dat die beleefde voornaamwoord **u** gebruik moet word. Die norme vir die skryf- en spelwyse van Afrikaans is vervat in die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*.

### **Omgangsafrikaans**

Omgangsafrikaans is geselstaal en word gewoonlik in gemoedelike gesprekke tussen vriende en familieledede gebruik. Omgangsafrikaans vind ook in skriftelike taal neerslag, byvoorbeeld in eietydse letterkunde, maar verskil van Formele Standaardafrikaans, veral wat uitspraak, woordkeuse, woordbou en sinsbou betref.

*Kyk ook* NIESTAANDAARDTAAL, STANDAARDAFRIKAANS.

### **onbepaalde lidwoord**

*kyk* LIDWOORD

### **onderskikkende voegwoord**

*kyk* VOEGWOORD

### **ongelede woord**

*kyk* SIMPLEKSE WOORD

### **onoorganklike werkwoord**

*kyk* HOOFWERKWOORD

### **onskeibare werkwoord**

'n Onskeibare werkwoord bestaan uit twee of meer dele, waarvan die kern 'n werkwoordelike element is wat die hoofklem dra. In teenstelling met skeibare werkwoorde word die partikel en die werkwoordelike element in geen sinskonstruksie van mekaar geskei nie, byvoorbeeld **deurloop** en **het/is/word/sal deurloop**, **onderwerp** en **het/is/word/sal onderwerp**, **voorkom** en **het/is/word/sal voorkom**.

*Kyk ook* SKEIBARE WERKWOORD.

### **onvoltooide deelwoord**

'n Onvoltooide deelwoord (ook **teenwoordige deelwoord** genoem) is 'n woord wat van 'n werkwoord afgelei is deur die toevoeging van die agtervoegsel **-end(e)**. Voorbeelde is **afkeurend**, **etende**, **spelende**.

*Kyk ook* VOLTOOIDE DEELWOORD.

### **oop sillabe**

*kyk* SILLABE

### **oorganklike werkwoord**

*kyk* HOOFWERKWOORD

**persoonseienaam**

'n Persoonseienaam is 'n naamwoord of naamwoordgroep wat die eienaam van 'n persoon is, byvoorbeeld 'n **van** soos **De la Harpe, Julies** of **Mahlangu**; 'n **voornaam** soos **Cheryl, Piet, Raj** of **Sibongile**; 'n **bynaam** soos **Groot (Hendrik)** of **Toontjies (van Tonder)**; en 'n **toenaam** soos **(Alexander) die Grote** of **(Johannes) die Doper**.

**persoonsnaam**

'n Persoonsnaam is 'n naamwoord wat van 'n ander naamwoord (dikwels 'n eienaam) of 'n werkwoord afgelei is en gebruik word om 'n persoon of persone te benoem, byvoorbeeld **kommunis, kubis, latinis, Londenaar, luisteraar, lutheraan, protestante, swemmer, vertroueling**.

**predikaat**

*kyk* BYVOEGLIKE NAAMWOORD

**predikatief**

*kyk* BYVOEGLIKE NAAMWOORD

**prefiks**

*kyk* AFFIKS, VOORVOEGSEL

**rangtelwoord**

*kyk* TELWOORD

**reduplikasie**

*kyk* REDUPLISERING

**reduplisering**

Reduplisering is die proses van woordvorming waardeur die hele basis van 'n woord, 'n deel daarvan of 'n klankvariant daarvan na links of na regs herhaal word en (meestal met behulp van 'n koppelteken) aan die oorspronklike basis verbind word. Die resultaat van die proses word **reduplikasie** genoem. Voorbeelde is **bietjies-bietjies, girtsgarts (sny die sekel die gras), gras-grasgroen, skuifel-skuifel (die bult af)**.

**refleksiewe werkwoord**

*kyk* HOOFWERKWOORD

**Romaanse leenwoorde**

Romaanse leenwoorde is woorde wat aan Romaanse tale ontleen is.

**Romaanse tale**

Romaanse tale is tale wat van Latyn afstam, byvoorbeeld Frans, Italiaans, Spaans, Portugees en Roemeens.

**saamgestelde taalbenaming**

'n Saamgestelde taalbenaming (ook **komplekse taalbenaming** genoem) bestaan uit 'n basiese taalnaam, byvoorbeeld **Afrikaans**, **Duits**, **Goties**, **Ndebele** of **Tartaars**, en nog 'n element. Die ander element kan wees: nog 'n basiese taalnaam, byvoorbeeld **Maleis-Portugees**; 'n onselfstandige eerste komponent, byvoorbeeld **Indo-Europees**; 'n selfstandige naamwoord, byvoorbeeld **Omgangsotho**; 'n eiennaam vir 'n gebruikersgroep, byvoorbeeld **Maleierafrikaans**; 'n onverboë byvoeglike naamwoord, byvoorbeeld **Oudengels**; 'n werkwoord, byvoorbeeld **Geselsafrikaans**; 'n voorvoegsel, byvoorbeeld **Protogrieks**; 'n rigtingbywoord, byvoorbeeld **Suid-Sotho**.

**samestellende afleiding**

*kyk* KOMPLEKSE WOORD

**samestellende samestelling**

*kyk* KOMPLEKSE WOORD

**samestelling**

*kyk* KOMPLEKSE WOORD

**schwa**

Die schwa is die vokaal [ə], byvoorbeeld in **kamer**, **lig**, **peloton** en **basaar**.

**selfstandige naamwoord**

'n Selfstandige naamwoord word gebruik om enige lid of lede van 'n klas sake, mense, plekke of gedagtes te benoem of te identifiseer, byvoorbeeld **boek**, **grond**, **kind**, **pyn**, **vallei**.

*Kyk ook* EIENAAM, MASSANAAMWOORD, PERSOONSNAAM, SOORTNAAM.

**setsel**

In Afrikaans is setsels woorde wat uit twee subsoorte bestaan, naamlik **voorsetsels** en **agtersetsels**, en in hulle primêre betekenis die verhouding tussen entiteite aandui. Voorbeelde van **voorsetsels** is **uit in uit die moeilikheid** en **oorkant in oorkant die rivier**; en voorbeelde van **agtersetsels** is **deur in die hele land deur**; **toe in huis toe en heen in iewers heen**.

**sibbenaam**

'n Sibbenaam is die gesamentlike benaming vir verwante, 'n geslag of 'n familie, byvoorbeeld die tipies Skotse sibbename ("clans") **MacDonald**, **MacGregor**, **MacKenzie**, **MacPherson**, en ook inheemse name soos **Gumede**, **Ngwe**.

**sillabe**

'n Sillabe (ook **klankgreep** genoem) is 'n kombinasie klanke wat met een asemstoot uitgespreek word en waarvan 'n vokaal of diftong die kern uitmaak, byvoorbeeld [ta] en [fəl] in die woord **tafel**. Daar word tussen **oop sillabes** en **geslote sillabes** onderskei: 'n oop sillabe eindig op 'n vokaal of diftong, byvoorbeeld [ta] in **tafel** en [vəi] in **onderwyser**; en 'n geslote sillabe eindig op 'n konsonant, byvoorbeeld [fəl] in **tafel** en [ɔn], [dər] en [sər] in **onderwyser**. **Sillabe** word soms met **lettergreep** verwar. Vergelyk die volgende voorbeelde:

sillabe	lettergreep
[bo-mə]	bo-me
[bɔ-mə]	bom-me
[lɔ-ŋə]	lon-ge
[kne-tər]	knet-ter

*Kyk ook* LETTERGREEP.

**simpleks**

*kyk* SIMPELKE WOORD

**simplekse woord**

'n Simplekse woord (ook **simpleks** of **ongelede woord** genoem) is 'n woord wat nie verder in morfeme onderverdeel kan word nie, byvoorbeeld:

komkommer, lokomotief, magistraat, paraferalia, perd, skilpad

**skakelwerkwoord**

'n Skakelwerkwoord is 'n soort medewerkwoord wat saam met 'n hoofwerkwoord optree om bepaalde aspekte van 'n handeling of toestand uit te druk. Skakelwerkwoorde word verdeel in **direkte skakelwerkwoorde** en **indirekte skakelwerkwoorde**. Voorbeelde van direkte skakelwerkwoorde is **aanhou**, **begin**, **gaan**, **kom** en **probeer**, soos in Hy sal **kom** werk; Ons het haar **aanhou** **probeer** moed inpraat. Voorbeelde van indirekte skakelwerkwoorde is **sit**, **staan**, **loop**, **lê**. 'n Indirekte skakelwerkwoord word oor die algemeen deur die voegwoord **en** met die hoofwerkwoord geskakel, byvoorbeeld: Julle **sit** en slaap weer in my klas!

**skeibare werkwoord**

'n Skeibare werkwoord (ook **deeltjiewerkwoord** genoem) bestaan uit twee of meer dele wat in sekere sinskonstruksies van mekaar geskei word en waarvan die kern 'n werkwoordelike element is wat nie die hoofklem van die woord dra nie, byvoorbeeld **agterkom**, **kom agter** en **agtergekomp**; **dophou**, **hou dop** en **dopgehou**; **wêgkruip**, **kruip weg** en **weggekruip**.

*Kyk ook* ONSKEIBARE WERKWOORD.

**skryfreël**

'n Skryfreël is 'n voorskrif wat aandui hoe 'n woord geskryf moet word, byvoorbeeld met of sonder 'n hoofletter, en los of vas.

**skryfteken**

'n Skryfteken is enige grafiese simbool, byvoorbeeld 'n letter of diakritiese teken, wat gebruik word om aan te dui hoe 'n woord geskryf, gespel of uitgespreek word.

**skryfwyse**

*kyk* SPELLING EN SKRYFWYSE

**soortnaam**

'n Soortnaam is 'n tipe selfstandige naamwoord wat een of meer lede van 'n kategorie dinge benoem, byvoorbeeld **boek**, **kas**, **skoonmaker**, **tafels**, **weduwee**. **Soortnaam** staan teenoor **eienaam** en **massanaamwoord**.

**sosiolekties**

'n Sosiolektiese woorddeel, woord of uitdrukking is een wat kenmerkend van 'n bepaalde maatskaplike groep is, maar nie deur die hele taalgemeenskap gebruik word nie, byvoorbeeld **swot** in studentetaal (teenoor **studeer**) en **varkpan** in weermagtaal (teenoor **bord**).

**spelling en skryfwyse**

Spelling is 'n versameling reëls om die klankvorme van 'n taal met behulp van skryftekens in skrifvorm vas te lê. Dit kan ook dui op die skrifvorme van individuele woorde. Onder skryfwyse resorteer aspekte soos die gebruik van hoofletters, die los en vas skryf van woorde, en die gebruike van die koppelteken.

**spelreël**

'n Spelreël is 'n reël wat aandui hoe die klankvorme van 'n taal met behulp van een of meer skryftekens (veral letters) in skrifvorm vasgelê moet word.

**stam**

'n Stam is 'n morfeem waaraan voor- of agtervoegsels of ander stamme geheg kan word om komplekse woorde te vorm, byvoorbeeld **water-** in **waterig**, **hond-** en **-hok** in **hondehok**, en **skeep-** in **skeepsvrag**.

*Kyk ook* BASIS.

**Standaardafrikaans**

Standaardafrikaans (ook **Formele Standaardafrikaans** genoem) is die variëteit van Afrikaans wat deur die Afrikaanssprekende taalgemeenskap as normatief vir taalgebruik in bepaalde situasies beskou word. Dit kom *in die gesproke vorm* voor in veral



die klaskamer, die lesinglokaal, die kerk en die gereghof, in openbare toesprake, ensovoorts, en *in die skriftelike vorm* in veral handboeke, godsdienstige en wetenskaplike geskrifte, wette, nuusberigte, verslae, memoranda, ensovoorts.

*Kyk ook* NIESTANDAARDTAAL, STANDAARDTAAL.

### **standaardtaal**

Standaardtaal (ook die **standaardvariëteit** genoem) is die variëteit van 'n taal wat deur die taalgemeenskap as norm beskou word vir gebruik deur die owerheid en die media, in die onderwys, ensovoorts. Die standaardtaal is gewoonlik gebaseer op die variëteit wat gebruik word in 'n bepaalde streek of deur 'n deel van die taalgemeenskap wat ekonomies, polities of maatskaplik 'n dominante rol in 'n taalgemeenskap speel.

*Kyk ook* NIESTANDAARDTAAL.

### **streektaal**

*kyk* DIALEKTIES

### **suffiks**

*kyk* AFFIKS, AGTERVOEGSEL

### **teenwoordige deelwoord**

*kyk* ONVOLTOOIDE DEELWOORD

### **telwoord**

'n Telwoord dui getal aan. Daar word onderskei tussen **hooftelwoorde**, wat 'n bepaalde of onbepaalde getal (van iets) aandui (byvoorbeeld **ses**, **agtien**, **ses-en-veertig**, **baie**), en **rangtelwoorde**, wat die rangnommer (van iets) in 'n reeks aangee, byvoorbeeld **vierde** in die vierde man in die ry en **sewende** in die sewende reël van die paragraaf.

*Kyk ook* BREUKNAAM.

### **term**

'n Term (ook **vakwoord** genoem) is enige woord, uitdrukking of simbool met 'n vaktegniese of wetenskaplike betekenis wat in 'n definisie vasgelê is, byvoorbeeld **sillabe** en **morfeem** in die taalkunde.

### **toenaam**

'n Toenaam is 'n naam waarby 'n bepaling toegevoeg is wat deel van die naam word, byvoorbeeld (**Hägar**) die **Verskriklike**, (**Modjadji**) die **Reënkonigin**.

*Kyk ook* BYNAAM, PERSOONSEIENAAM.

### **trefwoord**

*kyk* LEMMA

**tussenwerpsel**

'n Tussenwerpsel (ook **uitroep** genoem) is 'n woord of woordgroep wat los van die res van die sin staan (gewoonlik aan die begin of die einde) en wat dikwels 'n klanknabootsing, gevoelsuiting of waarskuwingsteken is. Voorbeelde is **sjuut, foeitog, ai, eina, tingeling, ag tog**.

**tweeklank**

*kyk* DIFTONG

**vakwoord**

*kyk* TERM

**variant**

'n Variant is een van 'n reeks alternatiewe in 'n gegewe konteks. In Afrikaans is byvoorbeeld [jəi] en [dʒəi], [lo:p] en [lup] variante op die klankvlak, en **kasino of casino** en **skryf of skrywe** variante op die skryfvlak.

**variëteit**

'n Variëteit is een vorm van 'n taal wat sistematies van ander vorme van dieselfde oorkoepelende taal verskil, byvoorbeeld Flaaitaal, Griekwa-afrikaans, Kaapse Afrikaans, Standaardafrikaans, ensovoorts. In Kaapse Afrikaans word die **ee** in woorde soos **weet** en **vergeet** dikwels uitgespreek as [i] of [i:] en in Noordelike Afrikaans (Oosgrensafrikaans) word dit dikwels uitgespreek as [jə] of [eə].

**verbindingsklank**

'n Verbindingsklank (ook soms **voegsel** genoem) is 'n vorm wat slegs in komplekse woorde optree tussen bepaalde stamme of tussen 'n stam en 'n affiks, byvoorbeeld die vetgedrukte vorme in die volgende komplekse woorde: **arbeids**geskil, **held**edaad, **hopeloos**, **kinder**agtig, **noemens**waardig.

**verbuiging**

Verbuiging is 'n vormverandering wat by sommige woordsoorte voorkom, byvoorbeeld **vertroulik** wat **vertroulike** word in 'n **vertroulike** gesprek.

**verlede deelwoord**

*kyk* VOLTOOIDE DEELWOORD

**verwantskapswoord**

'n Verwantskapswoord is 'n woord wat dui op verwantskap binne 'n gesin, familie, geslag en dergelike, byvoorbeeld **ma, ouma, oupa, pa**.

**voegsel**

*kyk* VERBINDINGSKLANK

**voegwoord**

'n Voegwoord bind woorde, sinsdele of sinne saam en dui gewoonlik 'n verhouding tussen hulle aan. Daar word onderskei tussen **neweskikkende voegwoorde** soos **en**, **maar** en **want**; en **onderskikkende voegwoorde** soos **omdat**, **alhoewel** en **as**.

**vokaal**

'n Vokaal (ook **klinker** genoem) is 'n klank wat sonder 'n versperring in die lugstroom in of bo die strottehoof uitgespreek word en waarby die stembande altyd tril. In Afrikaans word vokale onder meer deur die letters **a**, **e**, **i**, **o** en **u** voorgestel. *Kyk ook* KONSONANT.

**vokatief**

*kyk* AANSPREEKVORM

**voltooide deelwoord**

